# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 79 • Maart/April 2024 • #656

80

- **EG Kerk Standerton - 80 jaar van genade**
- **Twaalf Goue Jare**
- **Fyndruk van die Meesterplan**

# ...van die Redakteur

**Ps. 103:2 *Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!***

Liewe leser, u sal met my saamstem dat, as ons terugkyk na hierdie 80 jaar van genade, al die lof en al die eer Hom alleen verskuldig is!

Volgens argiefuitgawes, is hierdie uitgawe die sesde feesuitgawe in die tagtigjarige bestaan van die Kerk. Die eerste uitgawe het in 1965 met die Kerk se mondigwording die lig gesien, met ander uitgawes wat volg in 1984 (40), 1994 (50), 2004 (60) en 2019 (75). Voor ons ons oë behoorlik kon uitvee sit ons nou met die 2024 blad in ons hand om tagtig jaar van genade te vier.

Omdat God gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is, is die volgende boodskap wat 'n vorige moderator, Ds. Attie Olwagen, geskryf het in een van die feesuitgawes, beslis nog vandag relevant: "As ons 'n eerlike opsomming wil maak, dan moet ons met dankbaarheid getuig van die groot weldade van God. Dit was 'n tydperk waarlangs die Here ons gelei het, nie deur 'n wolkkolom nie, maar deur die Heilige Gees self. Verklaar die Skrif nie duidelik in Rom. 8:14 dat die Heilige Gees die kinders van God lei nie?"

In lewe het William P. Nicholson gesê: *"Christ was God's unspeakable gift to the world. The Holy Spirit was Christ's gift to His church."* Daarom kan hierdie feesuitgawe (moontlik die laaste voor die wederkoms) nie anders gesien word as 'n lofoffer aan God nie. Waar sou ons Kerk vandag gewees het as dit nie juis was vir die gawe van die Heilige Gees nie?

Ons gebed is nou dat die Naam van die Vader in en deur al hierdie dinge verheerlik sal word, net soos dit Jesus se begeerte was in Joh. 12:28.

Kom deel saam met ons in die nostalgiese reis en geskiedenis van die EG Kerk SA.

**Redakteursgroete**

**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Johnnie Gates, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**

**Voorblad: Hersiene embleem van EG Kerk SA met loerier en jaartal**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Jaargang 79**
**Maart/April 2024**
**Uitgawe # 656**

# INHOUD

**3 Van die Moderator**

**4 Twaalf Goue Jare**

**5 Die ontbyt van liefde**

**6 Uit die Argief:** Die stigting van die EG Kerk

**9 Uit die Argief:** Die Historiese verloop na die stigting

**10 Uit die Argief:** 1986: 'n Nuwe naam wat net moes kom

**11 Lief en Leed:** 'n Nostalgiese reis deur die EGKSA

**13 80 Jaar van genade vir die CVV**

**14 Die Jeug se groei saam met die Kerk**

**16 Die Kerkblad se groei saam met die Kerk**

**17 Sinodale Evangelisasie- en Uitbreidingskommissie**

**18 Fyndruk in die Meesterplan**

**20 Diensdoende predikante**

**24 BETSHAN - Waar God se geroepenes gekweek word**

**27 Die Kerk en Sosiale Media**

**30 Die Silwer Jeug Aksie (SJA)**

**32 Ons Kerk se Konferensies**

**33 ...maar ek en my huis...**

**34 EG Kerk Standerton - 80 jaar**

**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R120 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@mweb.co.za

# Van die Moderator

Ek sit in my studeerkamer en blaai deur die vorige feesuitgawes van ons Kerkblad en dit voel of ek byna gewelddadig gekonfronteer word met hoe vinnig tyd uitgeloop het. In die 50-jaar feesuitgawe wat in 1994 gepubliseer is, word my aandag vasgevang op die middelste blad waarin paspoortgrootte foto's van al die predikante daardie jaar verskyn. Twee dinge het my getref; hoe ons in 30 jaar verander het as gevolg van veroudering en hoeveel van ons geliefde kollegas ons reeds vooruitgegaan het na hul ewige tuiste. Ek besef hoe belangrik dit is dat ons elke dag met volle oorgawe vir die Here moet leef, aangesien tyd wat verby is nooit weer herwin kan word nie.

*en my volk, ... hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë...*

In die kerkblad waarna ek sopas verwys het, het die destydse moderator Ds. Floris Coetzee oor die toekoms die volgende geskryf: "Van verwagtinge vir die volgende halfeeu sal ons liefs nie praat nie. Laat ons die pad vorentoe maar een dag op 'n slag aandurf… hand aan hand met Jesus Christus, die Hoof van die Kerk, totdat Hy kom."

Tien jaar later was ds. Soon Zevenster die Moderator en sy boodskap aan die kerk was: "Identiteit in 'n tyd soos hierdie". Hy het te midde van geweldige aanslae op die EG Kerk SA se karakter die lidmate aangemoedig om die Woord van God te ken, te gehoorsaam en te vertrou en afgesluit met die woorde: "Met die oog op die toekoms sal dit die behoud van die EG Kerk SA wees."

Ek besef terwyl ek hierdie boodskap sit en tik dat daar eersdaags 'n feesuitgawe van die Kerkblad gaan verskyn met die getal 80 daarop en my hart raak so vol lof teenoor die Here dat Hy ons in sy groot genade ook tot hier gebring het. Al word die uitdagings by die dag groter: Dink aan die duisende Afrikaners wat elders in 'n ander land 'n heenkome moes gaan soek, dink aan werksgeleenthede wat vir ons mense so skaars geraak het, dink hoe beurtkrag en korrupsie besig is om ons land te vernietig. Daar is inderdaad op vele fronte in Suid-Afrika groot ontwrigting en hierdie dinge het 'n baie negatiewe effek op ons mense se gemoedere en lewens. MAAR die grootste probleem in ons land is die geestelike verval in mense se lewens as gevolg van liberalisme in kerke wat God en sy Woord onder verdenking gebring het.

Daarom is dit my oortuiging dat die EG Kerk SA 'n groot en belangrike rol het om te vervul in Suid-Afrika in hierdie tyd. Die Here het aan ons die wonderlike boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde Verlosser toevertrou. Hy, ons Here Jesus, is die enigste Persoon in die heelal wat hierdie land kan aanraak en genees. Hy is die Een wat mense se kosbare siele vir die ewigheid kan red en wat ook in ons tydelike behoeftes kan en wil voorsien.

En dit bring ons by die vraag in 2024: Hoe kan ons as Kerk van hier af die toekoms ingaan?

Die antwoord is eenvoudig: **2 Kron. 7:13, 14 *"As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."*** Ek weet die Here het hierdie voorwaarde en belofte aan Salomo en aan die volk Israel in die Ou Testament gegee, maar ek is van harte oortuig dat hierin 'n ewige beginsel vir kinders van die Here opgesluit is.


Sal ons as Kerkgenootskap ons nie in ware ootmoed voor die Here buig in hierdie tyd en Hom van harte soek vir uitkoms nie? Sal ons daarmee saam die wonderlike Evangelieboodskap van Jesus Christus wat Hy aan ons toevertrou het met nuwe krag en ywer verkondig en uitleef, sodat die duisende mense met wie ons in aanraking kom werklik kan besef dat die Here Jesus ons enigste antwoord vir die toekoms is.


Mag die Here die dienswerk van die EG Kerk SA vir jare wat kom ryklik seën.

**Dr. André Bester**



# Twaalf Goue Jare



Liewe Oom,
ek het baie graag my hart aan die Here toe vertrou. Ek het vir Mamma-hulle vertel en hulle sê dit was baie mooi. Ek is lief vir die Here en ek hoop Hy is lief vir my.
Van
Yolanda


Oom Willie.
Ek het op 12 Februarie 1986. my hartjie vir liewe Jesus gegee en nou die Here se kind.
Ria.

Deur die genade van die Here het ek en my vrou, Valerie, 12 goue jare in die kinderbediening gehad.
Ons het elke maand gemiddeld 2 500 na 3 000 duisend siele bereik. Ons het die voorreg gehad om in verskillende Kerke die Woord te bedien van blank tot kleurling, indiër en swart gemeentes. Ons het selfs laerskole besoek. Met een geleentheid het ons 'n kleurlingskool van plus minus 800 kinders besoek, talle het die dag hulle lewens vir die Here gegee.

My vrou het haar opleiding in die AEB gehad en haar kinderopleiding by die Kinder Evangelisasie Organisasie (KEO/CET) in Witrivier. Met elke kinderdiens het sy trekklavier gespeel terwyl kinders met hulle harte gesing het, sy het ook die sendingverhaal vertel oor die vyf dae van die kinderdienste. Saam het ons die voorreg gehad om elke kinderdiens te kon hou. Wanneer sy die middag afgesluit het op 'n klimaks van die verhaal, het die kinders hardop uitgeroep "aahhh", want hulle moes wag tot more toe om verder te hoor wat gaan gebeur. So geboeid vas hulle oor haar besondere aanbieding.

Vrydagmiddae het ek gewoonlik 'n poppekas gehad, met verskillende karakters, van Jimmy die nar, die hoofkarakter, tot koningin Ester en die duiwel. Saam het hulle die storie vertel. Elke keer het die duiwel die kinders uitgetart. Een middag het daar 'n verpleegster wat haar kinders gebring het ingestap by die kinderdiens en, terwyl die duiwel besig was om die gek te skeer met die kinders, het die Here met haar hart gepraat en gesê: "So skeer jy die gek met my." Daardie middag het sy agtergebly saam met al die kinders wat hulle lewens vir die Here gegee het en so ook het sy haar lewe vir die Here gegee.
Op 'n ander geleentheid, terwyl die duiwel 'n seun uitgedaag om 'n bladsy uit die Bybel te skeur, het die seun so kwaad vir die duiwel geword, dat hy met 'n gips arm en al opgestaan het en die duiwel 'n kishou geslaan het met die gips arm. Die duiwel was "lights out" en so ook my hand. Dit het 'n paar sekondes geneem om weer tot verhaal te kon kom.


Beste Oom Willie,
Ek het my hart gisteraand vir die Here gegee. Ek is baie bly daaroor. Stuur groete vir oom se vrou.
Van
Adéle

'n Groot gemeente het my genooi om een diens daar te hou en daardie middag het daar 80 kinders agtergebly om die Here aan te neem. Wat sal ek nog kan sê, as om die Here al die eer te gee wat Hy deur die jare gedoen het.

Soli Deo Gloria

**Ds. Willie Roux**
**Emeritus**

# Die ontbyt van liefde

Jare gelede was dit my voorreg om Israel te besoek as deel van 'n toergroep. Ds. Fred Haupt (reeds oorlede) en sy vrou was ons toerleiers. Die besoek aan die see van Galiléa was beslis een van die hoogtepunte. Ek kan onthou dat ek en hy ook hier saam geswem het, maar dit was digby die hawehoof waar ons veilig gevoel het.

Die toergroep het ook later 'n bootrit onderneem. Volgens die eienaar was dit 'n replika van die boot waarop Jesus en sy dissipels sou gevaar het. Gedurende die vaart het ons almal om die beurt stil geraak. Die besef dat Jesus hier op onstuimige water geloop het vanweë 'n sterk wind moes almal aangegryp het.

Ek het na een van die toerlede wat 'n paar meter van my gestaan het gekyk en opgemerk hoe hy vasgevang in sy gedagtes oor die geweldige watermassa staar. Ek kon net raai waaraan hy moontlik kon dink. Later daardie aand by die hotel waar ons oornag het, sou hy ook na aandete sy persoonlike getuienis met almal deel.

Langs hierdie meer het 'n belangrike ontbyt plaasgevind. In sy essensie was dit 'n Goddelike ingryping waar die mens geen beheer oor gehad het nie. Soos Jesus van sy dissipels by hierdie einste meer gewerf het, kry Hy hulle nou weer bymekaar vir ander belangrike sake.



Dit is hier by die see van Tibérias waar die opgestane Jesus op die strand vir sy dissipels gewag het. Dit was hier waar Jesus die Groot Ontbyt, die ontbyt van liefde, vir sy dissipels voorberei het. Hulle was duidelik futloos en leierloos na sy kruisdood. Soos die vissermanne van vroeër was hulle op Petrus se voorbeeld weer besig om vis te vang, maar kon die hele nag deur niks vang nie. 'n Mens kan dus die teleurstelling van 'n visserman goed verstaan en begryp.

Jesus vra toe of hulle nie iets het om te eet nie waarop hulle ontkennend antwoord. Op Jesus se versoek gooi hulle die net aan die regterkant en weens die menigte van 153 groot visse was hulle nie in staat om dit te trek nie. Na hierdie wonderwerk gaan hulle oë oop en herken die Lam geslag. Petrus, die impulsiewe, werp homself in die water om eerste by Jesus te wees.
Let op dat Jesus reeds 'n koolvuur berei het met vis en brood daarop. Hy vra ook in vers **10** ***"Bring van die visse wat julle nou gevang het."*** Selfs hierdie bydrae sou hulle nie gehad het as dit nie deur Hom beskik was nie. Daar is ook nou genoeg vis vir hulle families vir die dae wat voorlê.

**Joh. 15:5** kom onwillekeurig by mens op: ***"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra veel vrug; want julle kan niks sonder My doen nie."***

Selfs aan die kruis het 'n pyn deurtrekte, deurboorde, verbryselde en gewonde Jesus enkele ure voor sy dood finale reëlings getref vir die versorging van sy aardse moeder met Johannes, die geliefde dissipel.

Na die ontbyt wat Jesus vir hulle voorberei het, word mens oorweldig deur sy liefde vir die gevalle mens. Hy herstel Petrus in sy amp nadat Petrus Jesus drie maal voor 'n diensmeisie verloën het en ander omstanders na Jesus se gevangeneming in Getsémané.
In hierdie hoofstuk van **Joh. 21:15-17** word daar in die oorspronklike Grieks melding gemaak van twee soorte liefdes en wel Goddelik (Agapé) en liefde tussen vriende (Fíliea). Die stilte word verbreek met Jesus se eerste vraag aan Petrus in vers **15** ***"Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief?*** *(Agapé)* ***meer as hulle hier? Hy antwoord Hom: Ja Here, U weet dat ek U liefhet*** *(Fíliea)*, ***Hy sê vir hom: Laat my lammers wei. 16 Hy vra hom weer die tweede maal: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief*** *(Agapé)*? ***Ja Here u weet dat ek u lief het*** *(Fíliea)* ***Hy sê vir hom: Pas my skape op. 17 Hy vra hom die derde maal: Simon, seun van Jona, het jy My lief*** *(Fílea)*? ***En hy antwoord Hom: Here, u weet alles, U weet dat ek u liefhet*** *(Fíliea)*. ***Jesus sê vir hom: Laat my skape wei.***

Petrus, op hierdie stadium, het alles oorgegee aan sy verrese Jesus om te besluit oor hierdie saak. Hy wat Petrus is berus hom onvoorwaardelik op die Goddelike liefde van sy Heer en Meester.
Vroeër in sy bediening in **Joh. 15:9** spreek Jesus sy dissipels aan: "***Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My."*** Selfs hierdie liefde vir Hom kan ons beter verstaan in **1 Joh. 4:19** ***"Ons het hom lief, omdat hy ons eerste liefgehad het".***

Die lied "Blye versekering, Jesus is myn!" neem jou na Paulus se brief aan die **Rom. 8:38, 39** ***"Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie".***

**Koos Cronje**
**George**

# Die stigting van die EG Kerk

**SEDERT die volksplanting aan die Kaap is die kerk deur 'n wisselende geestesklimaat gekenmerk. Tye van geestelike doodsheid is afgewissel deur geestelike vernuwings waarin die Heilige Gees dikwels individue en organisasies gebruik het om sy vernuwingswerk op aarde te verrig.**

Die spoor van ontwikkeling van die evangeliese beweging en in besonder die stigting van die Evangelies-Gereformeerde Kerk kan langs hierdie lyne gevolg word.

In die agtiende eeu is die kerklike lewe gekenmerk deur geestelike louheid wat grotendeels veroorsaak is deur die onverdraagsame houding van die Kaapse kerkraad jeens ander godsdienstige en kerklike groepe. Veral die bedrywighede van sekere piëtistiese groepe is met vyandigheid bejeën. Prediking is gekenmerk deur lang, uitgerekte en dorre intellektualistiese leerredes wat sterk analities ingestel was. Hierdie preke is meestal uit preekbundels voorgelees. Die ongeskooldheid van die sieketroosters en vrees vir afwyking van die suiwer gereformeerde waarhede, was faktore wat tot hierdie situasie bygedra het.

Weerstand het begin intree teen die rasionele prediking en daarom het prediking van sekere sieketroosters soos Louis van Dyk en Willem Raassel, asook dié van predikante soos di. Van der Veen, M.C. Vos en H.R. van Lier groot byval gevind by lidmate.

## *Die Murrays*

Verteenwoordigers van die gereformeerde piëtisme uit Holland en in besonder die Naderende Reformasie het stemme laat opgaan teen die geestelose toestand in die kerk. Besware is geopper teen predikante wat nie 'n diep geestelike roepingsbesef gehad het nie. Hulle bepleit 'n persoonlike verbintenis met Christus; wil Christus sentraal stel in hulle prediking en stel wedergeboorte voorop. Persone wat in hierdie tyd oor wedergeboorte gepreek het, is sterk aangeval. Tog het een stem na die ander van hulle laat hoor en kon die evangelie met krag uitgaan.

'n Bydraende faktor wat die evangelies-bevindelike gees in Suid-Afrika help uitbou het, was die invoering van 'n vyftiental Skotse predikante in die Nederduitse Gereformeerde Kerk vanaf 1818-1834.

Uit die klimaat van die "Evangelicals" van Skotland, kon hierdie predikante, veral ds. Andrew Murray, voortbou op die werk van Van Lier, Vos en ander evangeliese predikante. Hier het gevoelvolle prediking met 'n sterk klem op 'n persoonlike geloofsbeslissing 'n groot rol gespeel.

As pastorieseuns van Graaff-Reinet het die twee seuns van ds. Murray, John en Andrew, later hulle skolastiese opvoeding in Skotland ontvang waar hulle onder die sterk invloed van die "Evangelicals" gekom het. Die kragtige prediking van William Burns en dr. Chalmers het 'n onuitwisbare invloed op hulle uitgeoefen. Hier is die saadjie geplant wat latere jare sou lei tot die Murray-broers se bekering in Utrecht.

## *Herlewing in SA*

Verskeie Kaapse evangeliese predikante, soos John, Andrew en William Murray, J.H. Neethling, N.J. Hofmeyr, H.E. Faure, S. Hofmeyr



Op die 54e dag ná die Kerk se stigting (21 April 1944) is hierdie ouderlinge en diakens, kort tevore nog dienende in die NG Kerk van Smithstraat, Durban, afgeneem. Hulle was bekend as die "Protesterende kerkraad van die protesterende gemeente, Durban." Hulle en 'n aantal lidmate het die aanvanklike kern gevorm van die "Nuwe Kerk" wat tot stand gekom het in 'n klimaat waar daar 'n verlange onder talle wedergebore lidmate was na 'n nuwe geestelike tuiste. Baie lidmate was onder kerkcensuur geplaas — party toe al vir etlike jare — omdat hulle "sektes" besoek het waar hulle kragdadig tot bekering gekom het, terwyl ergerlike sondes van ander nie getug was nie. Interessant genoeg was daar meer diakens (25) as ouderlinge (20) wat saam met dr. D.J. de Vos (voor) op hierdie foto verskyn! Hierdie groep se handeling het tot die geesdriftige en byna spontane ontstaan van gemeentes regoor die land gelei.

# Uit die Argief



## DIE EERSTE SINODE

Geskiedenis. Die eerste sinode van 21-29 April 1946, gehou te Bloemfontein. Dr. D.J. de Vos, die voorsitter, is in die middel voor. Heel links voor sit die tweelingbroers, di. Adam en WP Grobler (toe nog evangeliste onderskeidelik op Potchefstroom en Standerton), wat jare lank predikante in die Kerk was en steeds leef. Heel regs voor is wyle ds. Fanie Becker. Ds. WC Malan (vierde van regs, voor), 'n sogenaamde "losprediker" en oud-NG predikant, het adviserende sitting gehad.

en A.A. Louw, asook di. G.W.A. van der Lingen, P.K. Albertyn, W.A. Krige en dr. Faure het aan die Universiteit van Utrecht gestudeer. Hulle was bedag op die vrysinnige leer wat daar verkondig is en het mettertyd hulle evangeliese bande behou deur gereëlde onderlinge skakeling, veral deur die Sechor Dabar-Studentevereniging.

Terug op plaaslike bodem het hierdie evangeliese predikante die eenheidsband behou en nadat hulle verneem het van die herlewings in Ierland en Amerika, het hulle dit met belangstelling dopgehou en ernstig gebid vir herlewing in Suid-Afrika. Hierdie ideaal van 'n herlewing was nie tevergeefs nie, want in 1860 het dit 'n werklikheid geword.

### *Strominge*

Die evangeliese stroming het 'n sterk invloed in kerke gehad, te midde van teëkanting uit eie geledere wat hulle as "metodisties" gebrandmerk het. John de Gruchy maak die volgende opmerking: "Together with John, Andrew Murry, Jr. injected a new evangelical enthusiasm into the church, profoundly shaping Dutch Reformed theology and piety at a critical moment in its development."
Aan die begin van hierdie eeu was daar plaaslik hoofsaaklik twee teologiese strominge teenwoordig, naamlik 'n gereformeerde evangeliese rigting en 'n jonger opkomende Kuyperiaanse neo-Calvinisme. 'n Ongekende stryd het tussen hierdie groepe voortgeduur.

Die evangeliese stroming kon onderverdeel word in drie groepe, naamlik 'n kleiner, meer piëtistiese en "revivalistic" groep; 'n groter groep wat minder "revivalistic" in sy benadering was en derdens 'n groep wat hoofsaaklik sendingbewus was en eweneens evangeliesgesind. Die eerste groep is deur wyle prof. David Bosch die "volbloed piëtiste" genoem. Waar die derde groep 'n horisontale uitkyk gehad het en hulle toegespits het op sendingwerk en opheffingsaksies onder die swartes, het eersgenoemdes 'n vertikale uitkyk gehad waarin hulle persoonlike verhouding met God primêr was. Uit die middelste en grootste groep, het die volkskerkgedagte voortgevloei. Dit was hoofsaaklik die evangelies piëtistiese groep wat weggebreek het om oor te gaan in die Nuwe Protestantse Kerk (in 1944 in Durban gestig – later hernoem tot die Evangelies-Gereformeerde Kerk).

### *Min voedsel*

Intussen het organisasies soos die C.S.V.; Christelike Strewersvereniging, Oxfordbeweging en die Afrika-Evangeliese Bond (A.E.B.) 'n prominente rol begin speel om die evangeliese bewustheid aan te wakker.

Uiteraard is hulle heftig uit Calvinistiese geledere as sektaries en metodisties bestempel. Tog het hulle onverpoosd voortgegaan met hulle siele-ywer.

Groot belangstelling het ook geheers by byeenkomste deur buitelandse evangeliepredikers soos Edwin Orr en Lionel Fletcher. 'n Behoefte aan 'n spesiale evangelieprediker het daartoe gelei dat ds. J.C.G. Kotzé voltyds in hierdie pos aangestel is. Talle siele het onder sy bediening tot bekering gekom.

### *Vervolginge*

Onder die piëtisties-evangeliese groep het 'n ontevredenheid ontstaan omdat daar in min gemeentes geestelike voedsel verkry kon word. Dit noop hulle tot die bywoning van konferensies van onder andere die A.E.B. Waar hierdie organisasie aanvanklik goeie samewerking van die Ned. Geref. Kerk ontvang het, het wrywings later begin ontstaan. Hulle optrede is gesien as 'n bedreiging vir gemeentes en sensuur was die voorland vir die ondersteuners van die buitekerklike groepe.
Een ná die ander weergebore predikant het bekendheid begin verwerf. Hier dink ons aan di. George du Toit (ook verbonde aan die C.S.V.), C.F. Scheepers, W.C. Malan, en andere. Verskillende faktore

• *Vervolg op bladsy* **8**

# Die stigting

• Vervolg van bladsy 7

gee aanleiding daartoe dat di. Scheepers en Malan onafhanklik van gemeentes funksioneer. Omdat daar geen kerklike toesig oor hulle optredes was nie, het hulle die gramskap van die Kerk op die hals gehaal.

Te midde van 'n swaard oor hulle hoof, het hulle nietemin voortgegaan om die evangelie te verkondig. By hierdie konferensies het evangeliesgesindes, wat van oraloor kom, geestelike bevrediging gevind en begin smag na 'n heenkome waar hulle permanent in so 'n atmosfeer hulle godsdiens kon uitleef. Terug in hulle tuisgemeentes het vervolginge van kerkweë hulle ingewag.

Intussen het ds. Scheepers 'n kranke-inrigting, genaamd Betshan, buite Bloemfontein begin. Mettertyd het dit ontwikkel in 'n opleidingsentrum vir toekomstige evangeliste. Ds. Malan was 'n voorstander van die chiliastiese wederkomsbeskouing en tesame met die leer van die A.E.B. begin 'n unieke vierledige boodskap uitkristalliseer, naamlik weergeboorte, heiligmaking, goddelike genesing en die wederkoms. Dit sou later die hoofpilare wees van die evangeliese belydenis van die Evangelies-Gereformeerde Kerk.

## Dr. De Vos

Een van die uitstaande evangeliese predikante in die veertigerjare was dr. D.J. de Vos. Na suksesvolle bedienings in Reddersburg en Roodepoort, verhuis hy na Durban waar hy 'n dramatiese bediening gehad het. Te midde van 'n kragtige werking deur die Heilige Gees, het 'n onderlinge geskil met sy medeleraar, ds. G.C. van Rooyen begin oplaai. 'n Polarisasie rondom die twee predikante het die gemeente in twee verdeel. 'n Krisis in hierdie verband het 'n breekpunt bereik op 21 April 1944 toe nagenoeg twee derdes van die kerkraad 'n vergadering verlaat het. Dit het uitgeloop op die stigting van Die Nuwe Protestantse Kerk.

Oppervlakkig beoordeel wil dit voorkom asof die stigting van die Kerk 'n voortvloeisel was van 'n konflik tussen twee leraars. Sou 'n kerk met so 'n ontstaansgeskiedenis hoegenaamd enige bestaansreg hê?

## "Haweloses"

Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat daar duisende "hawelose" lidmate in die land was wat gesmag het na 'n tuiste waar hulle hul evangeliese beginsels ten volle kon beoefen — 'n plek waar weergebore kinders van God, wat met een Gees deurdronge was, hulle getuienis sonder vrees kon uitleef. Nadat die nuus van die gebeure in Durban die land ingestuur is, het hierdie weergeborenes dit as 'n antwoord op gebed gesien. Daar was 'n behoefte aan 'n eie kerk. Geen predikant, nie eers dr. De Vos, het kerkstigting in die oog gehad nie.

**FAKTORE WAT GELEI HET TOT DIÉ BELANGRIKE DAG IN SA KERKGESKIEDENIS**

Dr. De Vos het hom spoedig in 'n dilemma bevind. Toe die omstandighede hierdie onverwagse wending ingeneem het en gelei het tot kerkstigting, moes haastig aan die werk gespring word om die "Nuwe Kerk" op dreef te kry. Lidmate uit verskillende agtergronde het by die Kerk aangesluit. Wat sou die wese en leerstellige grond van hierdie kerk wees? Hoe kon die kerkbegrip geïnterpreteer word?

## Nie "De Vos-kerk"

Terwyl dr. De Vos vind dat dit wat sy lidmate voorstaan nie is wat hy vroeër as predikant van die Ned. Geref. Kerk geïdealiseer het nie, het innerlike wrywings ontstaan. Weer eens vind 'n polarisasie plaas. Onder leiding van ds. Chris Cronjé skaar die lidmate wat hulle distansieer van dr. De Vos se optrede en benadering hulle in een kamp. Wat daarna gebeur het is te veel om hier te noem, maar die uiteinde van die saak is dat dr. De Vos hom van die Kerk, distansieer, wegbreek en die Hervormde Ned. Geref. Kerk in 1949 stig. Die Kerkgenootskap bestaan steeds as die Christelike Gereformeerde Kerk met enkele gemeentes.

Die vraag ontstaan nou of Die Nuwe Protestantse Kerk as 'n sogenaamde De Vos-kerk bekend kan staan. Die antwoord hierop is NEE! Dr. De Vos het slegs 'n katalisatorrol gespeel in die totstandkoming van die Kerk. Hy het 'n rol gespeel om die talle behoeftige lidmate landwyd te konsolideer in 'n kerk, maar omdat hierdie kerk nie dit was wat hy as ideaal gestel het nie, het hy hom daarvan onttrek. Iemand het die volgende vergelyking getref: Hy was soos 'n vuurhoutjie wat die gras aan die brand gesteek het. Toe die gras eers begin brand, is die vuurhoutjie weggeneem.

## Die leer

Die leer van die kerk is, soos vroeër vermeld, gebaseer op die vierledige boodskap van weergeboorte (wat deur bekering voorafgegaan word); heiligmaking (met die verlossing van die inwonende sonde as voorvereiste vir die vervulling van die Heilige Gees), Goddelike genesing en die persoonlike wederkoms om sy kinders te kom haal voor die letterlike Duisendjarige Vrederyk (die chiliastiese beskouing). Hierdie leer kan baie ver teruggevoer word in die geskiedenis van die evangeliesgesindes, maar die invloed wat onder andere ds. Scheepers gespeel het in die formulering daarvan, kan nie onderskat word nie.

Die woord HISTORY kan anders gestel word, naamlik HIS STORY. (Die verhaal van Christus). Alhoewel die geskiedenis van hierdie kerk talle stroomversnellings moes deurmaak, het dit die toets van die tyd deurstaan en kan ons ná 50 jaar sien dat die geskiedenis van die Kerk ook HIS STORY was.

— *Ds. Callie Fourie.*

Uit die Argief

# HISTORIESE VERLOOP NA DIE STIGTING

**SPOEDIG ná die stigting van Die Nuwe Protestante Kerk op 21 April 1944 het dié Kerk sterk tekens van groei getoon.**

Voor die einde van 1945 is gemeentes gestig te Carolina, Ladysmith, Rosendal, Brakpan, Petrus Steyn, Nigel, Oranjeville, Potgietersrus, Amersfoort, Pretoria, Port Elizabeth, Marquard, Roodepoort, Germiston, Krugersdorp, Uitenhage en Kaapstad.

'n Nypende tekort aan predikante het die behoefte aan 'n eie opleidingskool genoodsaak en in 1945 word begin met die Murray-Bybelinstituut op Betshan, Bloemfontein wat in 1947 opgegradeer is met ds. J.F. de Vos as eerste "professor" van die Kweekskool.

Op die eerste sinode wat vanaf 21 tot 29 April 1945 gehou is, is dr. D.J. de Vos as voorsitter van die Kerkbestuur verkies met oudl. Jaap van der Westhuizen as vise-voorsitter en ds. J.F. de Vos die skriba. Tydens die tweede sinode 'n jaar later, is die kerkbestuur uitgebrei tot sewe lede met di. C. Cronjé en L. Pienaar asook ouderlinge M. Odendaal en S.W. van der Merwe as bykomstige lede tot die bestaande bestuur.

## *Bedanking*

Reeds met die tweede sinode was tekens van onenigheid onder predikante en lidmate te bespeur, veral weens dr. De Vos se vyandige optrede teen die Ned. Geref. Kerk. Mettertyd ontstaan 'n polarisasie rondom dr. De Vos en ds. Cronjé wat uiteindelik uitloop op die bedanking van die De Vos-broers uit die Kerk wat lei tot die stigting van die H.N.G. Kerk (Tans die Christelike Gereformeerde Kerk) op 10 Mei 1949.

Tydens 'n deurslaggewende vergadering wat op 7. Mei 1949 te Springs gehou is, wat die toekoms van Die Nuwe Protestantse Kerk bepaal het, is 'n nuwe kerkbestuur gekies wat bestaan het uit di. C.J. Serfontein (voorsitter), S.J. Becker (onder-voorsitter), C. Cronjé (sekretaris), A. Naudé (tesourier) en oudl. M.W. Odendaal. Vanaf 4 tot 7 Oktober 1949 het 40 afgevaardigdes die "eerste wettige sinode van die Kerk volgens die Maatskappyewet" bygewoon.

## *Leerstellings*

Ten spyte van hierdie skeuring met dr. De Vos, het Die Nuwe Protestantse Kerk, te midde van baie teenkanting, die stryd om erkenning moedig voortgesit. Een na die ander kwessie moes uitgestryk word. Die Kerk se leerstellings moes duidelik geformuleer word. Die sin van 'n voortbestaan onder die Maatskappyewet moes op een sinode ná die ander uitgeklaar word. (Hierdie kwessie is eers in 1961 besleg.) Ook op die Kweekskool moes 'n suiweringsproses plaasvind.

Op een ná die ander sinode is met waardering kennis geneem van die ontwikkeling wat op die Kweekskool plaasvind. Gedurende 1957 verskuif die Kweekskool vanaf Bloemfontein na Spaarwater, Nigel. In dieselfde jaar rig vyf Kweekskoolstudente 'n brief aan die Kerkbestuur waarin hulle hul distansieer van die leer wat op die Kweekskool gedoseer word omdat dit in stryd is met die leer van die ou predikante in die Kerk. Die uiteinde van die saak is dat di. Prinsloo en Van der Westhuizen die Kweekskool moes verlaat en dat die Kweekskool vir 'n tyd gesluit sou word. Gelukkig kon die werksaamhede die volgende jaar voortgesit word onder die bekwame leiding van die nuutgekose prinsipaal, ds. Fanie Becker.

Ná die afsterwe van ds. C.J. Serfontein, word ds. J.A.J. Olwagen op die sinode van 1971 tot nuwe moderator verkies. As bekende wederkomsprediker het hy hierdie taak met onderskeiding beklee tot in 1986 toe hy opgevolg is deur die prinsipaal van die Kweekskool, ds. F.S. (Florus) Coetzee. Die Here was deur die jare baie goed vir die Kerk deurdat Hy uiters bekwame manne, met baie sterk leierseienskappe uitgesonder het om hierdie verantwoordelike taak te behartig. Sonder die onderskeie bestuurs- en moderatuurslede se ondersteuning, sou hulle ook nie hul taak met soveel sukses kon behartig nie.



Ds. Chris Cronjé, wat in die vroeë jare van die kerk 'n sterk leidende rol gespeel het, veral toe hy in 1949 op Springs 'n vergadering belê het toe Dr. De Vos en van sy volgelinge die kerk verlaat het. Ds. Cronjé was 'n kragtige prediker en 'n baie karaktervolle persoon. Sy vrou, tannie Joy Cronjé is steeds aktief in die druk en verspreiding van die bekende CC-Vrytraktaatjies.

## *Al die eer*

Reeds sedert die sestigerjare is sporadies beskrywingspunte ingedien vir die naamsverandering van die Kerk. Die Kerk wou sy identiteit deur middel van die naam uitlig. Sedert 1977 is die woord "Gereformeerd" tussen hakies ná die kerknaam geplaas en op die volgende sinode is besluit dat die benaming "Evangelies-Gereformeerd" ná die naam geplaas moes word. Dit was voorlopers tot die uiteindelike verandering van die naam in 1986 tot "Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika". Hierdeur kon die wese van die Kerk baie duidelik in die naam gelees word.

Wanneer 'n terugblik gewerp word oor die afgelope vyf dekades, kan die Here alleen al die eer kry vir die wyse waarop Hy die Kerk in stand gehou het te midde van hewig sataniese aanvalle.

*— Ds. Callie Fourie*

# 1986: 'n Nuwe naam wat net móés kom

## Kerk se Naam verander oor Verwarring

DIT was die opskrif in BEELD van Woensdag 20 Augustus 1986. Dit staan dan ook uit as een van die mylpale in die geskiedenis van ons kerk. 'n Blote koerantopskrif is natuurlik baie koud en onpersoonlik en kan nooit die trauma, hartseer en ander emosies weergee wat met hierdie geweldige groot en ingrypende stap gepaard gegaan het nie.

Om jou naam te verander, of dit nou 'n individu of 'n besigheid of 'n kerk is, is geen geringe saak nie. 'n Naam word eenvoudig nie goedsmoeds verander nie. Verskeie en uiteenlopende omstandighede noop mens egter soms om dit te doen.

**Die Ou Naam**

Ons kerk het sy eerste lewenslig aanskou onder nie naam Nuwe Protestantse Kerk in Afrika. Die motivering vir hierdie naam-keuse, wat, na vasgestel kon word, by een persoon berus het, was as volg: "Om die protestantse beginsels met nuwe vuur en nuwe ywer te verkondig". Die motief met die keuse van die naam was sekerlik suiwer. Die praktyk het egter gou gewys dat díe naam nie die kerk dien nie, maar eerder strem in sy groei.

**Waarom die ou naam ons nie gedien het nie**

Verskeie faktore kan gemeld word, net enkeles word verstrek:

• Daar het oor die tyd heen ernstige verwarring ontstaan en toegeneem om ons as Nuwe Protestantse Kerk van die Pinkster Protestante Kerk te onderskei. Ons is vir baie jare foutiewelik met 'n sekere Pinkster kerk verwar – dit is onnodig om hieroor uit te wy.

• Die ou naam het nie vir die vreemdelinge gesê wie ons is nie. Die vraag het al sterker in eie geledere begin groei naamlik: Watter betekenisinhoud het die terme "Nuwe Protestants" en "in Afrika" vir die breër publiek? Onwillekeurig het mense ook gevra: "Watse nuwe kerk is díe? Wat het van die oue geword? Teen wie of wat protesteer julle? Het julle werklik gemeentes in Afrika?"

• Die ou naam het ons ook nie in 'n spesifieke stroom of kategorie in die kerkewêreld geplaas nie. "Is julle Luthers, of Gereformeerd, of Sektaries-Protestants?" kon deur oningeligtes gevra word.

Vele vrae wat byna daagliks gevra is, het eenvoudig bevestig dat die ou naam ons nie dien nie.

**Die nuwe naam**

In die lig van genoemde probleme en vrae het die mening al sterker geword dat ons kerk se naam eenvoudig verander moet word, al was dit vir baie 'n pynlike saak. 'n Aantal name is by verskeie geleenthede deur die Sinode oorweeg soos Vrye Protestantse Kerk, Protestantse Gereformeerde Kerk en andere. Met die Sinode van Augustus 1986 het die kerk met meerderheid van stem, volgens die geskiedkundige mosie, besluit om die kerk se naam te verander na ***Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.*** Hierdie naam sou die kerk beter dien, want dit gee uitdrukking aan die karakter van die kerk en ons word sedertdien deur ons naam geïdentifiseer.

Selfs die relatief oningeligte weet sedert 1986 onmiddellik waar om ons te plaas, naamlik in die Gereformeerde stroom. Dit sê ook dat ons nie eng Gereformeerd is nie, maar evangelies in ons leer, boodskap en aanbidding. Daar bestaan min twyfel dat die aanvaarding van die nuwe naam vir ons groot voordele inhou. Baie mense is die mening toegedaan dat die nuwe naam ook 'n rol speel in die groei wat ons kerk beleef het. Ons bede moet bly dat God ons sal begenadig om die nuwe naam waardig te wees – dat ons as kerk die suiwer verlossingsboodskap op 'n Evangelies-Gereformeerde wyse sal uitdra totdat Jesus kom. MARANATA!




**Afgevaardigdes van die Nuwe Protestantse Kerk na die Tweede Sinode - 1946**

# Lief en leed:

## 'n Nostalgiese reis deur die EG Kerk SA

Die term "lief en leed" word gereeld in die sekulêre wêreld gebruik om, óf hulde te bring aan iemand of 'n betrokke saak, óf om saam met ander te deel in moontlike hartseer of verlange in 'n besondere saak.

Met bogenoemde verduideliking in gedagte wil ons u graag neem op 'n lief-en-leed-reis deur die EG Kerk SA waarin ons met nostalgie gaan terugdink aan die geskiedenis van die kerk, ons voorgangers, bekendstelling van familiebande binne die kerk, maar ook om algemene kennis op te skerp.



Certificate of Incorporation.
Sertifikaat van Inkorporasie.

**DIE EERSTE GEMEENTES**
Buiten die stigting van die moederkerk in Durban op 21 April 1944 het ons navorsing getoon dat die volgende gemeentes as die eerste gemeentes beskou kan word met onderskeie stigtingsdatums tussen 1944 en 1945:
* 1944 – Belfast, Bloemfontein, Durban en Standerton.
* 1945 – Alberton, Brakpan, Frankfort, Springs en Nigel.

**GESKIEDKUNDIGE DATUMS**
* **21 April 1944** – Stigting van die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika (NPK).
* **28 Julie 1944** – NPK word geregistreer "Sertifikaat van Inkorporasie" onder die Maatskappywet 1926.
* **28 Februarie 1945** – Opening van die eerste kweekskool te Bloemfontein ("Betshan I").
* **21 – 29 April 1945** – Eerste sinodesitting te Bloemfontein met 38 afgevaardigdes (leraars/ouderlinge).
* **3de Kwartaal 1947** – Tydelike sluiting van die kweekskool.
* **12 Februarie 1952** – Heropening van die kweekskool.
* **Begin 1957** – Verskuiwing van die Kweekskool na Spaarwater, Jameson Park ("Betshan II").
* **1959 Sinode** – Verkiesing van eerste Sinodale Jeugkommissie met opdrag om spesiale aandag aan die jeug van die kerk te gee – Di. Sandy Saunders, Attie Naudé en broeder Johan Annandale.
* **Maart 1960** – Sinode gee weer die naam "Betshan" aan die kweekskool.
* **5 September 1960** – Stigting van die "Christelike Jeugvereniging" (C.J.V.) in die sysaal van Krugersdorp se stadsaal.
* **27 – 30 Maart 1964** – Eerste Jeugkamp, Tamboekiesfontein (Fooie R1-00 en kinders onder 10 gratis).
* **Augustus 1986** – Sinode besluit om die naam van die kerk te verander na "Evangelies-Gereformeerde Kerk van

Vervolg na bl. 12

Vervolg vanaf bl. 11

Suid Afrika". (Sien volledige artikel elders in hierdie blad)
* **Paasmaandag 2005** – Die kweekskool verhuis na Espada Ranch ("Betshan III")

**AMPSDRAERS VAN BELANG**
(SOMMMIGE REEDS OORLEDE ** OF UIT DIE EG KERK SA #)

**MODERATORS**
Dr. Dirk de Vos **
Ds. Chris Serfontein **
Ds. Attie Olwagen **
Ds. Floris Coetzee **
Ds. Hennie Prinsloo (em.)
Dr. Soon Zevenster #
Ds. Danie Jansen van Rensburg (em.)
Dr. André Bester

**PRINSIPALE VAN DIE KWEEKSKOOL**
Ds. Scheepers ** (Betshan 1)
Ds. JP Prinsloo **
Ds. Fanie Becker **
Ds. Hennie Storm **
Ds. Floris Coetzee ** (ook Moderator)
Dr. Willem Kotzé (em.)
Dr. André Bester (ook Moderator)
Ds. Jurg Prinsloo

**JEUGPRESIDENTE EN/OF –LERAARS**
Ds. Hennie Storm ** (Boodskap aan die Jeug en ook leuse – Wandel, Waak, Werk)
Ds. Sandy Saunders **
Ds. Johan Tolken **
Ds. Johnnie Mienie (em.)
Ds. Fred Haupt **
Ds. Danie Jansen van Rensburg (em.)
Ds. Jannie Olivier (em.)
Ds. Marius van Jaarsveld #
Ds. Wimpie Raath (staan weer in gemeentelike bediening)

**HUIDIGE EMERITUS LERAARS**
Drr. Callie Fourie, Willem Kotzé, Pieter Rousseau
Di. Bill Barkley, Johan Botha, Gert Coetzer, William Colling, Gerhard de Wet, Willie de Wet, Willie du Plessis, Okkie du Plooy, Brian Greeff, Dillewyn Jones, Danie Jansen van Rensburg, Hendrik Janse van Rensburg, Jan Keyser, Herman Kriel, Pieter Loots, Frik Lombard, Dirk Lourens, Herbie Lyon, Johnnie Mienie, Jannie Olivier, Chris Pieters, Gerrie Ploos van Amstel, Hennie Prinsloo, Theuns Putter, Willie Roux, Peet Schoeman, Roy Schorgie, Jasper Schellingerhout, Coenie Smit, Gerhard van Eeden, Harry van Niekerk, Awie van Wyk, Dries van Zyl, Chum Venter, Hendrik Weyers, Gerhard Wessels.

**FAMILIEBANDE AS LERAARS**
(Sommige reeds oorlede ** of uit die kerkverband #)

**PA EN SEUN(S)**
ALBERTS Manie ** en Johan
DEVENIER Corrie ** en Andre **
FOURIE Sarel ** en Dr. Callie (em.)
GATES Johnnie en Riaan
GROBLER Willie ** en Johan
KOTZÉ Dr. Willem (em.) en Woodford
KRIGE Callie ** en Willie
LOUW Ryno en Pierre
LOMBARD Frik (em.) en Frikkie
LOMBARD Frikkie en Fredrich (prop. kand.)
MIENIE Johnnie (em.) en Juan #
PLOOS VAN AMSTEL Gerrie (em.) en Llwyllen #
PRINSLOO Jurg, Jurgens en Nicko
SMIT Pieter **, Coenie (em.) en Pieter #
SMIT Tertius ** en Frikkie #
SWANEPOEL Hendrik ** en Pieter **
VAN VUUREN Wimpie en Ruan
VAN ZYL Dries (em.), Andre #
VAN ZYL Louie en Herman

**BROERS**
DE VOS Dr. Dirk ** en Jaap **
DEVENIER Ferdi en Martyn #
GROBLER Adam ** en Willie (WP) **
GRUNDLINGH Johnny** en Oubaas**
JANSE VAN RENSBURG Bertus #, Zachie # en Hendrik (em.)
PIENAAR Louw ** en Sol **
RAATH Wimpie en Rainier #
REINERS Johan # en Manie #
VAN JAARSVELD Cobus # en Marius #

**ANDER FAMILIEBANDE**
Di. CF Scheepers **, Pieter Smit **, Coenie Smit (em.) en Pieter Smit # – skoonpa, skoonseun, kleinseun en agterkleinseun.
Di. Albert Woest **, Frik Lombard (em.), Frikkie Lombard en prop. kand. Fredrich Lombard - oupa, skoonseun, kleinseun en agterkleinseun.
Di. Corrie Devenier **, Ferdie en Martyn # Devenier – oupa en kleinseuns.
Di. Chris en Frikkie Lombard – neefs.
Dr. Callie Fourie (em.) en ds. Callie Krige ** – neefs.
Di. Hendrik Weyers (em.), Andrew Bruyns en Woodford Kotzé – pa en skoonseuns.
Di. Fred Haupt ** en Gerhard Snijders – pa en skoonseun.
Di. Herman Kriel (em.) en Charl Linde – pa en skoonseun.
Di. Wim Smith en Anton Kleingeld – pa en skoonseun.
Dr. Willem Kotzé (em.) en Frans du Toit ** – swaers.
Dr. Juan Mienie # en ds. Ryno Louw – swaers.
Drr. Willem Kotzé (em.), Callie Fourie (em.), Di. Coenie Smit (em.), Bertus Janse van Rensburg #, Hendrik Janse van Rensburg (em.), Zachie Janse van Rensburg # en Paul Beyl # – swaers.
Di. Okkie du Plooy (em,) en Frik Lombard (em.) – swaers.
Di. Woodford Kotzé, Armand Olivier en Wynand van Niekerk – swaers.
Di. Woodford Kotzé en Andrew Bruyns – swaers.
Di. Paul Grobbelaar en Willie Krige – swaers.
Di. Rassie van Staden en Louie van Zyl – swaers.
Di. Marco Labuschagne en Marno van Niekerk – swaers.
Di. Attie Olwagen ** en Johan Dörnbrack # – oupa en kleinseun.

**Hoe nouer die omgang met God,**
**hoe sterker die lig op sonde.**

**- Ds J.A. Saunders (Die Nuwe Protestant, April 1974)**

# 80 Jaar van genade vir die Christelike Vrouevereniging (CVV)

**1 Kor. 15:58 *"Daarom,... wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie."***

Die ontstaan en werk van die CVV het dan ook op gemeentevlak begin met die geskiedkundige ontstaan van die kerk op 21 April 1944.

Tydens die sinode vergadering van 1 Februarie 1971 is daar amptelik kennis gegee soos volg: "Susterssvereniging takke van elke gemeente word versoek om EEN suster uit elke gemeente af te vaardig om tydens die Sinode vergadering 'n Sentrale-Verenigde Sustersvereniging te promulgeer" So is die eerste CVV Kongres dan gestig.
Mev. Nannie Grobler verwelkom die afgevaardigdes, stel 'n tydelike sekretaresse aan en open die verrigtinge met gebed en skriflesing.
31 gemeentes word verteenwoordig en die doelstelling word neergelê. Die vergadering gaan oor tot die kiesing van die eerste Hoofbestuur:
President: Mev. N. Grobler
Visepresident: Mev. E. Burger
Sekretaresse/Tesourier: Mev. L. Hugo
Addisionele lid: Mev. M. Coetzee
Addisionele lid: Mev. F. Tolken

In die jare wat gevolg het, het verskeie dames, waarvan sommige ons reeds vooruitgegaan het ook op die Hoofbestuur gedien.
Presidente: Mevv. N. Grobler, M. Coetzee, A. Prinsloo en E. Lyon
Voorsitters: Mevv. N. Grobler, E. Burger, M. Coetzee, A. Prinsloo, B. Jansen van Rensburg en I. Janse van Rensburg
Sekretaresse: Mevv. L. Hugo, M. Coetzee, A. Mienie, M. Viljoen, B. Jansen van Rensburg, I. Janse van Rensburg, L. du Raan en E. du Plessis.
Die volgende stukkie inligting gaan ons byna almal met heimwee laat terugdink aan die "goeie dae".

*Die Kongresfooi in 1975 was R1.00 en in 1980 R3.00 en tans is dit R150.00 per persoon.*

Die Kongres word tweejaarliks gehou en kan 'n positiewe groei en toenemende Koninkrykbelangstelling by CVV lede bespeur word. Hierdie byeenkomste is tye van inspirasie en geestelike verryking.
Die Kongres was deur die volgende gemeentes genooi om die vergadering daar te hou: Nigel by die stadsaal, Springs, Pretoria Tuine, Pretoria-Oos en Pretoria Wonderboom.

**Hoogtepunte uit die Kongres:**
• Daar het 'n behoefte by die vroue ontstaan dat ons kerk ons eie vrouekamp hou en is die eerste een in 2001 gehou te Samekoms en sedertdien word die sentrale vrouekamp nog elke jaar gehou gedurende Oktober, laaste tyd te Cyara.
Elke jaar getuig die dames dat die kamp 'n hoogtepunt vir hulle was, die boodskappe was antwoord op gebed! 'n Nuwe ontmoeting met die Here!

• Dit is waarlik 'n opgewondenheid vir die vroue en word dit baie goed ondersteun. Met die spesiale geleentheid van die tiende kamp was die hoogtepunt van opgewondenheid toe Brits gemeente met 'n "Blou-bul-bus" gearriveer het!

• Die Oos-Kaap en Wes-Kaap hou hul eie vrouekamp a.g.v. die afstande.

• Die Bekendstellings-DVD van die kerk is ook uit die hart van die kongres gebore onder die bekwame leiding van mev. Annelie Prinsloo.

• In die kerkblad is die Vroueblad geskep waar die vroue ook hul spesiale artikels kan lees.

• Die Sentrale Kommissie het doel gerig leiding geneem en deur die kongres 'n leeue-aandeel in die finansiële steun van haas elke kerklike instansie. Ook 'n aantal ander organisasies het finansieel voordeel geniet van die Christelike Vrouevereniging.

Met dankbare erkentenis teenoor God kan, by 'n terugblik oor die verstreke jare, met reg gesê word dat die CVV grootliks geslaag het in haar doelstelling naamlik, "om alles moontlik te doen om die redding van siele en die geestelike belange van die suster te behartig".

**Toekomsgedagte van die CVV**
Die CVV in gemeentelike vrouevereniging en kongres, verklaar ons afhanklikheid van die Here en die Heilige Gees se leiding dat ons by elke geleentheid getrou sal wees aan die onfeilbare Woord van God.

Verder dat ons altyd getrou sal wees in ons ondersteuning aan die kerk.

***Hiermee ons hartlike gelukwense aan die EG Kerk SA met hul 80ste bestaansjaar. Dankie vir getroue volharding.***

Ons gebed vir die CVV is, dat die Here ons sal help om getrou bevind te word wanneer ons eendag voor Hom staan:

**2 Tim. 4:7 "*Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou."***

**Seëngroete**
**Elize Lyon**
*namens CVV Sentrale Bestuur*

# Die Jeug se groei

***Dit word dikwels gesê: Die jeug is die lidmaat van môre, MAAR die jeug vorm egter 'n integrale deel van die ratwerk van die gemeente en die kerk in besonder.***

## Beginjare

Gedurende die sinode van 1959 is daar 'n spesiale versoek gerig deur die afgevaardigdes van Vereeniging Gemeente, naamlik ds. J.A. Saunders en br. J. Annandale dat spesiale aandag aan die jeug van ons kerk gegee moet word. Die Sinodale Jeugkommissie (S.J.K.), voortspruitende uit hierdie versoek, het bestaan uit di. Saunders en Naudé en br. Annandale.

Die eerste landswye saamtrek vind plaas in dieselfde jaar in die Hope Hall, Johannesburg – 'n onvergeetlike opkoms en program! 'n Boodskap deur student C. Devenier word gelewer. In opdrag deur die S.J.K., word 'n tweede saamtrek in die begin van 1960 deur br. Hennie Pansegrouw gereël in die Selbournesaal, 'n sy-saal van die stadsaal in Johannesburg. Dit het egter in die hart van br. Pansegrouw gelewe dat daar 'n Jeugvereniging vir die kerk gestig moet word en is daar in dieselfde jaar tot aksie oorgegaan om hierdie doel te verwesenlik.

## Stigting van die Christelike Jeugvereniging (C.J.V.)

Die stigting van die C.J.V. vind plaas op 5 September 1960 te Krugersdorp in die sy-saal van die stadsaal. Afgevaardigdes van die volgende gemeentes was teenwoordig: Belfast, Boksburg, Brakpan, Carletonville, Frankfort, Johannesburg, Krugersdorp, Klerksdorp, Nigel, Pretoria, Rustenburg, Springs en Vereeniging. 'n Baie besielende en treffende boodskap word deur ds. H. Storm gebring met die volgende drie hoofgedagtes: WANDEL, WAAK en WERK. Die Kongres het dan ook op dié woorde as leuse van die Jeug besluit.

Die naam Christelike Jeugvereniging het ook sy ontstaan op hierdie kongres gehad.

Die eerste Sentrale Jeugbestuur het bestaan uit die volgende verkose lede: mnr. H.M. Pansegrouw (Voorsitter), mej. Welman (Sekretaresse), mnr. B. Stieger (Penningmeester), mnr. M. Venter, P. Oosthuizen (Addisionele lede). Ds. J.A. Saunders word ook as eerste Jeugpresident gekies.

## Jeugkamptyd

Die idee van 'n jeugkamp het groot byval onder die jeug gevind en is met opgewondenheid begroet. Derhalwe is die eerste jeugkamp gehou vanaf 27 tot 30 Maart 1964 op oom Will Gravette se plaas Tamboekiesfontein, naby Heidelberg. Geen infrastruktuur vir die hou van 'n jeugkamp met ongeveer 250 jongmense het bestaan nie en gevolglik moes alles self voorsien word, van tente opslaan, kook- en wasgeriewe en die aanry van drinkwater.
Die keuse van 'n spreker het geval op 'n dame, Mary Morrison (later Peckham), vanaf die Hibridiese eilande, Noord-wes van Skotland. Die Here het geweet wat Hy beoog het en die ewigheid sal openbaar wat die uitvloeisel van haar prediking was. Sy het na haar besoek aan S.A. gesê dat die jeugkamp op *Tamboekiesfontein* haar sterk herinner het aan die herlewing in die Hibrides.

'n Mens onthou nog hoe die jongmense in die middel van die diens uitgeloop het en God gaan soek het, onder bossies ingekruip en gebid het en 'n gees van gebed, berou en soeke na God oor die rantjies van Tamboekiesfontein afgedaal het. Jongmense het in baie gevalle regdeur die nag na persoonlike werkers se tente gegaan om hulp te soek en in sommige gevalle was die tent leeg, omdat die persoon self iewers in die veld op sy/haar aangesig voor God was.

Menigte jeugkampe het hierna gevolg en is op gereelde grondslag aangebied te Betshan, Nigel en daarna ook op Wonderbaarterrein. Deesdae word ons jeugkampe aangebied te Edenkonferensieterrein. Ruimte ontbreek om van al die jeugkampe te kan verslag doen, maar daar is tog 'n paar geestelike hoogtepunte wat dien om vermeld te word. Tydens 'n

**Alberton Gemeente**
Stigtingsjaar: **1945**
Kerk adres: **Kerkstr 8, Southcrest**
Huidige Leraar:
**Ds. Johan Alberts**
Selfoon: **081 054 7873**



**Barrydale Gemeente**
Stigtingsjaar: **Wyk van Worcester vanaf 1994**
Kerk adres: **Helliestr. 15, Barrydale**
Huidige Leraar:
**Vakant**



**Belfast Gemeente**
Stigtingsjaar: **1944**
Kerk adres: **Van Riebeeckstr. 95**
Huidige Leraar:
**Ds. Wim Smith**
Selfoon: **082 550 3623**



spesifieke jeugkamp te Betshan het die jongmense so onder sonde-oortuiging gekom dat die kombuis byna een aand aan die brand was soos die jongmense artikels in die koolstoof kom gooi het soos sigarette, grimeersakkies en ja selfs kassette met musiek daarop. Die gebedskamer was deurentyd "te vol" en moes jongmense elders gaan plek soek vir aanbidding en soeke na God. Dit is ook in herinnering, dat tydens 'n besondere groot jeugkamp van bykans 800 jongmense, die geestelike werkers amper nie genoeg was nie, om die talle siele te help wat tydens die gebruiklike samesang na die aanddiens ook onder sonde-oortuiging gekom het en d.m.v. die besielende koortjies uitgedryf is om hulp te soek.

Vanaf 2013 is die kweekskoolstudente baie nou betrokke by die jeugkampe. Hulle dien as groepleiers. Hulle doen baie geestelike werk op 'n een-tot-een basis. Dit help baie met die opleiding van predikante om effektief met die jongmense te kan werk. Die program tydens die jeugkamp het ook saam met die hele proses gegroei.

### Jeugsaamtrekke en -kongresse

Menigte jongmense kan getuig van die geseënde Jeugsaamtrekke wat oor die land gehou was, gewoonlik in die vorm van 'n sangaand en getuienisse. Die saamtrek te Vanderbijlpark was lank onthou vir die heerlike atmosfeer wat daar geskep was deur dat almal vooraf piekniekmandjies gepak het en voor die amptelike verrigtinge heerlik op die gronde van die Technikon gesellig saam verkeer het. So het die jeug dan ook jaarliks Kongres gehou waar verslae behandel is, belang-rike besluite geneem is en die Sentrale Hoofbestuur gekies is.

### Kinder- en Jeugorganiseerder (K.J.O.) en Sinodale Jeugkommissie (S.J.K.)

Die C.J.V. is trots om ook deur die K.J.O. en S.J.K. gelei en onderrig te word en die twee identiteite dra die belange van die jongmense op die hart en is ook die skakel na en vanaf die sinode.

Ds. J.A. Saunders was die eerste Jeugpresident en talle ander leraars het die pos beklee soos di. Hennie Storm, Johnnie Mienie, Johan Tolken, Fred Haupt en Danie Janse van Rensburg. Die J.O. het mettertyd van hierdie take oorgeneem en was onder andere br. Hennie Pansegrouw, ds. Marius van Jaarsveld en ds. Wimpie Raath wat ook die Kinderbediening behartig het.

Ons moet ook al die voormalige S.J.K. lede bedank vir hulle onbaatsugtige diens en leiding in die Jeugsake.



C.J.V.-NUUS

Ons eerste Jeugkampkonferensie word gehou vanaf 27-30 Maart 1964 (Die Paasnaweek), op die plaas van mnr. en mev. W. Gravett van Boksburg-gemeente.

Ons spesiale spreekster sal wees: MEJ. MARY MORRISON.

Sy is van die Faith Mission; kom van die Hebrewings-eiland Lewis en is op 'n evangelisasie-toer deur Suid-Afrika.

U moet hierdie instrument van God hoor!!

Bespreek dadelik by:

Mnr. A. STEIGER,
Edwardstraat 44,
Witfield, BOKSBURG.
Foon: 51-8727.

Mej. Mary Morrison

Bring u eie beddegoed en eetgereedskap.

'n Fooi van R1 per persoon word gevra.

Volwassenes en ander vriende wat self wil kom kamp en vir hulleself sorg, is ook baie welkom. Net vir die JEUG word akkomodasie gereël.

SAL U BAIE HIERVOOR BID??

### Toekomsvisie

Die aanslag met die jongmense moes ook aanpas by die veranderde samelewing. Die kerk wil relevant bly in die tyd waarin ons lewe. Daar word gepoog om die jongmense te akkommodeer in die kerk deur hard te werk om die generasiegaping tee te werk. Ten spyte van kleiner gesinne en 'n samelewing wat nie meer lojaal teenoor kerke is nie, wil die EG Kerk SA getrou bly aan haar roeping en die kerk se jongmense vasmaak aan die kerk se viervoudige boodskap.

***Die volgende generasieleiers moet nou invloei om die leiding te kan oorneem, getrou aan die Jeug se leuse WANDEL, WAAK, WERK!***

**Benoni Gemeente**

Stigtingsjaar: **1982**

Kerk adres: **Elfdelaan 49, Northmead**

Huidige Leraar:

**Ds. Frikkie Lombard**

Selfoon: **071 443 1582**



**Bethal Gemeente**

Stigtingsjaar: **1971**

Kerk adres: **Blesbokstr 37, Bethal**

Huidige Leraar:

**Ds. Nicko Prinsloo**

Selfoon: **083 233 7672**



**Bethlehem Gemeente**

Stigtingsjaar: **1981**

Kerk adres: **H/V Saronrylaan & Kisonstr, Morelig**

Huidige Leraar:

**Vakant**



# Die Kerkblad se groei saam met die Kerk

*Sonder ’n amptelike orgaan kan ’n kerk nie effektief genoeg bestaan nie. Daarom was die kerk se blad altyd ’n integrale deel van die kerk se belangrike rol in Suid-Afrika.*

**Beginjare**

Presies ’n jaar na die stigting van die Nuwe Protestantse Kerk, gedurende April 1945, is die eerste sinode gehou. Op hierdie stadium was daar 11 gemeentes in die kerk met 8 geordende predikante. Tydens hierdie sinode is besluit om ’n kerkblad te publiseer met die naam *“Die Nuwe Protestant”* met die taak om die kruisboodskap uit te dra en om lidmate toe te lig rakende gebeure in die kerk.

Weens die stryd wat in die kerk geheers het, is die uitgawe van die blad tydelik gestaak vanaf Mei 1947 tot Julie 1949. Sedert laasgenoemde datum word die blad, deur die instaatstelling van die getroue God, nog twee-maandeliks gepubliseer en sal hierdie die 656ste uitgawe wees.

Die eerste twee uitgawes van Julie en September 1949 het onder redaksie gestaan van di. C. Serfontein, A. Naudé en C. Cronjé. Tydens die sinode van 4-7 Oktober 1947, is ds. C. Cronjé gekies as redakteur, met prop. S.J. Fourie as mederedakteur. Die intekengeld was vasgestel op 7s. 6d. (75c) per jaar.

As uitvloeisel van die sinode gedurende September 1950 is die volgende aangeteken: “Die kind het op die voorgrond getree. ’n Blad wat hulle sielsbelange behartig, is in die lewe geroep.” Hierdie “Kinderblad”, onder redaksie van di. P. van der Westhuizen en A. Grobler het die Sondagskoollesse bevat wat voorheen in Die Nuwe Protestant verskyn het.

**Drukkers**

Die eerste drukkers was Knox Printing & Publishing, Durban. Etlike ander drukkers wat deur die jare gebruik is, sluit in Heidelberg Nuus, New Era Press (Springs), Reliance Press (Brakpan), Promedia, die kerk self deur goedgunstige samewerking van br. J. Heystek (Springs Printing Press), Potchefstroom Herald Drukkers en tans Bowles Drukkers (Oudtshoorn).

**Redaksie en Administratiewe Personeel**

Ruimte ontbreek om al die vorige redaksielede hier te lys, maar ons is dankbaar teenoor die Here vir manne en vroue wat deur die jare bygedra het dat die Evangelies-Gereformeerde Kerkblad deur die jare tot nou nog steeds van krag tot krag gaan.

Dit dien spesiale vermelding dat mev. M.G. Fourie (eggenote van prop. en later ds. S.J. Fourie) seker die langste aaneenlopend betrokke was, as hulp vir die destydse redakteur ds. H. Storm en later as administratiewe beampte – in 1982 word haar 35 jaarlange betrokkenheid beëindig.

As huidige redaksie bly dit ’n voorreg om die kerk en die lesers op hierdie manier te bedien en vra ons u voorbidding vir die geweldige taak in hierdie tyd waarin die geskrewe woord onbeperkte moontlikhede het.

Daar moet ook vermeld word dat die taak van die redaksie oor die jare heen vergroot en uitgebrei is weens die verandering van tegnologie.

Ook sal van die lesers wat dalk nog ’n blad van die 1980’s of vroeër kan bekom, merk dat kleur miskien op die voorblad gebruik is en dan was dit in baie gevalle slegs ’n enkele kleur. Die papier was anders en slegs swart of grys (greyscale) was gebruik. Ons is besonder bevoorreg om kleur te kan druk op pragtige glanspapier, of selfs u wat gereeld loer na skerms, was die kerkblad ook al digitaal beskikbaar.

Ons vertrou dat u hierdie Feesuitgawe sal geniet en mag dit u ’n insig gee in die groei van die kerk en meer nog, om te bid vir die kerk as geheel, maar in besonder vir elke onderafdeling daarvan, sodat die eer van God in elke faset verhef sal word.

**Bloemfontein Gemeente**

Stigtingsjaar: **1944**

Kerk adres: **H/V Barry Ricter & Napoleonstr, Fleurdal**

Huidige Leraar:

**Ds. Wimpie Raath**

Selfoon: **082 870 9986**



**Boksburg Gemeente**

Stigtingsjaar: **1960**

Kerk adres: **Morganweg 9, Morganridge**

Huidige Leraar:

**Vakant**



**Brakpan Gemeente**

Stigtingsjaar: **1945**

Kerk adres: **Olienhoutstr. 13, Dalpark**

Huidige Leraar:

**Ds. Loedolff van der Merwe**

Selfoon: **079 866 2455**



# Sinodale Evangelisasie- en Uitbreidingskommissie (SEK)

**Matthéüs 18:11** ***"Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is."***

Die hooftaak van die Kerk, is om die evangelie uit te dra aan alle volke, tale en nasies. Die SEK is in die lewe geroep om in die gebied waar die Kerk funksioneer; evangelisasie en uitbreiding te behartig. Hierdie taak word nie uit die hande van diegene wat daarvoor verantwoordelik is geneem nie, maar is aanvullend waar omstandighede hul verhinder om hul taak uit te voer.
Om evangelisasie veldtogte in samewerking met of op versoek van kerkrade en ringskommissies te hou. Die saamstel en verspreiding van geestelike lektuur. Die stig van onselfstandige gemeentes. Die ondersteuning aan onselfstandige gemeentes tot selfstandigwording. Dit om maar 'n paar van die SEK se doelstellings te noem.
Die kommissie is op 5 April 1976 aan die lewe geroep met di. Attie Olwagen, Fanie Hugo, Fred Haupt, Hennie Storm, Chris Cronjé en Lambert van Sittert as lede. Die eerste gemeente wat onder die SEK gestig was, was Tygerberggemeente.

Die kommissie het na twee jaar besef dat 'n voltydse amptenaar noodsaaklik is en is Ds. Lambert van Sittert bevestig as die Organiserende Evangelisasie Sekretaris (OES) in November 1977. Hy is bevestig by die kweekskool met nagenoeg 250 mense teenwoordig. Die boodskap van sy intreerede was: Evangeliseer of Chaos. Die slagspreuk van elke kind van die Here moet: Evangelie in Aksie wees. Hy is later opgevolg deur Ds. Fred Haupt in Augustus 1983. Ds. Lambert van Sittert was vir 'n tweede maal OES, nadat hy weer in Februarie 1990 by Ds. Fred Haupt oorgeneem het tot September 1994. Ds. Hennie Prinsloo het deeltyds die pos beklee tot Julie 1996 waarna ds. Bill Barkley oorgeneem het tot Januarie 2000. Hierna is Ds. Frik Lombard (sr). bevestig en het vir sestien jaar in die pos gearbei. Ds. Johan Cloete is na hom bevestig en het die pos gedien tot November 2023.

Talle gemeentes is gestig onder leiding van die SEK en talle gemeentes het tot selfstandigwording gegroei onder die SEK. Waarskynlik u as leser se eie gemeente. Die gemeentes wat tans onder die SEK sorteer is:
Bloemfontein – Ds. Wimpie Raath
Bredasdorp – Ds. Marno van Niekerk
Jeffreysbaai – Ds. Ruan van Vuuren
Kroonstad – Ds. Chris Lombard
Margate – Ds. Rudolf Fourie
Oudtshoorn – Ds. Wimpie van Vuuren
Port Elizabeth-Wes – Ds. Ferdie Devenier
Upington – Ds. Jan Bekker

Die kommissie wil dit benadruk dat die gemeentes onder ons sorg nie die kommissie se gemeentes alleen is nie. Ons is die EG Kerk SA se Evangelisasie- en Uitbreidingskommissie. Sou u as gemeente enige hulp of bystand benodig, moet u nie huiwer om ons te kontak met die oog op evangelisasie en uitbreiding nie. Miskien 'n veldtog in u omgewing, miskien 'n nuwe gemeente, of werkkring in u omgewing. Die moontlikhede is Legio. Die kommissie is tans in samewerking met ander gemeentes besig om ondersoeke te loods na Sandbaai, Stilbaai, Riversdal, Swellendam en Robertson. Sou u weet van ander plekke met potensiaal moet u ons asseblief kontak. Sou u weet van mense in hierdie dorpe wat 'n begeerte na 'n gemeente het, kan u ons ook kontak. Die kommissie is tans: Di. Rudi Beukes, Coenie Coertze, Ian Coetzee, Johnnie Gates, Jurgens Prinsloo en Wimpie van Vuuren. Bid ook saam ons vir nuwe arbeiders wat geroep word na die kweekskool, om in hierdie wit oeslande te arbei.

**Matthéüs 9:37-38** ***"Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur."***

**Ds. Jurgens Prinsloo**
**namens SEK**

## Bredasdorp Gemeente

Stigtingsjaar: **2004**
Kerk adres: **Golfstr. 4**
Huidige Leraar:
**Ds. Marno van Niekerk**
Selfoon: **084 617 0613**

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

Teen druktyd was 'n foto nie beskikbaar nie

## Brits Gemeente

Stigtingsjaar: **1985**
Kerk adres: **H/V Murray en Exnerstr**
Huidige Leraars:
**Ds. Jakes Jacobs**
Selfoon: **083 789 5388**



## Carletonville-Bethel Gemeente

Stigtingsjaar: **1954**
Kerk adres: **Grundlingstr 49**
Huidige Leraar:
**Vakant - Ds. Jan Keyser (Em.)**
Selfoon: **083 456 9241**



# Fyndruk in die

Die Meesterplan vir die kerk is die opdrag van die Koning van die kerk: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Die fyndruk in die plan is dat die Kerk, God se eksklusiewe instrument in die uitvoering van die plan, is. Jy en ek.

**Reflekteer op wat was**

80 jaar gelede is die Evangelies-Gereformeerde Kerk van SA (EG Kerk SA) in Durban gebore, onder die aanvanklike naam van Die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika. In die program van aksie vir die nuutgestigte kerk het die sendingverantwoordelikheid sterk gefigureer. In die kerk se amptelike nuusblad van Mei 1947 het 'n opspraakwekkende artikel van dr. Dirk de Vos verskyn onder die opskrif: "Ons sal aan die bevel van Christus om sendingwerk te doen moet gehoorsaam, anders sterwe ons."

Art. 6 van die Kerkorde verwoord die hartklop van die grondleggers en omskryf die hooftaak van die EG Kerk SA.

Die sendingaksie van die Kerk het amptelik tydens die sinode van 1949 begin. Die eerste Sendingkommissie was di. PD Smit, WP Grobler en twee ouderlinge. Ds. Corrie Naudé was die eerste sendeling wat op 26 November 1949 afgesonder en uitgestuur is.

Kerkplanting onder die destydse tradisionele swartbevolking het in 1951 begin. Eerwaarde Chris van Niekerk het groot werk in hierdie opsig gedoen. Ds. Herman Steyn het kort voor eerw. Van Niekerk se dood as voltydse Organiserende Sendingsekretaris (OSS) in die Kerk gewerk.

In 1958 het ds. JK Barnard gevra om van gemeentelikebediening losgemaak te word om amptelik onder die bruinmense te werk. In die tyd het eerwaarde CT de Villiers ook besondere werk onder die bruinmense gedoen en is die eerste kerk in 1961 in Hankey geplant. Die geleentheid is vooraf gegaan deur werk in die omgewing deur broeders Dirk Schellingerhout, Jannie le Roux en Jack Engelbrecht. Ds. en mev. M. Kukkuk het vir 27 jaar in hierdie veld gearbei.
Opleiding van voltydse swartwerkers het in 1956 op Syferbult deur ds. PD Smit begin. Dit is later in Hammanskraal voortgesit. Die Maranata Teologiese Skool vir bruinmense het onder inisiatief van ds. en wyle mev. CF Smit naby Nigel begin. Alle opleiding is ongelukkig in 1982 gestaak, maar die onderskeie kerke het op eie stoom voortgegaan.

In die sestigerjare het ds. Albert Woest met werk onder die Indiërs in Chatsworth, Durban, begin.

'n Stadige agteruitgang in betrokkenheid en belangstelling in die werk het ingetree en teen 1986 het alles tot "stilstand" gekom. Ds. C Smit was die laaste OSS, wat voltyds in dié veld gedien het.

Die Sinodale Sendingkommissie, bestaande uit di. H Prinsloo, C Smit, J Grundling en T Loubser het op 13 Oktober 1992 besluit om nuut te begin, nadat die sinode van 1992 'n nuwe voltydse amptenaar as Sendingorganiseerder beroep het. Dieselfde Sinodale Kommissie het onder 'n nuwe vaandel nl. Aksie 1:8, met 'n nuwe bestuurstyl, 'n nuwe benadering, 'n nuwe bedryfsrekening, 'n nuwe visie en nuwe strategieë begin beweeg. Die erfporsie was 3 "gestremde" sendingkerke, R23 000-00 in debiet en geen buitelandse werk of formele betrokkenheid by buitelandse sendelinge nie.

**Dank vir wat is**

Vandag kan ons net die Here dank dat ons in bogenoemde spore kon trap en voortgegaan het met die werk. Ons is dankbaar dat ons opnuut kon werk aan 'n gebalanseerde visie vir wêreldevangelisasie in die Kerk met die oog op die desentralisering van die sendingtaak na die plaaslike gemeente, wat aangemoedig word om ook buite die gemeentegrense met die evangelie uit te reik en betrokke


**Centurion Gemeente**

Stigtingsjaar: **1980**

Kerk adres: **Gloverlaan 264a, Lyttelton**

Huidige Leraar:

**Ds. Gerrie van Dalen**

Selfoon: **084 515 0937**

**Ds. Pierre Louw**

Selfoon: **063 400 5298**





**Durban Gemeente**

Stigtingsjaar: **1944**

Kerk adres: **Lewis Byronweg 16, Hillary**

Huidige Leraar:

**Vakant**





**Ellisras Gemeente**

Stigtingsjaar: **1986**

Kerk adres: **Krulblaarstr. 3, Onverwacht**

Huidige Leraar:

**Ds. Riaan Gates**

Selfoon: **071 371 0431**




# Meesterplan

AKSIE 1:8
STRATEGIE VIR WêRELDEVANGELISASIE

te raak deur sendelinge aan te neem, uit te stuur en te versorg.

'n Negevoudige bediening het ontwikkel om verlorenes te evangeliseer, onbereiktes te bereik, gelowiges toe te rus, leiers op te lei, geroepenes te bemoedig, die Kerk te mobiliseer, sendelinge te ondersteun, infrastruktuur te fasiliteer en kort uitreik geleenthede te loods.
Derduisende mense in SA en in ander lande het die evangelie gehoor deur middel van spesiale evangelisasieveldtogte, persoonlike gesprekke, kerkplanting asook dissipeleringsaksies, Woordverkondiging, vertoning van die Jesus-film en andere, verspreiding van die Bybel en traktaatjies, radio-uitsendings ensovoorts.

Talle binne- en buitelandse korttermyn-uitreikgeleenthede het in die proses plaasgevind. Daar is tans 13 lande van die wêreld waarin gewerk word.

Die oorspronklike kerke wat geplant is onder die swart en bruingemeenskappe woeker voort as die ERC en EGK, ongeag baie struikelblokke. Opleiding van leiers vind plaas d.m.v. afstandsonderrig met gereelde kontaksessies per jaar by die Thlalosong Bybelskool te Temba in Hammanskraal. Ander opleiding word in buurlande aangebied deur sendelinge onder die Evangelical Bible College of SA.
Die traktaatjie, " 'n Laaste Kans", word steeds gedruk en uitgestuur na gemeentes wat daarna vra onder die Projek: Woord vir ons Wêreld (WOW).

Verskeie ander projekte in swang is: El Shaddai (werk in en om Akasia vir alle mense, Pretoria), DOR Afrika (Dien die Ontluikende Reus) is die projek waardeur ons die Kerk in SA se agt buurstate dien deur kerkleiers op te lei, Afri-Frans (werk in Frankryk, waar ds. Coetzer-hulle nou in Parys werk), KuberWêreld (om via die internet die evangelie uit te dra, mense te dissipeleer en by sendelinge en kerke ingeskakel te kry), 2025 ('n poging om 2025 ondersteuners in gebed en donateurs te werf om die tekorte aan sendelinghonoraria aan te vul.
Die Gebedskalender vir elke jaar word na gemeentes versend, waarin die totale omvang van bedieninge en werkers vervat word. Die inligting is in 31 dae verdeel, sodat maandeliks deur die arbeidsvelde gebid kan word.

**Vat hande en reik uit na wat voorlê**
Die onvoltooide taak bly enorm in die pylvak van tyd. Volgens missioloë is 89% van die wêreld nog ongered. In die lig daarvan en ons verstaan van die Skrif behoort al die gemeentes van die EG Kerk SA evangeliese stuurgemeentes te wees. Navorsing toon sewe kenmerke van sodanige gemeente aan, nl. 'n gemeente met
- 'n oeslandvisie vir die wêreld,
- aktief-funksionerende sendingkommissies,
- ingeligte en lewende gebedsaksies,
- gesonde finansiële bydraes,
- passievolle uitreikaksies,
- 'n hart om sendelinge in alle werksterreine aan te neem, uit te stuur en blywend te versorg en
- 'n visie om sendingkonferensies of ekspo's aan te bied.

Verskeie behoeftes is geïdentifiseer wat tans groot prioriteit geniet en word gemeentes uitgenooi om by van die projekte betrokke te raak. Kontak ds. Thys Loubser vir enige navrae.

**Ds. Thys Loubser**
**Sendingorganiseerder**
**SSK**

## Ermelo Gemeente
Stigtingsjaar: **1959**
Kerk adres: **Oosthuizestr 38**
Huidige Leraar:
**Ds. Willie Krige**
Selfoon: **082 817 1137**



## Fochville Gemeente
Stigtingsjaar: **1982**
Kerk adres: **Negendestr 24**
Huidige Leraar:
**Ds. Danie Klopper**
Selfoon: **082 901 4611**



## Frankfort Gemeente
Stigtingsjaar: **1945**
Kerk adres: **Markstr. 20**
Huidige Leraar:
**Ds. James Leyden**
Selfoon: **072 642 4730**



# Diensdoende predikante van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Arika


Ds. Rassie van Staden


Ds. Ruan van Vuuren


Ds. Wimpie van Vuuren


Ds. Pieter van Wyk


Ds. Herman van Zyl


Ds. Louie van Zyl


Ds. Andries Venter


Ds. Juan Vlok


Ds. Hennie Vorster


Ds. Hendrik Weyers

Alle gemeente leraars en titels was korrek met die druk van die uitgawe, hoewel sekere leraars onder beroep staan. Dit het betrekking op die hele uitgawe.


Prop. Kand. Fredrich Lombard

## Goudrif Gemeente

Stigtingsjaar: **1989**
Kerk adres: **H/V Frederick Cooper & Elphinstr**
Huidige Leraar:
**Ds. Johan Besselaar**
Selfoon: **082 555 1592**



## Goudveld Gemeente

Stigtingsjaar: **1960**
Kerk adres: **H/V Jackie Kruger & Davidstr, Naudeville**
Huidige Leraar:
**Vakant**



## Hartbeespoort Gemeente

Stigtingsjaar: **2016**
Kerk adres: **(kontak leraar)**
Huidige Leraar:
**Ds. Johan Cloete**
Selfoon: **082 572 9162**

Teen druktyd was 'n foto nie beskikbaar nie

## Gamtoosvallei Gemeente

Stigtingsjaar: **1983**
Kerk adres: **H/V Elizabeth & Mckenziestr, Hankey**
Huidige Leraar:
**Ds. Hendrik Weyers**
Selfoon: **083 256 2910**



## George Gemeente

Stigtingsjaar: **1984**
Kerk adres: **H/V St Paul's & Kerkstr**
Huidige Leraar:
**Ds. Coenie Coertze**
Selfoon: **076 861 6899**



## Germiston Gemeente

Stigtingsjaar: **1995**
Kerk adres: **Voortrekkersaal, Gillstr, Parkhill Gardens**
Huidige Leraar:
**Ds. Marco Labuschagne**
Selfoon: **069 402 0189**





# Lofdal Konferensie 2024

## Datum

**15-20 Junie 2024**

## Ligging

**Lofdal Kampeerterrein**
**Ofcolaco**

## Besprekings

**Mev. Elize Lyon**
**083-677-2867**

Ongelukkig is al die kamers reeds vol bespreek, maar daar is genoeg kampeerplek

## GASSPREKERS



**DR ANDRÉ BESTER**



**DS JOHAN BOTHA**



**DS JURGENS PRINSLOO**



**DS WOODFORD KOTZÉ**



**JEUG**
**DS ANDREW BRUYNS**



**KINDERKERK**
**SANTA LOURENS**

# BETSHAN – waar God se geroepenes gekweek word

Die naam BETSHAN is 'n samestelling van twee Hebreeuse woorde nl. "bet" wat huis beteken en "shan" wat rus, kalmte of gemak beteken. Betshan beteken dus: plek/huis van rus en kalmte. Te midde van klasdraf, studies, eksamenskryf en talle kritpreke is die rus en kalmte te vind in die genade en voorsienigheid van God wat die geroepe ondervind deurdat die roepstem van Here hul gebring het tot gehoorsaamheid aan die stem van Here en hul aangemeld het as geroepenes van die Here. Dit is te vind in die harte van menige leraars, sendelinge, evangeliste wat deur God gekweek is as manne en vroue wat die bediening betree het as boodskapdraers van die goeie en blye evangelie van Jesus Christus. Manne aan wie die boodskap van die versoening toevertrou is!

Die oorsprong van die kweekskool, of soos dit algemeen bekend staan as Betshan, strek terug voor die stigting van die kerk met die genesingsbediening van wyle ds. CF Scheepers te Bloemfontein. 'n Uittreksel uit die destydse Betshanblaadjie lui soos volg: "'n Begeerte wat in dominee Scheepers se hart geleef het, was 'n Bybelskool om jongmense so op te lei dat hulle die evangelie sou kon gaan verkondig. In Februarie 1936 begin hy met vyf leerlinge wat bely dat God, hulle geroep het."

Ongeveer 'n maand na die afsterwe van ds. Scheepers is die Betshanterrein, aan die nuwe Kerk (die Nuwe Protestantse Kerk) oorgedra. Die opleiding van geestelike werkers/leraars sou voortaan onder die vaandel van die "Murray Bybel Instituut", geskied, onder leiding van dr. DJ de Vos en sy broer, ds. JF de Vos. Hierdie instansie was beter bekend as Betshan I.

Op 28 Februarie 1945, nagenoeg 'n jaar na die stigting van ons geliefde Kerk, het God in sy groot genade en voorsienigheid die Kerk vertrou om self geroepenes op te lei. Nadat leraars hoofsaaklik vanuit die geledere van die ou Betshaninrigting te Bloemfontein, die AEB Bybelskool en andere opgelei is, het die pasgestigte Kerk hierdie baie belangrike deel van die werk self begin bedryf.

**Die jare na Bloemfontein**

Aan die einde van 1956, begin 1957, is die kweekskool verskuif na Spaarwater, tussen Nigel en Heidelberg. Intussen is ds. en mev. SJ Becker deur die sinode van 1957 as prinsipaal en huisouers aangewys. Die terrein wat aangekoop was, was deel van 'n goudmynontwikkeling. Met die aankoop van hierdie terrein het die Kerk in besit gekom van die myn se hospitaalkompleks en kon opleiding van leraars begin. Tydens die sinode van 1960 is besluit dat die naam van die nuwe terrein ook Betshan sal wees, vandaar die naam Betshan II. Die hoofgebou, wat aanvanklik net 'n enkelverdieping was, is later opgebou tot 'n dubbelverdiepinggebou. Afgesien van die opleiding van talle geroepenes, het Betshan II die hart van kerklike bedrywighede geword deur die jaarlikse Betshankonferensie, sinodale vergaderings en ander kerklike funksies.

**Behoefte na 'n ander terrein**

Vanweë verskeie redes het die behoefte ontstaan na 'n ander en meer geskikte kweekskoolterrein. In 1981 het die sinode besluit om Betshan II in die mark te sit.

Onder leiding van die destydse prinsipaal, wyle ds. FS Coetzee, is begin om fondse in te samel onder lidmate en ander vrywillige donateurs. Verskeie terreine is oorweeg, asook 'n stuk grond aangekoop te Rooihuiskraal, Centurion. Planne was gereed om met die bouprojek te begin toe God die huidige terrein te Tiegerpoort aan die oostekant van Pretoria, beskik. Nie net was dit God se voorsiening tot 'n groot finansiële besparing vir die Kerk nie, maar die terrein, bekend as "Espada Ranch", was geskik tot die doel en vereistes van die Kerk. Na die aftrede van wyle ds. Coetzee, is die huidige terrein verbeter en ontwikkel onder die

**Helderberg Gemeente**
Stigtingsjaar: **2001**
Kerk adres: **Laerskool Altena, Die Bos**
Huidige Leraar:
**Ds. Andrew Bruyns**
Selfoon: **081 364 4912**



**Jeffreysbaai Gemeente**
Stigtingsjaar: **1993**
Kerk adres: **H/V Dagama & Scheldestr, Jeffreysbaai**
Huidige Leraar:
**Ds. Ruan van Vuuren**
Selfoon: **084 584 9394**

Teen druktyd was 'n foto nie beskikbaar nie

**Kemptonpark Gemeente**
Stigtingsjaar: **1974**
Kerk adres: **H/V Tafelkop & Drakensbergstr**
Huidige Leraar:
**Ds. Paul Grobbelaar**
Selfoon: **072 277 9781**



bekwame leiding van dr. WJ Kotzé. In 2005 is Betshan III in gebruik geneem.

**Doserende personeel**
Voltydse dosente vanaf die begin jare was; Ds. JF De Vos (prinsipaal), mej. H Mouton, di. JP Prinsloo (prinsipaal), PJ van der Westhuizen, SJ Becker (prinsipaal), A. Grobler, mev. L. Fourie, dr. HEW Backeberg, di. HO Storm (prinsipaal), FS Coetzee (prinsipaal), drr. WJ Kotzé (prinsipaal), EJ Zevenster, CK Fourie, PA Rousseau, di. RD Beukes, FS Smit, drr. JD Mienie, AJD Bester (prinsipaal). di. GG de Wet, D Brink en WM Snyders.

**Kurrikulum en studietermyn**
Die lengte van die leerplan oor die jare het gewissel. Byvoorbeeld in 1956 is besluit dat die termyn vir nie-vooraf gegradueerdes, vyf jaar sal wees en gegradueerdes se studietermyn drie jaar. Die algemene studietermyn vir ŉ aantal jare was drie jaar en later is dit vasgestel op vier jaar met ŉ vyfdejaar as ŉ praktiese jaar.
Studente deurloop ŉ Geestelike Werkerskursus (GWK), in die eerste twee jaar van opleiding. Mans persone wat geroepe voel as leraars, kan daarna voortgaan na die derde en vierde jaar wat as die Predikantekursus (PK) bekend staan. Voornemende predikantsvroue deurloop die Predikantevrouekursus (PVK) gedurende die derde en vierde jaar van hul mans se opleiding. Afgestudeerde studente mag ook voortgaan met verdere graadstudie deur die goedgekeurde instansie SATS (South African Theological Seminary). ŉ Bybelskool vir lidmate is ook onder toesig van die Fakulteit in die lewe geroep.


**Huidige doserende personeel: di. WA Kotzé, WF van Niekerk, JP Prinsloo (sr.) (prinsipaal), en JP Prinsloo (jr.)**


**Waarom ŉ kweekskool?**
Reeds vanuit die Ou Testament vind ons dat die opleiding van bedienaars van die Woord, prioriteit geniet. Was dit nie waarom die profeteseuns vir Elia gevra het om saam hulle, balke te gaan kap vir die bou van ŉ groter "kweekskool" nie? Dit is ook duidelik dat Esra, vanweë deeglike onderrigting en kennis van God se Woord, die volk deeglik daarin onderrig het. Paulus, wat nadat hy aan die voete van Gamaliël onderrig is en deur die Here self geskool is na sy bekering, druk dit op die hart van Timótheüs om die boodskap wat hy geleer is, aan ander toe te vertrou wat self bekwaam sal wees om andere te leer (2 Tim. 1:2). Seer sekerlik die beste motivering tot onderrigting en die instandhouding van ŉ kweekskool is te vind in die woorde van **2 Tim. 3: 16, 17** ***"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."***

Ons eie geliefde kweekskool is gebore vanuit die hartsbegeerte dat daar ŉ plek sal wees waar God se geroepenes opgelei en onderrig kan word om die boodskap aan ons toevertrou oor te dra. Die stigtingsgeskiedenis vertel ons van die Kerk wat deur die genade van God aan die suidpunt van Afrika in die lewe geroep is om die evangelie nuut en vars te verkondig aan ŉ volk, moedeloos vanweë kerkisme en vormgodsdiens.
God het ons deur die jare geseën met voorgangers wat die weg gebaan het, die goeie stryd gestry het tot ŉ kweekskool waar die Goddelike waarhede, onvervals en sonder huiwering onderrig en verkondig word.

**Vervolg na bl. 26**


**Klerksdorp Gemeente**
Stigtingsjaar: **1956**
Kerk adres: **Maylaan 63, Adamayview**
Huidige Leraar:
**Ds. Etienne Duvenage**
Selfoon: **082 854 3431**


**Kriel Gemeente**
Stigtingsjaar: **1999**
Kerk adres: **Crow Crescent, Kriel**
Huidige Leraar:
**Vakant**


**Kroonstad Gemeente**
Stigtingsjaar: **1965**
Kerk adres: **H/V Caudrey & Boswellstr**
Huidige Leraar:
**Ds. Chris Lombard**
Selfoon: **083 652 8433**


# BETSHAN – waar God se geroepenes gekweek word

Vervolg van bl. 25

**Toekomsvisie van die kweekskool**
Deur die genade van die Here onse God wil ons voortgaan om geestelike werkers, evangeliste en predikante op te lei vir die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.

Ons opleiding het ten doel om studente toe te rus om effektief die ewige onfeilbare Woord van God te verkondig, herderlike sorg te verskaf en die nodige toerusting en motivering aan lidmate te bied, om studente toe te rus, deur die ondersteuning van die Heilige Gees, om Jesus as die hart van die evangelie te verkondig aan 'n mensdom in nood.
Die Seminarie van die Evangelies-Gereformeerde Kerk sien hul taak om die Kerk by te staan in die behoud van leer, karakter en doel waarvoor God ons as Kerk hier aan die Suidpunt van Afrika geplaas het.

**Slotwoord**
Ons dank God vir die jare wat verby is, die jare waarin talle geroepenes opgelei is om die Woord van God te verkondig. God het deur die kweekskool aan talle geroepenes die voorreg van 'n kanselbediening gegee om 'n boodskapper van God te wees (Mal. 2:7).

God het deur die kweekskool aan geroepenes die platform gebied om die evangelie in sy reine waarheid te verkondig. Ons dank aan God vir leraars en werkers wat hul opleiding geëer en getrou gebly het, aan dit wat aan hul oorgedra is met die besef dat dit alleen deur God se genade was.

Ons dank aan talle lidmate, vriende ondersteuners deur die jare vir gebede, bydraes en insette, te veel om te noem.

Die kweekskool bly die voedingsbron van die EG Kerk SA se leraars en geestelike werkers, tot die dag van Jesus se verwagte wederkoms.

Mag God die Kerk en haar lidmate seën.

**Ds JP Prinsloo**
**Prinsipaal**



## Krugersdorp Gemeente

Stigtingsjaar: **1952**
Kerk adres: **Reygerstr 2, Quelleriepark**
Huidige Leraar:
**Ds. Gert Grobler**
Selfoon: **083 659 5793**



## Lichtenburg Gemeente

Stigtingsjaar: **1989**
Kerk adres: **Piet Retiefweg 20**
Huidige Leraar:
**Ds. Anton Kleingeld**
Selfoon: **084 758 0436**



## Malmesbury Gemeente

Stigtingsjaar: **1994**
Kerk adres: **Dr Euvrardstraat 42**
Huidige Leraar:
**Ds. Rassie van Staden**
Selfoon: **082 950 4702**



# Die Kerk en Sosiale Media

Die Kerk bevind haarself in 'n vinnige voortdurende en progressiewe era van tegnologiese vooruitgang waar meerderheid van mense hulleself wend tot die vinnige, maklikste en mees effektiefste medium van kommunikasie en interaksie naamlik sosiale media. Sosiale media kan gevaarlik en selfs skadelik wees in die sin dat dit vrylik beskikbaar is vir enigeen, ongeag ras, kleur, geloof of persoonlike voorkeure. Maar met die regte bestuur en sekuriteitsmaatreëls in plek kan sosiale media positief, veilig en effektief aangewend word. Verskeie sosiale mediaplatforms is vandag beskikbaar waarvan Facebook een van die gewildste is. Facebook maak dit maklik om met enige persoon, enige plek in die wêreld kontak te maak en op hoogte te bly van soveel as wat die Facebook gebruiker op sosiale media deel.

**Die ontstaan**

Op 16 Mei 2011 sien die Facebook groep "Ek is lidmaat van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika" op Facebook die lig met die oog daarop om op sosiale media een globale plek te skep waar lidmate van die EG Kerk SA, ongeag van waar hulle woon of werk, aanlyn bymekaar kan kom, mekaar kan leer ken en gesonde sosiale media interaksie met mekaar te hê. Ten tye wat die groep op Facebook gestig is was daar nie vasgestelde langtermyn doel of doelgerigte visie met die groep nie.

Die reaksie en ontvangs wat die groep onder lidmate van die EG Kerk SA wat Facebook gebruik ontvang het, was bo die verwagting van die stigters van die groep. In die eerste twee jaar van die groep se bestaan het dit in so mate gegroei en ontwikkel dat die stigter van die groep dit nie meer as eie persoonlike groep kon of wou toe-eien nie, aangesien daar gevoel is dat die groep nou nie meer aan een enkel Facebook-gebruiker behoort nie, maar dat dit nou aan die lidmate van die EG Kerk SA behoort en was dit genoodsaak om die bestuur van die groep uit te brei en die behoeftes wat by lidmate op die groep ontstaan, asook die verdere moontlikhede wat die groep bied, te identifiseer ten einde die groep doelgerig en met 'n toekomsvisie te bestuur.

**Doel en visie**

Gevolglik is die visie vasgestel om die groep aan te wend om algemene en vars kerknuus, foto's en gebeure met lidmate regoor Suid-Afrika te deel en is die naam van die groep mettertyd verander na "Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika" ten einde te verseker dat dit die naam van die EG Kerk SA sal dra en vinnig en maklik op Facebook opgespoor kan word. Met die vasgestelde doel en visie van die groep is God se opdrag om die Evangelie te verkondig by die visie van die groep geïnkorporeer.

**Struikelblokke en groeipyne**

In die begin en ontwikkelingsjare het die groep, vanuit verskillende oorde op Facebook, gebuk gegaan onder konflik en struwelinge wat die stigters van die groep byna gedwing het om die groep toe te maak en van Facebook te verwyder.

Danksy die bestuurs- en moniteringsmaatreëls wat deur die administrateurs van die groep vasgestel en aan lede van die groep gekommunikeer is, kon dit uit die weg geruim word en die fokus op die doel van die groep gevestig word.

**Vervolg na bl. 28**




**Margate Gemeente**

Stigtingsjaar: **1994**

Kerk adres: **Sarumstr 1179, Uvongo**

Huidige Leraar:

**Ds. Rudolf Fourie**

Selfoon: **076 302 9454**



**Meyerton Gemeente**

Stigtingsjaar: **1969**

Kerk adres: **H/V Loch & Holidaystr**

Huidige Leraar:

**Ds. Derrick du Plessis**

Selfoon: **083 287 7197**



**Middelburg Gemeente**

Stigtingsjaar: **1969**

Kerk adres: **H/V Lilian Ngoyi & Seringstr, Kanonkop**

Huidige Leraar:

**Ds. Fleetwood Grobler**

Selfoon: **082 876 8625**



# Die Kerk en Sosiale Media


## Vervolg van bl. 25

Daar is tydens 'n sinode, toe die Facebookgroep onder bespreking was, kennis geneem van die doel van die groep en die visie wat die stigters vir die groep vasgestel het en is dit aanvaar dat die groep voortaan sal dien as een van die Kerk se sosialemediaplatforms.

**Inhoud**
Die inhoud van die plasings wat op die Kerk se sosialemedia gedeel word sluit in:
- Beroepenuus
- Gemeente- en kerknuus
- Lief en Leed
- Foto's van en uitnodigings na kerklike en gemeentelike byeenkomste
- Gebedskettings en -versoeke
- Boodskappe en preke van die Kerk wat elders aanlyn beskikbaar is

**Mede-interaksie**
Op 12 April 2013 word daar besluit om van die Facebookgroep oor te skakel na Facebookblad (page), soos dit tans daarna uitsien, aangesien die interaksiemoontlikhede van 'n Blad meer is as 'n Groep. Verskeie gemeentes van die Kerk het ook mettertyd hul eie Facebookblaaie, -groepe en -profiele vir hul onderskeie gemeentes geskep. Met elke gemeente wat hul nuus en foto's op hul eie blaaie deel en die Kerk se Facebookblad wat op die gemeentes se Facebook ingeskakel is, word die gemeentes se nuus op die Kerk se blad ook gedeel waar ander lidmate dit weer kan sien. Om eenvormigheid te bevorder en om praktiese redes het die sinode van 2023 besluit dat die Facebookname so eenvoudig as moontlik gehou moet word as die hoofblad EG Kerk SA soos bv. EG Kerk Boksburg, EG Kerk Wonderboom, EG Kerk PE-Wes, EG Kerk Vredendal-Olifantsrivier, EG Kerk Roodepoort-Betesda, EG Kerk Eden Kampterrein, EG Kerk Lofdal, EG Kerk Jeug, ens.
Voormalige lidmate van die Kerk en selfs nie-lidmate wat in die buiteland bly getuig dat die Facebookblad die enigste skakel is wat hulle tans met die EG Kerk SA en haar lidmate het waarvoor hulle baie dankbaar is. Die bestuur van die blad weier nie persone wat nie lidmate van die Kerk is om by die Facebookblad aan te sluit nie, maar monitor die plasings en kommentaar wat so persoon op die blad sal maak. Die bestuur poog om enige plasings wat teenstrydig is met die leer van die Kerk en die Woord van God summier van die blad te verwyder en dienooreenkomstig word lidmate se plasings ook gemonitor ten einde te verseker dat dit die naam van die Kerk en die werk van die Here nie skade berokken nie.

**Die bestuur en verdere uitbreiding**
Tydens die sinode van 2018 is die EG Kerk SA se webtuiste, met inbegrip van gemeentes se webtuistes en die sosialemedia onder sorg van die redaksie van die EG Kerkblad geplaas. Die jaar 2020, word gekenmerk as die jaar van inperking met die uitbreek van die Covid-19 pandemie en skielik bevind die Kerk haarself in die posisie waar kerkbyeenkomste verbied of baie streng ingeperk word. Tot op hierdie punt was direkte uitsendings van eredienste op Facebook ietwat ondenkbaar, maar soos 'n onbeheerde veldbrand begin al hoe meer van die EG Kerk gemeentes hulle wend tot die internet, vernaamlik Facebook om getrou hulle eredienste via hierdie platform te beeldsend sodat lidmate tydens inperking by hul huise steeds die gemeentelike eredienste op Sondae kon meemaak. Dit het natuurlik ook tot 'n aansienlike styging in die aantal gemeentes wat hul eie Facebookblaaie stig en steeds na die pandemie aktief is op die platform waarvoor ons baie dankbaar is. Omdat soveel gemeentes gebruik





**Mosselbaai Gemeente**
Stigtingsjaar: **1992**
Kerk adres: **H/V Schoemanstr & Elfdelaan**
Huidige Leraar:
**Ds. Barry Fourie**
Selfoon: **082 568 0760**




**Nelspruit-Sigem Gemeente**
Stigtingsjaar: **1969**
Kerk adres: **Sarel Cilliersstr. 1**
Huidige Leraar:
**Vakant - Ds. Peet Schoeman (Em.)**
Selfoon: **084 206 1768**



**Newcastle Gemeente**
Stigtingsjaar: **1975**
Kerk adres: **Agatelaan 10, Sunnyridge**
Huidige Leraar:
**Ds. Armand Olivier**
Selfoon: **084 251 0416**



maak van Facebook- en YouTube-uitsendings is die uitsendings op Kruiskyk-TV laat vaar.
’n Direkte gevolg vanuit die inperking was die stigting van die Kerk se eie YouTube-kanaal in April 2020 met die uitsluitlike doel om daar boodskappe van verskeie leraars en gemeentes reg deur die Kerk op te laai om enige tyd gekyk en gedeel te word. Daar word dan ook in 2020 ’n gesamentlike aanlyn Pinksterreeks op hierdie kanaal aangebied vir lidmate om almal saam op dieselfde tyd daarvoor in te skakel.
Daar is egter heelwat lidmate wat nie toegang tot Facebook het nie en gevolglik nie die nuus en plasings op Facebook te siene kry nie. Die behoefte en ruimte om dan ook vir hierdie lidmate ’n alternatiewe platform te bied waar die plasings ook gedeel kan word, word deur die redaksie en internetbedieningspan geïdentifiseer en die Kerk se reeds bestaande




webtuiste www.egkerk.co.za word opgeskerp en meer volledig opgedateer.
Op 13 Junie 2020 word ’n Telegramkanaal (’n selfoon toepassing baie gelyksoortig aan Whatsappkanaal) vir die Kerk se sosiale mediaplasings geskep as verdere middel waardeur lidmate kan deel word van die Kerk se sosiale media en sodoende ook die plasings maklike en vinnig kan bekom:
Tydens die sinode van 2023 is Web-Woord addisioneel onder die sorg van die redaksie geplaas en dien dit ook as platform waar boodskappe in klank direk uitgesaai word, maar waar daar ook ’n klankbiblioteek met argiefboodskappe is wat geluister en afgelaai kan word.
Met dankbaarheid teenoor die Here en elke lidmaat wat op die Kerk se sosialemedia ingeskakel is getuig die bestuur daarvan dat dit goed gaan met die Kerk se aanlynplatforms en dat dit van krag tot krag gaan en die doel waarvoor dit in die lewe geroep is dien en sodoende die Kerk en haar lidmate bedien in die gevorderde era van tegnologie en sosiale media.




## Nigel-Saron Gemeente

Stigtingsjaar: **1945**
Kerk adres: **H/V Vierde En Standardstr**
Huidige Leraar:
**Ds. Flip Pretorius**
Selfoon: **082 804 6560**
**Prop. Kand. Fredrich Lombard**
Selfoon: **066 215 7353**



## Nylstroom Gemeente

Stigtingsjaar: **1985**
Kerk adres: **Olienhoutstr. 13**
Huidige Leraar:
**Ds. Juan Vlok**
Selfoon: **079 417 8494**



## Oos-Londen Gemeente

Stigtingsjaar: **1987**
Kerk adres: **Smarttweg 24, Nahoon**
Huidige Leraar: **Vakant -**
**Ds. Jasper Schellingerhout (Em.)**
Selfoon: **072 757 2540**



# Die Silwer Jeug Aksie (SJA)



Tydens 'n seniorburgerkonferensie op 24 Mei 1995, hou die seniors 'n vergadering en besluit om 'n Senior Burger Vereniging te stig.
Ds. Albert Woest word as die eerste voorsitter gekies met Ds. Willie du Plessis as visevoorsitter.
Broer Hennie Pansegrouw word as penningmeester gekies met broer Jannie Lombard as sekretaris.

Tydens die seniorburgerkonferensie van 1998, word 'n vergadering gehou op 9 September waar die naam verander word na: SILWER JEUG AKSIE, met die leuse: VOLHARD TOTDAT. Daar word ook besluit op die bepaalde "ampsdrag" soos ons dit vandag ken, nl. die karmynrooibaadjie met grys broeke en rompe.

**Hierdie foto is geneem met die laaste SJA konferensie voor ds. Boet oorlede is, te Eden**



**Hierdie foto is geneem met die stigting van die SJA**

## Orkney Gemeente

Stigtingsjaar: **1991**
Kerk adres: **Miltonlaan 148**
Huidige Leraar: **Vakant -**
**Ds. Willie du Plessis (Em.)**
Selfoon: **082 376 0483**



## Oudtshoorn Gemeente

Stigtingsjaar: **1994**
Kerk adres: **H/V Parkweg-Noord & Noordstr**
Huidige Leraar:
**Ds. Wimpie van Vuuren**
Selfoon: **082 870 9477**



## Paarl Gemeente

Stigtingsjaar: **2002**
Kerk adres: **Hoostr. 115**
Huidige Leraar:
**Ds. Daniël Brink**
Selfoon: **083 626 7473**



## Parys (Wyk van Sasolburg)

Stigtingsjaar: **1993**
Kerk adres: **Noordestr. 17**
Huidige Leraar:
**Vakant**



Verder word besluit om ook 'n Silwerjeugpresident te kies en so word Ds. Albert Woest dan die eerste SJA-president. Tydens die jaarvergadering in September 2000, word Ds. Gert Coetzer tot president verkies.

Die doel van die SJA is om die seniors in die gemeente die geleentheid te gee, om nog aktief betrokke te wees waar moontlik, soos die bywoning van gemeentelike aktiwiteite en as voorbidders – om selfs in die grysheid van jare nog getuies te wees van Jesus se reddende genade wat jou staande hou en te VOLHARD TOTDAT .....

**Ds. Gert Coetzer (em.)**
**President: SJA**

**As u nie breek met sonde nie, sal u al belydende hel toe gaan.**

**Ds H. Storm - (Die Nuwe Protestant, September 1959)**




## Potchefstroom Gemeente

Stigtingsjaar: **1982**
Kerk adres: **Kerkstraat-Suid 350**
Huidige Leraar:
**Ds. Ferdi Bekker**
Selfoon: **084 688 8653**



## Phalaborwa Gemeente

Stigtingsjaar: **1986**
Kerk adres: **Waterbessiestr 3**
Huidige Leraar:
**Ds. Kaleb Boshoff**
Selfoon: **084 816 2332**



## Pietersburg Gemeente

Stigtingsjaar: **1964**
Kerk adres: **Die Meerstr 108, Eduanpark**
Huidige Leraar:
**Ds. Gerhard Snijders**
Selfoon: **082 459 5329**



## Port Elizabeth-Wes Gemeente

Stigtingsjaar: **1973**
Kerk adres: **H/V Riverstone & Great Westway**
Huidige Leraar:
**Ds. Ferdie Devenier**
Selfoon: **083 458 7459**



# Ons Kerk se konferensies

## Konferensieterreine – gister en vandag

Wanneer ons oor die afgelope 80 jaar van die bestaan van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (EG Kerk SA) terugkyk, dan weet ons dat konferensies en konferensieterreine 'n integrale deel van die Kerk se voortbestaan is.

Sedert sy stigting is die EG Kerk SA 'n "konferensiekerk" en ons glo deur die instaatstelling van die Here Jesus wat hierdie kerk in die lewe geroep het, sal sy "'n konferensiekerk" bly totdat Hy weer op die wolke sal kom.

### Wat is die doel van konferensies?

Dit blyk dat dit nog al die jare dieselfde is. Ek haal graag aan uit die boek van dr A.S. van Niekerk oor "Die geskiedenis van die Evangelies-Gereformeerde Kerk" bl. 223. "Die belangrikste rede waarom die Kerk konferensies gehou het, was sekerlik die feit dat dit redelik algemeen gesien is as geleenthede van geestelike verryking en toerusting en waar die Here op besondere wyse sy kinders wou seën. Volgens skriftelike en ook talle mondelinge getuies het baie tydens hierdie konferensies tot geloofsekerheid en geestelike verdieping gekom." Mag dit steeds die doel van konferensies vandag bly.

### Waar het konferensies in ons kerk begin?

Ek haal graag weer dr A.S. van Niekerk aan: "Tydens Desember 1945 word die eerste groot "uniale konferensie" deur die Nuwe Prote stantse Kerk gereël op die gronde van die Murray Bybelinstituut te Bloemfontein. Almal was welkom "uit watter blanke protestantse denominasie ook al." Tente, etes en alles was gratis en die kostes is uit vrye donasies gedek.

Hierdie eerste konferensie is bestempel as 'n landskonferensie – ongeveer 800 mense het gekom van oral – selfs vanuit Rhodesië, Kenia en Suid-Wes-Afrika. Gedurende 1946 is 'n soortgelyke konferensie gehou – weer was die belangstelling groot. Daar is getuig van 'n ernstige gees, wat kenmerkend was en die groot geestelike seëninge wat ontvang is.

### Betshankonferensies

Op 10 Februarie 1936 is die sogenaamde Betshanbeweging gestig onder leiding van ds. CF Scheepers. Talle konferensies is al daar gehou ter verdieping van die geestelike lewe.

'n Bejaarde egpaar wat sinoniem is aan die kerkkonferensies in ons kerk, naamlik oom Tok en tannie Sannie Janse van Rensburg getuig as volg: "Die eerste konferensie wat ons in ons lewe bygewoon het as jong getroude paar was in 1940 op ou Betshan op die Shannonplotte buitekant Bloemfontein. Dit het 'n jaarlikse instelling geword waarna baie uitgesien is. Die boodskappe was sielsdeursoekend, die atmosfeer oortuigend. Ons was op heilige grond en wondergenesings het plaasgevind." Die Kerk het later die kweekskoolgronde tussen Nigel en Heidelberg aangekoop en die Betshankonferensies het na hierdie terrein verskuif. Gedurende Desembermaande, oor die Geloftetydperk, is geseënde konferensies gehou. As gevolg van die toename in die studentegetal op die kweekskool en die feit dat al die wooneenhede deur hulle beset word, het die Desemberkonferensie gedurende 1985 na die Edenkonferensieterrein verskuif.

### Lofdalkonferensies

Daar het 'n toenemende behoefte in

---

**Potgietersrus Gemeente**

Stigtingsjaar: **1987**

Kerk adres: **Kerkstr 17, Chroompark**

Huidige Leraar:

**Ds. Francois Muller**

Selfoon: **082 925 0588**



---

**Pta. Maranata Gemeente**

Stigtingsjaar: **1973**

Kerk adres: **Suiderstr 389, Pretoria-Noord**

Huidige Leraar:

**Ds. Willie Olivier**

Selfoon: **084 596 4578**



---

**Pretoria-Oos Gemeente**

Stigtings datum: Stigtingsjaar: **1998**

Kerk adres: **H/V Atterbury & Ajax-str, Olympus**

Huidige Leraar:

**Dr. André Bester**

Selfoon: **081 446 6521**



---

**Pta. Rietontein Gemeente**

Stigtingsjaar: **1968**

Kerk adres: **27 Ste Laan 787, Rietfontein**

Huidige Leraar:

**Ds. Rudi Beukes**

Selfoon: **081 446 0666**



die kerk ontstaan vir 'n winterkonferensie. Die Here het dit in die harte van sy kinders, wyle oom Fred en tannie Mattie Hattingh gelê om 'n stukkie grond in die warm laeveld, ongeveer 50 km. van Tzaneen, naby Trichardtsdal te skenk vir die ontwikkeling van 'n winterkonferensieterrein. Dit was in die winter van 1952 toe die eerste Lofdalkonferensie plaasgevind het.

Aanvanklik baie primitief, was daar hoofsaaklik van tente gebruik gemaak om in te woon, maar die Here sou ook vir die ontwikkeling van hierdie terrein voorsien. Mnr. en mev. Gert Grobler, by ons almal bekend as oom en tannie Grobbie, het na hul aftrede hulle op die grond gaan vestig – op daardie stadium was daar reeds 'n paar rondawels, die kombuis en ander geriewe opgerig.

Op hulle eie koste het hulle 'n mooi, groot, gerieflike woning opgerig op die gronde. Onder toesig van die Lofdalkonferensiekommissie en die harde werk van oom en tannie Grobbie, het Lofdal ontwikkel tot 'n terrein met 62 rondawels, 'n mooi kerkgebou en twee stelle ablusiegeriewe. Die arbeid daar ingesit sal ook nie tevergeefs wees nie.

Met groot hartseer is kennis ontvang dat die terrein in die gebied sou val wat aan die regering van Leboa gegee sou word.

Vervolg na bl. 38

# ...maar ek en my huis...

## God se seën oor een gesin

Oom Tok en tant Sannie Janse van Rensburg (albei oorlede) se huwelik het deur die 80 jaar van genade van die Here besondere kinders en kleinkinders opgelewer. Die meeste van hulle was vir die voltydse bediening bestemd.
In 'n stadium het drie van hulle seuns, di. Bertus, Zachie en Hendrik op kansels in die EG Kerk gestaan.

Vier van hulle dogters was met predikante van die Kerk getroud naamlik mevv. Tienie Smit (oorlede), Rienie Kotzé (oorlede), Frieda Fourie (oorlede) en Magda Beyl (oorlede). Drie van die genoemde dogters se mans (Coenie Smit [em.], Callie Fourie [em.], Willem Kotzé [em.] en Paul Beyl was in die bediening in die Kerk, so ook drie van hulle seuns naamlik Hendrik [em.], Bertus [em.] en Zachie [em]. Paul Beyl het egter die bediening van die EG Kerk verlaat en die ander broers, Bertus en Zachie, het geëmeriteer by ander kerkgenootskappe.

Twee ander dogters, Malie Cilliers (oorlede) en Rika Bezuidenhout, het ook 'n evangelisasiekursus deurloop. Selfs die kleinkinders (en aangetroudes) was gehoorsaam aan die stem van die Here of het een of ander verbintenis met die bediening.

Pieter Smit, seun van ds. Coenie Smit (em.), was ook vir 'n wyle 'n leraar van die EG Kerk, terwyl ds. Woodford Kotzé, seun van dr. Willem Kotzé (em.) dosent is aan die kweekskool van die EG Kerk SA. Sy twee susters, Alfrieda en Carina, is getroud met onderskeidelik ds. Armand Olivier (Newcastle) en ds. Wynand van Niekerk (dosent aan die kweekskool van die EG Kerk SA). Die ander suster, Santonet, het ook die evangelisasiekursus op kweekskool voltooi en is tans in diens van EE III SA.

Nog 'n ander kleindogter, mev. Susan Bekker, is getroud met ds. Ferdi Bekker (Potchefstroom).

**Jos. 24:15** ***Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: . .. . maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.***

### Richardsbaai Gemeente

Stigtingsjaar: **1994**

Kerk adres: **Bambo Brook 4, Arboretum**

Huidige Leraar:

**Ds. Hennie Vorster**

Selfoon: **084 229 2002**



### Pretoria-Tuine Gemeente

Stigtingsjaar: **1968**

Kerk adres: **Commercialstr 875, Claremont**

Huidige Leraar:

**Vakant**



### Pta. Wonderboom Gemeente

Stigtingsjaar: **1987**

Kerk adres: **Sagelaan 4, Wonderboom Hoewes**

Huidige Leraars:

**Ds. Thys Loubser**

Selfoon: **082 562 3883**

**Ds. Johan Grobler**

Selfoon: **083 785 4743**



### Randfontein Gemeente

Stigtingsjaar: **1972**

Kerk adres: **Kelkiewynstr 16, Helikonpark**

Huidige Leraar:

**Ds. Rico Scholtz**

Selfoon: **083 452 2383**



# EG KERK STANDERTON

Die gemeente van Standerton was die vierde gemeente wat na die totstandkoming van die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika gestig is op 26 November 1944. Die eerste vyf gemeentes wat gestig was, is soos volg:

- Durban 21 April 1944
- Springs 18 Oktober 1944
- Belfast 30 Oktober 1944
- Standerton 26 November 1944
- Bloemfontein 7 Desember 1944.

Die huidige lidmaattal staan op 42. Na 'n baie stormagtige drie jaar na COVID, is daar heelwat lidmate (meeste mans) aan die dood afgestaan en ook 'n paar het verhuis.

Predikante wat in die 80 jaar van GENADE in die gemeente bedien het, was: Di. WP Grobler; Fanie Becker (3 keer), Sarel Fourie, Charlie Miles, Corrie Naudé, Willie du Plessis (2 keer), Johan van den Heever; Willie Lües, Wimpie Jacobs, Gawie Knox, Pieter Cronjé, Vic Smith (in 'n motorongeluk oorlede tydens sy bedieningstydperk in die gemeente), Manie Alberts (ook in 'n motorongeluk oorlede tydens sy bedieningstydperk in die gemeente), Herman Kriel (eerste en enigste gemeente, hy is na sy vyfde jaar prakties in Mei 1995 in Standerton georden en Oktober 2001 is hy as Saakgelastigde na die Kerkkantoor beroep waar hy gedurende 2023 afgetree het), Ferdi Devenier, Callie Krige (vir 'n lang ruk uitgehelp terwyl die gemeente vakant was), Recardo Scholtz, Jan du Raan (tans saam met sy gade Lize vir die tweede keer die leraarspaar in die gemeente) Peet Schoeman (het na aftrede vir 'n tydperk in die gemeente uitgehelp terwyl die gemeente vakant was) en Henk Gericke.

Ses van hierdie predikante het hul vyfde jaar prakties in die gemeente voltooi en is daarna as predikant van die gemeente beroep: Di. Willie du Plessis; Johan van den Heever; Wimpie Jacobs; Manie Alberts; Herman Kriel en Jan du Raan. Drie van die predikante (di. Fanie Becker, Willie du Plessis en Jan du Raan) het meer as een keer in Standerton as leraar gedien. Ds. Fanie Becker het egter drie keer as leraar in die gemeente gedien, die eerste keer was vanaf Maart 1950 tot Mei 1954, die tweede keer was sy bediening maar egter van korte duur, hy het na Maart 1969 begin en is kort daarna as prinsipaal na die kweekskool toe beroep. Die derde keer het hy na aftrede gedien terwyl die gemeente vakant was, Junie 1974 tot Julie 1977, waarna hy emeritaat ontvang het en ds. Wimpie Jacobs by hom oorgeneem het.

## Roodepoort-Betesda Gemeente

Stigtingsjaar: **1969**

Kerk adres: **Swartlaan 4, Horison**

Huidige Leraar:

**Ds. Rickard Hattingh**

Selfoon: **082 847 8693**





**Hier is 'n foto van die ou dorpshuis wat in 1926 gebou is saam met die "nuwe" Kerkgebou wat tussen 1950-1954 opgerig is en tans steeds in gebruik is.**

## Rustenburg Gemeente

Stigtingsjaar: **1958**

Kerk adres: **H/V Abelia En Felicia Str, Geelhoutpark**

Huidige Leraar:

**Ds. Andries Venter**

Selfoon: **073 743 8502**



## Sasolburg Gemeente

Stigtingsjaar: **1973**

Kerk adres: **Daljosefatstraat**

Huidige Leraar:

**Ds. Ryno Louw**

Selfoon: **083 788 5027**

**Ds. Martin Botha**

Selfoon: **067 656 2018**



## Secunda Gemeente

Stigtingsjaar: **1976**

Kerk adres: **H/V Voortrekker En Limpopostr**

Huidige Leraar:

**Ds. Recardo Scholtz**

Selfoon: **083 787 5287**



# – 80 JAAR VAN GENADE

**Geskiedkundige agtergrond:**
26 November 1944 is Standerton gemeente gestig tydens 'n vergadering aan huis van mev. Swart waar dr. De Vos as spreker opgetree het. Die eerste kerkraadsvergadering was 7 Januarie 1945 en tydens hierdie vergadering is evangelis (later ds.) Willie Grobler as eerste predikant 'n salaris van 15 pond per maand en losies aangebied. Aanvanklik is dienste in 'n sysaal van die stadsaal gehou, maar die koste was net te hoog en is daar verskuif na die hou van dienste in 'n tent op die erf van wyle mnr. Hendrik Pretorius. Sy prieel het die moederskamer geword. Ds. Willie Grobler was dan ook betrokke by die aankoop van die huidige pastorie in Kerkstraat 49A, Standerton, en het die dienste dan later na die perseel verskuif.
Standertongemeente se eerste betrokkenheid by sending was vanaf Oom Frikkie van Rensburg (Isie se pa) se plaas.

Ds. Fanie Becker het ds. WP Grobler opgevolg en onder sy bediening in die tydperk Maart 1950 tot Mei 1954 (toe hy na die gemeente Pietersburg beroep is) is die Kerkgebou soos wat hy tans staan opgerig nadat 'n lening van 6 000 pond by die bank aangegaan is.

Tannie Patricia Delport is 1944 in Standerton gebore en haar ouers was Fred en Marie Visser. Sy het die Here as haar persoonlike Verlosser en Saligmaker aangeneem in Desember 1954, op die ouderdom van 10 jaar met die hulp van mev. Hannie Becker op die Betshangronde in Bloemfontein. Sy is 1965 met Willem Delport (NG lidmaat) getroud en het soggens saam met hom sy kerk besoek terwyl sy saans en Woensdae (bidure) saam met haar moeder by haar kerk besoek het. Uit hierdie huwelik is drie kinders, Etienne, Charmaine en Loma gebore waarvan Loma (nou Grobler) steeds aktief saam met haar ma die Here in die gemeente dien. Oom Willem Delport het na 'n huis besoek van ds. Pieter Cronjé in 1984 van kerkverband verander en daarna gereeld saam met sy vrou en drie kinders die dienste en Lofdalkonferensies bygewoon. Hy het in 2013 tydens 'n optrede van Danie Botha en met begeleiding van ds. Jan du Raan 'n oorgawe aan die Here gemaak en April 2014 is hy oorlede. Tannie Patricia word DV 24 Februarie 2024 'n geseënde 80 jaar en is sekerlik ons getrouste lidmaat.



**Hier is 'n foto van Sampie Kleynhans en sy kleindogter Doréne voor die plaashuis van oom Sampie en tannie Miemie Kleynhans (oupa en ouma van Isie van Rensburg) op die plaas Leeuwspruit waar die eerste dienste asook die 1945 Pinksterfees gehou is. Tydens hierdie reeks het sowat 13 siele onder die Woordbediening van ds. WP Grobler hul lewens aan die Here oorgegee.**

**Vervolg na bl. 36**

### Springs Gemeente
Stigtingsjaar: **1944**
Kerk adres: **Vetstraat, Petersfield**
Huidige Leraar: **Vakant** - word bedien **Ds. Loedolff van der Merwe**
Selfoon: **079 866 2455**



### Standerton Gemeente
Stigtingsjaar: **1944**
Kerk adres: **Kerkstraat 49a**
Huidige Leraar: **Ds. Jan du Raan**
Selfoon: **072 286 1115**



### Tygerberg Gemeente
Stigtingsjaar: **1977**
Kerk adres: **H/V Uys Krigerylaan & Deodartstr, Bellville**
Huidige Leraar: **Ds. Ian Coetzee**
Selfoon: **082 325 1569**
**Ds. Gerhard Kruger**
Selfoon: **082 725 7832**



# EG KERK STANDERTON – 80 JAAR VAN GENADE

**Vervolg vanaf bl. 35**

Tannie Bessie du Plessis (nooiensvan ook du Plessis) is 1962 met ouderling Willie du Plessis se seun Jannie getroud en is sedert dan al vir 62 jaar lidmaat van EG Kerk Standerton. Haar man Jannie het vir 'n paar jaar die klavier in die kerk gespeel en was ook geseënd met 'n mooi stem.

Tannie Bessie het twee dogters, Engela (gebore 1965) en Annamarie (gebore 1969), en beide is in die kerk gedoop, gekatkiseer, aangeneem en voorgestel. Tannie Bessie het op 28 Desember 2023 ook 80 jaar oud geword en sy en haar dogter, Annamarie du Plessis (oujongnooi), is steeds een van die getrouste lidmate in die gemeente.

Oom Frikkie Odendaal (oorlede 18 September 2023 op die rype ouderdom van 97), skoonseun van wyle ds. Attie Naudé, was vir meer as 34 jaar visevoorsitter van die gemeente se kerkraad en hy was altesaam meer as 51 jaar 'n kerkraadslid tot hy en sy vroutjie, tannie Freda Odendaal (oorlede 22 Januarie 2024 op die rype ouderdom van 91) in 2007 na Bloemfontein en later in 2020 na Orania Aftree-oord, Karoosig verhuis het. Tannie Freda het, tot hulle in 2007 na Bloemfontein verhuis het, die orrel in die kerk gespeel.

Ds. Jan du Raan en sy vrou, Lize, is op grond van God se Woord en BELOFTES na Standerton terug gestuur: **Psalm 32:8 *"Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg***



**Ons oudste lidmaat tans in die gemeente is Tannie Patricia Delport (dame voor regs – nooiensvan Visser) wat 1959 saam met Tannie Isie van Rensburg (voor links) en 7 ander jongmense (van links na regs agter - Thys Lourens, Martiens Strydom, Elsie Beukes, Sampie Beukes, Marina van Rooyen, Hannes Botha & Chris Muller) deur ds. C Miles (in die middel) voorgestel is. Ouderlinge op die foto is links oudl. Frikkie van Rensburg (Isie se pa) en regs oudl. Willie du Plessis (ons huidige 2de oudste lidmaat Tannie Bessie du Plessis se skoonpa)**

### Tzaneen Gemeente

Stigtingsjaar: **1955**

Kerk adres: **Adshadestr 11**

Huidige Leraar:

**Vakant**



### Uitenhage Gemeente

Stigtingsjaar: **1957**

Kerk adres: **Baxstr 8, Van Riebeeckhoogte**

Huidige Leraar:

**Ds. Pieter van Wyk**

Selfoon: **083 594 3078**



### Uniondale Gemeente

Stigtingsjaar: **2012**

Kerk adres: **Voortrekkerstr. 2, Uniondale**

Huidige Leraar:

**Vakant - Ds. Johan Botha (Em.)**

Selfoon: **082 897 5955**



### Upington Gemeente

Stigtingsjaar: **1993**

Kerk adres: **Jan Groentieweg 9, Keidebees**

Huidige Leraar:

**Ds. Jan Bekker**

Selfoon: **082 677 7070**



***wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees."***

**Jesaja 43:18 & 19** ***"Dink nie aan die vorige dinge nie, en slaan geen ag op wat vroeër gebeur het nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis."***

en

**Jes 61:1 & 2** ***"Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos…"***

Op 19 November 2022 is ons vir die tweede keer as herderspaar in Standertongemeente ontvang en is dit ons as Herderspaar se begeerte om te volhard op die weg wat die Here ons lei totdat Hy kom. Ons gebed vir die gemeente is dat ons sal najaag om die Here te dien, dat elkeen sal waak en bid en dat ons, ons van alle besoedeling van die vlees en van die gees sal reinig, en dat ons die Heiligmaking in die vrees van God sal volbring. Dat ons waardig vir die Here sal wandel en Hom in alles sal behaag tot EER van sy GROTE NAAM in Standerton en omgewing.

**Ds. en mev. Du Raan**
**Standerton**



**Hier is 'n foto van een van die eerste familie wat die gemeente op 26 November 1944 gestig het. v.l.n.r. agter: Babsie van Rensburg (oorlede 15 Maart 2012 - dogter van Sampie en Miemie Kleynhans); Sampie Kleynhans jr. (oorlede 2020); Frikkie van Rensburg (oorlede 16 Julie 1993 - skoonseun van Sampie en Miemie Kleynhans. Hy is met die stigting van die gemeente gekies as diaken en later as ouderling totdat hy nie meer kon loop nie, met ononderbroke diens aan die Meester). v.l.n.r. voor: Isie van Rensburg (tans die enigste oorlewende, 80 jaar oud, op haar oupa Sampie se skoot. Isie is later van jare met Chris van Rensburg getroud, broer van wyle ds. Boet van Rensburg. Sy is tans in Nelspruit woonagtig en lidmaat van die gemeente daar), Sampie Kleynhans (oorlede 13 Junie 1975 - van die plaas Leeuwspruit), Miemie Kleynhans (oorlede 08 Oktober 1986 - gade van Sampie Kleinhans) en Marie van Rensburg (later getroud as Reynecke, oorlede 22 Maart 2021).**


**Vanderbijlpark Gemeente**

Stigtingsjaar: **1962**

Kerk adres: **Ericsonstraat**

Huidige Leraar:

**Ds. Lukas Uys**

Selfoon: **083 784 1427**



**Vereeniging Gemeente**

Stigtingsjaar: **1955**

Kerk adres: **H/V Lotus En Zealaan, Arconpark**

Huidige Leraar:

**Vakant**



**Ventersdorp (wyk van Potchefstroom)**

Stigtingsjaar: **1999**

Kerk adres: **Aenmaystraat 27a**

Huidige Leraar:

**Vakant**

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

Teen druktyd was 'n foto nie beskikbaar nie

# Ons Kerk se konferensies

## Konferensie terreine – gister en vandag

Vervolg vanaf bl. 33

In Julie 1980 het die kerk sy laaste konferensie op Lofdal gehou. Die vyand het nie rekening gehou met die krag van gebed en die beloftes wat God aan verskeie persone in ons kerk gegee het, naamlik dat Lofdal weer terug in die hande van die Kerk sou kom nie. Twaalf jaar het verloop en God het sy beloftes 'n werklikheid gemaak. Die gebied rondom Lofdal het verblank en Lofdal is vir 'n baie billike prys deur die huidige rondaweleienaars van Lofdal vir die Kerk teruggekoop.

Weereens het God voorsien vir 'n persoon. Oom Soon en tannie Marie Greeff het hulle vrywillig in diens van die Here gestel en is aangestel as faktotum-paar. In samewerking met die Lofdalkonferensiekommissie, het hulle Lofdal gerestoureer en verbeterings aangebring, o.a. is die hele terrein geëlektrifiseer. Deur die genade van die Here kon op 2 – 7 Julie 1993 die eerste Lofdalkonferensie weer plaasvind.

Sedertdien word daar elke jaar met groot vrug in die Junie/Julie skoolvakansie 'n kerkkonferensie gehou. Jaarliks voorsien die Here vir mildelike skenkings deur sy kinders en almal in die omgewing in die vorm van vleis, groente en vrugte asook vrywillige dankofferbydrae wat dit vir die kommissie moontlik maak om die konferensie te hou. Sedert Lofdal teruggekoop is, het die volgende terreinbestuurders op Lofdal gedien: Soon en Marie Greeff, Jan en Spokie Myburgh, Gert en Hester Lerm asook Kobus en Elsie Oosthuizen. Tans is emeritusleraar ds. Herbert en Elize Lyon op die terrein werksaam.

Ons dank die Here vir talle verbeteringe wat oor die jare op Lofdal aangebring is, grotendeels deur vrywillige skenkings van God se kinders. Ons kyk terug en eer Hom vir puttoilette wat spoeltoilette geword het, saam daarmee die opgradering van die ablusieblokke. 'n Swembad en gebedskamer het ook verrys, die kombuis wat die kookspan instaatstel om heerlike etes vir die konferensiegangers voor te berei en die akkommodasiefasiliteite is vergroot met die wonderlike wyse waarop die



**Leraars van die EGK teenwoordig tydens die inwyding van Eden. Agter v.l.n.r. Di. Hennie Prinsloo, Callie Krige, Tertius Smit, Willie Kotzé, Danie Jansen van Rensburg, Jannie Coetzer, Oubaas Grundling en Gert Coetzer. Voor v.l.n.r. Di. Johnnie Mienie, Coenie Smit, Willie Lües, Attie Olwagen, Chris Venter en Boet Janse van Rensburg**

### Volksrust Gemeente

Stigtingsjaar: **1992**

Kerk adres: **H/V Sarel Cilliers & Smitstr**

Huidige Leraar:

**Ds. Francois du Toit**

Selfoon: **084 816 1361**



### Vredendal-Olifantsrivier Gemeente

Stigtingsjaar: **1992**

Kerk adres: **Hospitaalstraat 21**

Huidige Leraar:

**Ds. Wimpie Snyders**

Selfoon: **073 490 5427**



### Vryheid Gemeente

Stigtingsjaar: **1992**

Kerk adres: **Masonstraat 39a**

Huidige Leraar:

**Vakant**



### Warmbad Gemeente

Stigtingsjaar: **1979**

Kerk adres: **Roodepoortstraat 9**

Huidige Leraar:

**Vakant**



Here voorsien het met die Duva-eenhede wat bekom is en op Lofdal en Eden opgerig is. 'n Hele aantal woonwakragpunte is ook op die terrein aangebring. Vir die veiligheid van die konferensiegangers asook die terreinbestuurder is 'n geëlektrifiseerde omheining aangebring. Skaduryke bome is aangeplant, daar is rondom die kerk en die woonhuis en in die lapa pragtige tuine uitgelê wat 'n lus vir die oog is. Aan God al die eer wat die Laeveld se konferensieterrein in stand hou en wat 'n geestelike oase is vir die soekende siel wat daarheen kom.

### Wonderbaarkonferensieterrein

Hierdie konferensieterrein is geleë so ongeveer 5km buite die Noord-Wesdorpie, Koster. Nadat Lofdal deur die staat by die kerk uitgekoop is, het die Kerk die beherende aandeel van Wonderbaar gekoop. Daar is ongeveer drie kerkkonferensies gehou sowel as twee geseënde jeugkampe. Die terrein het beskik oor 'n groot saal, bestuurderswoning, swembad en kafeteria-area sowel as slaapplekke vir jongmense. As gevolg van 'n aantal negatiewe faktore soos o.a. dat die terrein uit die hart van die Kerk was, die terrein ongelyk is en ontwikkelingsfondse ontbreek het, het die Kerk nie voortgegaan met konferensies aldaar nie.

### Edenkonferensieterrein

Hierdie lieflike konferensieterrein wat deur God aan die Kerk gegee is, is baie sentraal geleë en word dwarsdeur die jaar deur kerklike en buitekerklike instansies gebruik. Tussen die boekenhoutbome, die wildesering en die proteas, net ongeveer 20 km. anderkant Pretoria op die Molotopad, is Eden. Die Kerk het die terrein in Junie 1983 gekoop en op 3 Desember, dieselfde jaar, is die hoeksteen onthul. Die eerste konferensie is in Julie 1984 op Eden gehou, maar daar is duidelik gevind dat Eden nie geskik is vir winterkonferensies nie. Vanaf 1985 word daar jaarliks die Paasnaweekkonferensie aangebied en die Sentrale Jeugkamp en ander gemeentelike kampe. In Julie 1990 het die Kerk ds. Boet en mev. Ina van Rensburg genader as bestuurder van die Edenterrein. Nadat hulle geëmeriteer het, het hulle verder diens aanvaar op die Edenterrein.

'n Lieflike woonhuis is opgerig en in Maart 1990 moes die kerksaal en die kombuis vergroot word as gevolg van die kamertjies beskikbaar vir akkommodasie wat by elke kerkkonferensie vol is. Toenemende belangstelling noodsaak verdere uitbreiding op Eden. In 1991 is die terrein voorsien met ESKOM-krag en 'n groot aantal kragpunte vir woonwaens is ook aangebring. Die nuutste toevoegings is die groot swembad en vlugbalbaan. Die groot jeugkampe van ons kerk word ook jaarliks op hierdie terrein gehou. Ander kerkgenootskappe maak ook natuurlik van die terrein gebruik. Ek is oortuig dat Eden in die toekoms vir menige kosbare siel die plek sal wees waar die lig van Jesus sal deurbreek en menige vermoeide kinders van God versterk en opgebou sal word. Hennie en Erika Bronkhorst is tans die faktotumspaar.

Sedert die stigting van die EG Kerk SA was daar 'n konferensiebewussyn onder die kerkmense. Talle naweekkonferensies is oral deur die Kerk gehou. Ons dink ook aan die geseënde gebedskonferensies op oom Gert Cilliers (een van Frankfort se eerste lidmate) se plaas. Ds. Bekker het na die afsterwe van ds. Scheepers die inisiatief oorgeneem en konferensies gereël.

Ten slotte, konferensies het gekom en gegaan. Konferensies in die EG Kerk SA is hier om te bly. Die mense wat nie kerkkonferensies bywoon nie, beroof hul eie geestelike lewe van ryke seëninge wat die Here begeer om oor hulle uit te stort. Ewigheidswerk, wat goud en silwer nie kan betaal nie, word aan die siel van die mens gedoen op konferensies. Ek spreek die hoop uit dat 'n groter aantal lidmate en predikante ons konferensies sal bywoon in die toekoms.

**Ds. Hendrik van Rensburg**
**Emeritus**



**Onthulling van die Gedenksteen deur wyle oom Tok Janse van Rensburg**

## Weskus Gemeente

Stigtingsjaar: **2007**

Kerk adres: **Smedastr 6, Velddrif**

Huidige Leraar:

**Ds. Herman van Zyl**

Selfoon: **082 924 6989**



## Witbank Gemeente

Stigtingsjaar: **1955**

Kerk adres: **H/V Visagie En Sarel Cilliersstr, Uitbreiding X8**

Huidige Leraar:

**Ds. Pieter Burger**

Selfoon: **083 263 5752**



## Worcester Gemeente

Stigtingsjaar: **1990**

Kerk adres: **Heynstraat 56**

Huidige Leraar:

**Ds Louie van Zyl**

Selfoon: **083 204 0365**



# Gemeentes en Kontakbesonderhede

| Gemeente | Leraar | Selfoon nr. |
|---|---|---|
| Alberton | Ds. J Alberts (Johan) | 074-713-8679 |
| Barrydale | Vakant | |
| Belfast | Ds. WG Smith (Wim) | 082-550-3623 |
| Benoni | Ds. AFC Lombard (Frikkie) | 079-898-2799 |
| Bethal | Ds. N Prinsloo (Nicko) | 083-233-7672 |
| Bethlehem | Vakant | |
| Bloemfontein | Ds. WR Raath (Wimpie) | 082-870-9986 |
| Boksburg | Vakant | |
| Brakpan & Springs | Ds. L van der Merwe (Loedolff) | 079-866-2455 |
| Bredasdorp | Ds. M van Niekerk (Marno) | 084-617-0613 |
| Brits | Ds. JJ Jacobs (Jakes) | 083-789-5388 |
| Carletonville-Bethel | Ds. JC Keyser (Jan) Em. | 083-456-9241 |
| Centurion (1) | Ds. GA van Dalen (Gerrie) | 084-515-0937 |
| Centurion (2) | Ds. RP Louw (Pierre) | 063-400-5298 |
| Durban | Vakant | |
| Ellisras | Ds. R Gates (Riaan) | 071-371-0431 |
| Ermelo | Ds. WA Krige (Willie) | 082-817-1137 |
| Fochville | Ds. DE Klopper (Danie) | 082-901-4611 |
| Frankfort | Ds. JP Leyden (James) | 072-642-4730 |
| Gamtoosvallei | Ds. HJ Weyers (Hendrik) | 083-256-2910 |
| George | Ds. CPJ Coertze (Coenie) | 076-861-6899 |
| Germiston | Ds. M Labuschagne (Marco) | 069-402-0189 |
| Goudrif | Ds. RJ Besselaar (Johan) | 082-555-1592 |
| Goudveld | Vakant | |
| Hartbeespoort | Ds. TJ Cloete (Johan) | 082 572 9162 |
| Helderberg | Ds. AMA Bruyns (Anfrew) | 081-364-4912 |
| Jeffreysbaai | Ds. R van Vuuren (Ruan) | 084-584-9394 |
| Kemptonpark | Ds. PJ Grobbelaar (Paul) | 072-277-9781 |
| Klerksdorp | Ds. E. Duvenhage (Etienne) | 082-854-3431 |
| Kriel | Vakant | |
| Kroonstad | Ds. C Lombard (Chris) | 083-652-8433 |
| Krugersdorp | Ds. GM Grobler (Gert) | 083-659-5793 |
| Lichtenburg | Ds. AS Kleingeld (Anton) | 084-758-0436 |
| Louis-Trichardt | Wyk van Pietersburg | |
| Malmesbury | Ds. R van Staden (Rassie) | 082-950-4702 |
| Margate | Ds. R Fourie (Rudolf) | 076-302-9454 |
| Meyerton | Ds. D du Plessis (Derrick) | 083-287-7197 |
| Middelburg | Ds. FR Grobler (Fleetwood) | 082-879-8625 |
| Mosselbaai | Ds. B Fourie (Barry) | 082 568 0760 |
| Nelspruit-Sigem | Ds. LP Schoeman (Peet) Em. | 084-206-1768 |
| Newcastle | Ds. AF Olivier (Armand) | 084-251-0416 |
| Nigel- Saron | Ds. PJ Pretorius (Flip) | 082-804-6560 |
| | Prop. Kand. WF. Lombard (Fredrich) | 066-215-7353 |
| Nylstroom | Ds. J Vlok (Kuifie) | 072-426-6541 |
| Oos-Londen | Ds. J Schellingerhout (Jasper) Em. | 072-757-2540 |
| Orkney | Ds. WH du Plessis (Willie) Em. | 082-376-0483 |
| Oudtshoorn | Ds. WS van Vuuren (Wimpie) | 082-870-9477 |

| Gemeente | Leraar | Selfoon nr. |
|---|---|---|
| Paarl | Ds. D. Brink (Daniël) | 083-626-7473 |
| Parys | Wyk van Sasolburg | |
| Phalaborwa | Ds. KI Boshoff (Kaleb) | 084-816-2332 |
| Pietersburg-Emmanuel | Ds. G Snijders (Gerhard) | 082-459-5329 |
| Port Elizabeth Wes | Ds. FS Devenier (Ferdie) | 083-458-7459 |
| Potchefstroom | Ds. F Bekker (Ferdi) | 084-688-8653 |
| Potgietersrus | Ds. CJF Muller (Francois) | 082-925-0588 |
| Pretoria Maranata | Ds. WS Olivier (Willie) | 084-596-4578 |
| Pretoria-Oos | Dr. AJD Bester (André) | 081-446-6521 |
| Pretoria Rietfontein | Ds. RD Beukes (Rudi) | 081-446-0666 |
| Pretoria Tuine | Vakant | |
| Pretoria Wonderboom (1) | Ds. MduT Loubser (Thys) | 082-562-3883 |
| Pretoria Wonderboom (2) | Ds. NJ Grobler (Johan) | 083-785-4743 |
| Randfontein | Ds. R Scholtz (Rico) | 083-452-2383 |
| Richardsbaai | Ds. H Vorster (Hennie) | 084-229-2002 |
| Roodepoort-Betesda | Ds. RM Hattingh (Rickard) | 082-847-8693 |
| Rustenburg | Ds. AJ Venter (Andries) | 073-743-8502 |
| Sasolburg (1) | Ds. RP Louw (Ryno) | 083-788-5027 |
| Sasolburg (2) | Ds. M Botha (Martin) | 067-656-2018 |
| Secunda | Ds. AR Scholtz (Recardo) | 083-787-5287 |
| Springs & Brakpan | Ds. L van der Merwe (Loedolff) | 079-866-2455 |
| Standerton | Ds. JHH du Raan (Jan) | 072-286-1115 |
| Tygerberg (1) | Ds. C Coetzee (Ian) | 082-325-1569 |
| Tygerberg (2) | Ds. G. Kruger (Gerhard) | 082-725-7832 |
| Tzaneen | Vakant | |
| Uitenhage | Ds. P van Wyk (Pieter) | 083-594-3078 |
| Uniondale | Ds. J Botha (Johan) Em. | 082-897-5955 |
| Upington | Ds. JSE Bekker (Jan) | 072-677-7070 |
| Vanderbijlpark | Ds. LC Uys (Lukas) | 083-784-1427 |
| Ventersdorp-Elim | Vakant | |
| Vereeniging | Vakant | |
| Volksrust | Ds. F du Toit (Francois) | 084-584-9394 |
| Vredendal-Olifantsrivier | Ds. WM Snyders (Wimpie) | 073-490-5427 |
| Vryheid | Vakant | |
| Warmbad | Vakant | |
| Weskus | Ds. H Van Zyl (Herman) | 082-924-6989 |
| Witbank | Ds. P Burger (Pieter) | 083-263-5752 |
| Worcester | Ds. LHJ van Zyl (Louie) | 083-204-0365 |

**Ander diensdoenende predikante**

| | | |
|---|---|---|
| Saakgelastigde: | Ds. JP Gates (Johnnie) | 073-490-5427 |
| Kweekskool: | | |
| Prinsipaal | Ds. JP Prinsloo (Jurg) | 083-302-6800 |
| Viseprinsipaal | Ds. WF van Niekerk (Wynand) | 084-986-1986 |
| Dosent | Ds. WA Kotzé (Woodford) | 083-763.4942 |
| Dosent | Ds. JP Prinsloo (Jurgens) | 084-986-1986 |

Alle gemeente leraars en titels was korrek met die druk van die uitgawe, hoewel sekere leraars onder beroep staan.

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 79 • Mei/Junie 2024 • #657



- Stop en maak seker
- Westdenegemeente groet
- Die gras is, diékant, nog groen

# ...van die Redakteur

Terwyl die eerste kwart van die jaar skielik iets van die verlede is, is ons tog bly, liewe lesers, om u weer eens te groet in die wonderlike naam van Jesus Christus.

Met die Paasnaweek nog vars in ons geheue, het die langverwagte Feesnaweek ook aangebreek oor die periode 19-21 April waarin ons met diepe eerbied en dankbaarheid teenoor die Here die herdenking van die EG Kerk SA se 80ste bestaansjaar gevier het (meer hieroor in die volgende uitgawe).

Lees in hierdie uitgawe oor die bekommernis in ons hart oor die merkwaardige verlies aan predikante en sluiting van kleiner gemeentes, ten spyte van God se seën deur die jare. Maar 'n ligpunt is dat, met die herdenking van die gebeure rondom Paasfees (die Kruisiging en die Opstanding), ons hierdie belangrike tyd op die Christen se kalender bereik waar ons weer eens kan fokus op die Hemelvaart, Pinkster en die Uitstorting van die Heilige Gees en hoop ons op vars en godvrugtige nuwe ontmoetings en salwings deur die Heilige Gees. Dit os ook hoekom Pinkster so kardinale rol in ons lewe moet speel.

Mag hierdie tyd van afsondering gedurende Pinkster ons almal noop om hand in eie boesem te steek met 'n smeekgebed in die hart van **Ps. 85:7 *Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?***

**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Johnnie Gates, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**

**Voorblad: Julita Weyers -** *Rotsagtige kuslyn*
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Jaargang 79**
**Mei/Junie 2024**
**Uitgawe #657**

# INHOUD

3 **Stop en maak seker**

4 **Merkwaardig verlies aan predikante!**

6 **Die Bybel...? Nee dankie!**

7 **Westdenegemeente groet**

8 **Uit die Argief:** Herlewing

10 **Krielgemeente se ervaring van God se voorsiening**

12 **Brakpan en Springs deel 'n leraar**

13 **Ordening en bevestiging van ds. Kaleb Boshoff**

14 **Vroueblad:** Geen offer vir Christus is tevergeefs nie

15 **'n Nuwe hoofstuk vir Alberton**

16 **Aangename Kennis:** Ds. Jan du Raan

17 **Die gras is, diékant, nog groen**

18 **Mosselbaai bevestig ds. Barry Fourie**

19 **Waar is Emeriti?**
**Ontvangs en bevestiging van ds. Fleetwood Grobler**

**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R120 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@gmail.com

# Stop en maak seker

Een van ons belangrikste voedsel verskaffers is sekerlik ons boere, van saaiboerdery tot veeboerdery. Dit is waar ons ons voedsel vandaan kry, maar as ons meer tyd saam met hulle in die veld en lande spandeer dan besef ons daar is baie meer wat ons by hulle kan kry as net voedsel. Hulle is totaal afhanklik van die Here, hulle plant in geloof en vertrou die Here vir 'n goeie oes.

Het u al 'n saaiboer dopgehou wanneer hy plant? Eers word die lande sag gemaak en voorberei vir die seisoen, en wanneer hy begin plant, dan plant hy 'n klein stuk, stop en klim uit. Dan loop hy terug en gaan doen ondersoek oor daardie stukkie wat hy geplant het. Hy kyk of die saad in die grond is en dan ook hoe diep die saad lê. Indien alles in orde is, dan plant hy eers verder, indien iets nie reg is nie, dan doen hy die nodige veranderings en dan eers plant hy voort.
Dit laat ons dink aan ons eie geestelike lewe, ons is baie keer so besig by die werk en by die huis dat ons nie tyd maak om hierdie belangrike "stop en maak seker" te doen nie. Waarvan moet ek seker maak?

***"Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God*** (**1 Joh. 5:12-13 AFR 33/53**).

Elkeen van ons kan seker wees of hy weergebore is of nie, dis wat die Woord ons leer. Net soos die boer stop en seker maak dit wat hy plant is reg en diep genoeg, so moet ons stop en seker maak of ons waarlik weergebore is.
Dink net hoe teleurgesteld sal daardie boer wees as hy nie gestop en seker gemaak het nie en wanneer die tyd kom dat die oes moet opkom, daar niks opkom nie omdat hy onder die wanindruk was dat alles reg was.

***"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"*** (**Matt. 7:21-23 AFR 33/53**).

Kom ons stop en maak seker dat ons waarlik in verhouding met God staan, waarlik weergebore is. Kan u met sekerheid sê dat indien u vandag tot sterwe kom, dat u die ewigheid in die teenwoordigheid van God sal wees? Stop en maak seker.

**Ds. Francois du Toit**
**Pta-Tuine**



# Merkwaardige Verlies

**MINUS VYFTIG PREDIKANTE?**
Vroeër vanjaar het ek met kommer in my hart dikwels ons situasie in die Kerk bedink rakende ons verlies aan predikante. Volgens die verslag van die Aktuarius het ons die afgelope tyd nege verloor. Manne wat die ordenings formulier onderteken het maar dan op eie oortuiging besluit, teenoor die Boodskap wat die Here aan die Kerk toevertrou het, om die Kerk te verlaat.
Nie lank gelede nie het ons oor 'n relatief kort periode ongeveer vyf verloor na een van die Susterskerke. Elk op eie besluit, teenoor dit wat hulle vroeër bely het. Dit het my nogal ontstel toe ek onlangs ook deur ou lêers gewerk het, om te vind dat meer as tien predikante, ook uit die bediening is. Sommige oor sonde, ander wat ook net op eie besluit 'n ander weg gekies het. Ds. Johan Botha het met sy openingsrede (Woensdag sinode 2023) verwys na vyftig.
Ons sit verder met die dilemma van kwynende gemeentes. Enkele groot gemeentes wat vroeër jare uitgestaan het krimp onrusbarend en 'n paar het al toegemaak. Van hulle is nie meer in die vermoë om te beroep nie. Enkele grotes. Waarheen nou?
Terwyl ek worstel in bepeinsing voor die aangesig van die Here, het iets gebeur, relatief onbenullig, maar tog gewigtig en in lyn hiermee. Dit het my herinner aan 'n soortgelyke ervaring so ongeveer 'n geslag gelede. Dit was besluite van mense oor God se geld. Dit het die besluitnemers bevoordeel maar terselfdertyd ander benadeel. Dit het ons destyds nogal in nood uitgedryf na die Here toe! Die gebeure en vele meer is egter kantlyn gebeure. Dit het wel dieselfde effek, maar strek nie so diep en wyd nie, want dit gebeur op meer plaaslike vlak, by kommissies en so meer.

**WATERSKEIDING SINODE**
In my biddende bepeinsing het die lig skielik vroeër verlede jaar (2023), vir my deurgebreek. My herinneringe het my teruggeneem na 'n sinode, iewers in die 1980's, 'n geslag gelede. Terwyl dinge gebeur is mens nie altyd so bewus van die eindelike impak daarvan nie. Dit verloop gewoonlik heel logies en oortuigend. Veel later en met meerdere insig word die yswekkende implikasies gaandeweg duidelik. Adams praat van "The wisdom of hindsight!"
Tot met daardie sinode het ons as Kerk, soos ander kerke ook vroeër, op 'n meer Bybelse beginsel van traktement en toelae gefunksioneer. Ons beroepbrief het onder andere gelees: "om u te vrywaar van aardse sorge, bied ons u 'n traktement van..." met 'n kindertoelaag en reistoelaag en so meer. Met daardie sinode het ons egter na 'n salarisstelsel oorgegaan.
Sedertdien is jy vergoed vir jou dienste en ervaring. Geen addisionele toelaag is egter vir 'n bepaalde pos of vir verdere akademiese kwalifikasies of vir groot projekte gegee nie. Bedienaars het tradisioneel eenvoudig gedoen wat gedoen moes word.
Op verdienste en trek jou aandag weg van die sorg van die een wat jou gestuur het. 'n Sinodale besluit (41/1952) toe die Kerk nog maar agt jaar oud was, illustreer die gesindheid:
"Dat die Sinode predikante ernstig vermaan om te waak om in besigheid betrokke te raak en dat die Sinode sy afkeur daarteen uitspreek."
Hierdie gebeure was egter toe die Kerk ongeveer veertig jaar oud was, halfpad op die weg na die huidige. 'n Nuwe vergoedingspakket is kundig en deeglik uitgewerk. Die "kindertoelae" as addisionele sorg is eenvoudig weggeneem en by die algemene pakket gevoeg. 'n Eenvormige salarisstelsel is daargestel wat die vergoeding met toename in diensjare en ervaring vermeerder het.

Ek het my senior kollega gaan vra hoe hulle so 'n onregverdige stelsel kon deurvoer. Sy antwoord aan my: "Willie, jy kry nog steeds jou kindertoelaag. Dit is ingesluit in jou salaris." Wettig en deur die sinode bekragtig! Is dit dan 'n probleem?

**... mense in eie reg van God se Geld tot hul eie voordeel toegedeel het, tot nadeel van ander...**

**WAT HET VERKEERD GELOOP?**
Ons pakket het tot op daardie stadium bestaan uit 'n traktement plus 'n reis toelaag en kindertoelae tot maksimum drie kinders. Dit was versorging, nie beloning vir dienste nie. Die logiese gevolg was dat senior manne, met meer jare diens en meer ervaring, se pakket verminder het. Soos die kinders die huis verlaat het die kindertoelae geleidelik weggeval en die geld minder geword. Die jonger manne daarenteen, met minder ervaring maar met kinders nog in die huis, het dan meer geld ontvang as die senior persone!
Vanuit die sekulêre finansiële wêreld is dit nie logies of aanvaarbaar nie. Die Kerk was egter oorspronklik op sorg ingestel. Besigheid stel jou in

**EIE REG, EIE VOORDEEL**
Die kern van die probleem was dat MENSE IN EIE REG VAN GOD SE GELD TOT HUL EIE VOORDEEL TOEGEDEEL HET, TOT NADEEL VAN ANDER. Hierdie was die kritiese geleentheid in ons Kerk se geskiedenis met 'n blywende impak op die hele Kerk oor die hele opvolgende geslag!

**GEWAAGDE STELLING?! HET DIT ENIGE MERIETE?**
Die Here se opdrag was dat die tiendes wat ingevorder is met versigtigheid hanteer sal word, dit nie te ontheilig nie, nie op eie inisiatief tot eie

# aan Predikante!

voordeel aan te wend nie. Ons eie wil verdring altyd die wil van God en diskwalifiseer ons vir sy doel en roeping. Jesus se voorbeeld verklaar vir ons die teendeel. Hy het nie gekom om sy eie wil te doen nie, maar die wil van Hom deur wie Hy gestuur was!

***Joh. 6:38 "Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het."***

Van die begin af het God die Volk reeds gewaarsku (Deut. 11 en 17) om nie af te wyk wanneer Hy hulle seën op 'n gehoorsaam en toegewyde lewe nie.

***Deut. 17:19, 20 "en .... kan leer om die HERE sy God te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie insettinge te hou, om dit te doen; 20 sodat sy hart hom nie verhef oor sy broers nie en hy van die gebod nie regs of links afwyk nie; dat hy die dae kan verleng in sy koninkryk, hy en sy seuns, onder Israel."***

Koning Ussia het melaats gesterwe toe hy aanspraak gemaak het op dit wat aan God behoort. God gee sy eer aan niemand nie. (**2 Kron. 26:16, 21**). Eie waan en selfverheffing verkort jou dae/koninkryk!! Jy kan besonder toegewyd handel en wandel, maar sulke ontrou gaan nie ongemerk verby nie en werk stadig maar seker soos 'n suurdeeg deur na die wat jou volg en weer na die wat hulle volg. Oor jare heen word besluite in eie waan geneem.

***2 Kron. 26:18, 21 "Dit kom u nie toe, Ussía, om vir die HERE offerrook te laat opgaan nie, maar aan die priesters, seuns van Äáron, wat geheilig is om te offer. Gaan uit die heiligdom uit, want u het ontrou gehandel, en dit sal u van die kant van die HERE God nie tot eer strek nie. 21 En koning Ussía was melaats tot die dag van sy dood toe, en hy het in 'n afgesonderde huis as melaatse gewoon, want hy was van die huis van die HERE uitgesluit;"***



Maar Eseg. 29:2-12 bring ons by die hart van die saak. Lees gerus die hele gedeelte.

***Eseg. 29:2 "Mensekind, rig jou aangesig teen Farao, die koning van Egipte, en profeteer teen hom en teen die hele Egipte. 3b wat sê: My stroom is myne, en ek het dit vir my gemaak. 9b Omdat hy sê: Die Nyl is myne, en ek het dit gemaak – 12 En Ek sal Egipteland 'n wildernis maak tussen verwoeste lande in, en sy stede sal 'n wildernis wees tussen verwoeste stede in, veertig jaar lank; en Ek sal die Egiptenaars verstrooi onder die nasies en hulle versprei in die lande."***

Let veral op die woorde en ook die uitleg van twee kommentare op hierdie gedeelte:

- K&D: Because Pharaoh looks upon himself as the creator of his kingdom and of his might, he is to be destroyed.
- John Gill: My river is mine own, and I have made it for myself; his predecessors had by their wisdom cut out into canals, for the better watering of the land; and which he might have improved, so that it stood in no need of rain, nor of the supplies of other countries, having a sufficiency from its own product; though he chiefly designs his kingdom, which was his own, and he had established it, and made himself great in it; ascribing that to himself which belonged to God; or, "I have made them", the rivers among whom he lay, "the kingdom is mine, and I have subdued it."

Dit is nie ons wat die Kerk of die inkomste geskep het nie. Die Kerk of kommissies is nie ons koninkryk om daaroor te beskik nie. Dit is nie myne nie, ek het dit nie gemaak nie. Dit is God se werk en ek behoort daarmee saam aan Hom. Om dit in eie reg te hanteer kan die Kerk tot veertig jaar lank in verwaarlosing laat verval, soos in 'n wildernis waarin die lede verstrooi raak. Dan kan ons wonder waar is die seën van die Here? Klink iets hiervan bekend?

**KERK SE IMPAK OP DIE WÊRELD**

Dit het ongelukkig ook 'n beduidende effek op die wêreld. Leonard Ravenhill het gesê: "As the Church goeth, so goeth the World." Die Kerk het 'n beduidende invloed op die wêreld om ons. Wanneer die Kerk naby aan die Here leef, geanker in die Woord van God, dan werk dit respek en ontsag vir die Woord en vir die kinders van God.

Wanneer die Kerk egter in afvalligheid kragteloos raak, gaan sy impak op die wêreld verlore. Dan voer hulle netso elkeen sy eie wil uit ten koste van almal. In ons land, moet ons die Gupta's en kapers van ESKOM en PRASA veroordeel? Is dit nie dalk veel eerder die Kerk wat nie die wil van God met 'n volkome hart gevolg het nie? Prof. J.C.G. Kotzé het in 'n boodskap op 70 jarige leeftyd gestel dat ons hier in Suid-Afrika ons eie koninkryk kom bou het, in plaas van die koninkryk van God. As ons gehoorsaam was sou ons omstandighede veel anders wees as tans.

Mag die Here ons begenadig en bewaar om nie hierdie tragiese geskiedenis te herhaal nie.

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

# Die Bybel...? Nee dankie!

Dit word al duideliker dat God en sy Woord onwelkom is in die hedendaagse wêreld, wat besig is – trouens in 'n groot mate, reeds daarin is -- om in 'n sg. ná-Christelike era in te beweeg. Die meerderheid mense, selfs in die Westerse "Christenwêreld", is oorwegend anti-God en anti-Bybel. So 15 – 20 jaar gelede skok 'n kerkbladberig oor statistieke van een van ons stamlande met die volgende: Nederland het meer ateïste as gelowiges. En al sou krisisse ontstaan wat mense weerloos en kwesbaar laat , lyk dit of selfs dít geen kentering in hierdie tendens te weeg bring nie.

Dit het dit weer duidelik geblyk toe 'n reuse-plesierboot, die Carnival Triumph, tydens 'n vaart in Februarie 2013 in die Golf van Meksiko, suid van die VSA-state Texas en Alabama in die moeilikheid geraak het. 'n Brand in die masjienkamer het chaos veroorsaak. Dit kon nie meer op eie krag vaar nie, die kragopweksisteem was buite werking en die boot het dae lank slegs met noodkrag ronddobber. Die yskaste, lugversorgingsisteem en ook die rioolsisteem se pompe aan boord was buite werking. Al gou het 'n ondraaglike situasie ontstaan met riool wat opgedam en selfs in gange en in kajuite begin instoot het. Die stank was ondraaglik. Kos het begin afgaan en kon nie voorberei word nie. Van die meer as 3000 passasiers het selfs handgemeen geraak oor kos. Baie het op die buitedekke gaan slaap om van die slegte reuk weg te kom. Talle het naarheid beleef weens die stank.

Uiteindelik het sleepbote die Carnival Triumph tot in die hawe van Mobile in Alabama gebring. Die vakansiegangers aan boord was woedend en gefrustreerd. Die hele katastrofe ter see was groot nuus en die media was in groot getalle daar om die storie eerstehands by die ontstoke reisigers en die verleë eienaars te kry en mense oor die krisis te ondervra. Baie krasse, negatiewe uitsprake is gemaak.



Maar daar was twee jong Christendames aan boord wat heel ontspanne en vrolik was. NBC News se TV-verslaggewer Mark Potter het die twee opgemerk en hulle met sy mikrofoon genader: "*Dames, dit lyk of julle die krisis heel goed gehanteer het. Vertel ons hoe julle dit kon regkry...*" Een van die dames het geantwoord: "*Ja, wat regtig 'n groot verskil gemaak het tydens ons tyd aan boord, vergeleke met hoe andere dit beleef het, was dat ons weet dat die Here in beheer was van die situasie. Die teksvers wat ons met ons saamgeneem het vir die vaart was Josua 1 vers 9...*"
En toe is daar skielik stilte.
Potter, wat so graag wou weet, wou toe nie meer weet en verder hoor nie. Hy het eenvoudig die mikrofoon weggeruk voordat sy die inhoud van die vers kon gee.
Dit het talle Christene wat na die lewendige nuusprogram gekyk het, kop laat skud. Was die Bybel se inspirasie wat baie vir twee vroue beteken het dan só onvanpas en onwelkom? En veral dan in so 'n katastrofe en moeilike dinge wat beleef was? Mag dit nie of wou mense dit nie hoor nie...? En as uit die Koran gekwoteer was of uit geskrifte van die Boeddhisme of Hindoes...? Sou dieselfde gedoen word deur hierdie TV-sender? het mense gewonder.

[Terloops, in **Jos. 1:9** staan die volgende treffende woorde, waaraan geen mens aanstoot kan neem nie: ***Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die HERE jou God is met jou, oral waar jy heengaan*.**]

Hierdie wrange episode onderstreep eenvoudig dat die Bybel en dit wat God daaruit aan mense sê, eenvoudig nie meer in tel is by die postmoderne mens nie. Dit roep Ps. 2 in herinnering wat handel oor die opstandige wêreldleiers van die laaste dae wat teen God en sy Koninkryk opstaan: ***Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?*** Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stuk-kend ruk en hulle toue van ons afwerp! Dit sê in wese: Ons wil nie deur God voorgeskryf en aan bande gelê word nie en ons wil in ons eie weë wandel.

Ook herinner dit aan die opstandigheid van mense in die tyd van Jeremia, Sagaria en die diaken Stefanus wat ook nie God's woord wou hoor nie: In **Jer. 6:17** sê die mense: ***Ons wil nie luister nie.*** **Jer. 25:3** meld hoe hy [Jeremia] 23 jaar lank preek, maar die volk weier om te luister. God se woord is onwelkom!
In Sag. 7 v 11 en Hand. 7 v 57 lees ons van mense wat hulle ore toestop om nié te hoor nie.

Voorwaar onrusbarend en só hartseer dat God se stem en woord met weerstand begroet word! Hoe bedroë sal die mens nie daarvan afkom nie...

Die ware kinders van God het in hierdie laaste dae voorwaar 'n enorme taak om in 'n God-vyandige wêreld skynende ligte te wees en baie te bid en te pleit vir die vermetele en verblinde mensdom. Die Antichris is beslis sterk in aantog. Die nag het ver gevorder.

**Ds. Jasper Schellingerhout [Em.]**
**Oos-Londen**

# Westdenegemeente groet

Met hartseer word berig dat, met die demografiese omstandighede in Westdene wat groei beperk, historiese uitdagings en finansies moes Westdenegemeente na 46 jaar in die arbeidsveld hulle deure ongelukkig sluit.

Die gemeente is gestig in 1977 en sy deure is gesluit op 17 November 2023. Westdenegemeente het onder die sorg van die Randse Ring gefungeer. Ds. Fleetwood en Zelda Grobler was die laaste leraarspaar van die gemeente en het die voorreg gehad om hulle praktiese jaar in die gemeente te kon doen. Dit was nog ŉ groter voorreg om op 14 Januarie 2023 in hierdie gemeente georden te kon word. Lidmate en besoekers het hard saamgewerk gedurende hierdie tyd.

Oggenderedienste was om 10:00 en die gemeentebiduur elke Woensdagoggend om 10:00. Een keer ŉ maand het almal ŉ bordjie eetgoed gebring en is daar na die erediens saam geëet en gekuier. Koeksisters is gereeld verkoop vir fondsinsameling. Daar is saam gebraai na ŉ nagmaalgeleentheid en ŉ lekker fliekmiddag met springmielies en koeldrank is bygewoon. ŉ Groot hoogtepunt in 2022 was die "Country-vir-Christus" gesinsdag waar Ds. Jurgens Prinsloo ons met woord en sang bedien het.

In 2023 het die gemeente steeds saamgewerk: ŉ Wêreldbiddag vir vroue is in Maart gehou, gevolg deur ŉ reeks wederkomsdienste. Daar was ŉ "kry-en-ry" verkope waar baie lekker kerrie en rys gemaak is. Van die gemeentelede het saam die Kweekskool besoek, student Zander Eksteen het ŉ Pinksterreeks aangebied en Creation Ministries en Geopende Deure het die gemeente bietjie later in die jaar besoek. Geseënde geleenthede soos die getuienis van Ds. Frikkie en Lorina Lombard in Benoni en die getuienis en sang van mev. Hattingh in Boksburg is meegemaak en ondersteun.

Aan die einde van 2023 het die gemeentebiduur afgesluit met Riana Mouton, en kort daarna was die gemeente se jaarafsluiting en afskeid van ds. Fleetwood en Zelda Grobler as een geleentheid gehou. Vir ds. Fleetwood en Zelda was dit ŉ voorreg om Westdene as hul eerste gemeente te kon bedien. Die voetspore wat elkeen in die egpaar se lewens gestap het, het hulle geseën met soveel liefde en vreugde. Hulle sê dankie vir een en elk se omgee hart en dat Westdene die leraarspaar die geleentheid gegee het om deel te wees van die besonderse band wat almal in Westdenegemeente gedeel het. Westdenegemeente is die Here ewig dankbaar vir sy genade aan hulle bewys gedurende die 46 jaar.

Een van die lidmate, Rika Smith, deel graag haar herinnering van wat sy onthou van Westdenegemeente:

*"Wat ek altyd sal onthou van Westdenegemeente is in die negentigs het ek en Babs Olivier kindertjies aangery van Jan Hofmeyr af kerk toe vir Sondagskool. Ek het in daardie tyd ŉ Volksie gery. Daardie karretjie was gepak met kindertjies en dan sing ons hulle Sondagskoolliedjies al die pad tot by die kerk.*

*"Drie-uur op ŉ Sondagmiddag het ek en Babs met skinkborde vol toebroodjies vir die kindertjies wat nie die oggend Sondagskool toe gegaan het nie, die boodskap gebring en lekker saam gesing. Daardie soms vuil handjies wat die broodjies gevat het, sal my altyd bybly.*

*"Woensdagaande was biduur. So geseënd om in die middel van die week bietjie brandstof te kon inneem om deur te gaan Sondag toe.*

*"Vrydagaande was jeugbyeenkoms. Dit was lekker om met die ander mammas te kuier wat hul kinders jeug toe gebring het. Die jeug het uitstappies gehad soos putt-putt in Randburg en ysskaats in Krugersdorp en besoek aan Pretoria se dieretuin.*
*Sal ek die aande vergeet wat ons film vertonings gehad het in die saal. Dan sit elkeen met sy soet en southappies onder die kombers en fliek kyk. Ook sal ek die aand nie vergeet wat ons fondue gehou het nie. Ag dit was sulke lekker tye.*
*"Verder het ons gereeld predikante gehad wat wederkomsdienste kom hou het. Hoe geseënd was dit net nie om te weet wat gaan gebeur na hierdie lewe op aarde nie.*
*Paastyd het ŉ hele groep lidmate opgeruk Eden toe. Dan het ons ŉ hele "vakansie" gehad as ons terugkom vol van die Heilige Gees.*
*"Met die jare het al hoe meer lidmate weggetrek sodat ons op die uiteinde net pensioenarisse was met drie dames wat nog werk. Een keer ŉ maand het ons "koek en tee" gehou. Wat ŉ seën om dan almal saam te kon kuier. Daar was altyd soveel eetgoed dat jy vir jou ŉ bakkie vol eetgoed kon huis toe neem – Ai, gaan Westdene so verskriklik mis. Groete in Jesus"*

Die bietjie gemeentelede en besoekers wat deel was van die gemeente se laaste jare vertrou die Here vir hulle nuwe geestelike tuiste en gaan steeds voort om een keer ŉ week op ŉ Woensdag bymekaar te kom vir bybelstudie en gebed.

Westdenegemeente sal verseker gemis word.

**Ds. Fleetwood Grobler**
**Middelburg**



# Herlewing

**Luk. 11:13** ***As... gee, hoeveel te meer sal die Hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?***

Ons onderwerp is HERLEWING. 'n Ware herlewing is die enigste antwoord op ons baie vrae; die enigste oplossing van ons grootste probleme. Probleme is ons eie lewe – geestelike lewe en probleme met die behoeftes wat ons daagliks omring. Toestande wat ons in die aangesig staar.
Soos 'n magtige vloed stroom die massas daagliks by ons verby na 'n ewige verlorenheid – 'n ewige verdoemenis en ons is magteloos om hulle te stuit. Magteloos om die evangelienet uit te trek en die siele by groot getalle vir die Here Jesus in te vorder. Dink aan die onheilige en sondige lewens van baie kinders van God wat tot ons roep: "Waar is die verlossing, die vryheid waarmee die Here Jesus vrymaak?" Ons wil nie praat van die smart en lyding van krankes wat nie genesing kan verkry nie. O, die bedel-oë van die "kreupeles in die Poort", die Bartimeusse langs die "groot pad", die "Macedoniese roepstemme", die Abraham's "dogters" (seuns) wat die satan – "dink daaraan – gebind het!" Of, sou dit alles julle nie raak nie?

Baie lank gelede het die Here my laat sien, dat agter die genesing van die lam man in die Poort sit die geheim van Pinkster. Net so, agter die redding van die 3 000, sit Pinkster. En as ek daaraan dink dan verstaan ek waarom die Here Jesus, toe Hy in die huis van Petrus gekom het, die koors bestraf en die siekes gesond gemaak het. Hy het die ondervinding van die salwing van die Heilige Gees gehad. As mens op aarde het Hy al sy werke en leringe in die krag van die Heilige Gees gedoen. So bestraf Hy die koors, maak die siekes gesond, dryf die duiwels uit, vergewe die mense hulle sondes en doen al sy wonderwerke. Agter dit alles – groter, hoër as dit – sit die geheim van die krag van die Heilige Gees, wat in en deur Hom gewerk het. Hy was vervul en toegerus met die Heilige Gees. Wanneer ons dit raaksien, dan besef ons watter groot verantwoordelikheid op ons rus. Toestande staar ons in die aangesig! Behoeftes roep na die hemel. Nogeens wil ons beklemtoon wat dikwels gesê is: "Die enigste uitredding is 'n magtige Heilige Gees HERLEWING!"

Wat is 'n HERLEWING? As ons na die Woord kyk dan is dit om weer te lewe. Daarom bid die psalmdigter: "Sal U ons nie weer lewend maak, sodat U volk in U bly kan wees nie?" Maar laat ons dit in ander woorde stel dat herlewing is wanneer God onder die uiterste, haglikste toestande, wanneer elke mens en elke menslike poging aan sy einde gekom het en wanneer die mens in sy hopeloosheid daar lam lê, ingryp om sy Naam ontwil, soos daar geskrywe staan: ***"En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat niemand tussenby tree nie; daarom het sy arm Hom gehelp en sy geregtigheid het Hom ondersteun."*** Lewe kom alleen van God. Hy alleen kan lewend maak en Hy alleen kan weer lewend maak. Hyself is die fontein van lewende water. Wil u lewe? Laat God in u lewe in. Wil u weer lewe en oorvloedig lewe? Laat God deur die volheid van die Heilige Gees in u lewe in. Daar moet 'n ware Pinkster-ondervinding in u lewe kom, vir die eerste maal of by herhaling. HERLEWING is niks anders niks minder as die uitstorting van die Heilige Gees nie. ***"Hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"***

Wanneer is HERLEWING nodig? Wanneer die kinders van God magteloos is en prediking faal om die mensdom in hulle vaart te stuit, en nog meer, wanneer die kinders van God aan die slaap geraak het en gelyk aan die dodes tussen die dodes aan die slaap is, dan is HERLEWING nodig. Dan moet die wekroep van God tot hulle deurdring: "Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode (van tussen die dodes uit), en Christus sal oor jou skyn". Ons moet sê, nog nooit was HERLEWING nodigger as wat dit vandag is nie.
Let op die gelykenis van die onbeskaamde vriend. Dit was middernag toe hy by sy vriend gaan aanklop het vir drie brode. Hierdie middernag het vir ons twee betekenisse. In die eerste plek wys dit vir ons na die toestand wanneer HELEWING nodig is – middernag is dit donker – dit is wanneer toestande op die donkerste is, op die haglikste, dat ons na Jesus Christus, ons beste Vriend, moet gaan en bid vir HERLEWING.
Maar in die tweede plek wys hierdie middernag ook toe daar 'n geroep was: ***"Daar kom die Bruidegom: gaan uit Hom tegemoet!"*** Laat ons in hierdie donker tye van afval, hierdie laaste dae net voor Sy wederkoms, moeilike tye wanneer die magte van die duisternis hulle laat ken soos nog nooit tevore, bid vir 'n magtige uitstorting van die Heilige Gees, sodat dit sal strek tot voorbereiding van die bruid vir die groot dag van Sy koms. Let op hoe die Heilige Gees in **Jak. 5:7 en 8** van die laat reën praat m.b.t. die wederkoms van die Here: ***"Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het. Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die koms van die***

***Here is naby."*** So sê **Sag. 10:1** ons ook aan om tot die Here te bid om reën in die tyd van die laat reëns. Reën sien hier op die uitstorting van die Heilige Gees – HERLEWING. Mag dit ons besiel om met geloof en verwagting te bid. Al wil die vyand die verwagting in menige hart uitblus deur te sê "daar sal nie meer 'n herlewing wees nie, maar net donker en swaar tye van afval", dan glo ons volgens die Skrif dat God 'n herlewing wil en sal gee op die gelowige gebede van hulle wie se harte onverdeeld op Hom gerig is.

Wanneer sal HERLEWING kom? Of laat ons die vraag anders stel: Wanneer sal God herlewing gee? Let op die erkentenis van die bidder in hierdie gelykenis: ***"Ek het niks om aan hom voor te sit nie"***. Dit is ware bankrotskap – ek het niks! Dit is nie maklik om op daardie plekkie te kom nie. Die mens is maar iets en hy kan maar iets doen. As dit nie die grootste hindernis is nie, is dit een van die grootste tot herlewing nl. ***"Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie ..."***. Selfvertroue is verwaandheid en het nog nooit vir God se saak iets beteken nie, maar is 'n hindernis. Dit is nuwe planne, beter metodes, groter organisasie en vleeslike ywer net om op 'n groter mislukking af te stuur. Waar ons die instrumente in die hand van die Heilige Gees moet wees, is ons in God se pad – ons kan en ons sal die ding doen! En God staan eenkant toe en aanskou die ydele gespartel van die vlees. Nee, solank dit die geval is, kan en sal herlewing nooit kom nie. Ons sal die les moet leer: ***"Ek het niks om aan Hom voor te sit nie."*** Laat die Heilige Gees die volgende Skrifwaarhede in jou en my hart graveer: ***"want ek weet dat in my, d.w.s. in my vlees, niks goed woon nie"***, ***"die vlees is tot geen nut nie"*** en ***"sonder My kan julle niks doen nie"***. Dit is nie genoeg dat u en ek dit met die verstand weet nie, ons moet dit in die ondervinding leer. Die Here Jesus getuig van homself as volg: ***"Ek kan uit Myself niks doen nie***" en ***"Ek, wat Ek van Hom gehoor het, dit sê Ek vir die wêreld"*** en ***"die woorde wat Ek met julle spreek, spreek Ek nie van myself nie, maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werk"***. As ons van onsself iets anders sou getuig, of deur dade sou toon, hoe groot is die verwaandheid nie!
Maar daar is 'n verdere les wat ons hier moet leer in ons antwoord op die vraag: "Wanneer sal God herlewing gee?" Dit is dat hierdie man by wie die vriend aan huis gekom het, besef het dat hy niks het om aan hom voor te sit nie, nie sy vriend in sy nood gelaat nie. Hy het geweet hy het 'n vriend by wie hy kan kry soveel as wat hy nodig het – en terwyl dit die geval is, sou hy skuldig wees as hy die behoeftige in sy nood sou laat. Nee, hy was nie onverskillig nie, hy het dit sy verantwoordelikheid geag om in die behoefte te voorsien. Hy kan nie, maar daar is een wat kan. Hy het gegaan en gevind en daar was vreugde en geluk.

Wat sal ons sê? Tye is te moeilik; die afval te groot; die mense te hard; die kranke te siek en daardeur voorgee: Ons Vriend het nie en kan nie? Nee, duisendmaal nee! Maar ook vandag wil en sal God HERLEWING gee as ons aan die einde van onsself, met onverdeelde harte en ware geloof in gebed tot Hom gaan, "want die HERE – sy oë swewe rond oor die hele aarde om Hom sterk te bewys by hulle wie se hart onverdeeld op Hom gerig is".
***"... hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"***

**Ds. S.J. Becker**

**Geneem uit Die Nuwe Protestant – 1 November 1962**




# Krielgemeente God se voorsien

Hierdie artikel is geskryf op versoek van verskeie EG Kerk-lidmate van verskillende gemeentes wat meer wil weet van ons ervaring van God se voorsiening, as antwoord op vertroue.

**Kortlikse geskiedenis van Krielgemeente:**

Kriel was in die 1980-1990's 'n buitewyk van Bethal se gemeente, en na 1995 as buitewyk van Secunda se gemeente. Predikante, Kweekskool studente en ouderlinge het soms Sondaedienste gehou tot en met die amptelike stigting van Kriel as 'n onselfstandige gemeente met 13 lidmate op 09 Januarie 1999 onder leiding van ds. Hennie Vorster met ondersteuning van twee borge. *Daar is 'n kultuur geskep om gereeld gemeente vergaderings te hou waar terugvoer gegee is insake finansies en beplanning.* Onberispelike rentmeesterskap met kerkraad fondse was en is steeds ononderhandelbaar in Kriel se gemeente.

Dienste is eers gehou in Merlin Park Laerskool, daarna in die PPK se kerk op 'n deel basis, en later in Kriel Park Laerskool se saal, totdat die huidige kerkgebou betrek is in 2009 om dienste in te hou, terwyl daar nog baie bouwerk gedoen moes word.

Daar is in 2000 begin spaar in 'n boufonds. Die eerste drie pastorieë was huurhuise, wat telkens ontruim moes word as dit verkoop is.

Die kerkraad het in 2001 besluit om die boufonds aan te wend as deposito vir die aankoop van die huidige pastorie, en om alle boufonds donasies in die verband te stort as reserwe fonds vir toekomstige bouplanne vir die kerkgebou.

Die standplaas, voorheen 'n park, is as skenking verkry, en hersonering is gedoen in 2006 tydens ds. Paul Grobbelaar se dienstydperk in Kriel. Bouplanne is opgetrek en die standplaas is met staalpalissades omhein. Water en elektrisiteit is gekoppel in 2006.

Op 16 Augustus 2006 is begin met die fondasie, op 18 Maart 2007 is die eerste fondasiestene gelê, fondasiemure is deur lidmate gebou en teen 13 Julie 2007 was die fondasie opvulling voltooi. Teen 2 Augustus 2007 is daar begin om die kerk se fondasie blad met groot moeite te gooi, totdat die betonmenger gebreek het. Daarna is oorskot beton deur Holcim Cement in Witbank geskenk, dis meestal in die aand afgelewer en lidmate het tot laat in die nagte gewerk.



Die boufonds was toe bykans uitgeput. In die tyd het Kriel nie 'n voltydse leraar gehad nie, en ds. Willie Krige, wat sy studies onderbreek en in Kriel sekulêr gewerk het, is met die Ring se toestemming versoek om met sy gesin die pastorie te betrek, en Sondae die dienste waar te neem voordat hy sy studies hervat het.

***Deur God se genade kon geen lening by 'n bank of die Kerkkantoor verkry word nie, want die registrasie van die standplaas was nog nie afgehandel nie. Ons was dus aangewese op kontantbetaling vir alles. God het egter 'n menigte van blymoedige gewers opgewek.***

Op 6 November 2007 is proponentskandidaatspaar Armand en Alfrieda Olivier in die gemeente geplaas vir hul praktiese jaar. Die leisels is deeglik oorgeneem op 18 November 2007 en hy het dadelik leiding geneem van die bouprojek. Lidmate en besoekers is gemotiveer om in geloof die kerk te bou en God te vertrou vir voorsiening. Die kultuur van vertroue en deeglike rentmeesterskap is deeglik in die gemeente bevestig gebaseer op die belofte in Maleági 3:10.

Al die beskikbare fondse is gebruik om bakstene te koop, en die Here is in gebed vertrou om verder te voorsien. Klein en groot het gehelp en op 27 Januarie 2008 is ons naambord opgerig tydens 'n werkers- en feesdag. Steenwerk het fluks gevorder, terwyl die standplaas ook ontwikkel is. Op 20 April 2008 is 'n opelugdiens op die bouperseel gehou toe die mure dakhoogte bereik het, en daarna is daar feesgevier om God te vereer vir die voorsiening met die bouprojek. Ds. Armand Olivier se inspirasie het deurgewerk na almal wat gehelp

# se ervaring van
# ing

en ondersteun het. Die kerkdak se kappe is opgesit op 27 Julie 2008 en dak-plate het spoedig gevolg.

Ds. Armand Olivier is amptelik na Kriel gemeente beroep op 4 Desember 2008 na die praktiese jaar. Met byna al die afrondingswerk nog uitstaande, is die gebou is betrek op 10 Mei 2009, met ou banke van Eden, en dienste is tussen die stowwerige bouwerk gehou. Weekliks kon die vordering ervaar word, en lidmate, besoekers en totaal onbekendes het hulle harte en beursies oopgemaak en gehelp sodat die bouwerk nooit gestop is weens ’n tekort aan fondse nie. Alle eer aan die Here! Plaveisel is gelê om die terrein netjies te laat vertoon. Die volgende groot projek was die voltooiing van die saal, en weereens het die Here mildelik voorsien, sodat die projek ook sonder skuld voltooi is vroeg in 2014.
Met die voltooiing van die bouprojek is aansoek gedoen vir selfstandigwording op 06 Junie 2013. Die kerkraad het besluit om die groot en heuglike mylpaal op gepaste wyse en tyd te vier saam met die kerkinwyding op 08 en 09 Maart 2014.






**Enkele voorbeelde van God se mildelike voorsiening:**

- Die standplaas is geskenk deur die voormalige Krielmunisipaliteit na onderhandelings deur ds. Hennie Vorster.
- Die staal vir die palissadeheinings is teen kosprys voorsien na onderhandelings deur die visevoorsitter.
- Sand, sement en opvullingsmateriaal is deur verskeie lidmate geskenk.
- Die kompaktering van die fondasie opvulling is gedoen met betaling van klein donasies.
- Steiermateriaal is deur lidmate geleen vir die bou tydperk.
- Die dakkappe is geskenk deur lidmate van Tzaneengemeente.
- Die dakkappe is gratis geplaas met ’n splinternuwe American Kraan wat op pad na Nelspruit was na onderhandelings deur ’n lidmaat.
- Die ou banke van Eden is aangekoop teen ’n spesiale prys.
- Na donasie versoek is, het ’n lidmaat ’n klein trekker grassnyer vir nege jaar beskikbaar gestel. Na dit terug geneem is, het iemand weer een geskenk.
- Lidmate, besoekers, vriende en vreemdes het gehelp met bouwerk, afronding, en elektriese installasie. Die Here het die nodige kundigheid in die gemeente geplaas.
- Die Here se voorsiening was sodanig dat die kerk, saal, pastorie en plaveisel voltooi is sonder skuld, en ’n stewige belegging by die kerkkantoor.
- Vir die kweekskool se Dakke-fonds het die kerkraad besluit om die Here te vertrou om minstens R100 000 uit Kriel se gemeente by te dra, ongeag die COVID beperkings.

Dit was gebaseer op die gedagte dat as elkeen van die sowat 80 gemeentes gemiddeld dieselfde sou bydra, die volle agt miljoen beskikbaar sou wees. Dit is tydens ’n gemeente vergadering bespreek, en weereens het die Here meer as dit voorsien.

**Krielkerkraad se oortuigings:**

- Vertrou die Here onvoorwaardelik vir voorsiening.
- Betaal alle sinodale heffings stiptelik en getrou. As ons hierin onbetroubaar is, kan ons nie verwag dat die Here meer aan ons sal toevertrou nie.
- Gee deeglike terugvoer insake finansies en beplanning op gereelde basis aan die gemeente, dit waarborg vertroue en inkoop.

**Ouderling Peet Britz**
**Kriel**

# Brakpan en Springs deel 'n leraar

In 2023 het die gemeentes van Brakpan en Springs besluit om een leraar te deel, weens finansiële uitdagings en die gebrek aan predikante in die Kerk. Ds. Loedolff van der Merwe is alreeds in Januarie in Springsgemeente ook bevestig as leraar.

Ds. Loedolff preek 09:00 elke Sondag in Brakpan en 10:15 in Springs. Springs se bidure is elke Woensdag om 10:00 en Brakpan om 19:00. Alhoewel elke gemeente steeds hul eie aktiwiteite voortsit, is daar ook ander aktiwiteite wat deur die gemeentes gekombineer word.

Soos ons terugkyk na 2023, kan ons met soveel dankbaarheid getuig hoe die Here se wil geskied het met die unieke omstandighede van die predikantspaar en twee gemeentes. Daar was konstante kommunikasie met beide kerkrade. Dit was 'n lang gebedssaak en vertroue op die Here om sy wil in die keuse te kom openbaar aan die gemeentes en vrede in elkeen se harte te bewerk.

Ons is die Here baie dankbaar vir 'n stelselmatige, maar merkwaardige groei wat getoon is in Springs, sowel as in Brakpan gedurende 2023. Ons is dankbaar vir die gemeentes se samewerking in hierdie tyd. Sonder hulle betrokkenheid en gebed, sou dit nie moontlik gewees het nie. Deur die Here se genade, het beide gemeentes finansiële stabiliteit beleef, sowel as 'n groei in die lidmaattal. Deur die besluit om een leraar te deel, kon die addisionele finansiële inkomste gebruik word om beide gemeentes op te knap.



Springs Kerkraad

As gevolg van die keuse wat die kerkrade van Brakpan en Springs moes maak, het die kerkraad waarlik die nood besef wat daar is en hul bereidwilligheid getoon. Beide kerkrade ondersteun die gemeentes en ds. Loedolff deur konstante huisbesoek en behulpsaamheid met verrigtinge in die kerk. Ons is die Here ook dankbaar vir die verskeie kommissies se betrokkenheid in elke gemeente, onder andere die CVV, Silwerjeug en Kinderbediening.

Dit was egter 'n groot aanpassing vir die predikantspaar, om skielik twee gemeentes te moet lei in die Woord en waarheid en leraarspaar te wees. Buiten die fisiese verantwoordelikhede soos huisbesoek en hospitaalbesoeke wat verdeel word, was dit ook die organisatoriese en administratiewe verantwoordelikhede wat meer aandag en detail verlang.

Ons kan die Here dank in die jaar wat verby is vir die positiewe groei wat getoon is in die gemeentes. Dit gee vir ons groot opwinding vir die jaar 2024. Ons doel is om die gemeentes in stand te hou en op te bou sodat, soos die Here se wil sal geskied, daar vir beide gemeentes weer hul eie leraarspaar kan wees.



Springs Kerkgebou



Brakpan Kerkgebou



Brakpan Kerkraad

# Ordening en bevestiging van ds. Kaleb Boshoff

ʼn Jong man en sy vrou, pas klaar met die kweekskool, proponent-kandidaat Kaleb en Nadine Boshoff, 22 jaar oud, kruis paaie met Phalaborwagemeente en in die daaropvolgende jaar, kruip hulle diep in ons lewens en ons harte in. Hulle liefde vir die Here en die passie vir die werk van die Here is duidelik sigbaar en eg en gee die deurslag tot aansporing om op die Here te bly vertrou, by die Here is niks onmoontlik nie.

Dit is met diepe dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader en met vreugde in ons harte dat ons kon verneem het dat prop. Kaleb Boshoff op 19 November 2023 sy eksamenpreek suksesvol afgelê het en word hy dienooreenkomstig op Saterdag, 6 Januarie 2024, georden en bevestig as Leraar in Phalaborwagemeente.

Ds. Jurg Prinsloo (sr.) lees uit Filippense 1, met vers 22 as teks van oordenking, onder die tema: “Vrugbare arbeid,” en bring ʼn kragtige boodskap aan die gemeente. Daarna het ds. Jurg Prinsloo die formulier en bevestiging waargeneem terwyl ds. Kaleb se vader die toga om sy skouers gehang het.

Ds. Jurg Prinsloo en predikante teenwoordig vanuit die Noordelike Ring het vir ds. Kaleb Boshoff die hande opgelê en gebid en hom aan die Here opgedra. Daarna sluit mev. Nadine Boshoff by ds. Kaleb aan en hulle word as herderspaar van Phalaborwagemeente deur elke predikant verwelkom met bemoedigende skrif uit die Woord van God. Predikante teenwoordig, namens die Kweekskool, ds. Jurg Prinsloo (sr.), prinsipaal, namens die Moderatuur, ds. Johnnie Gates, Aktuarius, namens die Noordelike Ring, ringskriba, ds. Rudi Beukes, namens Lofdal, ds. Herbie Lyon, Potgietersrusgemeente, ds. Francois Muller en Ellisrasgemeente, ds. Riaan Gates.

Hierna is die herderspaar deur die onderskeie kommissieverteenwoordigers van Phalaborwagemeente verwelkom, ook ds. Kaleb se moeder het hulle in die gemeente as herderspaar verwelkom. Ds. Kaleb het die kansel betree en afgesluit met ʼn slotgebed en die seën oor die gemeente uitgespreek.

Almal het daarna heerlik gesellig verkeer en gekuier en heerlike verversings geniet wat deur die susters van die gemeente voorberei en voorgesit is.

Al die lof en die eer aan die Here vir Sy voorsiening van ʼn herderspaar vir Phalaborwagemeente.

**Kerkraad**
**Phalaborwa**





# Geen offer vir Christus is tevergeefs nie

Vroueblad...

Liewe Vriendin, ek is dankbaar vir ons kerk. Ja, al is sy nie volmaak nie, want watter kerk is? Maar nogtans só dankbaar dat ek in 'n Kerk kon groot word waar ek die evangelie so duidelik en gereeld kon hoor. Van my kinderjare in die Sondagskool, my opgroei in die erediens, en later as jongmens by bidure en jeugaande, jeugkampe en konferensies was ek gereeld gekonfronteer met die Heiligheid van God en my eie sondige toestand. Soms is die Woord soos 'n hamer wat hard slaan tot die rots verbrokkel, en soms is die Woord soos sagte reën wat aanhoudend val totdat die aarde deurweek is. Maar so het die Woord suiwer en deurdringend tot my hart gekom danksy my ouers wat my en my sussies weekliks kerk toe geneem het, en danksy predikante en andere wat getrou die Woord gesaai het in die Evangelies-Gereformeerde Kerk.

Ek is dankbaar dat die Heilige Gees deur die Woord my oortuig het van my verlorenheid en dat ek my desperate verlore toestand kon ontdek – maar nie gelos is in so 'n hopelose toestand nie. Die oplossing is saam met die probleem aangebied. Die blye evangelie! Die goeie nuus dat Jesus Christus ***" 'n versoening is vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld."*** (**1 Joh. 2:2**) En dat ***"almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;"*** (**Joh. 1:12**) ***"... omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel ... nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos..."*** (**1 Pet.1:18,19**) So het die Here my siel gered en die evangelie ook aan my toevertrou om soos 'n aflosstokkie na ander verlorenes te neem.

Ons Kerk moet voortgaan om hemelse skatte bymekaar te maak – siele vir die koninkryk te wen deur die Goeie Nuus aan almal te verkondig. **Spr. 11:30** ***"Die vrug van die regverdige is 'n boom van die lewe, en hy wat siele win, is wys."*** Selfs al sien ons nie altyd die vrug op ons arbeid nie, moet ons die resultate in God se hand los. Dit word duidelik geïllustreer deur die volgende verhaal wat ek gelees het:

R.J. Thomas was 'n sendeling na China in die middel van die negentiende eeu. Hy het 'n hart vir Korea gehad, maar Korea was 'n geslote land, geen uitlanders was toegelaat nie. Daarom het hy na China gegaan. In 1865 het die geleentheid waarvoor hy 'n leeftyd gewag het, aangebreek. 'n Amerikaanse skip, die "SS General Sherman", sou die Taedong Rivier opvaar na die hoofstad Pyong Yang, in die hoop om die Koreane in ruilhandel te betrek. Thomas het 'n kaartjie gekoop met die hoop om in Pyong Yang 'n paar geleerdes te ontmoet wat Chinees kan verstaan. Hy het soveel Chinese Bybels op die skip geneem as wat hy kon dra.

Die reis was gedoem. In 'n hawe op pad na die hoofstad, het sommige van die General Sherman se bemanning in 'n kroeg slaags geraak met drie Koreaanse mans en hulle vermoor. Toe die skip Pyong Yang bereik, het die gerugte tot so 'n mate versprei dat die skip verbied was om in die hawe te dok. Die mense van Pyong Yang was oortuig dat die uitlanders gekom het vir hul kinders om sop te kook van hul oogballe. Daar was niks anders om te doen as om om te draai en terug met die rivier te vaar nie.

Maar toe steek die skip op 'n sandbank vas. Die Koreane het dadelik die situasie uitgebuit deur klein bootjies aanmekaar te bind, aan die brand te steek en tot teen die skip te laat dryf. Dadelik het die skip aan die brand geslaan en almal moes oorboord spring. Soos hul na die rivieroewer deur die water ploeter, het hulle hul swaarde getrek, maar was deur die wagtende Koreane met knuppels doodgeslaan.

R.J. Thomas het ook deur die vlak water geploeter na die oewer. Voordat hy iets kon sê is hy geweldadig doodgeslaan met 'n knuppel. Maar sy moordenaar merk toe op dat hy nie 'n swaard gedra het nie, maar slegs 'n klomp boeke. Hy het gewonder of hy dalk 'n goeie man gedood het, en tel toe van die deurweekte boeke op. Hy het die boeke gedroog en gesien hulle is mooi gedruk. Hy kon nie lees nie, maar het besluit om sy huis se buitekant toe te plak met die mooi papier, soos die gebruik daardie tyd was. Verbeel jou sy ongeloof toe hy 'n paar weke later van die landerye af kom en 'n groep geleerdes rondom sy huis vind wat intens besig is om sy mure te lees! Een van hierdie studente het tot bekering gekom en 'n Christen geword deur 'n Evangelie gedeelte te lees wat teen die muur geplak was. 'n Generasie later het sy broerskind gehelp met die eerste vertaling van die Nuwe Testament in Koreaans.

Tog het Thomas nooit geleef om die vrug van sy arbeid te sien nie. Om die waarheid te sê, toe die knuppel na sy kop swaai, kon hy sekerlik gedink het sy besluit om na Korea te reis was

ŉ vreeslike groot fout. Hy het gesterf, sy lewensdoel onvervul, sy potensiaal onbereik.
Maar sy lewe en sterwe was nie vernietnie. Die betekenis van ons lewe bestaan nie uit wat ons daarvan maak nie, maar wat God daarmee maak. Wanneer ons ons lewens oorgee aan Christus, maak Hy ons ***"lewende stene"***, deel van ŉ ewige koninkryk gebou op die fondament en hoeksteen van Jesus Christus Self. (**1 Pet. 2:4-6**) Daar is altyd ŉ groter prentjie in God se plan.

In die middel sewentigs het die KGB in kommunistiese Moskou ŉ ondergrondse kerk se leier gevange geneem omdat hulle vermoed het dat hy onwettig die Bybel druk op ŉ tuisgemaakte drukpers. Hulle het hom geslaan en gemartel om uit te vind waar die drukkery geleë is. Hy het egter volstrek geswyg. In desperaatheid het hulle sy sestienjarige seun ingebring. Hulle dreig om die seun dood te slaan voor sy vader se oë indien die pa nie bieg oor die drukpers nie. Onmiddellik het die pa geaarsel. Dit was te veel. Hoe kan hy toekyk dat sy kosbare seun doodgeslaan word?
Die houe het begin val. Die kraak van been en uitroepe van pyn het tot in sy siel gesny. Net toe hy wou uitroep: *"Stop, ek sal praat!"*, roep sy seun deur die pyn: *"Pa! Moenie opgee nie – ek sien Jesus wat my kom haal, en Hy is wonderskoon!"* Met daardie woorde het die seun gesterf. Die pad van die kruis en die evangelie is nie altyd met rose gesaai nie. **Ps. 126:5** ***"Die wat met trane saai, sal met gejubel maai."*** **Rom. 8:18** ***"Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie."***
Geen offer vir die koninkryk is tevergeefs nie. Daar wag ŉ ewige heerlikheid by Christus. "*Strydgenote sien die teken dit kom van omhoog! Daar's oorwinningkrag belowe, hou dit in die oog. Hou die fort, Sy koms is naby! Jesus sê: Hou aan!"*

My gebed is dat ons as Kerk van Christus sal voortgaan om met blydskap en volharding die Evangelie te saai so ver en wyd ons kan. ***"Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes. En hy wat maai, ontvang loon en vergader vrug vir die ewige lewe, sodat die saaier en die maaier saam bly kan wees."*** **Joh. 4:35,36** Die saad is in ons hand. Die Evangeliewoord het krag om siele te red uit genade. God alleen sal die eer kry!

Groete in Christus

**Karen Devenier**
**Port Elizabeth-wes**

# ŉ Nuwe hoofstuk vir Alberton

Dit was met groot opgewondenheid toe ons verneem het dat ds. Johan Alberts, van Krielgemeente, die beroep na Alberton aangeneem het.
ŉ Nuwe hoofstuk in ons gemeente se geskiedenis het aangebreek toe ds. Johan en Zanchia Alberts op 3 Februarie 2024 in Alberton ontvang is. Die diens en bevestiging is deur ds. Marco Labuschagne van Germiston gemeente waargeneem. Die boodskap het uit Handelinge 2 gekom, wat duidelik ons daarop gewys het, dat kerkbyeenkomste en gemeenteaktiwiteite, nog relevant is, in die tyd waar ons onsself vandag bevind.



Sommer gou het ds. Alberts en sy gesin by ons gemeente en ons dorp aangepas. Aangesien ds. Alberts se koms deel van God se plan vir ons gemeente is, kyk ons uit na die verwesenliking van al die beloftes wat ons gemeente van die Here ontvang het.

Loof die Here want Hy is goed!!!

**Kerkraad**
**Alberton**

*Aangename Kennis:*

# Ds. Jan du Raan

**In watter dorp is u gebore?**
Kaapstad (Groote Schuur Hospitaal), so ek is 'n gebore Kapenaar en nog steeds 'n WP-ondersteuner

**Vertel ons van u kinderjare**
Ons was nege kinders waarvan ek die middelste een was. Ek het baie gewonder waar pas ek in, by die vier wat jonger as ek is of die vier wat ouer as ek is. Later het ek gesien dit is tot my voordeel want as die oueres iets doen wat lekker is was ek deel van hulle en as die jonges iets lekker kry dan is ek deel van hulle – lekker wen-wen. Ons het as kinders 'n baie vry lewe gehad om te doen wat ons wil en gaan waar ons wil en a.g.v. dié vryheid het ons maar vêr van die Here af geleef.

**Waar het u skool gegaan?**
My pa het vir die Spoorweë gewerk en het ons maar baie rondgetrek en was ek in altesaam 10 skole waarvan ek in een twee keer was.
Laerskole: Westwood (Boksburg), Uniefees (Pretoria), Edleen (Kempton Park), Birchleigh (Kempton Park)
Hoërskole: Jeugland (Kempton Park), Langenhoven (Pretoria), Wonderboom (Pretoria), Verwoerdburg (Centurion), Gelofte (Pinetown) en weer in Verwoerdburg (Centurion)

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
10 Oktober 1990 by 'n AEB konferensie te Pennington, dit na Lize sedert 1982 (sy het reeds as jong meisie haar hart vir die Here gegee) vir my gebid het, en eer ek steeds die Here vir sy GROOT Genade aan my bewys.

**Wanneer het u lidmaat geword?**
1990 te Durban

**Watter jare was u op kweekskool?**
2008 – 2011

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja, dit is Daniël Brink, Derrick du Plessis, Barry Fourie, Richard Hattingh, Pieter van Wyk, Ryno Louw, Wimpie van Vuuren, Martin Botha … ongelukkig het Ludick van Wyk einde 2023 die bediening in Suid-Afrika verlaat om in New Zeeland vir die Here te gaan arbei.



**Wie was u dosente?**
Ds. Rudi Beukes, Dr. Juan Minnie, Ds. Gerhard de Wet, Dr. André Bester en Dr. Willie Kotzé (Prinsipaal)

**Vertel vir ons 'n staaltjie uit u kweekskooldae**
My naam is mos nie verniet Jan nie… nou ja… Jan maak 'n plan sê die spreekwoord, maar hierdie Jan het ALTYD 'n PLAN…
Dit was die Wêreldbekerkrieket en ons manne moes werk (Maandag na middagete is mos werkersperiode)… so maak Jan 'n plan en reël toe dat my span die stoele in die klein kombuisie (studente-kombuis) se riempies sal vervang… natuurlik met die bonus dat daar 'n TV is en ons op hoogte van die kriekettelling kan bly… slaan toe sommer twee vlieë met een slag.

**Hoe lank is u getroud?**
30 Maart 2024 is dit 33 goeie jare van GROOT GENADE

**Vertel ons hoe het u, u gade ontmoet**
In Pinetown Gelofte Hoërskool was St. 5 (vandag graad 7) deel van die hoërskool, en Lize was op daai stadium, 1982 in St. 5.
Ek (toe in standerd 8 – vandag Gr. 10) het elke dag met my motorfiets skool toe gery en dan by die busstop vir my vriend gewag. Lize en my vriend se suster was vriendinne en het altyd saam geloop en hulle het ook op dieselfde bus gery. En so het ek haar ook begin groet in die oggend as sy by die skool aankom met die bus… later het ons begin gesels en so het die een ding tot die ander gelei en het ons toe begin uitgaan.
Só ken ons mekaar al van skool jare af, hierdie jaar is dit al 42 jaar. Wel die liefde het net gegroei en gegroei en tot vandag toe nog groei dit steeds. Dit is 'n voorreg om saam met my lewensmaat die Here te dien.

**Hoeveel kinders het u?**
Ons is die gelukkige ouers van drie vier-been kinders… Cheaky, Brakkenjan en Mia… wat ons soveel vreugde verskaf! Voor hulle was daar twee, Nikita en Shasha.

**Watter gemeentes het u bedien?**
• 2012 – Nov 2017 - Standerton (hier het ek ook my praktiese jaar voltooi)
• Des 2017 – Mei 2020 – Margate
• Junie 2020 – middel November 2022 – Phalaborwa
• November 2022 tot hede het die Here my weer tot in Standerton gelei... We've made the full circle, and to GOD all the GLORY!

**Wat is u gunsteling dis?**
Wanneer ek by 'n gemeente begin is die eerste ding waaroor ek die mense waarsku is… EK eet GEEN dis met ERTJIES in nie!! (… ertjies… dis 'n laaaaaang storie)
Ek is baie lief vir Pasta met enige vleis daarin.

**Het u n stokperdjie?**
Ek is bevoorreg om hier in Standerton 'n werkswinkel te hê, want ek is lief om met my hande te werk. Ek hou ook baie van visvang en om met my Harley-Davidson te gaan ry (maar tans ry ek maar min want almal ry op Sondae (ek werk) en ek hou nie daarvan om alleen te ry nie en die paaie hier is in 'n baie swak toestand.)

**Wat is u gunsteling vakansieplek?**
Enige plek in die Wes-Kaap en ook die Drakensberge

**Watter geestelike boek/e het 'n groot inpak op u lewe gemaak?**
Die Bybel het en sal ook ALTYD die grootste inpak in my lewe hê en daarom sal dit altyd my no. 1 leesstof bly.

Verder is ek lief om Afrikaanse boeke te lees, maar is daar maar min goeies. Wat wel 'n groot inpak in my lewe gemaak het, is *"Die 12 dissipels van Jesus"* en *"Die sewe kruis woorde van Jesus"* van ds. Hennie Prinsloo asook *"Jesus in die kansel"* en *"Dit wat God nie kan doen nie"* van ds. Jurgens Prinsloo en *"Tabernakel offers Priesterwyding"* en *"Egipte na Kanaän"* van Dr. Willie Kotze.

# Die gras is, diékant, nog groen

Ons almal ken die spreekwoord, die gras lyk altyd groener aan die ander kant van die draad.
Dit het my laat dink oor hoe dikwels ons kla oor allerhande beproewings en verdrukkinge, terwyl ons eintlik bly moet wees dat ons nog aan die groen kant van die gras is. Ons moet bly wees want ons lewe nog. Ons moet bly wees want ons is nog aan die bokant van die gras.
**1 Petrus 4:11** ***As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen.***

Omdat ons nog aan die groen kant van die gras is, impliseer ook dat ons tyd en geleenthede het om dinge te doen wat mense aan die ander kant of selfs onder die gras in die graf nie meer kan doen nie.
Die Here gee vir ons die geleentheid om ons saak met Hom reg te maak. Terwyl ons helderheid van vertand het, kan ons die Here aanroep. **Romeine 10:13** ***Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hy staan by die deur en klop om ingenooi te word in jou lewe.***

Aan die groen kant van die draad het ons nog die geleentheid om 'n lewende verhouding met Christus te hê. **2 Petrus 3:13-14** ***Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon. Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.*** Ons het die geleentheid om meer te leer aangaande die Here deur tyd met Hom te spandeer in Sy woord.

Wanneer ons dus hierdie geleentheid gebruik sal die Heilige Gees in ons werk en sal ons die vrug dra van **Galasiërs 5:22.**
Paulus skryf in **Romeine 6:22** ***Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.***
Ons het steeds die geleentheid om 'n heilige lewe te lei wat die werke van die vlees (sonde) af te lê wat teen God is soos **Galasiërs 5:19** ***En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.***
Aan die groen kant van die draad het ons nog die geleentheid om lief te hê soos Jesus liefgehad het. **Efesiërs 5:2** ***...wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.***

Aan die groen kant van die draad het ons nog die geleentheid om te vergewe soos Jesus vergewe het. **Matthéüs 6:14** ***Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.***

Aan die groen kant van die draad het ons nog die geleentheid om ander te dien en sodoende hulle ook voor te stel aan ons Here en Verlosser. **1 Korinthiërs 9:19** ***Want alhoewel ek van almal vry was, het ek my aan almal diensbaar gemaak om soveel van hulle as moontlik te win.***

Terwyl ons nog aan die groen kant van die gras is, kom ons leef soos Christus van ons verlang.
Kom ons straal Christus uit aan almal wat ons in aanraking mee kom.
Kom ons fokus op ons Godgegewe taak eerder as om net wens die gras word groener aan ons kant.

**Ds. Danie Klopper**
**Fochville**

# Mosselbaai bevestig ds. Barry Fourie

Ds. Barry en mev. Donnagene Fourie is na Mosselbaaigemeente beroep tydens 'n beroepsvergadering op 1 Augustus 2023. 'n Dag van vas en gebed is uitgeroep vir die gemeente.
Nadat ds. Barry die beroep vanaf Hartbeespoort na Mosselbaai aanvaar het, was 'n opgewondenheid in die gemeente ervaar. 'n Skoonmaak- en herstelproses het begin in die kerkgebou en die gronde is voorberei vir die ontvangs van die Fourie-gesin, geskeduleer vir die 14 Oktober 2023. Op 29 September 2023 het ds. Barry, Donna en hul twee seuns, Barry en Burger, in Mosselbaai gearriveer.

Hul bevestigingsgeleentheid op 14 Oktober was 'n feestelike dag, bygewoon deur 110 gaste waarvan 14 predikante van ons Kerk deel was. Die Ringsvoorsitter, ds. Wimpie van Vuuren, het die program gelei en die boodskap en bevestiging is waargeneem deur Ds. Jurgens Prinsloo. Danie en Roelien van Wyk van Hartbeespoortgemeente het hul predikantspaar oorgegee aan die gemeente van Mosselbaai.









Die bevestigingsgeleentheid was in alle opsigte besonders, in besonder die samesang van 14 predikante wat die predikantspaar toegesing het: "Hou hul trou Here Jesus." Menige gaste in die kerkgebou het 'n traan of twee uit hul oë gevee.
Getrou aan die tradisie van ons Kerk, het die gemeente se susters hulself oortref met 'n smaaklike vingerete na die bevestigingsgeleentheid. Die borde met eetgoed was pragtig uiteengesit in die portaal met die see dekor en tema "Welkom aan Boord."
Die kinders het 'n tafel gehad waar hulle kon meedoen aan die ete, asook lekkernye gepas vir kinders. Die paartjie wat hul tafel bedien het, het versiersuiker en bykomstighede aan hulle voorgesit sodat hulle hul eie kolwyntjies (koppiekoekies) kon versier. Dit was vir hulle 'n nuwe ondervinding. Onnodig om te sê dat hulle hulself besig gehou het en dit baie geniet het saam met die twee nuwelinge in die gemeente, Barry en Burger.

Intussen het die Fourie-leraarspaar hul voete begin vind en ons as gemeente glo die lesers van die Kerkblad moet hierdie bladsy dophou. Ons het oortuiging dat daar vir ons gemeente baie seën voorlê in die toekoms.
Kom besoek ons gerus hier op Mosselbaai tydens u volgende seevakansie.

**Kerkraad**
**Mosselbaai**

# Waar is Emeriti?

*Die emeriti gaan aan u in geen spesifieke volgorde voorgestel word nie, maar soos die Redaksie die nodige inligting en foto's bekom.*

**Noemnaam en van:** Ds.Hendrik en Ina Janse van Rensburg
**Dorp waar u tans woon:** Tzaneen/Letsitele omgewing
**Kontakbesonderhede:** Selfoon 082 322 5430 (Hendrik) 072 718 4897 (Ina)
**Gemeentes wat u bedien het:** Prakties Carletonville, Newcastle, Randfontein, Goudrif, Tzaneen
**Datum van ordening:** 12 Januarie 1985
**Datum van emeritaat:** 12 November 2023

**Kort boodskap aan die Kerk:** Hendrik en Ina albei gebore in die EG Kerk. Opgegroei, gered, geroep, geheilig en gedien. Wat 'n voorreg.

Ons is baie opgewonde oor die nuwe geslag bedienaars van die Woord in die EG Kerk. Ons sien met verwagting uit na die tyd tot Jesus ons kom haal. Staan vas in Sy Woord.



*Indien daar enige emeriti leraars is wat moontlik gemis is sedert die bydra begin is, neem asseblief vrymoedigheid om die redaksie te kontak sodat ons u inligting ook kan deel op hierdie wyse.*

# Ontvangs en bevestiging van ds. Fleetwood Grobler te Middelburg

Op Saterdag 9 Desember 2023 is ds. en mev. Grobler as die nuwe leraarspaar ontvang in Middelburggemeente. Dié geleentheid is bygewoon deur lidmate, besoekers, Ringskommissielede en geliefdes.

Die susters van die gemeente het 'n heerlike middagete voorberei en almal het lekker saam gekuier.

Ds. Wim Smith van Belfastgemeente het die geleentheid met skriflesing en gebed geopen. Hy het gedagtes gedeel uit 1 Kor. 1, Rom. 1 en Ef. 1. Die boodskap het gehandel oor die gemeente van Christus.

Die nuwe leraarspaar is ná die formulier en bevestiging deur die CVV, Sondagskool, die Kerkraad en lede van die Ringskommissie verwelkom.

Ds. Fleetwood en Zelda spreek hulle dank en waardering uit teenoor elkeen wat die spesiale geleentheid saam met hulle deurgebring het. Die leraarspaar sien uit om saam met die gemeente te arbei en vertrou die Here vir die pad vorentoe.

**Zelda Grobler**
**Middelburg**






# Lofdal Konferensie 2024

Datum

15 – 20 Junie 2024

Ligging


**Lofdalkampeerterrein**
**Ofcolaco**

Besprekings

**Mev. Elize Lyon**
**083-677-2867**

Ongelukkig is al die kamers reeds vol bespreek, maar daar is genoeg kampeerplek

## GASSPREKERS



**DR. ANDRÉ BESTER**



**DS. JURG PRINSLOO**



**DS. JURGENS PRINSLOO**



**DS. WOODFORD KOTZÉ**



**JEUG**
**DS. ANDREW BRUYNS**



**KINDERKERK**
**SANTA LOURENS**

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 79 • Julie/Augustus 2024 • #658




- Gemeentes wat groei teenoor gemeentes wat ondergaan
- ’n Fees tot eer van die Here
- Hoe kón hy dit doen?

# ...van die Redakteur

Ons groet elke leser met die woorde van Paulus uit 1 Kor. 1:3 Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus. Met die jaar wat reeds verby die halfpadmerk is, bly Sy genade en vrede ons reddingsboei.

In hierdie uitgawe (en die wat volg vir 2024) fokus ons steeds op 80 jaar van genade met verskeie artikels en foto's wat herinneringe terugroep. Die rype geskiedenis van Betshan I, II en III is 'n sprekende voorbeeld, om maar een te noem.

Met die verkiesing nog vars in ons geheue besef ons terdeë dat die hele lewe gaan oor keuses wat ons maak.

Tydens die Kerk se mondigwording (1965), getuig wyle ds. C.J.S. Naude in die Feesuitgawe van 1 April 1965 as volg: *"Baie kinderlik en duidelik het God ons geroep tot die bediening. Vanaf die eerste dag in 1936 het God op elke gebied deur Sy woord duidelik tot ons gespreek. In die eerste plek moes ons kies tussen ons ouers, broers en susters en aardse besit-tings. God het in alles voorsien wat nodig was. Op God se wonderlike wyse is ons in Desember 1944 na die Nuwe Protestantse Kerk gelei."* Na my intensiewe bestudering van die artikel "Gemeentes wat groei teenoor gemeentes wat ondergaan", is my opregte gebed dat, deur Sy genade alleen, gemeentes die regte keuse(s) sal maak – eerder groei as ondergaan.

SHALOM


**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Johnnie Gates, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad

E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com

Sel: 082 401 6937


Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.


**Kopiereg © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**



**Voorblad: Redaksie -** *Verhoogversierings Feesnaweek*

**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn



**Jaargang 79**

**Julie/Augustus 2024**

**Uitgawe #658**


# INHOUD


**3 Nigel-Sarongemeente kyk terug**

**4 Gemeentes wat groei teenoor gemeentes wat ondergaan**

**8 3.4 Biljoen geleenthede om te dien**

**10 80-jarige dankseggingsfees tot eer van die Here: EGK SA te Eden**

**14 Vroueblad:** Hoe kón hy dit doen

**15 Oostelike Ringsvergadering te Witbank**

**16 Die L-a-a-a-n-gsame pad van... Betshan I, II en III**

**19 Gelukwensing op 80 jaar se bestaan**


## Kennisgewing:

### Foto's

**Hiermee wil die Redaksie u in kennis stel dat daar voortaan slegs foto's van hoë kwaliteit gebruik sal word vir druk/uitleg doeleindes. Foto's moet asseblief ten minste 2000x3000px (6m pixels) groot wees en in oorspronklike formaat (gewoonlik *.jpg) verskaf word. Indien u onseker is skakel gerus met Riaan Britz of Willie Stieger.**

### Intekening en betaling

Intekengeld beloop R120 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**

Takkode: **250054**

Rek. no.: **5244 363 2023**

Verwysing: **KB-Naam en Van**

Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@gmail.com

# Nigel-Sarongemeente kyk terug

Terwyl die EG Kerk SA hierdie jaar sy 80 ste bestaansjaar vier, het Nigelgemeente op Saterdag, 16 Maart, ook 'n terugblik gebied op die ontstaansgeskiedenis van die gemeente.
Die program is op bekwame wyse gelei deur prop. kand. Fredrich Lombard wat sy internskapjaar in die gemeente doen.
Een persoon wat altyd met Nigelgemeente geassosieer sal word, is mev. Annetjie Lehman. Sy het 'n oorsig gegee oor die jare se betrokkenheid van haar en haar man Jan in die gemeente. Albei het vir baie jare ononderbroke hulle deel gedoen en bygedra op verskillende terreine van die gemeentelike aktiwiteite. Sonder hulle sou die gemeente ongetwyfeld nie gewees het waar dit vandag is nie.

Verskeie voormalige leraars het 'n oorsig gegee oor die vervloë dae van hulle bedienings in die gemeente. Dr. Callie Fourie (em.) se vader was saam met wyle ds. Corrie Naudé betrokke by die bou van die kerksaal. Hy self was vir baie jare 'n lidmaat van die gemeente en ook 'n rukkie die Sondagskoolsuperintendent. Hy het tydens die bediening van wyle ds. WP Grobler tot bekering gekom en ook in dieselfde kerksaal 'n roeping ontvang tot voltydse diens.
Ds. Coenie Smit (em.) (87) en sy vrou het die lang pad alleen aangedurf om die verrigtinge by te woon. Hy het getuig van die Here se voorsiening met die bou van die kerkgebou. Ds. Gert Coetzer (em.), wat steeds aktief betrokke is in die gemeente, het ook 'n interessante bydrae gelewer. Die gehoor is verder getrakteer met die pragtige sang van ds. Coetzer se dogter Andalé.

In ds. Hennie Prinsloo (em.) se afwesigheid, is 'n boodskap van gelukwense voorgelees. Wat treffend was, was die invloed wat die gemeente tydens sy bediening op die gemeenskap van Nigel gehad het. Met Jan Lehman as burgemeester van Nigel, is talle geleenthede geskep vir ds. Prinsloo om as kapelaan die evangelieboodskap aan hooggeplaaste persone te bring. Bekende persone in die samelewing, soos dr. Herman Fourie en mnr. Jacques Fourie (Bankbestuurder) en talle ander persone het in daardie tyd tot bekering gekom.
Die Kweekskool was sedert 1957 deel van die gemeente en dr. Willie Kotzé (em.), 'n voormalige prinsipaal, kon ook 'n kort oorsig gee van die wedersydse samewerking tussen die twee instansies.
Verder het ds. Jurg Prinsloo (sr.) en ds. Frik Lombard (sr.) (em.) die vierledige boodskap van die Kerk, naamlik wedergeboorte, heiligmaking, Goddelike genesing en die wederkoms kortliks uitgelig.
Een van die hoogtepunte was die kort boodskap wat die voormalige leraar van Alrapark, ds. Johannes Maseko, gelewer het. Hy het sy waardering uitgespreek teenoor die individue en die gemeente self wat deur die jare bygedra het tot die opbou van die gemeente in Alrapark.
Die feesvieringe is afgesluit met 'n smaaklike ete onder die toesig en beheer van die plaaslike leraar ds. Flip Pretorius (em.) en sy vrou Cornelia met die ondersteuning van 'n vlytige span werkers wat agter die skerms net hulle beste gelewer het.
Ons gebed is dat die Here sal voortgaan om hierdie gemeente (ook Saron genoem) te gebruik ter uitbreiding van sy koninkryk.

**Nigel Kerkraad**



## Alberton teenoor Johannesburg

Op bladsy 11 van die Feesuitgawe (Maart/April 2024 #656) word Albertongemeente as van die eerste gemeentes van die EG Kerk gelys.
Die redaksie het die volgende kommentaar as regstelling van oom Attie Naude, seun van wyle ds. Attie Naude ontvang:
*"Die Albertongemeente, is nie in 1945 gestig nie, maar wel in Junie 1972. Die Johannesburggemeente is in 1945 gestig. Daar is dienste gehou tot die Johannesburggemeente in twee verdeel het, naamlik Alberton- en Westdenegemeente (voorheen bekend as Johannesburg-Wesgemeente).*
*Alberton is nie deel van Johannesburg nie, dit is 'n stad met sy eie grense. Johannesburggemeente het 'n boufonds gehad en van die geld was gebruik om grond in Westedene te koop waar 'n kerk op gebou kon word. Westdene kon dus as die Johannesburggemeente beskou word, nie Alberton nie."*

**Redakteur**

# Gemeentes wat groei teenoor

## Gemeentes wat groei

Gemeentes wat die Woord en wil van God gehoorsaam, hulle word God se eiendoms volk genoem. Die voorwaarde was van die begin af dan **algehele en onherroeplike oorgawe, stiptelike gehoorsaamheid**. Dan sou hulle **vir Hom sy uitverkore werktuie** wees. Dit is **algehele oorgawe om die wil van die Vader te doen**, soos Jesus van Homself verklaar het.

**Ex. 19:5** ***As julle** dan nou terdeë na my stem luister[1] en my verbond hou[2], **sal julle** my eiendom[3] uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. 6 En júlle sal vir My 'n koninkryk[2] van priesters[2] en 'n heilige nasie3 wees.*

**Joh. 6:38** *Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.*

**Gehoorsaamheid** vorm die grondslag vir 'n lewende verhouding met die Here. **Hy wil** in en deur ons werk. Hy wil **alle volke, nasies en tale bereik** met die Evangelieboodskap. Sedert die sondeval is **ons eie** woord of wil in sy diens **nie aanvaarbaar nie**. Dit verydel net Sy boodskap. Daarom het Hy van vroeg af klem gelê op die versoeningsweg in die offers. Die **Skuldoffer** is reeds hanteer met redding.

As ons dan begeer om vir Hom bruikbaar te wees, dan word die **Sondoffer** die eerste vereiste. My **eie wil** moet onherroeplik aan Hom oorgegee word, om die res van my lewe sy wil te doen. Onlosmaaklik daarmee saam volg die **Brandoffer**, om soos die goeie Herder my **hele lewe onherroeplik af te lê** vir die skape. Eers dan word die **vreugde en vrug van die Dankoffer en Spysoffer** beleef. 'n Lewe van algehele **gehoorsaamheid** – dan kan **Hy sy heil** openbaar.

Met Saul, die eerste koning, word die onvermydelikheid van hierdie algehele oorgawe in **gehoorsaamheid** onomwonde gestel. Die **alternatief vir gehoorsaamheid** is soos om ander stemme op te soek, **wederstrewigheid, eiesinnigheid, beeldediens** – soos om Hom met 'n afgod te vervang! Jy word **onbruikbaar** in God se plan en **as instrument verwerp!**

**1 Sam. 15:22** *Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. 23 Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.*

Kyk weer na **Ex. 19:5** reg by die begin met die volk. Sy verbond met die volk berus op hierdie **grondslag van gehoorsaamheid** om in waarheid sy eiendomsvolk te wees. Kom ons neem dit deel vir deel. Ons kry eers die **voorwaarde**, dan die **gevolg**, wat dan verder uitgebou word.

### Voorwaarde: As julle dan nou

Daar is 'n **voorwaarde** om vir Hom bruikbaar te wees: "As julle". Dit is tweeledig.

**Terdeë luister:**

**God het sy Woord gegee**, wat ewig waar bly. Ons luister nie bloot toevallig of in die verbygaan nie. Jy moet **noulettend en intelligent aandag** gee om met **sorg te gehoorsaam**. Hy laat geen ruimte dat jy willekeurig en op eie voorkeure of afkeure **selektief** gehoorsaam nie. **Terdeë!** Dit vra jou instemming, om wakker en **met onderskeid ontvanklik** te wees daarvoor, om die **Woord te betrag soos Esra** die opdrag uitgevoer het! Luister aandagtig!

**Verbond hou:**

Dit kom nie dan en wan as 'n nagedagte nie. Jy sal **waaksaam, nougeset, aandagtig** jou lewe **daarvolgens** inrig. Jou gehoorsaamheid sal **in jou gedrag sigbaar word**. Jy sal **op jouself** let, **nie ander** dophou en oordeel nie. Jy sal dit **in jou hart bewaar** tot jou eie heil. Terdeë luister veronderstel dat jy in wese **reeds** die **verbond hou, daarin lewe!**

**Deut. 26:18** *En die HERE het jou vandag laat verklaar dat jy vir Hom 'n eiendomsvolk sal wees soos Hy jou beloof het, en dat jy al sy gebooie sal onderhou;*

**Spr. 16:17** *"hy wat op sy wandel ag gee, bewaar sy lewe."* **20** *"Wie ag gee op die Woord, sal die goeie vind; en hy wat op die HERE vertrou, is gelukkig."*

**Kol. 3:16** *Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid.*

### Vrug van gehoorsaamheid: Sal julle?

**My eiendomsvolk wees**

Die passiewe, vroulike vorm kom hier ter sprake. Die Juweel, die spesiale skat, uitgesonder uit al die volke, van groter waarde as al die volke, uit almal wat ook aan Hom behoort. Dit gaan oor die **uitlewe daarvan**, dat **Christus gestalte** in ons kry, dat ons die boodskap helder en lewend uitbeeld.. Hy gebruik hulle, hulle word die **instrument in die hand** van die Skepper, hulle voer sy wil uit. Dit laat ons onwillekeurig dink aan wat Petrus van die toegewyde vrou gesê het. So wil God deur sy bruid werk.

**I Pet. 3:1** *Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word 2 as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het.*

**Erfvolk**

Hy noem die eiendomsvolk ook sy **erfvolk**. Hulle het dit nie verdien of verwerf nie. Hulle het dit **ontvang as geskenk** en word die bruid deur die sterwe van Jesus aan die kruis.

# GEMEENTES WAT ONDERGAAN

**Deut. 4:20** ***Maar die HERE het julle geneem en julle uit die yster-smeltoond, uit Egipte, uitgelei om sy erfvolk te wees soos dit vandag is.***
**Heb. 9:16-18** ***Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word; 17 want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie. 18 Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie;***

**Toegewy**
Hierdie eiendomsvolk, erfvolk, is **toegewy, geheilig aan die Here** vir sy diens. 'n Sekere evangelis het eenkeer gesê dat elke mens 'n instrument het wat niemand anders as jy alleen gebruik nie, naamlik jou **tandeborsel**. So moet ons **eenkant gesit** wees **vir Sy gebruik alleen**. Hierdie volk is **toegewy aan Hom, om te verkondig**!
**Deut. 14:2** ***Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God, en jou het die HERE uitverkies om sy eiendomsvolk te wees uit al die volke wat op die aarde is.***
**I Pet. 2:9** ***om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,***

**En julle sal**
**Ex. 19:6** ***En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees.***
**I Pet. 2:9** ***Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry,***

Vir die volk in die Ou Testament, netso die gemeente in die Nuwe Testament: Eiendomsvolk **uit al die nasies** wat almal ook aan Hom behoort, **uitverkies tot medewerkers** op drie vlakke:
**Koninkryk – op sy Gesag**
Hulle is uitgered om in sy Naam, **op sy gesag**, sy werk te doen, om te verkondig. Hulle staan nie in eie krag of vermoë nie, maar in die **Naam van die Oorwinnaar**. Hulle kan die Woord van God in sy gesag proklameer. Hy het voorsiening gemaak dat hulle in sy raad kan kom staan en van die versoendeksel af sy stem te hoor om in waarheid te kan sê: **"So sê die Here!"**.
As die prediker nie in die raad van God gestaan het nie, het hy geen gesag en durf hy nie waag om te sê "So sê die Here" nie. Terdeë luister! Deur geregtigheid word die troon bevestig!

**Priesters – om te bemiddel**
Hulle staan nie in eie reg of om hulself te laat geld of tot eie voordeel nie, maar om te **bemiddel**, om te **bedien**. Hulle staan **voor die mense** verteenwoordigende God, met Sy boodskap aan hulle. Hulle verskyn ook **voor God** ter wille van die mense na wie hulle gestuur is.
**I Sam. 12:23** ***Ook wat my betref, dit is ver van my dat ek teen die HERE sou sondig, dat ek sou ophou om vir julle te bid; maar ek sal julle in die goeie en regte weg onderrig.***

**Heilige nasie – Toegewy aan God se doel**
Hulle is nie maar net nog 'n volk nie, maar die uitverkore volk/geslag van God, **geheilig en toegewy** aan sy **goddelike doel**, 'n uitverkore werktuig. Hulle dryf nie doelloos rond nie, hulle is doelgerig op weg om hul taak en roeping uit te voer.
**Ex. 8:1** ***So spreek die HERE: Laat my volk trek, dat hulle My kan dien.***
**Deut. 7:6** ***Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees.***

**Hy het dit moontlik gemaak**
**Joh. 10:9-11** ***Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind. 10 Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê. 11 Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.***

**Tit. 2:14** ***wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.***
**Hy het sy lewe afgelê vir die skape, Homself vir ons gegee om ons te verlos en te reinig tot ywer in goeie werke!** Daar is geen verskoning om nie sy uitverkore erfvolk te wees nie.

**Gemeentes wat ondergaan**
Die Here se Woord is regdeur tot ons heil en opbou geskrywe. "Luister en jou siel sal lewe!"

Sedert die sondeval neig die mens egter deurlopend om in **eie wil, kontra God se wil, in ongehoorsaamheid** te lewe. Jeremia 23 beeld hierdie **negatiewe en vrugtelose** weg besonders en duidelik uit, ja selfs tot by die **katastrofiese einde** daarvan.

Dit word ook duidelik dat die **profete en priesters** grootliks die verantwoordelikheid hiervoor dra. **Juis die wat God geroep het** om die volk/gemeente te onderrig in die Woord en op die lewende weg te lei, juis hulle kan ook hulle ondergang beteken. Die opskrif in **Jer. 23** is juis: ***"Teen die valse profete"***. Vir hierdie artikel volg ons die verloop in hierdie hoofstuk.

(*In 'n opvolg studie wil ons na die positiewe en konstruktiewe weg kyk, na die eiendoms volk van God, die **erfgenaamgemeente**, na dit wat **sy eintlike doel met sy volk/gemeente** is.*)

**Hartverskeurende verval van die profete**
**Jer. 23:9** ***Wat die profete betref – my hart is gebreek in my binneste, my hele gebeente sidder; ek is soos 'n dronk man en soos 'n man wat deur die wyn oorweldig is, vanweë die HERE en sy heilige woorde.***

**Word vervolg op bl. 6**

# Gemeentes wat groei teenoor

Vervolg vanaf bl. 5

**Klaagl. 2:14** ***Jou profete het vir jou bedrieglike en ongerymde dinge gesien en jou ongeregtigheid nie geopenbaar om jou lot te verander nie, maar hulle het vir jou godsprake gesien tot bedrog en verstoting.***
**Klaagl. 4:13** ***Dit was oor die sondes van haar profete, die ongeregtighede van haar priesters wat daar binne-in die bloed van die regverdiges vergiet het.***

Tragies dat die wat in **roeping tot voltydse diens staan**, ter wille van sy volk, dat juis hulle bediening die gemeente se verval beteken. Dit is **hartverskeurend**, juis hulle wat ewig trou aan Hom beloof het, **Hom verlaat** en in 'n onegte verhouding **wêreld gelykvormig** word! (owerspelers v. 10). Die kudde verval in **slawerny** terwyl die **geroepenes** die Lewende Fontein verlaat en uit die gebarste reënbakke die leë en valse boodskap van die wêreld bedien.
**Jak. 4:4** ***Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.***
**Paulus waarsku**, dit werk teen die welgevallige en volmaakte wil van God. **Rom. 12:2** ***En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.***

**Aanstootlike valse lering**
As gevolg van die **huweliksontrou** raak die stem van die Here stil! Om nou hierdie leemte te vul is dit ongelukkig **Baäl** wat die plek inneem. **Eiewaan, selfverheffing** en **grootpratery** volg. **Valse leringe** verlei en vervang die ewige en onfeilbare **Woord van God!**
**Spr. 16:5 & 18** ***Elke hoogmoedige van hart is vir die HERE 'n gruwel; sekerlik, hy sal nie ongestraf bly nie. 18 Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val.***
Die Here vind dit **aanstootlik**. Die Lewende Fontein word verruil vir die waters van die Nyl! Sondaars word **versterk in die kwaad**, hul word **nie teruggeroep** van sonde af nie. 'n Afskuwelike weg van owerspel en leuens volg.
**Jer. 23:13-14** ***hulle profeteer deur Baäl en verlei my volk Israel;" 14 "maar by die profete van Jerusalem het Ek gesien wat afskuwelik is: hulle bedryf owerspel en gaan om met leuens, en hulle versterk die hande van die kwaaddoeners",***
**Jer. 2:12-13, 18** ***Verbaas julle hieroor, o hemele, en huiwer, verstyf heeltemal van skrik, spreek die HERE. 13 Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie. 18 Wat het jy dan nou te doen met die pad na Egipte, om die water van die Nyl te drink? En wat het jy te doen met die pad na Assur, om die waters van die Eufraat te drink?***

**Woorde uit eie hart, nie uit mond van die Here nie**
**Jer. 23:16-18** ***So sê die HERE van die leërskare: Luister nie na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie; hulle vervul julle met ydele verwagtinge; gesigte uit hul eie hart verkondig hulle, nie uit die mond van die HERE nie. 17 Hulle sê gedurig aan my veragters: Die HERE het gespreek: Julle sal vrede hê; en aan elkeen wat wandel in die verharding van sy hart, sê hulle: Geen onheil sal oor julle kom nie. 18 Want wie het in die raad van die HERE gestaan, dat hy sy woord sou sien en hoor? Wie het sy woord beluister en gehoor?***
**Spr. 16:2** ***"Al die weë van 'n man is suiwer in sy oë, maar die HERE toets die geeste."***
Die profete is nie meer boodskappers van die Here nie. In **grootheidswaan** verkondig hulle nou gesigte uit hul eie hart. Die hoorders word **bedien met leuens**, hul word gevul met ydele, leë verwagtinge soos dat hulle vrede sal hê, hul sonde sal geen onheil bring nie. Die bedorwe vrug van die leuens is dat hulle **onberoulik volhard** in die sonde soos by Sodom en Gomorra. Die Skrifwaarheid word **selektief** en **buite konteks** in **eie waan** gebruik.

**Ongelukkige, onvermydelike gevolg**
**Wat word eindelik van die gemeente onder so 'n eiesinnige, eiewillige, moedswillige bediening?** Ongelukkig strek dit verder as die onmiddellike, ongelukkige ontwrigting! Die **Here werp so 'n gemeente weg** van sy aangesig. In plaas van eer op sy Naam, dra dit 'n **langdurige smaad**, dit word 'n **verleentheid** in plaas van 'n getuienis tot God se eer!
**Jer. 23:39-40** ***daarom, kyk, Ek sal julle sekerlik ophef en julle, saam met die stad wat Ek aan julle en julle vaders gegee het, van my aangesig af wegwerp; 40 en Ek sal julle 'n ewige smaad oplê en 'n ewige skande wat nie vergeet sal word nie.***

**Klaagl. 2:16** ***Al jou vyande rek hulle mond oop oor jou, hulle spot en kners op die tande, hulle sê: Ons het verslind, ja, dit is die dag wat ons verwag het; ons het dit bereik, dit belewe***
**Klaagl. 4:13, 16** ***Dit was oor die sondes van haar profete, die ongeregtighede van haar priesters wat daar binne-in die bloed van die regverdiges vergiet het.***
***16 Die aangesig van die HERE het hulle verstrooi, Hy sal hulle verder nie meer met welgevalle aansien nie.***

**Hart van die probleem:**
**Sonder die raad van die Here**
Hulle het die Here verlaat! Paul Washer sê in 'n aangrypende video-

# GEMEENTES WAT ONDERGAAN

snit: *"Jou bediening behoort die top van die ysberg te wees in jou lewe. Onder die oppervlak is 'n man, in die binnekamer met God! Terwyl almal speel, kuier, die internet deur swerf vir die volgende groot boodskap, is die* ***man van God op sy knieë, in die Woord****, staan hy op in die nag, waak en vertoef hy daar. Hy bid nie net om in te tree nie,* ***hy soek die aangesig van God****. Hy roep na God: Toon my u heerlikheid, ek kan nie leef tensy ek u in voller lig aanskou nie!"* (vry vertaal).

**Jer. 23:18, 22** ***Want wie het in die raad van die HERE gestaan, dat hy sy woord sou sien en hoor? Wie het sy woord beluister en gehoor?" 22 "Maar as hulle in my raad gestaan het, moet hulle my volk my woorde laat hoor en hulle terugbring van hul verkeerde weg en van die boosheid van hul handelinge.***

**Ex. 25:22** ***En daar sal Ek met jou saamkom, en van die versoendeksel af, tussen die twee gérubs uit wat op die ark van die Getuienis is, sal Ek jou alles sê wat Ek jou vir die kinders van Israel sal beveel.***

**Deut. 32:46-47** ***Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, dat julle dit jul kinders beveel om al die woorde van hierdie wet sorgvuldig te hou. 47 Want dit is geen vergeefse woord vir julle nie, maar dit is julle lewe; en deur hierdie woord sal julle die dae verleng in die land waarheen julle deur die Jordaan trek om dit in besit te neem.***

**Ps. 85:9** ***Ek wil hoor wat God die HERE spreek.***

**Háb. 2:1** ***Op my wagtoring wil ek gaan staan en op 'n skansmuur my stel, en ek wil speur om te sien wat Hy in my sal spreek,***

**Joh. 16:13-14** ***Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. 14 Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.***

As die prediker nie **in die raad van God gestaan** het nie, het hy geen lewende woord (boodskap) om te spreek nie! Die alternatief is **grootpratery in eiewaan met sy eie tong, tot verleiding**. In valsheid gaan hulle selfs met **gesteelde preke** kansel toe, sonder opdrag van die Here. Die **Naam** van die Here word **vergeet**, **mense word nie teruggebring van sonde nie**!

Geen gemeente kan groei en toeneem sonder die **lewende Woord van God van die versoendeksel af** nie. Wyle ds. Attie Olwagen het sy gemeente beloof dat hy nie sy voete op die kansel sal waag as hy nie **in die raad van God gestaan en sy stem gehoor het** nie!

Hoe lyk die gemeente in u sorg? Die groei of verval van 'n gemeente hang onvermydelik af van die **bedienaar se verhouding met die Opperherder**!

**Is Herstel Moontlik?**

**Klaagl. 3:40** ***Laat ons ons weë naspeur en deursoek en ons tot die HERE bekeer;***

**Jer. 31:21** ***Rig vir jou mylpale op, maak vir jou padwysers, let op die grootpad, die pad wat jy geloop het. Kom terug, o jonkvrou van Israel, kom terug na hierdie stede van jou!***

**Open. 2:5** ***Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.***

In 'n volgende artikel kyk ons na die gemeente, as eiendomsvolk, na die hart van God!

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**



# 3.4 Biljoen geleenthede om te dien

Jesus se laaste opdrag aan Sy volgelinge was om die hele aarde vir Hom te gaan wen – om na elke nasie en tot aan die uithoeke van die aarde met die Evangelie te gaan en dissipels te maak. Maar doen ons dit wel?

Daar is 3.4 biljoen onbereiktes vandag. Dit is bykans die helfte van ons dag se wêreldbevolking. Onbereiktes is mensegroepe regoor die wêreld, wat baie min of geen Jesus-volgelinge het nie, 2% of minder. Hulle getalle is te min om die evangelie effektief te kan versprei onder hulle eie mense. Baie van hierdie mensegroepe het ook nie 'n Bybel in hulle eie moedertaal nie, en dikwels is geen opleiding beskikbaar vir hulle predikante nie. Die ongelowiges in hierdie groepe het amper geen, of selfs glad nie, toegang tot die evangelie nie. Hierdie onbereiktes het dus baie min Christene en baie min hulpbronne. Dit kan ons laat wonder waarom? Waarom is daar so groot getal onbereiktes in die wêreld, soveel as 3.4 biljoen?

Die probleem kan nie wees dat daar te min gelowiges in die res van die wêreld is nie, of dat hulle nie genoeg hulpbronne het om te gee nie. Volgens Lifeway Research, was daar in 2020, 550 kerke en 57 000 evangeliese Christene vir elke onbereikte mensegroep. Maar in hierdie gemeentes van "bereikte" mensegroepe, word steeds 82% van alle finansies spandeer aan die gemeentes self - soos aan hulle eie bedieninge, kerkgeboue, of kampe. 12% word gegee aan plaaslike evangelisasie, 6% word aan sending gegee. Van hierdie 6%, word net 1.7% na onbereiktes gestuur. Ook word 77 % van alle sendelinge gestuur na lande wat reeds bereik is. 19% van sendingwerk word gedoen onder mensegroepe wat min gelowiges het maar wel baie toegang het tot die evangelie. Dit los 3% wat gaan na die "onbereiktes".

Nog 'n probleem is ons gemak en waaraan ons gewoond is. Dit kan moeilik wees vir ons as Christene in hierdie deel van die wêreld – waar baie ander Christene woon, kerkgeboue in elke dorp is, Christen radiostasies daagliks uitgesaai word, Bybels in enige boekwinkel te koop is - om te besef dat dit glad nie so is in ander plekke nie. Dat die nood so groot is onder onbereiktes. Dat die groot opdrag nog nie voltooi is nie.

Ons idee van sending en sendelinge kan ook ons betrokkenheid verhinder. Baie dinge het verander vandat Jesus die eerste dissipels die wêreld ingestuur het, met die woorde, "Gaan dan heen en maak dissipels van al die nasies". Wat wel nie verander het nie, is Sy metode – dit is steeds die Kerk se opdrag en werk. God het nie intussen vir iemand anders hierdie opdrag gegee nie. Sy Kerk is nog steeds sy eerste en laaste plan om dissipels te maak van alle nasies, tot in die uithoeke van die aarde. As ons deel is van Sy Kerk, is ons deel van Sy missie.

Soms kan dit voel of ons nie deel van die missie is nie, omdat ons nie self êrens heen gaan nie. Vir baie mense begin en eindig die idee van sending by 'n Christen man of vrou wat iewers baie afgeleë gaan bly, en vir inboorlinge die Goeie Nuus van Jesus as Verlosser vertel. Ons voel dalk nie geroep vir só 'n bediening nie en dink dan dat sending net vir sekere Christene bedoel is, soos die wat êrens in 'n woud gaan bly. Ons plaas sending dan in 'n aparte boksie, as 'n sekere taak vir sekere mense, en kan nie sien hoe ons enige deel daaraan het nie. Dit is nog altyd waar dat God mense oor grense stuur, om voltyds tussen onbereiktes te bly. In besige stede en in digte oerwoude. Om hulle taal aan te leer en moontlik die Bybel vir die eerste keer in hulle eie taal te kan vertaal.

Maar dit is nie die enigste manier om te dien nie. Die sendelinge wat gaan is die punt van 'n skerp mes, maar daar is baie ander mense nodig om die hef van die mes vas te hou. Om 'n sendeling of 'n familie in 'n onbereikte



mensegroep te kry en te ondersteun, verg 'n hele span. Dikwels is daar baie finansies nodig. Soms is vervoer uitdagend, en vaardige vlieëniers is nodig. Daar is altyd baie administrasie betrokke. Behuising is nodig. Taalkundiges vir taalleer en Bybelvertaling. In geslote lande is die enigste manier om sendingwerk te doen jou professionele loopbaan. Dus is daar besigheidsmanne en entrepreneurs nodig, en lyk die prentjie weer heeltemal anders as in ander mensegroepe en lande wat oop is vir die evangelie. Sending bestaan uit dokters, onderwysers, bouers, gastehuisbestuurders, vertalers, ingenieurs, administrateurs, finansiële bestuurders, jong mense, ouer mense, getroudes en enkellopers.

Wat sou kon gebeur as elke Christen besef hulle is deel van die Groot Opdrag? As hulle self gaan, of ander begin stuur en ondersteun, as hulle begin bid, en begin gee? Hoe sal dit lyk as ons meer mense en hulpbronne stuur daar waar dit die heel nodigste is? As ons hier selfs vanuit Suid-Afrika aantree vir diens en finansieel bydra, as ons al ons talente inspan om sendelinge by die onbereiktes te kry?

"God is a God of missions. He wills missions. He commands missions. He demands missions. He made missions possible through His Son. He made missions actual in sending the Holy Spirit. Biblical Christianity and missions are organically interrelated."
~ George W. Peters ~

Die plekke wat oor is, is nie noodwendig maklik om te bereik nie. Dit is dikwels afgesonderde plekke, mensegroepe in hoë berge, of groot stede met baie teenkanting teen die evangelie, selfs mensegroepe wie se taal nog nooit neergeskryf is. Dit gaan baanbrekerswerk kos om almal te bereik. En almal sal moet saamwerk. Maar die opsies om betrokke te raak, is oop voor ons.

EG Kerk Tygerberggemeente bied die laaste paar jaar 'n Missions Expo aan. Hierdie Expo se fokus is spesifiek op die onbereiktes. Daar is uitstallers van meer as 20 sending organisasies, waarby jy kan stilstaan en met wie jy kan gesels. Hulle gaan kom vertel waar hulle besig is om te werk, watter projekte hulle reeds aan die gang het of nog beplan, en hoe jy betrokke kan raak. Vanjaar word die Expo na Gauteng toe uitgebrei, en deur Wonderboomgemeente aangebied op die 24ste Augustus.

Hoërskoolstudente kan kom sien hoe hulle hul loopbaan sal kan gebruik vir die evangelie en hoe om hul talente aan te bied vir sendingwerk. Entrepreneurs kan leer hoe om 'n besigheid baie strategies in 'n onbereikte en ook geslote land te begin. Families kan sien hoe gesinne in die wêreld saam dien, en hoe om hulle kinders groot te maak met 'n hart vir die nasies, om die volgende geslag toe te rus om te kan gaan of te gee.

As jy in of naby Pretoria is, besoek Wonderboom se Expo in Augustus, en nooi ander saam. En die Kapenaars kom DV in September weer by Tygerberg bymekaar. Besoek gerus www.missions-expo.co.za vir meer inligting.

**Gal. 6:9** ***En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.***



# 80-jarige danksеggingsf EG Kerk SA te EDEN

**Exodus 10:9** ***En Moses antwoord: Ons wil gaan met ons jong mense en ons ou mense, met ons seuns en ons dogters; met ons kleinvee en ons beeste wil ons gaan, want ons wil 'n fees vir die Here hou.***

'n Dankseggingsfees ter viering van die EG Kerk SA se 80ste bestaansjaar het plaasgevind oor die naweek van 19 – 21 April 2024 te Edenkonferensieterrein en is bygewoon tussen 450 en 490 konferensiegangers (dagbesoekers ingesluit). Daar is 'n historiese oorsig van die Kerk gegee, asook na gepaste woordbediening deur voormalige moderators geluister. Dan was daar 'n ernstige oproep tot hernude toewyding. Die Saterdagmiddag se tradisionele boeresport was natuurlik 'n hoogtepunt vir oud en jonk. Saterdagaand se deelname aan die heerlike sangfees tot eer van die Here, gelei deur die huidige moderator dr. André Bester, het ook bygedra tot hierdie feestelike atmosfeer.

**Historiese oorsig oor die Kerk**

Terry Pratchett (28 Apr. 1948 – 12 Mrt. 2015) het per geleentheid gesê: *"If you don't know where you come from, then you don't know where you are, and if you don't know where you are, then you don't know where you're going. And if you don't know where you're going, you're probably going wrong."* Hierdie gedagte is so relevant, in ag genome met die geskiedenis van ons Kerk.

Dr. Callie Fourie (em.) het 'n insiggewende en leersame oorsig gegee van die geskiedenis van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, voorheen bekend as die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika, met die tema: ***"Wat is ons ware identiteit na 80 jaar?"*** In hierde aanbieding is daar gefokus op drie primêre gedagtes naamlik:

- Soeke na identiteit,
- Historiese identiteit en
- Dogmatiese identiteit.

Kyk gerus na die volledige aanbieding op die EG Kerk SA se YouTube-kanaal.

**Woordbediening**

Die feesgangers is deur voormalige moderators en lede van die moderatuur bedien met die Woord – besondere boodskappe uit die hart van God.

- **Wat het ons nog oor?** Die boodskap is gebring deur 'n voormalige moderator ds. Danie Janse van Rensburg (em.) met die teks van oordenking geneem uit **Hag. 2:3** ***Wie is onder julle nog oor wat hierdie huis in sy vroeëre heerlikheid gesien het? En hoedanig sien julle dit nou? Lyk dit nie net soos niks in julle oë nie?***
- **Wat ons moet weet omtrent die kerk in die eindtyd?** Die boodskap is gebring deur 'n voormalige moderator ds. Hennie Prinsloo (em.) met die teks van oordenking geneem uit **2 Tim. 3:1** ***Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom.***
- **Wanneer die Here teenwoordig is.** Die boodskap is gebring deur die huidige moderator dr. André Bester met die teks van oordenking geneem uit **Sag. 8:23** ***So sê die Here van die leërskare: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip (kleed) van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is.***
- **Hertoewyding.** Ds. Johnnie Gates (Saakgelastigde) het 'n paar kort gedagtes gedeel oor die feesnaweek se teksvers geneem uit **Ex. 10:9** ***En Moses antwoord: Ons wil gaan met ons jong mense en ons ou mense, met ons seuns en ons dogters; met ons kleinvee en ons beeste wil ons gaan, want ons wil 'n fees vir die Here hou.*** Hierna het ds. Gerrie van Dalen (Assessor) die feesgangers gelei in 'n toewydingsgebed, waarna ds.



Leraars en Emeriti teenwoordig

# fees tot eer van die Here: Konferensieterrein



Dr. Bester neem die Bybel in ontvangs van dr. Lindeque

Wimpie Snyders (Scriba Synodi) die bedankings gedoen het. Kyk gerus na die volledige boodskappe op die EG Kerk SA se YouTube-kanaal.

**Skenking van Bybel aan die Kerk deur die Bybelgenootskap van S.A.**
Dr. Gerhard Lindeque van die Bybelgenootskap van S.A. het spesiaal op Saterdag, 20 April 2024, die fees besoek en by die geleentheid is 'n Bybel en 'n sertifikaat aan die Kerk geskenk ter viering van die geleentheid. Voorop die Bybel is die woorde **EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SA 80 JAAR** gegraveer. Die Bybel is oorhandig deur dr. Gerhard Lindeque. Die Bybel sal by spesiale geleenthede gebruik word en is derhalwe die eerste keer gebruik tydens dr. Bester se woordbediening op Sondag, 21 April 2024, waartydens Nagmaal ook bedien is.

**Die Verjaardagkoek**
Ons is van mening dat almal sou saamstem met die vraag wat ds. Gates gevra het: *"Wat sal 'n verjaardagfees wees as daar nie 'n verjaardagkoek is nie?"* Ds. Wimpie Raath en sy kookspan was natuurlik bewus van hierdie kwessie en was ons almal een stap voor. 'n Baie besonder verjaardagkoek, 'n simboliese afbeelding van die Kerk in Durban, was gebak en kleurvol voorberei, nogal met 'n kerkklok wat regtig kan lui (ds. Gates het die klok laat lui as bevestiging).

Die koek is na die laaste byeenkoms die saal ingedra en op die verhoog laat staan en opgesny, daarna kon almal deel aan 'n skyfie koek of twee. Ons hartlike dank word ook uitgespreek teenoor ds. Wimpie en sy span wat gesorg het dat die mae vol bly en die dors nie te erg was nie. Die unieke spyskaart en bediening was regtig uit die boonste rakke.
Groot waardering is natuurlik uitgespreek teenoor almal wat bygedra het om die eetsaal so nostalgies as moontlik te kon maak, oral was daar foto's en artikels uit die argief en die heerlike samesyn was tydens etenstye opmerksaam opgewonde.

**Sangbediening**
Samesang, sangdienste en boodskappe in sang/musiek sal altyd sinoniem bly met byeenkomste en eredienste van die EG Kerk. Ook hier was dit die geval waar daar heerlik voor elke byeenkoms heerlik saamgesing is, onder die bekwame begeleiding van Andalé de Meyer en ds. Jurgens Prinsloo en sy span voorsangers. Saterdagaand se sangdiens, aangebied deur dr. André Bester was natuurlik ook sielvullend.
Ds. Wimpie se kookspan uit Bloemfontein is nie net in die kombuis bekwaam nie, maar het ook hulle musikale talente ten toon gestel. Die kwintet het so paar liedere gesing en die begeleiding met klavinova, kitaar en viool was besonder anders as gewoon. Die dienende predikante en emeriti het ook 'n boodskap in sang gebring deur die lied met die treffende woorde "getuig, getuig, vertel, vertel" te sing.

**Word vervolg op bl. 12**


Die koek van naderby

# 80-jarige danksegginsfees tot eer van die Here: EG Kerk SA te EDEN

**Besondere Eregaste**
Dit was belowend om so baie predikante en hul gades tussen al die feesgangers op te merk. Na afloop van die verrigtinge op Sondag, 21 April 2024, kon ons die predikante met hulle vroue, asook die studente met hulle vroue, oorreed om 'n wyle te vertoef vir die neem van foto's. Dit was ook 'n voorreg om die voormalige moderators se vroue saam met mev. Annatjie Bester te kon fotografeer, sien onder (mev. Annelie Prinsloo moes ongelukkig 'n vlug terug na die Kaap haal saam met haar gade).

**Boeresport** (sien ook agterblad)
Die tradisionele boeresport was gewis een van die hoogtepunte van die feesnaweek. Oud en jonk het met ywer en entoesiasme deelgeneem aan die program van die dag wat onder meer sakresies, toutrek, driebeenresies, waterballongooi, perderitte en naellope ingesluit het. Die naellope was hoofsaaklik 'n uitdaging tussen die jongeres en die emeriti – ons moet erken dat die emeriti die jonges 'n ding of twee kon bewys...
Besoek gerus die EG Kerk se Facebookblad vir meer foto's.

**Redaksie**


Die kwintet



**Mev. Annatjie Bester, mev. Maryna Coetzee en mev. Bettie van Rensburg**


**Verwelkoming deur die moderator, dr. André Bester, Vrydagaand met die eerste diens**



Nostalgiese versierings



Bediening van Nagmaal



Samesyn in die Eetsaal



# Hoe kón hy dit doen?

Vroueblad...

Hy moes geweet het dit gaan moeilikheid maak! Ag jinne, wat nou? Ons as vroue kan baie maklik in so 'n situasie kom, waar ek voel om vir my man te vra *'Hoe kón jy so iets doen?'* Dalk vra jy dit nie direk nie, maar wel in jou hart.

Ons lees van so 'n vrou, Abigail in 1 Sam 25.
Haar man het 'n baie onverantwoordelike ding gedoen! Baie ongeskik opgetree! Nie gedink wat hy doen nie en nie gedink met wie praat hy nie! Dit nogal met koning Dawid (wat reeds gesalf was).
Abigail was nie self teenwoordig toe dit gebeur het nie, een van hulle diensknegte het haar kom vertel. Sy het dadelik besef dat hier gaan nou groot moeilikheid kom!

**Ja-Nee! Hier is moeilikheid!**
Abigail het nie op haar laat wag nie! Sy moes iets doen! Iets doen… om te keer dat hulle gaan sterf of hulle plaas of eiendom verloor!
Abigail het dadelik die diensknegte bevel om kos en allerhande lekkernye en drinkgoed te pak en dadelik na Dawid toe te gaan met die "genade-kom-vra"-geskenk! Hulle moet solank gaan!

**Sy kom!**
Dawid was juis besig om op te saal en sy manskappe bymekaar te maak, na Nabal toe! Dawid sien die vrou aankom. Abigail kom nader, gly van die dier se rug af en kom val neer voor Dawid, op haar gesig! Bewend… soekend na genade, genade vir haar en haar man!
Abigail het absoluut staat gemaak op die genade van Dawid dat hy nie sal toegee aan die gevoel van vergelding teenoor Nabal nie. Sy het met groot wysheid en versigtigheid die saak aangepak (v 24 – 31)

**Dank die Here!**
Dawid het gehoor gegee aan Abigail se pleitrede. Dawid het bedaar en kalm geword en besluit om nie vir Nabal te gaan regsien nie. Dawid prys Abigail vir haar verstandige en tydige optrede. Dit het hom van onnodige bloedvergieting bewaar en gespaar! Groot dankbaarheid en verligting vir die vreedsame oplossing!

Gaan lees gerus 1 Sam. 25 en sien hoedat die verhaal verloop het. Kosbare verhaal! Die vraag is, kan ek iets hieruit leer, nou in 2024? Is daar iets wat ek met my kan saam neem?

As jy in Abigail se skoene sou staan… Wat sou jy doen? Wat sou jou reaksie wees?
Wat is jou reaksie as jou man 'n onverantwoordeike ding gedoen het?
Baklei jy? Veg jy?
Ons as vroue kan die moeilikheid óf aanblaas óf ontlont.
Dis waar wat die Woord se: "'n sagte antwoord keer die grimmigheid af".
Abigail se sagte antwoord teenoor Dawid het sy grimmigheid afgekeer.
Wees stadig om te praat en wees stadig om kwaad te word.
Ek en jy kan nooit 'n fout maak om dadelik die Koning van die hemel te gaan opsoek nie. Net daar waar jy is, kan jy stil-stil Sy raad en wysheid vra.
Abigail het eers koning Dawid gaan sien voordat sy haar met haar man gesels het.
Ek en jy kan 'n fout maak om eers met ons manne te raas of te verskil, gaan soek eers die Koning vd konings se raad en wysheid. Val voor Hom neer, pleit en vra vir Sy genade en hulp en wysheid in die saak. Praat met Hom, vertel Hom alles, al weet Hy dit! Verneder jou voor Hom, Hy gee aan die nederiges genade!

**Daar is 'n verkeerde tyd om met jou man te praat.**
Nabal was dronk toe Abigail by die huis kom. Hy sou nie kon luister of verstaan nie. Sy moes wag. Wag vir die regte oomblik.
Sy het nou daaroor gepraat en weer moet sy wag. Wag en kyk, wag totdat God die saak hanteer…?
Die Here het tot Abigail se hulp gekom, dinge is nou uit haar hande en in God se hande.

Jy voel dalk jy het daaroor gebid en niks het gebeur of verander nie, wat het dit gehelp? Dit het gehelp! Jy het Hom geken in al jou wee, glo dat Hy die pad sal gelyk maak. Onthou, elkeen gaan vir homself rekenskap gee voor God. Jy vir jou dade en hy vir sy dade.
Abigail kon Nabal nie verander nie, so kan ek en jy ook nie ons mans verander nie, net God kan!
Was Nabal dankbaar vir en teenoor Abigail? Dankbaar dat Dawid hom nie kom doodmaak het nie? Dankbaar dat hy nog sy eiendom het?
Nee! Hy was nie!
Sy was dankbaar, dankbaar met haar hele wese!
Abigail het gewag.
So moet ons ook doen… bid en wag!
Ons dank die Here vir Sy Woord!
Die Woord vol van ware verhale, verhale waaruit ons so baie kan leer.

'n Gedagte wat ons altyd moet onthou!
Niemand is volmaak nie, ook nie ons mans nie, hulle kan foute maak.
Mense (ook vroue) is soms geneig om God kwalik te neem as dinge verkeerd loop.
Al het jou man jou dalk teleurgestel moenie nou vir God kwaad wees nie. God alleen is volmaak!
As Abigail kwaad geword en kwaad gebly het vir haar man of vir koning Dawid, sou haar verhaal nie so mooi geëindig het nie.
Ons het begin met… hoe kon hy dit gedoen dit?!
Ons kan eindig met… Dankie Here vir U wysheid wat ek kon vra, in nederigheid.
Dankie Here vir die uitkoms… U hulp.
Dankie Here dat ek kan vergewe met U hulp.

**Mev. Elna Beukes**
**Boksburg**

# Oostelike Ringsvergadering te Witbank

Die Oostelike Ringsvergadering is Dinsdag 4 Junie te Witbank gemeente gehou - 'n baie koue wintersoggend het ons verwelkom.

Die volgende leraars is op die Ringskommissie verkies:

- Voorsitter – ds. Hennie Vorster (Kriel)
- Visevoorsitter – ds. Recardo Scholtz (Secunda)
- Skriba – ds. Willie Krige (Ermelo)
- Secundi 1 – ds. Jan du Raan (Standerton)
- Secundi 2 – ds. Wim Smith (Belfast)
- Secundi 3 – ds. Pieter Burger (Witbank)

Dit was opmerklik hoe die broederskap in die vergadering baie spesiaal was. Ons kon vir mekaar bid en die Here dank vir Sy getrouheid. Baie dankie vir elkeen se insette en deelname. Ons dank ook aan ons predikante dames wat die CVV & KB boeke nagesien het.

Na die verrigtinge het ons 'n heerlike middagete geniet met komplimente aan die dames van Witbankgemeente.

Ons eer die Here vir Sy teenwoordigheid.

**Oostelike Ring**









# Die L-a-a-a-n-gsame pad van...

# BETSHAN I, II en III


Die ontstaan, wording en groei tot 'n eie, volwaardige opleidingsinstelling vir predikante, sendelinge en evangeliste het deur die dekades 'n interessante pad geloop. Op dié pad was daar drie bakens, elkeen met sy eie stukkie prikkelende geskiedenis.

Soos met die totstandkoming van enige instelling was daar geen gebrek aan uitdagings, stryd en intriges op hierdie pad nie... maar ook 'n besondere getuienis van hoe God voorsien en ingegryp het dat die Kerk vandag oor 'n goed gevestigde Kweekskool beskik, met 'n unieke, eiesoortige karakter: Die Seminarie van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.

**BETSHAN I**

Pas na die stigting van die kerk op 21 April 1944 is afgestudeerde evangeliste as predikante aangestel omdat 'n eie opleidingsfasiliteit nog ontbreek het vir die jong, pasgestigte kerk. Die meeste van hierdie aanstellings was evangeliste – ook "pelgrims" genoem – wat deur ds. CF Scheepers opgelei was en aan die hoof gestaan het van 'n Krankebediening by Shanon, buite Bloemfontein.

Enkele opgeleide werkers van die interkerklike Afrika Evangeliese Bond [AEB] is ook in daardie vroeë stadium as leraars gebruik.



**Ds. CF Scheepers**



Ná die afsterwe van ds. Scheepers op Pinkstersondag, net meer as 'n maand na die Kerk gestig is, is die kranke-inrigting se terrein en geboue aan die Nuwe Protestantse Kerk (soos die EG Kerk tot 1986 bekend gestaan het) geskenk. Hierdie krankebediening is onder die naam BETSHAN bedryf – 'n naam wat mettertyd onlosmaaklik deel sou word die Evangelies-Gereformeerde Kerk se mooi geskiedenis.

Die besondere Goddelike genesingbediening en leringe daaroor deur ds. Scheepers sou een van die belangrike boodskappe word wat die EG Kerk steeds uitdra, nl. dat Christus se sterwe ook vir die genesing van die mens se liggaam is.

Opleiding van predikante het amptelik op 28 Feb. 1945 by hierdie gerief begin. Daarmee is 'n tyd lank volgehou tot dit weens probleme nie verder vir die doel gebruik kon word nie en opleiding 'n tyd lank gestaak is. Gevolglik het die sinode van 1950 besluit dat "Betshan verkoop sal word teen £8,000."

Daar was egter wel 'n ander fasiliteit beskikbaar, wat steeds Betshan genoem sou word. Die nood aan opgeleide predikante en 'n aantal vakatures het spoedige hervatting van opleiding genoodsaak. In dié verband is sinodale besluit 16/1951 van belang: "Die sinode besluit om die plek 'Opleidingskool' te noem en nie



Kweekskool nie, en dat dit geopen sal word aan die begin van Februarie 1952 om leraars en evangeliste op te lei." Die besluit is uitgevoer en opleiding is hervat en mee volgehou tot en met die Kerk se sinodale sitting in die tweede helfte van 1957.

Die heeltydse dosente was di. Jannie Prinsloo en PJ van der Westhuizen. By vermelde sinode is dié dosente se diens egter om bepaalde redes in belang van die Kerk se leer en karakter beëindig.

Daar was al in 1953 sprake van 'n verskuiwing van die Opleidingskool toe blykbaar oorweeg was om 'n huis op die opleidingskool se terrein te bou. Dit blyk uit sinodale besluit 10/1953: "Terwyl daar sprake is van verskuiwing van die Kweekskool, word nie

verder oor die bou van 'n woonhuis op Betshan gepraat nie."

Twee jaar later gee die sinode van die kerk hierdie verskuiwing verdere stukrag: "Die Sinode gee aan die Kerkbestuur opdrag om voort te gaan met die aankoop van Spaarwater-eiendom vir 'n Kweekskool" (Besluit 3/1955).

**BETSHAN II – SPAARWATER, NIGEL**

Onderhandeling i.v.m. vermelde terrein is afgehandel en aan die begin van 1957 het die Kweekskool vanaf die Vrystaat na die eertydse Transvaal verskuif. Spaarwater, geleë in Jamesonpark, tussen Nigel en Heidelberg, was 'n myn wat bedrywighede gestaak het en beskik het oor 'n onbenutte mynhospitaalgebou, enkele huise en 'n aantal klein arbeiderhuisies. Hierdie geboue was toe reeds jare lank in onbruik en sou byna 50 jaar lank die Kweekskool huisves en tuiste wees vir sinodale vergaderings en vele kerkkonferensies. Oor baie jare is die geboue met 'n beperkte begroting volgens behoefte aangepas, verander en ingeruim in deurlopende pogings om dit aan die doel te laat beantwoord.

Tydens die sinode van 1957 was die Kweekskool se voortbestaan vir 'n wyle in gedrang nadat die vergadering weens omstandighede rondom die doserende personeel 'n besluit moes neem ter wille van die Kerk se behoud en karakter.

Danksy 'n belangrike besluit, geneem by dieselfde sinode sou die ontwrigting as gevolg van dié besluit egter van korte duur wees met die beroep van Ds. Fanie Becker as prinsipaal (Besluit 10/1957). Ds. Coenie Smit (em.), wat die Kerk lank sou dien, was een van die eerste studente wat in 1958 begin het met sy opleiding onder ds. Becker en kort na hom o.a. ds. Floris Coetzee (later prinsipaal en moderator) en vele ander wat diep spore getrap het in die Kerk.

Die Kweekskool op Spaarwater sou 'n paar jaar moes wag voor die Betshan-naam weer amptelik sou herleef. By die sinode van 1960 word besluit… "Die naam van die gronde van die Kweekskool sal voortaan BETSHAN wees." By wyse van spreke kon toe van BETSHAN II gepraat word.

Herstelwerk en verbeterings aan die vooroorlogse gebou was deurlopend 'n probleem. By dieselfde sinode moes, te midde van 'n geldtekort, besluit word dat die betondak van die ou mynhospitaal herstel moes word. Die dak, wat later die vloer van 'n nuwe verdieping sou word, het oor baie jare weens krake erge lekprobleme opgelewer.

Emmers, sinkbaddens, konkas en selfs tydelike geute binne die gebou [!] wat soms vir dae aaneen lekwater moes opvang en herlei tydens reënbuie, is stil "getuies" hiervan!

In 1963 is 'n lening goedgekeur om in fases (tot in 1967) met die tweede verdieping van die gebou te begin. Om koste te spaar is studente se energie deeglik benut met sementmeng, dak opsit ens. Wyle di. Albert Woest, Frikkie Hattingh, Pieter van Vuuren (destydse huisvader) en Lambert van Sittert was van die "deeltydse kontrakteurs" wat saam met die studente die bouwerk getakel het! Ds. Willie Roux (em.) was die elektrisiën.

So is daar heelwat kamers en lokale toegevoeg en die lekkende dak het sy streke laat vaar! Met tyd is van die huisies vergroot en afdakke deur ds. Chris Pieters (em.) opgesit waaronder kookwerk tydens konferensies gedoen kon word.

Die Kweekskool by Spaarwater het deurentyd frustrasies opgelewer weens o.m. die gebrek aan 'n dienlike saal. Die saal van die hoofgebou was onprakties weens 'n aantal pilare wat uitsig en die ruimte belemmer het. Planne vir die bou van 'n nuwe een was beraam en geld daarvoor deur die susters van die Kerk (die CVV) al geskenk, maar dit is later laat vaar.

**Word vervolg op bl. 18**







# Die L-a-a-n-gsame pad van...

# BETSHAN I, II en III

Vervolg vanaf bl. 17

Na 'n aantal jare is reeds ingesien dat BETSHAN II nie aan die behoeftes voldoen nie. Tydelike huisvesting moes bv. in 'n stadium opgerig word toe hoë getalle studente ingeskryf het. Al in 1981 is dit te koop aangebied maar na vele jare: Steeds geen koper…

**BETSHAN III – PRETORIA**

Die soektog na 'n geskikte terrein of geboue het stilweg begin. Baie opsies is oorweeg, o.m. 'n perseel by Kameeldrif by Pretoria (Shalomterrein gedoop), 'n perseel by Nigel (waar R86 000-00 net aan bouplanne alleen bestee is!), 'n ou motel, die Kerk se Edenkonferensieterrein (aan die Molotopad) en selfs 'n ou kloosterkompleks by Kroonstad is na gekyk en oorweeg.

Via ds. Bill Barkley (em.), destyds leraar van Centurion, kruis die Kerk se paaie met 'n eiendom by Rooihuiskraal, wat teen R375 000-00 aangekoop is met fondse wat wyle ds. Floris Coetzee, eertydse prinsipaal, by gemeentes van die kerk gewerf het. Die infrastruktuur is volledig ontwikkel en die lap grond sou die uiteindelike staanplek van die Kweekskool word... totdat 'n geldgebrek dit tot stilstand sou dwing.

Maar tog sou die Here beskik dat dié grond ondenkbaar hoë diwidende sou oplewer!

In 2002 kom 'n massiewe deurbraak toe 'n koper na vore tree om teen R12 000 000-00 hierdie deel van die Rooihuiskraaleiendom te koop. Dit het die dinamika van die saak totaal verander. Nou kon die Kerk eerder daarmee 'n reeds geboude eiendom koop, veral ook omdat Betshan se verkoop op 'n veiling op hande was.

In dié soektog kruis die Kerk paaie met die Espada Ranchterrein, 'n konferensie- en funksiegerief by Tiegerpoort, oos van Pretoria teen R7 500 000-00. Die Kerk besluit om dit te koop, maar dit was 'n moeilike transaksie. Baie benoude waters het in die see geloop in 'n uitgerekte kooptransaksie wat dit byna gekelder het. Baie worsteling in gebed en mooipraat-onderhandelings het gevolg.

Omdat die kooptransaksie onderhewig was aan die verkoop van die Rooihuiskraalgrond, wat op sy beurt weer onderhewig was aan 'n uitgebreide geologiese opnameverslag, is 'n maande lange tyd van frustrasie ingelui. Die hele transaksie was op die rand van ineentuimel en die Kerk is selfs met 'n regsgeding gedreig weens 'n sloerdery waaroor die Kerk geen beheer gehad het nie.

Dit was baie spanningsvol en het baie mooipraat, worstel in gebed en absolute vertroue op die Here geverg, aldus dr. Willie Kotzé, toe die prinsipaal, wat sentraal gestaan het in die hele sage saam met 'n spesiale kommissie van die Kerk. Hy vertel lang ineengestrengelde intrigeverhale hoe hy moes veg om 'n dreigende kansellering af te weer deur o.m. hoër okkupasiehuur en ekstra vergoeding weens die ontwrigting aan te bied. Uiteindelik is die finale dokumente deur beide partye onderteken en was die Kerk se nuwe Kweekskool "in die sakkie!" Retrospektief beskou was dit alles egter een groot wonderwerk waarin God se hand te sien was!

In Maart 2005 kon die "ou kweekskool" by Nigel oplaas gegroet word nadat dit 'n koper op 'n veiling gekry het. Die "groot trek" na Espada Ranch was op die Paasmaandag. Die sug van verligting na alles se sterkte kon byna 'n Hoëveldse stofstorm laat opsteek!

Met die Rooihuiskraaltransaksie wat deur was, was daar ook nou reserwefinasies om die terrein by Espada Ranch volgens die Kerk se behoefte uit te brei en in te rig en is o.m. vier dosentewonings, nog studentebehuising en parkeerafdakke opgerig en veranderings aan die hoofgebou gedoen. Die hele projek is befonds met verdere verkope van gedeeltes van die terrein by Rooihuiskraal, telkens net op die regte tyd. Geen las is op die Kerk se begroting gelaai nie.

En na al hierdie dinge breek daar 'n baie spesiale Saterdag aan op Espada Ranch se terrein: 5 April 2005: Die "moeilik-gebore baba" – die EG Kerk se sierlike Kweekskoolkompleks met sinodale ouditorium en ander geriewe – word die dag dankbaar aan die Here toegewy.

Boonop word dit toe ook amptelik as BETSHAN III hernoem.



**Die inligting vir hierdie artikel is nagevors en beskikbaar gestel deur dr. Willie Kotzé (em.)en word met erkenning en dank van hom gebruik.**

# Gelukwensing op 80 jaar se bestaan

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is saam met u as Kerk dankbaar vir die Here se seën en genade oor die afgelope 80 jaar. In die vyf jaar sedert die 75ste feesjaar was daar ook heelwat hoogtepunte wat die Bybelgenootskap se werk aanbetref.

- In Augustus 2020 kon die Bybelgenootskap deur die genade van die Here 200 jaar van Bybelwerk in Suid-Afrika vier.
- In die tyd is drie nuwe vertalings van die Bybel deur die Bybelgenootskap van SA bekendgestel naamlik die Engelse Bybel vir Dowes, die nuwe isiZulu Bybelvertaling sowel as die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans.
- In 2023 kon ons met dankbaarheid die 90ste bestaansjaar van die Bybel in Afrikaans vier. Die eerste Bybel in Afrikaans het in 1933 verskyn. Hierdie vertaling is in 1953 hersien en is vandag nog die vertaling wat deur baie kerke as die vertaling van voorkeur gebruik word. Oor die jare heen sou die Afrikaanse Bybel 'n enorme bydrae lewer tot die geestelike vorming van baie mense in ons land sowel as tot die ontwikkeling van Afrikaans as taal.

Die Bybel is belangrik. Dit is die bron van ons geloof in God en dit was oor die eeue heen nog altyd die instrument waardeur God se Gees ons leer, troos en lei deur die lewe. Die Bybel bevat die lewegewende boodskap van God se liefde vir die wêreld waardeur die mens deel kry aan God se genade en verlossing.
Dit is steeds die Bybelgenootskap se visie dat deur die krag van God se Gees die beskikbaarstelling van die Bybel as die Woord van God, sal lei tot geestelike herlewing en genesing. Ons is daarom bly vir die kosbare vennootskap tussen die Kerk en die Bybelgenootskap.
Baie dankie vir u getroue ondersteuning. Mag u in die toekoms steeds die Here se krag en genade ondervind.

**Dr. Gerhard Lindeque**
**Streek-leier: Bybelgenootskap van SA**




## VROUEKAMP 2024
### KERK & VROUWEES – 80 JAAR VIERING

**Sprekers: Dr. André Bester, di. Gert Coetzer, Jurg Prinsloo, Wimpie Raath, Thys Loubser en mev. Bettie van Rensburg**

**Datum: 11 – 13 Oktober**
**Plek: Cyara Kampterrein**
**Registrasietyd: 16:00**

Volwassenes: R 870.00 per persoon
Kinders onder 12: R 600.00
Kinders onder 5 jaar: R 320.00

**Bankbesonderhede:**
**EG Kerk Vrouekamp – ABSA – 909 738 0218**
(gebruik asb. U naam & u gemeente se naam as verwysing)

Stuur asb. bewys van betaling na die volgende e-posadres: egkerk.vrouekamp@gmail.com saam met u bespreking
**Geen whatsapp / telefoniese besprekings sal aanvaar word nie!**

**Navrae i.v.m. besprekings / betalings, kontak: mev. Carina van Niekerk - 083 468 6615**

# Boeresport
















# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 79 • September/Oktober 2024 • #659



- Bewaar jou Pand
- Duurwerk gaan voort
- Josef die voorspoedige man

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

# ...van die Redakteur

Ons groet u liewe leser met die woorde van **Miga 7:7** ***Maar ek sal uitsien na die Here, ek wil wag op die God van my heil, my God sal my hoor.***

Terwyl ons in hierdie 80ste bestaansjaar talle herinnering oproep hoe God ons gedra het, het ek het so bietjie gaan delf in die Feesuitgawes van die verlede en 'n paar skatte ontdek wat ek graag met u deel:

"Op 21 April 1944 het God in Sy groot genade hierdie Kerk die lig laat sien. Nou praat God met ons uit **Deut. 8:2** waarin Hy ons noop om ag te gee op wat ons wedervaar het: ***En jy moet dink aan die hele pad waarlangs die Here jou God jou nou veertig jaar lank (in sy lankmoedigheid) gelei het."*** 40 Jaar Feesuitgawe, Die Nuwe Protestant – April 1984.

"Die pad vorentoe is gerig op Jesus, ons Leidsman en Voleinder van die geloof. Hy en Hy alleen is die weg vir ons. Die wekroep vir die weg vorentoe, nou meer as ooit in die verlede, vind ons in die woorde van die Here Jesus in **Luk. 12:35** ***Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand."*** 60 Jaar Feesuitgawe, Evangelies-Gereformeerde Kerkblad – Maart/April 2004.

"Sal ons as Kerkgenootskap ons nie in ware ootmoed voor die Here buig in hierdie tyd en Hom van harte soek vir uitkoms nie? Sal ons daarmee saam die wonderlike Evangelieboodskap van Jesus Christus wat Hy aan ons toevertrou het met nuwe krag en ywer verkondig en uitleef, **sodat die duisende mense met wie ons in aanraking kom werklik kan besef dat die Here Jesus ons enigste antwoord vir die toekoms is."** 80 Jaar Feesuitgawe, Evangelies-Gereformeerde Kerkblad – Maart/April 2024.

**1 Sam 7:12** ***… Tot hiertoe het die HERE ons gehelp.***


**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Francois du Toit (gekoöpteer), Johnnie Gates, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger



**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad

E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com

Sel: 082 401 6937


Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.


**Kopiereg © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**



**Voorblad:** *Geel Tulpe* - **Julita Weyers**

**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn



**Jaargang 79**

**September/Oktober 2024**

**Uitgawe #659**


# INHOUD


3 **Bewaar jou Pand**

4 **Die dominee van Eilenburg**

6 **Uit die Argief:** Duurwerk gaan voort

7 **Die doop van Sion van der Merwe**

8 **EG Kerk Kemptonpark vier 50 jaar van God se genade**

9 **Warmbad vier 80 jaar feesnaweek**

10 **Josef die voorspoedige man**

12 **Betshan - Waar geroepenes gevorm word vir die bediening**

14 **Vroueblad:** Gaan ons dit oorleef?

16 **Aangename Kennis:** Ds. Woodford Kotzé

17 **Goudveld verwelkom nuwe leraar**

18 **Pretoria-Tuinekoor hou reünie na 20 jaar**

19 **Boksburggemeente ontvang nuwe leraar**


## Intekening en betaling

Intekengeld beloop R120 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**

Takkode: **250054**

Rek. no.: **5244 363 2023**

Verwysing: **KB-Naam en Van**

Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@gmail.com

# Bewaar jou Pand

## Aanslae op die Evangeliese karakter van ons Kerk

**1 Tim. 6:20-21 *o Timótheüs, bewaar jou pand en vermy die onheilige, onsinnige praatjies en teëwerpinge van die valslik sogenaamde kennis, 21 waarvan sommige belydenis gedoen het en, wat die geloof betref, op 'n dwaalweg geraak het. Mag die genade met jou wees! Amen.***
**2 Tim. 3:14 *Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het.***

Die stigting van die Nuwe Protestantse Kerk was bedoel om die evangeliese aard van kerk-wees nuut te vestig. Van meet af is die viervoudige boodskap, naamlik redding, heiligmaking, goddelike genesing en die Chiliastiese wederkoms boodskap aanvaar. (Chiliasme bevorder 'n sielelas opmerklik). Vir talle kinders van God was dit die boodskap wat hulle vroeër juis in die NG Kerk gehoor het. Daarom is oor die jare ten regte die aanspraak gevestig dat ons onder die gereformeerde vaandel vaar.

Regoor suider Afrika was daar 'n indringende behoefte en soeke na hierdie boodskap. Van ons eerste predikante was oortuig dat juis hierdie boodskap die rede was vir die ontstaan en voortbestaan van ons Kerk. Kerkregtelik wel nie, maar hulle bedoeling was dat as hierdie boodskap nie meer verkondig word nie, daar nie meer rede vir ons voortbestaan sou wees nie. Ons gereformeerde wortels het effektief voorkom dat Die Nuwe Protestantse Kerk haarself met die Pinkster/Charismatiese groepering kon vereenselwig. Oor al die jare het ons dan ook min skade gely na die Pinkster-kant toe, hoewel dit wel sporadies en periodiek gebeur het. Ek onthou vanuit my skooldae dat daar enkele verliese daarheen was. Diesulkes het egter uit die Kerk uit beweeg en nie van binne ondergrawe nie.

Aan die ander kant het ons evangeliese komponent voorkom dat ons in 'n rigiede Calvinisme sou verstar. Dit het inteendeel juis die uitdra van die vierledige kruisboodskap bevorder en talle mense se lewens omskep. Harte, lewens en liggame is vernuwe, verkwik en genees.

Die Kerk het egter oor al die jare nie ongeskonde daarvan afgekom nie. Satan haat die werk van die Here en poog voortdurend om dit te knou of te verydel. In ons uitsonderlike omgewing het hy telkens sy aanslae gerig op ons evangeliese komponent. Sy pogings was en is steeds om hierdie kosbare vierledige kruis boodskap, te ondergrawe – telkens van binne.

Daar is, volgens my waarneming, vier pogings waar hierdie dinamiese boodskap, wat die Here aan hierdie kerk toevertrou het, onder skoot gebring is. Ek probeer elk hier uitlig.

**1. Die eerste was gedurende die eerste drie jaar na die stigting.** Die De Vos broers en andere het ten aanvang hierdie vierledige boodskap van harte omhels en aanvaar. Ongelukkig is dit eindelik toenemend misken en die evangeliese komponent ondergrawe. De Vos het later die boodskap van heiligmaking, goddelike genesing, wederkoms en selfs die konferensies begin afmaak. Die evangeliese karakter het sterk onder skoot gekom. Daar was egter terselfdertyd eerbare en toegewyde godsmanne met grondige Woord kennis en insig wat vas daarby bly staan het. Ek was bevoorreg om verskeie van hulle te ken en onder hulle hand gevorm te word. Manne van integriteit. Ondanks baie skade het die Kerk met hierdie viervoudige boodskap voortbestaan en gegroei.

**2. Die tweede was toe di. Jannie Prinsloo en van der Westhuizen 'n dekade later as dosente aan die kweekskool aangestel is.** Die Kerk het dit as 'n uitkoms van bo gesien, om sulke toegewyde en akademies kundige mense as kweekskoolpersoneel te ontvang. Prinsloo se aanspraak was egter van meet af duidelik dat hy die gereformeerde leer streng sou navolg. Vir die jong kerk was dit nie 'n probleem nie, omdat sy haarself juis as gereformeerd geag het. Die begrip van gereformeerd, saam met die evangeliese komponent, het egter nie vir almal dieselfde beteken nie. Die evangeliese aard en die unieke boodskap van die Kerk is hiermee egter wesenlik ondergrawe. Studente is hiervan vervreem. Prof. Adrio König (wat toe ook 'n student was) het later gesê dat ds. Prinsloo eintlik van die eerste oomblik af Die Nuwe Protestantse Kerk ondermyn het. Die Kerk het geleidelik bewus geword dat ons vierledige boodskap erg ondermyn word. Eindelik is die twee leerkragte met die Sinode van 1957 van hul pligte as dosente en leraars onthef. (Daardie sinode-notule is in my pa se handskrif aangeteken). Dit was weer 'n gevoelige slag. Bykans helfte van die kerk en ampte en studente het die Kerk verlaat. Die verliese was sodanig dat sommige blykbaar gemeen het dat die kweekskool sou sluit. Nogeens was daar die eerbare en toegewyde godsmanne wat vas bly staan het. Die Sinode het met vaste oortuiging besluit dat die kweekskool wel in 1958 met ds. SJ Becker as prinsipaal sou heropen. Die Kerk het dit ook oorleef en weer gegroei. Die boodskap is behou.

**3. Die derde aanslag het op 'n veel breër front gekom, ongeveer twee dekades later,** toe die kweekskool 1978 met Unisa geaffilieer het. Dit kon die kerk vanuit sekulêre akademie eindelik geheel van ons evangeliese aard gestroop het. Die aanslag is enkele jare later deur genade ook afgeweer. Dit is in 'n ander artikel hanteer. Tragies egter dat elke aanslag tot 'n mate 'n akademiese ondertoon gehad het.

**Vervolg op bl. 5**

# Die dominee van Eilenburg

Onlangs het 'n boeiende artikel op Whatsapp verskyn. Dit gaan oor 'n predikant, ds. Martin Rinkart (geb. 23 April 1586 oorl. 8 Des. 1649) en sy gemeente van sy geboortedorp Eilenburg in Duitsland. Die gebeure speel af teen die agtergrond van die 30-jarige oorlog wat in Europa gewoed het gedurende 1618 tot 1648. Die uitwerking wat dit op hom, sy vrou, sy twee kollegas, sy gemeente en Eilenburg gehad het, word kortliks soos volg op die sosialemedia aangehaal:
*"Hierdie dominee, 'n Duits-Lutherse predikant, was gedurende sy bedieningstyd in Eilenburg, wat deel was van die oorlogsone. Daar was armoede, broodgebrek en hongersnood, terwyl soldate geplunder het vir kos. 'n Plaag breek uit in 1637 ten koste van 8 000 lewens in Eilenburg wat ook sy vrou, en twee kollegas insluit. Hy sukkel om kos op die tafel vir sy kinders te sit terwyl hy man alleen 40 tot 50 mense per dag moes begrawe, in totaal 4 480 mense daardie jaar. Boonop plaas die Sweedse weermag 'n geweldige hoë belasting op die stad. Hy roep die stad op tot gebed en deur God se toedoen word die belasting drasties verminder. Dit was in 1636 toe hy die beroemde gesang "Nun danket alle Gott" skryf i.p.v. 'n klaaglied wat eintlik meer gepas sou wees".*

Om meer perspektief aan die oorweldigende mense-nood en ellende wat gedurende hierdie oorlog geheers het te gee, word dit beskou as een van die verwoestendste konflikte in Europese geskiedenis. Dit het aanvanklik tussen Protestante en Katolieke in die Heilige Romeinse Ryk sy ontstaan gehad, terwyl Frankryk aan die einde as "oorwinnaar" sou uittree. Bevolkingsgetalle in lande soos Duitsland en die Lae Lande en Italië het aansienlik gedaal.

Dit was 'n tyd toe leërmagte hulle eie fondse moes genereer. Dit het hulle deur belasting en buit bekom in die gebiede waar hulle gestasioneer was. Hierdie wettelose oorlogsmagte het ook geplunder en vergryp om 'n groter vyand soos bankrotskap te vermy.
Die inval op 20 Mei 1637 in Maagdeburg, 'n beduidende stad in Duitsland, is 'n sprekende voorbeeld van slagting op burgerlikes en word soos volg deur historici beskryf:
"Die Maagdeburgse burgers is as voëlvry beskou en tydens die verowering is 'n ongekende aantal gruweldade gepleeg soos rooftogte, verkragtings en moorde. Dit het ook kinders en volwasse burgerlikes ingesluit. Die bestorming van die stad word as die grootste en skokwekkendste massaslagting van die 30-jarige oorlog beskou. Die bevolking van 35 000 daal so laag as 450 in 1639. Dit is eers in die 19de eeu dat Maagdeburg weer sy oorspronklike bevolkingstal bereik."

Ds. Rinkart, wat ook 'n begaafde musikant was, skryf en toonset die gesang "Nun danket alle Gott" (Kom dank nou almal God) in die jaar 1636. Dit is merkwaardig dat hierdie predikant nie platgeslaan was deur die ergste en onmenslikste omstandighede denkbaar van sy tyd nie. Gegewe dit, sou enigiemand hom kon verkwalik indien hy die aaklige werklikheid rondom hom met die Apokaliptiese gebeure van die boek Openbaring kon vereenselwig het? Nogtans skryf hy in die tweede vers die volgende:
*"O God, so ryk en goed, gee ons solank ons lewe, Altyd 'n blye hart, as dit U wil is, vrede."*
Hy, ds. Rinkart, begeer 'n blye hart en vrede terwyl die oorloë om hulle vir nog etlike jare sou woed. Die afwesigheid van oorloë hier aan die suidpunt van Afrika is net genade en ons gebede moet getuig van dankbaarheid.

Die onverwagte wrede en onmenslike aanval van Hamas terroriste teen Israel op 7 Oktober 2023, wat gepaard gegaan het met moorde, verkragtings en vergrype hoofsaaklik net op burgerlikes, behoort die rooi ligte te laat flikker en ons uit ons gemaksone te skok. Hier is 'n ernstige wekroep om ons gebedslewe na 'n hoër vlak te neem.

**Ef. 6:18 *... terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.***
Maar wat sal gebeur as ons die onderlinge byeenkomste verwaarloos?
**Hebr. 10:25 *... en laat ons ons onderlinge byeenkomste nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.***

Lidmate se bywoning van oggend- en aanddienste is nodig vir geestelike groei, terwyl die Woensdagaandbidure kontinuïteit aan hierdie groeiproses sal gee. Die bywoning van reekse soos Pinkster, die Wederkoms e.a. is eweneens net so noodsaaklik. Dalk het ons ook die opdrag om mekaar te vermaan waar nodig, waarskynlik vergeet of moontlik afgewater? **Hebr. 3:13 *Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.***
Die begrip Ekklesia (die kerk van Christus) noodsaak ons om aandag hieraan te gee. As voorbeeld neem dit ons na **1 Pet. 2:9 *Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig...***

En nou 'n ongemaklike vraag of desnoods 'n vermaning aan ons almal: "Stel die Ekklesia 'n voorbeeld aan ander wat nog 'buite staan' deur kerkrade wat leiding gee met hulle bywoning van hierdie byeenkomste?"

Die Koinoniagemeenskap (Koinos in Grieks) van die Heiliges verdien ook spesiale vermelding en word deur geestelike verwaarlosing gestriem. Dit is nodig dat ons verstaan wat Koinonia beteken en veral as uitstaande voorbeeld na die innige vereniging tussen Jesus en sy dissipels te ver-

wys. **Luk. 22:15** ***En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly.***
**1 Kor. 1:9** ***God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met Sy Seun Jesus Christus, onse Here.***

**Wat beteken Koinonia dus vir die gemeente?**
• Dit is 'n hegte vereniging van die kerk van Christus waar almal deel het aan gemeenskaplike belange soos die Nagmaalviering.. **Luk. 22:17 en 19** ***En toe Hy 'n beker geneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle. 19 Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.***
• Dit behels 'n gesindheid van welwillendheid en belangstelling in 'n verhouding waar vrygewigheid, medemenslikheid en altruïsme (liefde vir ander) deel van is. **Ef. 4:15-16** ***maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus 16 uit wie die hele liggaam – goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate – die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.***
• Dit is 'n teken van broederlike liefde. **Rom. 12:10** ***Wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning.*** Dit sluit ook in die gee van geskenke. **Ester 9:19** ***Daarom maak die Jode wat buite in die onbemuurde stede woon 'n dag van vrolikheid en maaltyd en 'n feesdag waarop hulle mekaar lekkernye stuur.***
• Koinonia maak ook sterk appèl op deelname, d.w.s. om deel te wees van iets wat onontbeerlik is vir gemeentes. **Hebr. 3:1** ***DAAROM, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus.***

Nou moet ons eerlik wees en onsself die vraag vra: "Ken ons Christus Jesus intiem en geniet ons Hom persoonlik?" Ons kan hierdie oproep tot eenheid nie belangrik genoeg ag nie. Dus, die Ekklesia, hulle wat die wedergeboorte deelagtig is, kom eerste en daarna sal die Koinonia volg. So kan ons die geestelike leiers van ons gemeentes 'n verleentheid spaar deur te volhard in ywer en deelname in dinge wat die gemeente opbou.

Iemand soos Andrew Murray, 'n gevierde kerkman wat sterk herinner aan Henog wat met God gewandel het, pen die volgende neer *"Dit is werklik onbegryplik dat mense kan sê*



By http://www.heiligenlexikon.de/BiographienM/Martin_Rinckart.html, Public Domain, https://commons.wikimedia.org/w/index.php?curid=3098715

*dat hulle onmoontlik die tyd kan vind om 'n kwartier of 'n halfuur vir God af te sonder. Vir 'n vriend wat ons besoek, vir 'n samekoms waarin ons graag wil deel, vir iets waaruit ons voordeel of plesier kan trek kry ons altyd 'n tydjie afgeknyp..."*

**Filip. 2:5, 13-14** ***Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus was 13 want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae... 14 Doen alles sonder murmurering en teëspraak.***

Dan kan ons ds. Rinkart se gesang "Nun danket alle Gott" (Kom dank nou almal God) by ons onderlinge byeenkomste met 'n hart vol blydskap en vrede sing.

**Koos Cronjé**
**George**

# Bewaar jou Pand

## Vervolg vanaf bl. 3

Die Kerk is nie anti-akademies nie, maar elke aanslag het wel akademiese ondertone gehad. Die wesenlike bedreiging was egter dat die viervoudige kruis boodskap telkens in gedrang was.
**4. Die vierde aanslag was meer subtiel en ook langdurig.** Dit het voortgevloei vanuit die vorige aanslag. Die deure is geopen vir vele akademiese insette wat ongelukkig nie almal bevorderlik was nie. Verdere studies en selfs proefskrifte het gevolg. Sommige het ongelukkig ook die evangeliese karakter van die Kerk in gedrang gebring, die boodskap verkleineer en weerspreek. Stemme uit sekulêre oord, vreemd aan ons eie Skrif verstaan en begrip, word nagevolg. Geleidelik kom ons Skrif insig in gedrang en ons kosbare boodskap ondergrawe.

Die skade het oor tyd gekom. Verskeie van ons predikante het die afgelope jare bedank met gepaardgaande (soms gedeeltelike) miskenning van hierdie unieke vierledige boodskap wat die Here aan ons toevertrou het. Dit is juis dit wat ons van meeste kerke onderskei en ons unieke doel en roeping bevestig.

Dit sal ons baat om liewer deurlopend in die raad van God te staan, dat Hy die besondere boodskap vir ons deurlopend weer en weer vars en nuut sal oopbreek. Dit is veel beter as die raad van akademici wat die Woord telkens 'n ander betekenis wil gee. Onthou dat die duiwel telkens logiese, boom van kennis, aas gebruik. Hou by Paulus se opdrag aan Timótheüs. **1 Tim. 6:20-21** *o Timótheüs,* ***bewaar jou pand*** *en vermy die onheilige, onsinnige praatjies en* ***teëwerpinge van die valslik sogenaamde kennis, 21*** *waarvan sommige belydenis gedoen het en, wat die geloof betref,* ***op 'n dwaalweg geraak het.*** *Mag die genade met jou wees! Amen.*

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

Uit die Argief

# Duurwerk gaan voort

Sendingwerk is nie goedkoop nie. Dit is die allerduurste werk wat op aarde gedoen word – bedoelende, nie so duur as dit in rand en sent en tyd en opoffering bereken word nie, maar wat dit Jesus gekos het om uit al die volkere van die wêreld vir Hom 'n nakroos te versamel. Hy moes sy siel as skuldoffer aanbied (**Jes. 53:10**). Dit het niks minder as die lewe van die Seun van die mens gekos nie! Dit is die duur prys wat Hy moes betaal om 'n verlore mensdom te red. Hierdie duurwerk gaan vandag nog voort en God is steeds besig om die nageslag van sy Seun, wat Hy met sy bloed gekoop het, uit al die volke van die wêreld te versamel.

**Die begin en voortgang**

Die duurwerk van die EG Kerk SA se sendingaksie het amptelik tydens die sinode van 1949 begin by die verkiesing van die eerste Sinodale Sendingkommissie. Kerkplanting onder ander bevolkingsgroepe is sedert 1951 in swang. Tot en met 1992 is 24 gemeentes in swartgemeenskappe geplant, 10 in die bruinen 2 in die Indiërgemeenskappe. Sodoende het die "Evangelical Reformed Church" en die "Evangelies-Gereformeerde Kerk" onder genoemde gemeenskappe tot stand gekom.

**Buitelandse drome**

Tydens die sinode van 1951 is moontlikhede bespreek en ideale gekoester om ook in die buiteland betrokke te raak, maar vir jare was daar geen verwikkelinge in dié opsig nie. In 1982 is Etha Pretorius na die Filippyne en in 1984 is ds. Jan en Marié Coetzer vir taalstudies na Frankryk om later met sendingwerk op die eiland Mayotte te begin, sonder enige amptelike kerklike ondersteuning.

**Besonder mense**

Verskeie glansryke figure het deur die jare besondere diens onder moeilike omstandighede binne SA onder ander bevolkingsgroepe gelewer, waaronder di. C. Naude, P. Smit, H. Steyn, C. Smit (Maranata Bybelskool), M. Kukkuk en A. Woest, asook eerw. C. van Niekerk en C. de Villiers. Di. A. van Niekerk en K. Grobler was voltyds by opleiding in Hammanskraal betrokke. Daar was ook verskeie kommissies wat noemenswaardige bydraes gelewer het.

**Vernuwende wending**

Na 'n baie stil tyd in dié afdeling van die kerk se werk, is ds. Thys Loubser tydens die Sinode van 1992 as Sendingorganiseerder van die Kerk beroep. Op 13 Oktober 1992 het Aksie 1:8 die lig gesien en het die werk weer koers gekry onder die toesig van die SSK. Die doel met die Aksie was om wanpersepsies rondom sending uit die weg te ruim en elke gemeente van die kerk persoonlik by die evangelisering van die wêreld betrokke te kry deur te bid, te gee en sendelinge aan te neem, uit te stuur en te versorg. Die sendingtaak moes terug na die plaaslike gemeente, soos Andrew Murray reeds by die draai van die vorige eeu gepleit het.

**Evangeliese aktiwiteite**

Duisende mense word deur genoemde sendelinge met die evangelie bereik d.m.v. spesiale veldtogte, persoonlike evangelisasie, korttermynuitreike, kerkplanting en gemeentebou, Woordverkondiging, vertoning van die Jesus-film en andere, verspreiding van die Bybel en traktaatjies en radio-uitsendings. Talle mense kom tot bekering en vind verlossing in Jesus deur al hierdie evangeliese aktiwiteite.

**"Leer hulle"**

Geroepenes word opgelei by die Thlalasong Bybelskool te Hammanskraal en die EGB vir afstandsonderrig. Opleiding en dissipelering word ook behartig in samewerking met die Timótheüs Opleidinginstituut.

**Bedrywige sendingkantoor**

Die sendingkantoor, wat in 1993 heropen is, funksioneer goed en word deur vier persone behartig. Omvangryke administratiewe take word verrig. Alle ondersteunings- en operasionele aksies word vanuit die kantoor gekoördineer en gefasiliteer. 'n Nuusblad, met terugvoering uit die sendingveld, sien gereeld die lig. 'n Gebedskalender is jaarliks beskikbaar, wat voorbidders begelei om daagliks vir sendelinge en onderskeie bedieninge te bid.

**MOB vir die toekoms**

Op pad die toekoms in is ons uitgedaag om te volhard en gerig op drie fokuspunte nl.: Mobilisering, Opleiding en Bereiking (MOB).

**Mobilisering.** Elke Bybelse en evangeliese gemeente moet 'n helder begrip hê van haar rol in die evangelisering van die wêreld. Mobilisering van die kerk behels die proses om lidmate vanuit 'n "passief-kerkbanksittende-seën- ontvangende" posisie na 'n aktiewe lewende entoesiastiese missionêre betrokke en strategiesdinamiese uitlewing van die Groot Opdrag te verskuif.

**Opleiding.** Geestelike leiers moet opgelei en toegerus word om te gaan en ander te leer. Deeglike nasorg moet gedoen word. Jesus het gesê: "Gaan dan heen, maak dissipels en leer hulle…" Goeie opleiding en geestelike toerusting is integraal deel van die Groot Opdrag!

**Bereiking.** Die verlore wêreld moet met die beste nuus van Jesus se koms vir sondaars bereik word op elke en enige moontlike manier. Elke land, stad, dorp, gemeenskap, familie, of etniese groepering moet binne elk van 'n evangeliese getuienis en kerk gebring word. Daarom is dit ons droom om elke kind van God te betrek by die Groot Opdrag, want elke hand, almal se talente en gawes is nodig om hierdie groot taak uit te voer. Net hierdie geslag gelowiges is verantwoordelik vir en kan hierdie

geslag verlorenes bereik.

**Onveranderlike oortuigings van gister ook vir more**

Ons sendingaksie en bogenoemde drie fokuspunte is gefundeer in drie onveranderlike oortuigings nl. Die Groot Opdrag (**Mat. 28:18-20, Hand. 1:8**) moet letterlik opgeneem word; sonder eenheid is die taak onmoontlik; en laastens gebed sal elke struikelblok in die pad verwyder en deurbrake moontlik maak.

**Strewe na vroeë kerk evangelisasie op pad vorentoe**

Die vroeë kerk waaroor dr. Lukas in die boek Handelinge skryf se evangelisasie- en sendingaksie was sonder twyfel baie suksesvol. Dick Eastman wys drie eienskappe uit waarom die vroeë kerk sukses gehad het en waarom ons ook vandag suksesvol kan wees in die voltooiing van die Groot Opdrag:

**Dit was eenvoudig.** Dorpe, stede, sinagoges, strate, huise en stadspleine is deurweek met die evangelie. Eenvoudig net daar waar die mense is, woon en werk, elke volk, taal en nasie t.s.v. die Sanhedrin se verbod, het die evangelie in die hele Jerusalem rondgelê (Hand. 5:28). Na twee jaar het al die inwoners van die provinsie van Asië, Jode sowel as Grieke, die Woord van die Here gehoor onder die bediening van Paulus (Hand. 19:10). Hy het van huis tot huis gegaan en sy navolgers so geleer (Hand. 20:20). Doodeenvoudig!

**Dit was sistematies.** Ongeleerde en eenvoudige manne (Hand. 4:13) het sistematies met 'n plan gewerk en die enigste Naam van redding (Hand.4:12) onder die volk versprei, dag vir dag, in tempels, van huis tot huis, van persoon tot persoon. Dit was 'n plan van totaliteit. Nie een mag oorgeslaan word nie!

**Dit was strategies.** Jesus het die strategie in Hand 1:8 deurgegee en so verhaal Lukas hoe die vroeë kerk in Jerusalem – plaaslik (Hand. 2-7), Judea – provinsiaal/nasionaal, Samaria – transkultureel (Hand. 8:12) en die uiterstes – internasionaal (Hand. 13 en verder) bereik het deur strategies fisies te gaan.

Die SSK se gebed vir die pad vorentoe is dat ons na die vroeë kerk se voorbeeld en visie vir evangelisasie en sending sal opleef en strewe! Mag God in die EG Kerk van SA 'n kerk vind waarin sy laaste opdrag eerste prioriteit is en nie teruggedeins word vir hierdie duurwerk nie!

**Geneem uit die Evangelies-Gereformeerde Kerkblad - 60 Jaar Feesuitgawe – Maart/April 2004**

# Doop van Sion van der Merwe

Die tweede baba seuntjie, Sion, van Ds. en Mev. Loedolff van der Merwe, is gebore op 31 Januarie 2024. Die leraarspaar het besluit om die baba Sion in die EG Kerk Springs-gemeente te doop, aangesien die oudste, Christiaan, in die Brakpan-gemeente gedoop is.

Die doopseremonie is waargeneem op Sondag 07 April 2024 in die Springs-gemeente deur Ds. Jurgens Prinsloo. Dit was 'n spesiale geleentheid vir die gemeente, aangesien daar vir baie jare nie 'n leraarspaar was wat 'n baba gedoop het nie.

Na die doop is die geleentheid voortgesit met 'n heerlike vingerete en lekkernye. Ons as 'n gemeente was saam met die leraarspaar vervul van vreugde en afwagting vir die nuwe klein lewetjie wat aan hulle geskenk is. Ons het ons gebede by die leraarsgesin gevoeg toe dit blyk dat daar moontlike probleme kon wees, en ons harte was oorstroom met blydskap en vreugde oor die nuus van sy geboorte en herstel. As gemeente is ons verheug om saam met die nuwe gesinnetjie 'n pad te stap en te sien hoe klein Sion en sy ouboet Christiaan groei en die lewe met die mooi en liefde van die Almagtige Vader kan ervaar.

Die gemeente het die geleentheid aangegryp om die doop van Sion te vier en hom in sy geloofsgemeenskap te verwelkom. Dit was 'n tyd van dankbaarheid en hoop, waar ons saam met die leraarspaar die toewyding aan Sion se geestelike reis bevestig het. Die doopvont is 'n simbool van reiniging en vernuwing, en ons glo dat Sion se lewe deur God se genade en liefde beskerm sal word.

Ds. Jurgens Prinsloo het 'n spesiale gebed uitgespreek oor Sion, sy ouers, en sy ouboet. Ons het hom toevertrou aan die Here en gevra dat Hy hom sal lei en beskerm. Die gemeente het saam ingestem en 'n belofte gemaak om Sion te ondersteun en hom te help groei in sy geloof.

Na die doopseremonie het ons saamgekom vir 'n vreugdevolle feesmaal. Die tafels was oorvloedig met kos en die gemeente het saam gelag, gesels, en die nuwe lewetjie in ons midde gevier. Dit was 'n dag van gemeenskap en liefde, waar ons saam met die leraarspaar die wonder van die lewe gevier het.

Ons sien uit na die toekoms en die avonture wat Sion sal beleef. Mag hy altyd omring word deur liefde, geloof, en die ondersteuning van sy geloofsgemeenskap.

**Kerkraad**
**Springs**



# EG Kerk Kemptonpark vier 50 jaar van God se genade

## 12 Mei 1974 tot 12 Mei 2024

**1 Sam. 7:12** ***Toe het Samuel 'n klip geneem en dit opgerig tussen Mispa en Sen, en dit Ebenhaéser genoem en gesê: Tot hiertoe het die HERE ons gehelp.***

Op 11 Mei het die feestelike dag aangebreek en kon ons 'n halwe eeu van genade vier. Die verrigtinge het begin met die gepaste openingslied, "Kom dank nou almal God" soos opgeteken in Gesang 5. Talita Lombard het ons dag ingekleur met die lieflike sangitems wat sy gelewer het.

Ons leraar, ds. Paul Grobbelaar, het 'n aangrypende boodskap uit 1 Samuel 7:3-12. gelewer met die tema: *"Hoe moet ons harte lyk?"*
By Bet-Kar (plek van die lam) het die Here oorwinning aan die volk gegee. Maar daar was voorwaardes, so ook vir ons:
• Eerstens moet ons alle afgode uit ons lewens verwyder en God alleen dien, soos Samuel in vers 4 beveel. Die Baäl-aanbidders doen hulle eie ding, waar daar geen plek vir God is nie, maar ons, die kinders van God, lewe met die Here ín ons. "Here, U wil, nie myne nie." Die Astarte-aanbidders kompeteer met God in hulle trots. Die kinders van God mag nooit roem in eie eer nie. Jesus het vir ons sondes gesterf, Hy is gekruisig vir die wêreld.
• Tweedens moet ons in verootmoediging tot God nader, soos in vers 5 aangedui. Die prys moet betaal word! Dit handel oor berou. Dit gaan nie net oor my nie, maar ons het gesondig teen die Here. Ons kan net uitroep: "Here vergewe ons!" God wag vir jou gebed – bely en laat staan! Derdens moet ons offers bring. Vers 9 vertel van die onskuldige suiglam wat geoffer is. Dit wys heen na Jesus, ons Paaslam wat geoffer is vir ons sondes. Wees aan God 'n lewende heilige aan God welgevallige offer, soos Romeine 12:1 vermaan. God is in beheer van ons lewens. God vra ons, om ons liggaam, ons siel en ons gees te offer. Ons moet ons lewens opnuut ondersoek en ons lewens aan God toewy, dan kan ons in die oorwinning van die kruis lewe.

**Die 50-jaar monument**
Dominee Paul het ook die diepere betekenis verduidelik van die nuwe monument voor ons kerk.
• Die dierbare kruis, is 'n simbool van oorwinning. Dit is 50 jaar van genade wat ons tot op hierdie feesdag gebring het. Ons is afhanklik van God en moet in diensbaarheid tot Hom toetree.
• Die klippe moet ons herinner aan God se trou. EBENHAÉSER - "Tot hiertoe het die Here ons gehelp".
• Die kruik met immer stromende water, is 'n simbool van strome van seën, van God se wonderlike belofte dat Hy ons gemeente tot hiertoe gedra het en die verkwikkende werking van die Heilige Gees.
• Die beligting is ons roeping om boodskap van hoop aan die wêreld te bring.

God het ons met sewe dominees oor 50 jaar geseën om Sy kinders te bearbei, te vermaan en te bemoedig. Hier dink ons in dankbaarheid aan Ds Hennie Prinsloo wat die eerste leraar van ons gemeente was. Hy en sy vroutjie is as jong leraarspaar op 23 November 1974 in ons gemeente bevestig. Die eerste dienste is in die Moth-saal gehou. Daarna in Rhodesfield se skoolsaal. Op 14 Mei 1977 het hy afskeid geneem om in Uitenhage verder die werk van die Here voort te sit.
Wyle ds T.J.J. (Boet) van Rensburg word op 6 November 1977 in die gemeente bevestig. Onder sy bekwame leiding kon die kerkraad twee erwe aankoop nadat twee geskenkte erwe verkoop kon word. Dit is dan ook hier waar die kerkgebou en pastorie vandag is. Verskeie probleme het met die bouwerk ontstaan, maar telkemale het die Here getoon dat die werk van die Here eerste kom en het Hy elke keer in elke behoefte voorsien. God is in beheer. Op 12 Mei 1983 is die kerk in gebruik geneem. Op 21 Augustus 1990 aanvaar ds. Boet sy emeritaat. Die "resep" van sy vrugbare bediening was: "Preek uit die Bybel."

Wyle ds. Danie Ferreira was leraar van die gemeente vanaf einde 1990 tot einde 1996. Hy was 'n ernstige, maar ook liefdevolle man wat nie gehuiwer het om persone en die gemeente ernstig aan te spreek en te vermaan nie.

Ds. Gerhard de Wet was leraar van die gemeente vanaf 5 Januarie 1997 tot 25 November 2007. In hierdie tydperk het die gemeente floreer. Kermisse, jeugaande en gemeentekampe is gehou en verskeie fondsinsamelings is gehou. Ds. de Wet het in 2008 die pos as dosent by die Kweekskool, Betshan III, in Pretoria aanvaar en het onlangs ook sy emeritaat ontvang.

Ds. Johan Cloete was leraar van die gemeente vanaf 27 Januarie 2008 tot 21 April 2013. Ten tye van sy bediening was daar ook gereeld gemeentekampe gehou. Die huidige sondagskool klaskamers en jeugsaal is aangebou. Hy is na Britsgemeente beroep en is tans in Hartbeespoortgemeente.

Ds. Willie Olivier was leraar van die gemeente vanaf 30 Junie 2013 tot 30 April 2021. Onder aanvoer van

ds. Willie Olivier is daar Woensdae-aande "In kontak, FTF" aangebied. Seniorburgerbidure is op elke tweede Woensdag gehou en bidure voor die aanddienste is gehou. Die leraarspaar het soms saam met gemeentelede gaan uitkamp en het Paas konferensies bygewoon. Ds. Willie is na Maranata gemeente beroep, waar hy tans predikant is.

Ds. Paul Grobbelaar is ons sewende predikant vanaf 18 September 2021 tot hede. Ds. Paul se begeerte vir die gemeente is dat ons saam sal groei in die kennis van Jesus se kruiswerk. Ons is so dankbaar dat hy en sy vroutjie met soveel oorgawe in ons gemeente arbei en dat hulle so deel kan wees van God se werk, in en deur die gemeente.
Nadat ds. Paul die bedankings gedoen het is die tafelgebed en die seënbede gedoen, waarna die gaste uitbeweeg na die saal. Onder leiding van mev. Rosa Grobbelaar en die vroue van ons gemeente, was die saal ongelooflik mooi versier. Alles was perfek beplan en voorberei. Pragtig gedekte tafels vir die feesmaal in die vorm van 'n spitbraai, groente, slaai, en vrugtesap het ons ingewag. Heerlike malvanagereg met vla en roomys het die feesvieringe afgesluit.
Ons is op 12 Mei, geseën deurdat ons eerste dominee, ds. Hennie Prinsloo, vir ons 'n Moedersdagboodskap gebring het, met die tema: "Maria van Betanië. Die vrou wat altyd onthou sal word. "Daar was 'n diepe insig in die daad wat Maria gedoen het, deur Jesus se voete te salf. Sy het dit gedoen met die oog op Jesus se begrafnis, ses dae vóór Sy begrafnis. As ons 'n goeie daad aan een van Jesus se kinders doen, doen ons dit eintlik aan Jesus. (Matt 25:40)." Ds Hennie Prinsloo sluit af met Gal 6:10. "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof."
Baie dankie aan elke leraar, leraargade, lidmaat, besoeker en kind wat getrou was om ons tot hier te vergesel.
Alle lof en eer kom die Here toe vir sy voorsienende genade deur die jare. EBENHAÉSER.

**Rina Vosloo**
**Kemptonpark**



**Die monument vir die 50-jaar feesviering**



# Warmbad vier 80 jaar feesnaweek

Warmbadgemeente het die naweek van April 19 tot 21 gebruik om dank aan ons God en Vader te betoon deur die naweek aan Hom toe te wy. Daar was vooruit gereël vir 'n uitkamp op die kerkgronde en die opkoms en belangstelling van die gemeente was ongelooflik. Families het gekamp met karavaan en tent en daar was Vrydagaand baie lekker gekuier om die kampvuur.
Saterdag was 'n dag wat ons aan God toegewy het deur die geskiedenis van die kerk te bespreek en om die Here te dien en bedank vir sy groot genade en voorsiening van nuwe lede aan die gemeente. Die geleentheid was oorheers met 'n goeie gees en mooi gesindheid tussen al die kampeerders.

Sondagoggend was afgesluit met 'n DVD van ds. Hennie Prinsloo gevolg met 'n "familie-brunch" waarin die hele gemeente gedeel het. 85% van die gemeente het die naweek saam in Christus bymekaar gekom vir die feesviering. Ons is die Here innig dankbaar vir Sy voorsiening en genade oor die jare en ons vertrou dat Hy ons as gemeente nog vele jare hier in Warmbad gaan seën met Sy onuitblusbare liefde.

**Andre Herbst**
**Warmbad**

# Josef die voorspoedige man

Wanneer ons die eerste maal of by herhaling die verhaal van Josef in Potifar se huis, uit Génesis 39, lees of hoor, wil die stelling wat in vers 2, dat hy voorspoedig was, die res van die hoofstuk kontrasteer. En menslik is dit verseker die geval. Hou in gedagte dat hy deur sy broers verkoop is en dit as 'n slaaf aan die Ismaeliete. Daar in Egipte, is hy weer verkoop aan sy eienaar, Potifar en later in die hoofstuk is hy in die tronk gesmyt weens die valse beskuldiging en vir 'n tweede maal in die hoofstuk lees ons dat hy ook in die tronk voorspoedig was.

Die teenstelling is net so duidelik weens die wyse en die feit dat voorspoed nie in ons moderne dag gesien kan word soos God dit sien nie. Tog moet ons, onsself afvra: 'Hoe was Josef dan voorspoedig in hierdie omstandighede, terwyl dit nie vir ons moontlik is om dit as voorspoedig te sien nie.

Ek wil u ook verseker dat ek nie Josef se omstandighede as voorspoedig sou beskou het, waar ek sit en skryf nie. Kom ons delf bietjie dieper in Genesis 39 en kyk ons daar dalk iets is wat ons in ons dag mis wat Josef in hierdie, slegte omstandighede volgens ons, voorspoedig gemaak het.

Voor ons te ver gaan moet onthou word dat Moses die skrywer van die boek was en hy het dit van God gehoor en dit nie bevraagteken nie. Die hoofstuk, soos die vertalers dit verdeel het, onderverdeel verder in vier dele, sonder om lank te soek: In verse 1-6 het ons die herhaling van Josef wat aan Potifar verkoop word en Josef se verblyf in sy heer se huis en sy vooruitgang aldaar; verse 7-12 vermeld die versoek van Potifar se vrou en Josef se reaksie op hierdie versoek deur afkeuring; verse 13-20 gee weer wat Potifar se vrou gedoen het nadat Josef van die versoeking gevlug het en haar weergawe wat aan haar man, Potifar voorgehou is en dan verse 21-23 waar ons Josef in die tronk vind en hier word hy ook as voorspoedig bestempel.

'n Paar gedagtes wat my opgeval het deel ek graag en vertrou dat ons Here en Heiland dit ook aan u hart sal oopbreek.

**Die sleutel tot voorspoed**

**Gen. 39:2a** ***En die HERE was met Josef, sodat hy 'n voorspoedige man was***

Wanneer ons na die verhaal kyk moet ons oorweeg soos die wêreld gereeld doen en weet dat dit wat die wêreld sien as voorspoed en dit wat God sien as voorspoed verskil. Verder is dit ook opmerklik dat indien ons net na die Bybel kyk en dit as maatstaf gebruik en na die broers van Josef kyk sal hulle ook voorspoed op verskillende wyses sien.

Josef se broers was vry en het hulle daaglikse lewe mee voortgegaan terwyl Josef 'n slaaf was in Egipte, en dan moes doen wat slawe doen. Tog sê God vir ons deur die pen van Moses dat Josef voorspoedig was. Wat het hom dan voorspoedig gemaak, ten spyte van sy omstandighede, wat in ons opinie dalk nie as voorspoedig geklassifiseer sal word nie.

Josef was voorspoedig juis omdat hy dit gedoen het wat sy hand vind om te doen:

Wanneer die ander slawe lood swaai, vind hy dinge om te doen; Hy het die ekstra dinge gedoen sonder dat hy daarvoor versoek is; Ook sien ons in die gedeelte dat hierdie gesindheid nie by Potifar verby gegaan het nie – Josef het guns in sy (Potifar) oë gevind. Hy het dit wat hy gedoen het, gedoen asof vir die Here, en nie vir mense nie, net soos 1 Kor. 10:31 ons voor gehou word: Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.

U sien dat dit was hierdie gesindheid wat hom voorspoedig gemaak het. Ek doen dit wat ek doen tot eer van God. Paulus skryf besonder baie oor gesindheid, maar Filip. 2:5 is die kruks: Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

Dit is daardie gesindheid wat, ten spyte van sy posisie, homself onderwerp aan die wil van 'n ander. Wanneer ek en u daar die gesindheid het om liewer, onderworpe te wees as om op my reg te staan dan kan ons berge versit. Dit is nie om willoos te wees nie, maar ons nie my eiesinnigheid te laat geld nie. Wanneer daar dié regte gesindheid heers, kan dit nie anders dat, ons in enige situasie voorspoedig kan wees nie. Hoe heerlik sal dit wees wanneer die HERE sê dat ons voorspoedig is in sy oë en nie in die wêreld se oë nie.

Hierdie voorspoed was ook deurspek met respek. Respek vir die eiendom van sy meester asof dit die Here sin was. Dit is juis hierna wat Josef self ook verwys met sy stelling in **v9:** ***… omdat u sy vrou is; hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?*** Respek is baie dieper as dit wat hier gesien word; indien ons ware respek het sal ons dit openbaar op baie vlakke en dit sal waarlik lekker raak. Respek vir die volgende se eiendom, se tyd, se opinie. Die teenoorgestelde van respek is begeer en hierteen word daar reeds in die wet gewaarsku.

**Die aanval teen Voorspoed – Die waarheid**

**Gen. 39:6a, 7** ***Na hierdie dinge het die vrou van sy heer... Maar Josef het geweier***

In hierdie eerste helfte van die tweede gedeelte, vind ons die aanslag teen Josef se voorspoed en dit in die vorm van versoeking. Ons sien dat dit vir Josef oor baie meer as net 'n oomblik se voorreg of voordeel gegaan het. Hy het ook nie die opsie oorweeg vir die moontlikheid dat dit nie op die lappe sou kom nie, maar hy het gevlug.

**Die aanval teen Voorspoed – Die leuen**

**Gen. 39:13, 16** ***Toe sy sien dat hy sy kleed in haar hand laat bly... het, het sy die kleed by haar neergelê totdat sy heer tuisgekom het.***

Die hartseer sien ons nie hier in Génesis se verhaal nie, maar wanneer u dit sou waag om ander weergawes te oorweeg, raak dit baie vinnig baie interessant en ook baie hartseer, dat die ou vyand soveel sal doen om God

se orde omver te gooi. Adam Clark verduidelik dat die Koran ŉ ander beeld skep en dit is verseker nie in oorstemmig met dit wat ons hier lees nie, maar die woorde van **vers 10 *... nadat sy met Josef dag na dag gespreek het...*** dui op hierdie valse benadering wat so maklik geglo kon word. By geleentheid het iemand die opmerking gemaak dat dit mees waarskynlik nie die eerste kneg of slaaf was wat onder Potifar se vrou deur geloop het nie.
Hoe dit ook al sy, Josef het gevlug en dit het die toorn van Potifar se vrou opgewek. Dit het tot die leuen gelei en ons weet dat die duiwel die vader van die leuen is volg Joh. 8:44. Die enigste ligpunt in die saak is, was die feit dat Potifar by sy vrou gestaan het en ek hoop van harte dat hulle huwelik behoue gebly het.

Hierdie spesifieke versoeking is seker al so oud soos die lewe self en dit is ook juis hiertoe wat Johannes ons waarsku asook elke ander NT skrywer, **1 Joh. 2:16** ***Want alles wat in die wêreld is — die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en*** [begeerlikheid na] ***die grootsheid van die lewe — is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.*** Jakobus hanteer versoeking baie mooi in sy brief aan die Kerk van sy dag in Jak. 1:12-15 dat hy wat versoeking kan verdra (teenstaan), sal die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet. In die voorspoed wat Josef beleef het, ten spyte van sy direkte belewenis, was hy tog op sy hoede vir enige iets wat die voorspoed kon versteur en toe die versoek van Potifar se vrou kom, kon hy op ŉ waardige wyse dit van die hand wys. Juis daarom kan ek en u vandag nie anders doen nie. Ons moet teen die versoeking wat SAL kom staan al is dit vir ons ondenkbaar en sinneloos. Soos in Josef se geval was daar dalk die voorhou van voordele wat Potifar se vrou kon voorhou, bevordering of beter behuising om haar sin te kry. Wanneer ons flieks of stories wat die mens opdis oorweeg, dan vorm hierdie saak altyd ŉ beter iets wat voordeel mag inhou en in die wêreld sal dit selfs moontlik wees dat iemand daarmee kan weg kom sonder om openbaar te word. Maar wanneer die kind van God voor die keuse staan is my gebed dat u nie sal toe gee nie. Selfs wanneer dit baie nadelig sal wees, selfs dan is die opsie om vir ŉ enkele oomblik toe te gee, nie ŉ opsie nie, omdat die ware gevolg altyd voor u sal kom as ŉ mislukking en ons vyand, die duiwel vergeet nooit daardie mislukkings nie. Om die waarheid te sê, hy gebruik dit om ons konstant soos die mislukking te voel.

***Josef se voorspoed was nie gemeet aan sy bankbalans of status nie, maar die gesindheid waarmee hy gedoen het, dit wat hy gedoen het... en dit was tot eer en verheerliking van God***

**Voorspoed herstel**
**Gen. 39:21a, 23c** ***Maar die HERE was met Josef... en wat hy doen, het die HERE voorspoedig laat wees.***
Verseker sou niemand Josef kwalik geneem het, as hy op ŉ hoop gesit en pruil het nie. Hy is nou al deeglik verwerp en verneder: sy broers het hom eers in ŉ put gegooi om te sterf, toe verkoop hulle hom aan die Ismaeliete; dié verkoop hom aan die hoof van Farao se lyfwag en sy vrou lieg oor wat werklik gebeur het, net omdat sy nie haar sin kry nie. Sy het ŉ volwasse 'tantrum' gegooi en dit land Josef in die tronk. Josef kon sonder twyfel verklaar: "Ek is onskuldig in die tronk".
Dit is byna komies dat Josef hom nou selfs in ŉ baie slegter situasie bevind en weer sê God dat hy voorspoedig is. Iemand het by geleentheid die stelling gemaak dat Josef al die regte geniet het as enige tronk bewaarder, behalwe dat hy nie kon uitstap nie. Tog is dit presis waar God hom sal gebruik op God se tyd en tot dan doen hy dit wat sy hand vind om te doen en juis daarom is hy voorspoedig.

Het u al ooit gesien hoe maklik vandag jong mense na die wêreld situasie kyk en sê dit is ŉ hopelose saak: Daar is geen moontlikheid dat ek werk sal kry nie, want ek is nog op skool en daar is meer as 35% van mense in ons land wat nie werk kry nie. Hoekom moet ek myself druk om êrens te kom as dit in elk geval nutteloos is. Daar is selfs die wat in daar die neerslagtigheid hulle eie lewe neem of probeer juis omdat hulle nie wil voortgaan om dit te doen wat hulle hand vind om te doen nie.

Terwyl Josef verseker, soos Job ook, nie presies geweet het hoekom al die dinge gebeur het nie, was daar sy vader, Jakob wat ons laas week gesien het, dat hy Josef se drome in gedagte gehou het. Ons weet dat Jakob glo dat sy seun dood is, maar tog kan ek dink dat hy weer en weer aan die drome gedink het, en dalk, net dalk besef het dat dit nooit in vervulling gegaan het nie.
Jakob het geweet dat God ŉ God is van sy Woord en dat die drome en profesieë in vervulling gaan al gebeur dit nie altyd vinnig nie, maar hierdie drome het Josef en sy broers ingesluit.

Dit is my opregte gebed dat u voorspoedig kan word ten spyte van u omstandighede en dat daardie voorspoed op enige plek openbaar kan word omdat u daardie uiters belangrike regte gesindheid besit wat Jesus ook gehad het. Indien u dalk reken dat u omstandighede so sleg is dat dit nie met Josef vergelyk nie, kyk bietjie weer hoe sleg dit in vandag se goeie tronke gaan en oorweeg dan dat Josef in die volgende hoofstuk na die tronk as ŉ put verwys volgens die oorspronklike tale. U gesindheid gaan ŉ groot verskil maak. Onthou dat eiesinnigheid ook handel oor gesindheid en Jesus was nooit eiesinnig nie.

**Riaan Brtiz**
**Margate**

# Betshan –

Die Kweekskool, of dalk beter bekend as Betshan, dien as die Seminarie van die EG Kerk van SA. Hier word geroepenes van die Here gekweek, en opgelei tot die bediening as geestelike werkers, evangeliste en leraars.
Elke jaar soos deur die Sinode bepaal op die eerste Sondag in September is dit Kweekskooldag. 'n Geleentheid om gemeentes, as voedingsbron van geroepenes aan die Kweekskool, in te lig aangaande die opleiding, werksaamhede, lief en leed en ook behoeftes wat hier mag wees.

Ter wille van die wat al vergeet het, of die wat nou moet hoor...

**Waar kom ons vandaan?**
Die onstaan word teruggevoer tot ongeveer 'n jaar na die ontstaan van die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika (21 April 1944) met die stigting van die Murray Bybelsinstituut te Shannon, Bloemfontein (1945) ook bekend as Betshan. Na die afsterwe van wyle ds. CF Scheepers is die gronde aan die Kerk oorhandig en is begin met opleiding van geestelike werkers vir die nuwe Kerk.

Betshan I te Bloemfontein is in 1957 verskuif na Jamesonpark, tussen Nigel en Heidelberg en deur God se genade en voorsienigheid het die Kerk in besit gekom (2005) van 'n pragtige stuk landgoed, wat vandag bekend staan as Betshan 3, te Tiegerpoort, Pretoria – Oos.

**Wie woon op Betshan?**
Die opleidingsmodel is Residensieel – wat beteken dat al ons studente, dosente sowel as ons werkers met die gesinne inwoon.
Die huidige inwonertal is:
• Studente met gesinne: 33
• Dosente met gesinne: 16
• Werkers: 10

**Ons studente**
Huidig is hier 19 studente, waarvan 6 eerstejaars, 11 tweedejaars, 1 derdejaar en 1 vierdejaar.
Studente woon in netjies, goed versorgde en toegeruste enkel/twee/drie slaapkamer-wooneenhede.

**Dosente:** Onderrig geskied deur vier voltydse dosente, nl. di. Jurg Prinsloo, Wynand van Niekerk, Woodford Kotzé en Jurgens Prinsloo.

**Wat leer ons?**
Onderrig vind elke weeksdag plaas vanaf 08:00 tot 13:00.
Opleiding is voltyds en strek oor twee of vier jaar, afhangende van die kursus wat gevolg word.



**Onderrig: 3 kursusse word aangebied.**
a. Geestelike werkerskursus – dit is die eerste en tweede jaar en is vir mans sowel as dames.
• Vakke aangebied: Homiletiek (preekkunde); Ou en Nuwe Testament; Grieks; Dogmatiek (Bybelse leerstellings); Soteriologie; Berading; Gebedsleer; Goddelike genesing; Evangelistiek; Eskatologie; Polemiek (oor die dwaalleringe); SA en Eie Kerkgeskiedenis; Kinderevangelistiek; Praktiese Afrikaans

b. Predikantekursus (Derde en Vierde jaar). Indien die Geestelike werkerskursus geslaag word en manspersone voel hul geroepe tot die gemeentebediening kan hul na keuring, voortgaan tot die Predikantekursus. Vir mans studente wat die Predikantekursus suksesvol deurloop, volg daar ook 'n 5de jaar in 'n gemeente vir praktiese ondervinding.
• Vakke aangebied: Pastorale Teologie (Herderkunde); Praktiese Teologie; Liturgiek (Inrig van die erediens); Berading; Eskatologie; Dogmatiek, Homiletiek; Ou en Nuwe Testament, Hermeunetiek (Bybelse uitlegkunde); Algemene Kerkgeskiedenis; Kerkreg.

c. Predikante-vrouekursus: vir die vroue van mansstudente in hul derde en vierdejaar, elke Dinsdag en Donderdag.
• Vakke aangebied: Eskatologie, Bybelse berading, Kinderevangelisasie, Evangelistiek, Ou en Nuwe Testament, Homiletiek, Goddelike Genesing, Gebedsleer, Soteriologie en CVV ordereëls.

**Addisionele vakke:** Besprekingsklasse asook Missiologie.
Afgestudeerde studente en leraars kan ook voortgaan met graad studies bv. deur SATS op honneursvlak.

**Lewe op Kweekskool.**
Behalwe vir die weeklikse klas-draf is daar ook:
• Werksperiodes op Maandae – waar

# Waar geroepenes gevorm word vir die bediening

onderhoudswerk op terrein en aan geboue gedoen word
• Dames-byeenkomste op Dinsdae
• Biduur - Woensdae
• Kooroefening - Donderdae

**Praktiese werk**
• Studente preek omtrent weekliks in gemeentes,
• Jaarliks is daar: Studente evangelisasie uitreik vir die junior studente in oorleg met die SEK.
• Pinksterdienste: Jr. studente gaan op Sendinguitreik en sr. studente neem Pinksterdienste waar in gemeentes.
• Studietoer vir seniors aan einde van elke jaar.
• Spesiale evangelisasie opleiding na afloop van eindeksamens.
• Drie weke studentepmarkties aan einde van die jaar waar studente in verskillende gemeentes geplaas word op uitnodiging.
• Twee weke werksweek voor diplomaplegtigheid en jaarafsluiting

**Behalwe die klas-draf en die algemene gebeurlikhede, wat gebeur nog op Kweekskool?**
Terreinonderhoud: ons is tans besig met 'n doelmatige en intensiewe opknapping van die terrein sowel as aan die geboue. Tans word die tuine, die sekuriteit, ons lapa-dam, sowel as wooneenhede opgeknap.

**Dakkeprojek: (vervanging van grasdakke)**
Die dakke van die restourant, damlapa sowel as die ontvangskantoor is reeds afgehandel. Ses van die agt tweeslaapkamer-wooneenhede is ook reeds voltooi met twee wat in finale afronding fase is. Begin Oktober behoort die werk afgehandel te wees. Intussen is die eenhede ook nuut geverf, ou vloermatte verwyder en geteël en daar is ook begin om die badkamers op te gradeer.

Dakke wat nog vervang moet word is die vier studente drieslaapkamer-wooneenhede sowel as die vier dosente-huise, Chalets en enkelkamers.

**Ons wil elke kerkraad, gemeente en individu wat die projek finansieel ondersteun opreg bedank en ons waardering betuig.**

**Wat is vir ons belangrik?**
• Die geestelike opbou en vooruitgang van ons studente.
• Die lief maak en anker in die Woord van God as die enigste bron van waarheid.
• Om die Woord van God te preek in waarheid, deur dit reg te sny en so aan te bied dat verlorenes gered kan word, kinders van God geheilig kan word.

• Ons is daarop ingestel om ons studente te bekwaam as geestelike werkers en predikante van die EG Kerk SA. Ons glo dat die Here ons toevertrou het met 'n besondere boodskap wat verkondig moet word aan alle volke, stamme, tale en nasies.

God het hierdie Kerk as 'n Evangeliese Kerk geroep om die boodskap van redding, heiligmaking, Goddelike genesing en die persoonlik wederkoms van Jesus te verkondig.

**Behoeftes:**
• Bid vir elke student en dosent en elke werker op ons gronde.
• Bid vir 'n dieper wandel met God, 'n leersame gees en die toerusting van die Heilige Gees.
• Bid dat die Here, arbeiders sal roep en stuur om aan te meld vir opleiding.
• Bid dat elke student aan die einde van hul vierde jaar, 'n plek sal hê om te gaan arbei
• Bid vir die veiligheid en bewaring van die inwoners.
• Bid vir genoegsame fondse om Betshan te onderhou en ons geboue en fasiliteite in stand te hou.
• Bid vir die studente en hul gesinne se finansiële behoeftes wat self verantwoordelik is vir hul studie en losiesgelde.

Vervolg op bl. 15





# Gaan ons dit oorleef?



Soos dit 'n goeie en gehoorsame vrou betaam, trek sy en die twee seuns sak en pak saam met haar man oor die grens. Hopelik sal dinge daar beter gaan?
Daar is net een woord vir die tyd in haar en hulle lewe… aanpas en nogmaals aanpas!

**Alles is vreemd**
Vreemde land… vreemde mense… vreemde kultuur… vreemde woonplek… nie huis nie - haar huis is in Betlehem! Vreemde bure… alles is vreemd!
Here, hoe gaan ons dit maak?
Die tyd stap aan. 'n Dag word 'n week, 'n week word 'n maand, 'n maand word 'n jaar… 'n jaar word jare. 10 lange jare waarin daar so baie gebeur het!
Intussen het die twee seuns grootgeword, groot genoeg, tyd om vrou te vat. Die familie word meer – twee skoondogters kom by. Hulle moet nou haar mense word. Grense moet verruim word, hartsgrens moet verruim word. Hulle het ook families waaruit hulle kom, nog verruiming? Hoe gaan dit werk? Dis mense, maar nie haar mense nie?




**Haar man sterf!**
Wreed word haar moederhart ook aan flarde geruk! Dood is hier ook. Die dood het haar twee seuns kom haal. Weer is sy vreemd, vreemd alleen. Vreemd sonder bloed van haar eie? Hier sit sy alleen met twee volksvreemde skoondogters en in 'n land wat nog nie haar eie geword het nie.
U het seker die verhaal herken?
Ja, dis Naomi! Wat 'n verhaal! Kan jy iets van jouself hierin sien? Die swaarkry of die vreemdheid of die dood met sy gevolge?
Tog is hier soveel wonderlike aspekte te sien. Naomi se twee skoondogters is bereid om saam met haar te trek, terug na hulle skoonma se bekende land, maar ook na die land waar Naomi se God gedien word!
Al het Naomi 'n fase van bitterheid (Rut 1:20) en leegheid (Rut 1:21) beleef, al het dit gevoel of God, die Almagtige, haar kwaad aangedoen het, het sy geweet haar God leef nog!
Al is haar man en seuns dood – God is nie dood nie!
Haar skoondogters moes iets hiervan in Naomi beleef het, soveel so dat Rut kans gesien het om Naomi te volg en Naomi se God as haar eie te aanvaar.

Wat 'n getuigskrif!
As 'n mens dit so kan noem.
Al was Naomi se huis leeg, haar hart was nie leeg nie, want God was daar!
Sy erken dat God haar teruggebring het (Rut 1:21)
Liewe weduwee of liewe vrou…
Waardeur worstel jy nou…?
Al is ek en jy kind van God, vrywaar dit ons nie van die dood en van verliese nie!
Mag jy ook ervaar dat God jou terug bring.

**Elna Beukes**
**Boksburg**

# Betshan

Vervolg vanaf bl. 13

• Bid vir die dakkeprojek wat nog afgehandel moet word.

**Dankbetuiging aan Kerkrade, gemeentes en indiwidue:**
• Wat die Kweekskool belange op die hart dra deur gereelde voorbidding en finansiële ondersteuning.
• Wat met 'n oop hart ons studente toelaat om vanaf hul kansels die Woord te bedien.
• Wat bydra tot studente se studiefondse.
• Dank aan die Here Jesus wat deur al die jare die Kweekskool gedra en versorg het en toegelaat het dat manne en vroue in Sy arbeidsveld kon ingaan om onder Sy duurgekoopte kudde, te werk.

**Uitnodiging:**
• Skakel ons gerus, besoek ons. Ons sal u graag ontvang.
• Indien u meer te wete wil kom oor die kweekskool die opleiding ens. kontak gerus.

**Bankbesonderhede**:
• Algemene rekening: Die EG Kerk van SA Kweekskool. FNB tjek no. 52443626258. (takkode 250054) Hierdie rekening is vir algemene onderhoud studiehulp bydraes ens.

• Vir bydraes tot die Dakkefonds: Die EG Kerk van SA Kweekskool. FNB tjek no. 62938356955 (takkode 250054)

**Kontakbesonderhede vir algemene navrae, aansoekvorms ens.**
Kantoor
Tel. 012 811 0484
Sel. 084 890 0025
Epos: egkweekskool@gmail.com

Die Prinsipaal:
Ds. Jurg Prinsloo
Epos: jurgprinsloo@gmail.com
Sel. 083 302 6800.









*Aangename Kennis:*

# Ds. Woodford Kotzé

**In watter dorp is u gebore?**
Johannesburg.

**Vertel ons van u kinderjare.**
Ek het die besondere voorreg gehad om op ons Kerk se Kweekskool groot te word. In daardie jare was daar stringe kinders op die terrein en nooit ŉ gebrek aan maats nie. Ons het gespeel dat die stof so staan!
Ek onthou wel ŉ paar geleenthede waar ek as kind myself skielik alleen in ons huis bevind het. Met ŉ gesin so groot soos ons sin, het dit nie sommer gebeur nie. Ek het meer as eenkeer met ŉ groot skok gedink dat ek die wegraping gemis het!
Ek onthou hoe ek in trane uitgehardloop het en gesoek het vir enige ander siel wat moontlik nog daar kon wees. Groot was my verligting elke keer wanneer ek iemand opspoor en besef dat dit nog nie plaasgevind het nie!

**Waar het u skool gegaan?**
Laerskool Tini Vorster en Hoërskool John Vorster in Nigel en later by Hoërskool Garsfontein in Pretoria.

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
Na jare se onsekerheid en stryd het die lig uiteindelik vir my op 13 April 2005 deurgebreek. Ek onthou dit goed, want dit was kort nadat die Kweekskool na Pretoria verskuif het. Ek het as hoërskoolseun alleen in een van die kamers op die terrein gebly, omdat die dosentehuise op daardie stadium nog nie gebou was nie. Dit is asof ek daardie aand, alleen in my kamer, vir die eerste keer besef het dat ek verdien om hel toe te gaan; dat ek ten spyte van die mooi front wat ek uiterlik vir mense voorhou, binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. Ek het geroep na die Here en Hy het my gehoor en my gered. Van daardie dag af is daar ŉ vrede in my binneste wat ek voor dit nooit geken het nie. Ek dank die Here vir sy genade.

**Wanneer het u lidmaat geword?**
In 2007.

**Watter jare was u op kweekskool?**
Byna lewenslank, maar as student van 2011 tot 2014.

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja, ds. Juan Vlok wat tans in Nylstroomgemeente dien.

**Wie was u dosente?**
Drr. WJ Kotzé, AJD Bester en JD Mienie en di. GG de Wet en JP Prinsloo (sr.).

**Vertel vir ons ŉ staaltjie uit u kweekskooldae.**
Tydens ŉ sendinguitreik in my eerstejaar het van ons studente ŉ boer gehelp om bokke in sy vrugteboord te vang. Die bokke was reeds in groter voerhokke ingelok en moes net vasgetrek word om geskuif te word na ŉ ander plaas toe. Die meeste van die manne het maar redelik versigtig nader beweeg om weg van die bokke se horings af te bly. Toe ons ons oë uitvee, het broer "Kuifie" (met sy strategies geboude liggaam) ingevlieg en die een bok platgeduik soos wat ŉ Springboksenter nie sou kon nie! ŉ Mens kon hoor hoe die bok sy wind uitval toe die twee die grond tref. Ons het geskater van die lag!



**Hoe lank is u getroud?**
Byna 12 jaar.

**Vertel ons hoe het u u gade ontmoet?**
Ons ken mekaar van kinderdae af, omdat haar ouers op daardie stadium studente by die Kweekskool was. Ons was in graad 1 saam in die klas, maar het op daardie stadium natuurlik nie veel ooghare vir mekaar gehad nie. Deur die Here se voorsienigheid het ons

paaie meer as tien jaar later weer gekruis toe haar suster en haar man by die Kweekskool studeer het (ds. Andrew en mev. Jeanne Bruyns). Hulle het dikwels tydens teetye vir my vertel hoe 'n oulike en toegewyde jonge dame Nushka is. Ek het maar redelik gefrons vir die aanhoudende "advertensieveldtogte" van hulle kant af. Toe sy egter op 'n stadium by hul kom kuier het, het ek besef dat elke woord wat hulle vertel het die waarheid was. Sy het my voete sommer vinnig onder my uitgeslaan. Ek is dankbaar teenoor die Here vir 'n lewensmaat wat Hom saam met my liefhet en dien.

**Hoeveel kinders het u?**
Nog net vier nl. Lana (10), Jani (8), Ruben (7) en Tirsa (5).

**Watter gemeentes het u bedien?**
Benoni (2015-2018), Weskus (2018-2022) en die Kweekskool as dosent (2022 tot hede).

**Wat is u gunsteling dis?**
Natuurlik enige van die heerlike kos wat my geliefde vrou hier in die Kweekskoolkombuis (laat) maak. (Sy het my geensins gedwing om hierdie te tik nie).

**Het u 'n stokperdjie?**
Nie regtig nie. Ek geniet dit wel om nou en dan sport te beoefen – as daar 'n bal verby my rol, sal ek hom waarskynlik jaag.

**Waar is u gunsteling vakansieplek?**
Die Weskus het 'n spesiale plek in my hart na ons bedieningstyd daar. Enige ander kampplek saam met my gesin is ook 'n fees.

**Watter geestelike boek/e het 'n groot impak op u lewe gemaak?**
Dit is interessant hoe sekere boeke op sekere stadiums van 'n mens se lewe 'n besondere impak op jou maak. EM Bounds se boek *Krag deur gebed* het in ons eerste jare in die bediening vir my verskriklik baie beteken. AW Tozer se boeke oor *Die attribute van God* en A Murray se boek oor *Nederigheid* het ook 'n groot impak op my lewe gemaak.

# Goudveld verwelkom nuwe leraar

Dit was met groot dank aan ons Hemelse Vader dat Goudveldgemeente op Saterdag 17 Augustus vir ds. Chris en mev. Annaliese Lombard ontvang en bevestig het.

Ds. Frikkie Lombard van Benonigemeente het die bevestigingsdiens waargeneem. Sy tema was dat ons as gemeente en kinders van die Here versterk moet word om sy werk te doen en daarin te volhard. Met groot bemoediging uit die kosbare Skrif het hy talle voorbeelde uitgewys waar die Here sy kinders kom versterk het.

Dit is dan ons as gemeente se verantwoordelikheid om deur die Here versterk te word sodat ons met krag sy werk kan voortsit in die gemeente.

Ds Frik Lombard (em.), wat jare terug leraar was in Virginiagemeente, was ook teenwoordig en het die gemeente aangemoedig om saam met ons nuwe leraar die werk in die gemeente te doen en daarin te volhard.

Na die diens het die gemeente lekker saam gekuier en gesmul aan die heerlike vingerete wat voorberei was soos net die CVV van die gemeente dit kan doen.
Die gemeente is opgewonde oor die pad vorentoe vir ons gemeente en ons vertrou die Here vir groot werk tot eer en verheerliking van Sy naam en tot uitbreiding van Sy koninkryk.

**Jack Harms**
**Goudveld**



# Pretoria-Tuinekoor hou reünie na 20 jaar

Tydens ds. Frik en mev. Rita Lombard se bediening te Pretoria-Tuinegemeente (1991 – 2008) was die gemeente bevoorreg om gereeld tydens eredienste, reeks dienste en spesiale geleenthede bedien te kon word met boodskappe in sang deur 'n koor onder die bekwame afrigting en begeleiding van mev. Rita Lombard. Die koor het ook op uitnodiging by Edenkonferensies en ander kerke opgetree. Die aanvanklike koor was nagenoeg altyd tussen 35 tot 40 lede sterk, soos koorlede gekom en gegaan het.

Vroeg in 2024, met herinnering aan die jare heen se seën en verkwikking, het die gedagte by mev. Lombard posgevat om die koor te laat "herleef" deur 'n moontlike reünie met gepaste optrede. So is die saadjie onder oorblywende lede van die koor geplant en is besluit op die naweek van 4 en 5 Mei 2024, nagenoeg 20 jaar na die koor se laaste optrede. Ons harte was egter bewoë toe ons aan die koorlede wat nie meer met ons was nie gedink het – hulle wat ons vooruitgegaan het na die Hemelse tuiste of verhuising na ander stede en die platteland. Ons kon egter 20 lede bymekaar skraap, maar net voor die naweek moes daar ongelukkig drie lede weens ongesteldheid onttrek.

Die koor is dankbaar teenoor Maranatagemeente wat goedgunstiglik ingestem het om hulle fasiliteite vir 'n reünie-optrede aldaar tot beskikking te kon stel. Saterdag, 4 Mei 2024, het die koorlede die oggend heerlik saam in die saal gekuier en na 'n smaaklike middagete het die inoefening met alle erns begin.

Die koorlede het tydens 'n ruspouse die gedagte saam gedeel hoe uniek die brein is waarmee God ons geskape het – na soveel jare kon ons die wysies en note onthou, al het daar hier-en-daar note uitgekom waaraan ons gou kon skaaf om dit te suiwer voor die optrede op Sondag, 5 Mei 2024, tydens die oggenddiens.

Terwyl die gemeente die lied ***"Bring my die ou, ou tyding"*** gesing het, het die koor na vore gekom en hulle sitplekke by die klavier voor die kansel ingeneem. Die Woordbediening was behartig deur ds. Frik Lombard (em.). Daar was na elke kort gedagte 'n gepaste lied gesing.

Omdat mens altyd opgewonde moet wees vir elke geleentheid om kerk toe te gaan ***"Church in the Wildwood"*** moet daar telkens net een begeerte wees en dit is om die Woord te hoor ***"Wonderlike Lewenswoord"***. Die eerste groot gebeurtenis was natuurlik Jesus se geboorte ***"Stille Nag, Heilige Nag"***. Maar, Jesus het natuurlik ook Sy lewe vir ons gegee ***"Vasgenael aan die Kruis"*** en word die twee vrae gevra ***"Were you there when they crucified my Lord?"*** en ***"Do you know my Jesus?"***

Natuurlik was Hy ook in 'n graf neergelê, maar helaas – die graf is leeg, want Hy het opgestaan ***"Jesus het opgestaan"*** en Hy leef ***"Christus leef!"*** Nou kan ons uitroep en sê dat ons 'n groot God aanbid "Hoe groot is U!" en besef dat ons elkeen eendag voor Hom sal buig as ons ons krone na Hom toe bring "Ons buig hier voor U" (hierdie kosbare lied se woorde en melodie is geskryf deur wyle mev. Ina van Rensburg, vrou van wyle oom Boet van Rensburg).



Ons gebed is herlewing ***"Revive us again"*** en ons sien met groot verwagting uit na die dag wat ons Hom sal ontmoet, tesame met hulle wat ons vooruitgegaan het ***"What a day that will be"***!

Die gemeente van Maranata het van die liede heerlik saam met die koor gesing. Alle eer kom die Vader toe vir die instaatstelling en bewaring van sy kinders om in hierdie dag te kon deel. MARANATA – Jesus kom weer!

**Willie Stieger**
**namens Pretoria-Tuinekoor**

# Boksburggemeente ontvang nuwe leraar

Na die vertek van ds. Rickard Hattingh na Roodepoort-Betesdagemeente was die kerkraad en gemeente van Boksburg byna op moedverloor se vlakte na ses beroepe wat in ses maande uitgebring was. Maar, God was weer eens getrou om na baie tyd van gebed en leiding, hulle uiteindelik, na die sewende beroep (volmaakte getal), 'n nuwe leraarspaar gestuur het om te kon verwelkom op 20 Julie 2024 naamlik ds. Rudi en mev. Elna Beukes.

Ds. Johnnie Gates (Saakgelastigde) het die bevestiging waargeneem waarna ds. en mev. Beukes deur die Kerkraad, CVV, Kinderbediening en die Jeug verwelkom is. Na ds. Rudi as nuwe leraar van Boksburggemeente die seën uitgespreek het, is die gebruiklike verversings op kleuren geurvolle manier deur die CVV voorgesit.

Lees wat skryf ds. Rudi oor sy beroep na Boksburg:

*"Dit was Vrydagaand, 24 Mei 2024, toe my selfoon lui en ek sien dat dit 'n broeder in die bediening is wat my nog nooit op 'n Vrydagaand gebel het nie! Ek en my vrou het musiek geluister, net rustigheid geniet, toe ek die nuus kry van 'n beroep na Boksburggemeente! Ek het hardop gelag, gevoel soos Sara wat ook gelag het toe sy hoor sy gaan 'n seun vir Abraham in die lewe bring! Ek het so iets glad nie verwag nie! Hoe kan dit wees? Ek het nog net twee en 'n half jaar oor in die bediening… en nou hierdie beroep!*

*Maar, gou het ek vir die broeder om verskoning gevra en die hele saak ernstig in my hart opgeneem. Kan die Here nog iets vir ons in gedagte hê? Ek was so oortuig dat Rietfontein ons laaste gemeente sou wees en daar het 'n oorgerustheid in my hart gevestig wat dit vir my so moeiik gemaak het om werklik oor die beroep die wil van die Here te soek.*

*Ek het in die dae wat volg die Woord opgesoek waarmee die Here ons in Februarie 1994 van Boksburg na Belfast gelei het! Dit was in* **Genesis 28:15: *"En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan…" En ons is weg na Belfast! MAAR die teks gaan verder en lees: "…en Ek sal jou terugbring in hierdie land;…"*** *En dit was hierdie woorde wat my uit my oorgerustheid geruk het!*

*Nuuskierigheid maak dat ek begin kyk hoe lank dit Jakob geneem het om weer in Bet-el aan te kom! Hy is in* ***Gen 29:1*** *daar weg en eers in* ***Gen 35 :1*** *hoor hy die stem v.d. Here:* ***"Maak jou klaar, trek op na Bet-el en woon daar."*** *Dit het hom 30 jaar geneem om weer in Bet-el aan te kom!*

*Dit was vir my net oorweldigend! Ek kon nie glo wat ek lees nie - 30 jaar! Ons is in 1994 weg uit Boksburg… dit is nou 2024…presies 30 jaar! As dit nie in 2024 gebeur het nie, dan sou dit nie kon gebeur nie! En boonop, net 30 maande oor in die bediening.*

*Al wat vir ons oor was om te doen was om gehoorsaam te wees en die beroep te aanvaar! Op 20 Julie was ons bevestig in Boksburg! Mag die Here doen wat Hy gesê het volgens Gen 28:15!*

Aan die Here al die eer!"

**Ds. Rudi Beukes**
**Boksburg**





# Gemeentes en Kontakbesonderhede

| Gemeente | Leraar | Selfoon nr. |
|---|---|---|
| Alberton | Ds. J Alberts (Johan) | 074-713-8679 |
| Barrydale | Vakant | |
| Belfast | Ds. WG Smith (Wim) | 082-550-3623 |
| Benoni | Ds. AFC Lombard (Frikkie) | 079-898-2799 |
| Bethal | Vakant | |
| Bethlehem | Ds. AF Olivier (Armand) | 084-251-0416 |
| Bloemfontein | Ds. WR Raath (Wimpie) | 082-870-9986 |
| Boksburg | Ds. RD Beukes (Rudi) | 081-446-0666 |
| Brakpan & Springs | Ds. L van der Merwe (Loedolff) | 079-866-2455 |
| Bredasdorp | Ds. M van Niekerk (Marno) | 084-617-0613 |
| Brits | Ds. JJ Jacobs (Jakes) | 083-789-5388 |
| Carletonville-Bethel | Ds. JC Keyser (Jan) Em. | 083-456-9241 |
| Centurion (1) | Ds. GA van Dalen (Gerrie) | 084-515-0937 |
| Centurion (2) | Ds. RP Louw (Pierre) | 063-400-5298 |
| Durban | Vakant | |
| Ellisras | Ds. R Gates (Riaan) | 071-371-0431 |
| Ermelo | Ds. WA Krige (Willie) | 082-817-1137 |
| Fochville | Ds. DE Klopper (Danie) | 082-901-4611 |
| Frankfort | Ds. JP Leyden (James) | 072-642-4730 |
| Gamtoosvallei | Ds. HJ Weyers (Hendrik) Em. | 083-256-2910 |
| George | Ds. CPJ Coertze (Coenie) | 076-861-6899 |
| Germiston | Ds. M Labuschagne (Marco) | 069-402-0189 |
| Goudrif | Ds. RJ Besselaar (Johan) | 082-555-1592 |
| Goudveld | Ds. C Lombard (Chris) | 083-652-8433 |
| Hartbeespoort | Ds. TJ Cloete (Johan) | 082 572 9162 |
| Helderberg | Ds. AMA Bruyns (Anfrew) | 081-364-4912 |
| Jeffreysbaai | Ds. R van Vuuren (Ruan) | 084-584-9394 |
| Kemptonpark | Ds. PJ Grobbelaar (Paul) | 072-277-9781 |
| Klerksdorp | Ds. E. Duvenhage (Etienne) | 082-854-3431 |
| Kriel | Ds. H Vorster (Hennie) | 084-229-2002 |
| Kroonstad | Vakant | |
| Krugersdorp | Ds. GM Grobler (Gert) | 083-659-5793 |
| Lichtenburg | Dr. AS Kleingeld (Anton) | 084-758-0436 |
| Louis-Trichardt | Wyk van Pietersburg | |
| Malmesbury | Ds. R van Staden (Rassie) | 082-950-4702 |
| Margate | Ds. R Fourie (Rudolf) | 076-302-9454 |
| Meyerton | Ds. D du Plessis (Derrick) | 083-287-7197 |
| Middelburg | Ds. FR Grobler (Fleetwood) | 082-879-8625 |
| Mosselbaai | Ds. B Fourie (Barry) | 082 568 0760 |
| Nelspruit-Sigem | Ds. LP Schoeman (Peet) Em. | 084-206-1768 |
| Newcastle | Ds. WS van Vuuren (Wimpie) | 082-870-9477 |
| Nigel- Saron | Prop. Kand. WF. Lombard (Fredrich) | 066-215-7353 |
| Nylstroom | Ds. J Vlok (Kuifie) | 072-426-6541 |
| Oos-Londen | Ds. J Schellingerhout (Jasper) Em. | 072-757-2540 |
| Orkney | Ds. WH du Plessis (Willie) Em. | 082-376-0483 |
| (Wyk van Klerksdorp) | | |
| Oudtshoorn | Vakant | |

**Alle gemeente leraars en titels was korrek met die druk van die uitgawe, hoewel sekere leraars onder beroep mag staan**

| Gemeente | Leraar | Selfoon nr. |
|---|---|---|
| Paarl | Ds. D. Brink (Daniël) | 083-626-7473 |
| Parys | Wyk van Sasolburg | |
| Phalaborwa | Ds. KI Boshoff (Kaleb) | 084-816-2332 |
| Pietersburg-Emmanuel | Ds. G Snijders (Gerhard) | 082-459-5329 |
| Port Elizabeth Wes | Ds. FS Devenier (Ferdie) | 083-458-7459 |
| Potchefstroom | Ds. F Bekker (Ferdi) | 084-688-8653 |
| Potgietersrus | Ds. CJF Muller (Francois) | 082-925-0588 |
| Pretoria Maranata | Ds. WS Olivier (Willie) | 084-596-4578 |
| Pretoria-Oos | Dr. AJD Bester (André) | 081-446-6521 |
| Pretoria Rietfontein | Ds. WM Snyders (Wimpie) | 073-490-5427 |
| Pretoria Tuine | Ds. F du Toit (Francois) | 084-584-9394 |
| Pretoria Wonderboom (1) | Ds. MduT Loubser (Thys) | 082-562-3883 |
| Pretoria Wonderboom (2) | Ds. NJ Grobler (Johan) | 083-785-4743 |
| Randfontein | Ds. R Scholtz (Rico) | 083-452-2383 |
| Richardsbaai | Vakant | |
| Roodepoort-Betesda | Ds. RM Hattingh (Rickard) | 082-847-8693 |
| Rustenburg | Ds. AJ Venter (Andries) | 073-743-8502 |
| Sasolburg (1) | Ds. RP Louw (Ryno) | 083-788-5027 |
| Sasolburg (2) | Ds. M Botha (Martin) | 067-656-2018 |
| Secunda | Ds. AR Scholtz (Recardo) | 083-787-5287 |
| Springs & Brakpan | Ds. L van der Merwe (Loedolff) | 079-866-2455 |
| Standerton | Ds. JHH du Raan (Jan) | 072-286-1115 |
| Tygerberg (1) | Ds. C Coetzee (Ian) | 082-325-1569 |
| Tygerberg (2) | Ds. G. Kruger (Gerhard) | 082-725-7832 |
| Tzaneen | Ds. N Prinsloo (Nicko) | 083-233-7672 |
| Uitenhage | Ds. P van Wyk (Pieter) | 083-594-3078 |
| Uniondale | Ds. J Botha (Johan) Em. | 082-897-5955 |
| Upington | Vakant | |
| Vanderbijlpark | Ds. LC Uys (Lukas) | 083-784-1427 |
| Ventersdorp-Elim | Wyk van Lichtenburg | |
| Vereeniging | Ds. LC Uys (Lukas) | 083-784-1427 |
| Volksrust | Vakant | |
| Vredendal-Olifantsrivier | Vakant | |
| Vryheid | Vakant | |
| Warmbad | Vakant | |
| Weskus | Ds. H Van Zyl (Herman) | 082-924-6989 |
| Witbank | Ds. P Burger (Pieter) | 083-263-5752 |
| Worcester | Ds. LHJ van Zyl (Louie) | 083-204-0365 |
| **Ander diensdoenende predikante** | | |
| Saakgelastigde: | Ds. JP Gates (Johnnie) | 073-490-5427 |
| Kweekskool: | | |
| Prinsipaal | Ds. JP Prinsloo (Jurg) | 083-302-6800 |
| Viseprinsipaal | Ds. WF van Niekerk (Wynand) | 084-986-1986 |
| Dosent | Ds. WA Kotzé (Woodford) | 083-763.4942 |
| Dosent | Ds. JP Prinsloo (Jurgens) | 084-986-1986 |

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 79 • November/Desember 2024 • #660



- Totale oorgawe benodig!
- Hy steek my ook nog weg
- Om kinders te wen vir Jesus

# ...van die Redakteur

Liewe leser, hierdie jaar het, net soos ander jare, in 'n oogwink verbygegaan, maar vir die EG Kerk SA was dit 'n besondere jaar – ook die Feesjaar van die EG Kerk SA se 80ste bestaansjaar.

U sal onthou dat ek in die Nov/Des 2023 gesê het dat in dieselfde oogwink ons ook al meer en meer besef dat God se uurglas ook spoedig besig is om uit te loop as ons die gebeure in die Ooste (Israel vs Hamas) in perspektief bring met die eindtyd gebeure in aanloop tot die Wegraping en die daaropvolgende gebeure. 'n Jaar later bly die situasie gespanne.
Terry Pratchet (28 April 1948 – 12 Maart 2015), skrywer en akteur, het eens die opmerking gemaak dat as jy nie weet waar jy vandaan kom nie, dan weet jy ook nie waarheen jy gaan nie. Met die wyse woorde in gedagte behoort ons te verstaan dat ons die ontstaan van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, voorheen die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika, moet koester en God ewig dankbaar moet wees vir hierdie tuiste wat daar vir kinders van die Here is. Aangesien hierdie uitgawe ons laaste uitgawe is vir die Feesjaar, het ek dit goed gedink om heelwat relevante artikels uit die argiewe weer te publiseer.

Dit is dan ook die tyd van die jaar wat ons graag stilstaan by die oorsprong van die wêreld se hoop op redding en verlossing – die geboorte van Jesus Christus, die Saligmaker. Laat ons nooit vergeet nie dat, was daar nie hierdie **geboorte** nie, was daar nie 'n **kruisiging** en **opstanding** nie, ook nie 'n **hemelvaart** nie en helaas, ook nie 'n blye verwagting na die **wederkoms** nie!

Die redaksiespan wens al ons lesers 'n geseënde Christusfees toe en bid die Heer se beskerming toe tot ons weer gesels met die volgende uitgawe.

**Redakteursgroete**

**Redaksie**
Willie Stieger (Redakteur), Di. Francois du Toit (gekoöpteer), Johnnie Gates, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**

**Voorblad:** "*Star with lights*" - **Elias Tigiser - pexels.com**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Jaargang 79**
**November/Desember 2024**
**Uitgawe #660**

# INHOUD

**3 Totale oorgawe benodig!**

**4 Verwag My**

**5 Hy steek my ook nog weg**

**6 Kinderdienste se heerlike vruggies**
**Jeugkampe... vreugdekampe**

**7 Op die boekrak**
**Waar is Emeriti**

**8 Silwerjeugkonferensie 2024**

**9 Ons naam sê dit: Evangeliseer**

**10 Om kinders te wen vir Jesus**

**12 Belfast vier hul 80ste herdenking**

**14 Vroueblad:** Die vrede wat alle verstand te bowe gaan!

**15 Die CVV - Kerkvroue in aksie**
**Pastorievrou, ons bring hulde!**

**16 Aangename Kennis:**
Ds. Wynand van Niekerk

**17 Genesingsbediening was geseënd**

**18 Die 25ste Desember**

**19 Die Here lei 'n nuwe leraarspaar na Tzaneen**

## Intekening en betaling

Weens stygende drukkerskoste het die Redaksie op 'n vergadering, gehou op 28 Okt. 2024, besluit om die jaarlike subskripsiegeld van die Kerkblad te verhoog van **R120-00 na R140-00**. Hierdie verhoging tree in werking op 1 Maart 2025 vir die nuwe finansiële jaar 2025/26.
Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@gmail.com

# TOTALE OORGAWE BENODIG!

Soms voel 'n predikant soos die rots wat vir die klippe preek. Daar kom geen beweging aan enige kant nie.
Vandag moet ek dit ook erken, want ek is net so skuldig soos ander as dit kom by volle oorgawe aan die Here.

Ek het al talle kere, in plaas daarvan om op die Here te vertrou, gesê dat ek 'n plan sal maak. Ons gebruik mos gereeld die uitdrukking: "'n Boer maak 'n plan!" wanneer daar druk in ons lewens is.

Die hartseer werklikheid is dat baie gelowiges dit doen, en in sommige gevalle haal ons selfs halwe skrifte of halwe verse aan om ons eie opgeblase ego's te regverdig.

Ons sal dikwels sê: ***"Ek is meer as 'n oorwinnaar."*** of ***"Ek is tot alles in staat."*** En dan haal ons net 'n halwe vers aan wat 'n valse gevoel van sekuriteit gee, en spruit dikwels uit valse leringe.

As ons deur die Bybel blaai, sal ons besef dat daar reuse is wat ons nie kan verslaan in eie krag nie.
Saul en die krygsmanne van Israel het bymekaargekom en laer opgeslaan by die dal van Elah, waar hul teen die Filistyne te staan gekom het. (1 Samuel 17)

Hier het Góliat die Filistyn, vir Saul en Israel uitgedaag. Ons lees dat Dawid die uitdaging aanvaar het.

Dawid het vir die moedelose en byna verslane Saul gesê: **1 Sam. 17:36** ***U dienaar het die leeu sowel as die beer doodgeslaan, en met hierdie onbesnede Filistyn sal dit gaan net soos met een van hulle, omdat hy die slagordes van die lewende God uitgedaag het.***

Maar Dawid het nie daar gestop nie. Hy het nie gesê: *"Ek is tot alles in staat"* of *"Ek is meer as 'n oorwinnaar"* of gedink dat hy Góliat in eie krag kan verslaan nie.
Dawid het uitgeroep: **1 Sam 17:45** ***Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het.***
Dit het gelyk asof Dawid **Filippense 4:13** en **Romeine 8:37** geken het nog voordat Paulus dit neer geskryf het.
Dawid het geweet dat hy op sy eie sal misluk, maar in die Naam van die Here sal hy die vyand kan verslaan.

Wat ons vandag moet besef, is dat ons niks kan doen sonder Jesus Christus in ons nie. **Joh. 15:5** ***Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.***
Ons moet ook in ag neem dat ons vermoë om die vyand te verslaan te danke is aan Christus wat ons krag gee.
Wanneer dit voel of die reuse tou staan om ons te vernietig, kan ons net meer as oorwinnaars wees deur die Here wat ons eerste liefgehad het. **Rom. 8:37** ***Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.***

Ek wil dit weer beklemtoon. Geen mate van geloof in onsself, selfvertroue, positiewe denke of positiewe woorde kan oorwinning waarborg nie. Die enigste manier om oorwinning te behaal, is deur ons vertroue in God te plaas, en deur Hom toe te laat om ons te bemagtig, toe te rus en te lei tot oorwinning.

Die enigste manier om oorwinning deur Christus te verkry is deur volkome oorgawe en deur in Hom te bly.


Ons moet in die wingerdstok ingeënt wees, want die loot kan nie vrugte dra as hy nie geënt is of nie heeltemal aan die Here oorgegee is nie.

Net soos Paulus moet ons heeltemal oorgee. Paulus het gesê: **Gal. 2:20** ***Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.***

Sou ons onsself aan die Here oorgee, sal ons ook kan sê: **Ps. 118:6** ***Die HERE is vír my; ek sal nie vrees nie: wat kan 'n mens my doen?*** of **Rom. 8:31** ***Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?***

Here, ek gee oor, help my om oor te gee.
Mag die Here u seën!

**Ds. Danie Klopper**
**Fochville**



# VERWAG MY

**Sefanja 3:8** ***Daarom, verwag My, spreek die Here, op die dag wat Ek gereed maak vir die buit.***

Die dae, maande en jare vlieg verby, dis byna weer Kersfees. 'n Jaar van stryd en spanning is besig om agter die horison te verdwyn en 'n laaste blik na die spore van twaalf maande se harde werk.

Die geestelike worstelstryd word elke jaar harder, omdat die vyand harder werk, vinniger uitbrei en groter skade verrig. Ons oë moet gesalf wees om te sien en ons ore gespits om te hoor.

**DAAR IS DRIE VOORBEREIDINGS OP HANDE**

**Voorbereiding vir die Antichris**

Die direkte voorbereiding vir die Antichris gaan ongemerk met rasse skrede vooruit. Die ondergrondse werk wat so geweldig uitgebrei het, is nou besig om soos kweekgras oral uit te slaan. Die onrusbarende toename in verdowingsmiddels, sluikhandel, roof en geweld, dit alles is nie nuwe dinge nie. Dit het al vir jare sy ondergrondse wortels en ranke en nou slaan dit oral op.

Dink maar net vlugtig aan die grootste godslastering en spottery van die afgelope jaar. So is baie mense, miskien ook in hoër kringe, goed bedoelende, onbewustelik besig om te help met die voorbereidings vir die Antichris. Elke keer as hy sy kop op 'n nuwe plek uitsteek dan trek hy almal se aandag daarheen om dan ongehinderd verder voort te gaan. Ja, alle mense wat weier om hulle tot die Here te bekeer en in sonde voortlewe, is potensiële en aktiewe werkers en werktuie in die hand van die Antichris. Dit alles het bygedra om die werk van die afgelope jaar meer vermoeiend te maak. Dit het sy spore nagelaat wat nie uitgewis kan word nie.

**Voorbereidings vir die wederkoms**

Die Here is besig om gereed te maak vir die buit en om Sy toorn en grimmigheid oor die wêreld en die geregtigheid uit te stort. Al hierdie gruwels en godslastering is besig om die beker vol te maak. Die Here wag nog met geduld op die siele wat ingesamel moet word. Hoeveel nog moet inkom voordat die volheid van die heidene ingegaan het, weet ons nie, maar God is besig met voorbereidings om gereed te maak vir Sy koms. Die skade en smarte wat die afvalligheid van Gods kinders tot gevolge het, roep na die hemel soos die bloed van Abel geroep het. Die geweldige worstelstryd om nie na die toestand te kyk nie, maar die oë op Jesus te hou, kos genade. Ja, dis voorwaar alles dinge wat die Here dwing om gereed te maak vir die buit. Geen wonder dat Hy roep: **"Verwag My!"**

**Voorbereiding van die slapende bruid**

Moeg en mat van stryd om deel te hê in die voorbereiding van die Kerk van Christus, kos 'n nuwe salwing en toerusting.

Die christen se lewe is soos 'n motor – solank hy aan die gang is en beweeg bly hy nuttig en bruikbaar, maar as hy langs die pad staan, word hy afgetakel. Die eerste wat gaan is die wiele waarop hy eens geloop het, en dan die masjien wat hom aangedryf het. So lê daar 'n ou motorwrak byna langs elke grootpad. So gaan dit met die Christen langs die lewensweg – solank hy aktief en op pad is gaan dit goed, maar as hy êrens tot stilstand kom, word hy baie gou deur die sielevyand afgetakel.

Soos alle jare het hierdie jaar ook weer sy geestelike wrakke en onder die omstandighede moet die Bruid van Christus haar gereed maak vir die wederkoms.

Die stryd om siele by die Kruis te kry, en die christene op die pad te bemoedig, is groot. Ja, om deel te hê in die voorbereidings van die Kerk van Christus hier op aarde om Hom te verwag, kos meer as wat in vlees en bloed geleë is. Die Here roep ons toe aan die einde van die jaar wat besig is om agter die horison te verdwyn – **Sefanja 3:8** ***Daarom, verwag My, spreek die Here, op die dag wat Ek gereed maak vir die buit.***

Is daar tyd om te rus, om te talm of te vertoef langs die pad? Liewe broeder en suster, u wat saam met ons 'n jaar van harde werk en stryd agter die rug het, die Here sê: **"Verwag My!"**

Kan ons bekostig om afgetakel te word, is daar tyd om te verkwis deur van die pad af te draai? O, nee, die Here sê: "Versterk julle harte, staan op tussen die dooies uit en Christus sal oor julle skyn. Word met die Gees vervul en koop die tyd uit, omdat die dae boos is, en ***Verwag My!***"

Vergeet die struikelblokke van die afgelope jaar waarteen u vasgeloop het, kyk weg van mense wie u teleurgestel het, draai u oë opwaarts en hoor die stem van Bo. Maak u gereed vir die groot en heerlike dag van die Here.

**KERSFEES IS OP HANDE**

As Kersfees nader kom, dan is dit of 'n mens na 'n pouse verlang, 'n rusplek om versterk te word en om herstel en nagesien te word.

Kersfees is op hande, 'n tyd waar almal probeer om te vergeet van gister en eergister. Tussen die geraas van oordrewe joligheid en die misbruik van Kersfees is daar tog die sug na rus, kalmte en vrede, en word die stem van God gehoor: ***"Dit is My geliefde Seun, luister na Hom en Verwag My."***

Mag hierdie Kersfees vir elke christen 'n versterking wees, vervul met die liefde en ywer van Christus Jesus, die Saligmaker wat ons aanspoor en dra totdat Hy kom.

Ja, 'n nuwe ontmoeting met God en vervul met die Heilige Gees en Krag om toegerus te wees vir ons taak op aarde.

Mag baie siele die roepstem van die Verlosser hoor en kom en gered word en die afgedwaalde opstaan en terugkeer na die ou en heerlike weg met Christus in die goeie stryd.

**Ds. T. Pretorius, Ermelo**
**Die Nuwe Protestant,**
**1 Desember 1969**

# Hy steek my ook nog weg

Die veelgelese Ps. 91 verwys na ŉ unieke en spesiale skuilplek. Die woord wat in verse 1 en 9 in Hebreeus is "se-têr", wat as "toevlug", "veilige, beskutte plek" of "[ons] geheime plek" vertaal kan word. Die baie mooi woorde KNUS en GEBORGE kom in dié verband ook in jou gedagtes op.

Die mens is van nature soekende na een of ander skuiling, nie in die sin van ŉ wegkruipplek nie, maar daar-die plekke waar ek geborge, tuis en ontspanne voel en geniet om te kom. Dit kan ŉ vakansieplek wees, waar ek alleen in die veld is, ŉ spesiale ruimte of bestemming waar ek wil wees. Ook kan dit in die kerk wees of in my huis of saam met my gesin, of in my familiekring, soos wanneer familie spesiaal saamkom. Die mens het van nature behoefte aan so iets; ŉ soort "veilige hawe".

Die mensdom se lot is vandag soos dié van Kain, nadat hy sy broer vermoor het en God hom in **Gen. 4** konfronteer. Dan sê die weerlose en "skuilinglose" Kain: ***"My skuld is groot... U verdryf my... en ek moet my verberg... ŉ swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees..."*** (**vers 14**). Sonder God en sonder skuiling was hy nou. Dit is soos die ganse, rustelose mensdom is, sonder Jesus as skuiling, ŉ veilige hawe en beskutting!

Die woord "se-têr" is die woord wat ook gebruik word waar Dawid hom in die veld gaan wegsteek het in 1 Sam. 19; wat in Ps. 139 gebruik word in die vers wat lui: Toe ek in die geheim gemaak is. Ook word dit gebruik in Jes. 32 waar verwys word na die vorste wat saam met Christus in die komende Vrederyk sal regeer en ŉ TOEVLUG, SKUILING en SKADUWEE vir die aardbewoners sal wees (soos in die eerste paar verse vermeld). Heel anders as die drogvorste en selfsugtige trotsaards wat tans regeer en waarvan ons verder in Jes. 32 lees, nl. die dwase wat in die huidige bedeling "edeles" genoem word; die skelm wat homself as "vernaam" reken (vers 5). In die Vrederyk wat kom, sal hulle nie meer daar wees nie! Die Bybel bied egter die beste antwoorde vir die mens se soeke na ŉ skuilplek, sekuriteit en geborgenheid:

**1. God, die Allerhoogste sélf is daar-die skuilplek!** Dit sê Ps. 91 so duidelik. Wat ŉ geweldige gedagte dat die verhewe God van die Heelal dit vir my as nietige wese wil wees! Hyself is soos die beskutting van ŉ herder wat ŉ lammetjie koester (Jes. 40:11) en soos van ŉ onwankelbare toring (Spr. 18:10).

Verstommend die woorde van Ps. 48:4: God het Hom in sy paleise bekend gemaak as ŉ rotsvesting. Hy wat in glorie op die troon sit, verseker my vandaar dat Hy my rotsvesting is! Nou reeds op aarde, maar ook eendag saam met Hom in die glorie van sy paleis!

**2. Hoe word Hy my skuilplek?** Ek moet tot stilstand kom in my omswerwinge as ŉ "kind van Kain" voordat die Here my Skuilplek word! Ek moet Hom my Skuilplek MAAK, sê Ps. 91:9. In Jes. 53 word verwys na die mens wat "sy eie pad kies en loop". God sê as't ware hou op loop op jou pad en staan stil; jy weet van My as Skuiling, maar jy loop verby op jou eie pad!

In Ps. 62:2 word verwys na om "stil tot God" te wees. Dán eers sien ek Hom raak as die rotsvesting (verse 3 en 8). Só kom die rustelose siel by die rus van God as skuiling uit; word sy vleuels my beskutting (Ps. 91:4).

**3. Die beskutting van die Here** is vêr meer as net om veilig te wees of te voel, soos dit in Ps. 7 aangehaal word, en Ps. 143:9, waar dit na vyande en haters verwys. Dit sien op ŉ eenwording met Hom as my Verlosser. Die sondeskuld wat op elke mens rus wat my soos ŉ Kain voor God maak, moet mee gehandel word hier waar ek weerloos en sonder geborgenheid sit. Die kom tot berou en belydenis oor jou skuld voor ŉ Heilige God bring die mens daar waar ervaar word die skeiding is weg. Jy het ŉ skuilplek by Hom!

**Ps. 5:12** word dan ŉ werklikheid: ***"Laat almal bly wees wat by U skuil, laat hulle ewig jubel."*** Rus vir die siel is dit – die rus wat die Here aanbied in sy skuiling.

4. **Die skuiling word ook ŉ vaste fondament onder my voete.** Dit is dus ŉ posisie van meer as net ŉ skuiling, maar vastigheid, soos dié van ŉ rots. Die Here word op talle plekke Rots/my Rots genoem in die Skrif.

In Ex. 33:21 nooi God Moses so treffend: ***"KYK HIER IS ŉ PLEK BY MY waar jy op die rots kan gaan staan."*** Wat ŉ plek om te wees, wat ŉ sekuriteit! Saam met God op die rots! Wanneer die berge in die hart van die see tuimel, soos Ps. 46 dit stel, hoef ek nie te vrees nie want God is dán my toevlug, sterkte en skuiling te midde van wat om my kan woed of my bedreig.

**5. Die besonderheid van hierdie skuilplek** is iets wat net die Here kan bied, met sy spesiale kwaliteite - iets wat net ŉ ware kind van God ken en beleef.

Daar is reeds verwys na die nabyheid van die Here self as my Skuilplek, die vastigheid, die oneindigheid, die veiligheid daarvan… Maar daar is nog vele mooi dinge wat ons daaroor bemerk. Ons wys op enkeles.

DIT IS:

*** ŉ Besondere gunsplek.** Ek is die Here se "oogappel" daar in die "skadu van sy vleuels", sê Ps. 17:8. Ek is die objek van sy gunsbewyse waar Hy my in die oog hou (vers.7);

*** ŉ Veilige bewaarplek,** teen die vyand en my vrese (verse 7 en 8), en waarna Ps. 27:5 ook so kosbaar verwys: "Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil...";

*** ŉ Plek van Vrolikheid** om my in te bevind, te midde van "vrolike gesange van bevryding" (Ps. 32:7);

*** daar waar God my LEER en RAAD GEE (Ps. 32:8);**

*** ŉ plek (ŉ hawe) om TE BEGEER (Ps. 107:30)** en

* dit is ook die plek van **ware Stilte en Kalmte** (Ps. 62:2 en 3).

Hoe onbeskryflik kosbaar die Skuilplek! Geen wonder nie soveel van die kosbaarste liedere is oor dié tema geskryf! Wie is ek dat U aan my sou dink? Boonop dat U, Here, my dan ook, uit my weerloosheid en kwesbaarheid red ná al my storms en golwe om my wat U stilmaak? En boonop lei U my na die hawe van my begeerte.

**Ds. Jasper Schellingerhout (em.)**
**Oos-Londen**

# Kinderdienste se heerlike vruggies

Etlike jare gelede terwyl ek kinderprediker was, het ons 'n reeks kinderdienste in Parow gehou. Gedurende die tyd het verskeie siele by die Here uitgekom. Onder hulle was daar 'n seun met die bynaam "Cheeky". Sy naam het sy onnutsige karakter uitgebeeld. Hy het 'n wonderlike bekering gehad. Sy lewe het só dramaties verander, dat ander dit móés raaksien. Min het sy ouers geweet dat sy tydjie op aarde maar baie kort was.

Kort nadat hy tot bekering gekom het, het hy een middag by 'n skoolmaat gaan speel. Daar het hy sy tyd verspeel en moes hy hom haas om betyds tuis te wees. In die jaagtog huis toe het hy onder 'n motor beland en tragies gesterf. Die dag by die begrafnis moes die skoolhoof 'n paar bedankings doen.

Hy kon nie anders as om te vermeld van die drastiese verandering wat in Cheeky se lewe plaasgevind het nie: "*In 'n stadium in sy lewe was hierdie jongman 'n handvol. Die onderwysers het hom met baie moeite hanteer. Hy het sy skoolwerk altyd afgeskeep en sy punte was laag. Hy was gereeld by my in die kantoor… tot op 'n dag. Ja, daar het 'n drastiese verandering (Kinderdienste se heerlike vruggies) in sy lewe plaasgevind.*
*Ek het hom uitgevra oor sy lewe en die verandering in sy lewe. Sy woorde aan my was:* ***'Meneer sien, ek het by 'n kinderdiens my lewe aan die Here gegee, en net Hy alleen, kan 'n mens se lewe verander.'***"

Die skoolhoof het die bedroefde ouers getroos: ***"Graag wil ek u meedeel dat julle seun vandag by die Here inwoon."*** Wat 'n wonderlike woord van vertroosting! So is daar nog 'n lang lys van name wat by Cheeky s'n gevoeg kan word, klein Jaco Roos, Ignatius van Niekerk en baie ander wat oor die jare by die Here uitgekom het in kinderdienste van die Kerk, waarby tye tot 800 kinders in 'n diens was. Groot is ons waardering vir die besondere passie wat die Kerk deur die jare gehad het vir die redding van kindersiele.

**Ds. Willie Roux**
**Emeritus**

---

# Jeugkampe… vreugdekampe

Jeugkampe het deur die jare geweldig baie in die lewens van talle van ons jongmense op geestelike gebied beteken. Van die jongmense wat op sulke kampe die Here as Saligmaker gevind het of daar vervulling met die Heilige Gees ontvang het, is vandag predikante in die kerk en op die sendingveld of dien op jeugtakke se besture en op kerkrade van gemeentes.

Hier volg 'n paar getuienisse wat spontaan uit die pen van sulke jongmense gekom het.

**Bronkhorst-gesin, Meyerton:** *"Dis die eerste keer dat ons 'n jeugkamp bywoon. Dit was vir ons as gesin 'n belewenis. Ons het so baie van ons foute hier ontdek. Bid asb. vir ons dat ons getrou sal bly op die pad wat ons reguit na Jesus lei. Die kos, dissipline en alles was puik en ek glo dit omdat God hier teenwoordig was, want dit was wat ons ondervind het. God seën u."*

**'n Jeugmaat, Boksburg:** *"Geagte oom Hennie en hoofbestuur. Hiermee wil ek net aan almal baie dankie sê vir 'n wonderlike naweek. Alles was puik. Die etes, die organisasie – baie dankie vir alles. Maar bo alles, wil ek die Here die eer gee. Hy wat alles moontlik gemaak bet. Soos die Israeliete sing my hart ook die oorwinningslied in Exodus 15:1-2. Die aanbidding van my hart is net aan God vir mense wat Hy aan ons jeug gee. Dankie vir al u opoffering, al u werk, al u liefde. Sonder die liefde sou die naweek ook niks gewees het nie. Ere aan God. Jesus is verheug oor die werk wat u vir die jeug doen – sodat hulle by Hom kan uitkom."*

**Amanda, Yolandé, Adelé en Tanja, Brakpan:** *"Beste oom Hennie, Jeugbestuur en maats. Ons dreig al so lank om hierdie briefie te skryf, maar hierdie kamp se program was van top gehalte dat ons nie anders kan as om na elke diens saam te verkeer en elke boodskap te bespreek nie. Ons weet nie watter deel van die kamp die lekkerste is nie. Dis asof ons nie genoeg kan kry nie. Die gesindheid tussen ons jong klomp is so ontspannend, dat ons wonder of ons nie maar vir altyd hier bymekaar kan bly nie, hier waar ons God se teenwoordigheid so duidelik kon aanvoel. Ons tel al klaar die dae af vir die volgende jaar se kamp. Baie dankie vir alles, die slaapplek, die dienste, die heerlike kos, ontspanning tussendeur, maar meeste van alles dankie vir die voorreg dat ons as jongmense van die Evangelies-Gereformeerde Kerk die geleentheid gebied word om op so 'n wonderbaarlike wyse bymekaar kan kom om te aanbid. Ons prys ons liefdevolle Vader, en vra Hom om met elkeen van ons te wees totdat Hy kom om Sy kinders te kom haal. Groet in Sy Naam."*

**'n Jeugmaat:** *"Ek wil net graag vir julle vertel dat die jeugkampe baie geseënd is. En ek dink dit sal wonderlik wees as dit aan sal gaan. Dankie."*

**Elbie Vorster, Vereeniging:** *"Oom Hennie, baie dankie vir die wonderlike jeugkamp. Die Here Jesus het my werklik geseën. Ek dink dat dit wonderlik sal wees as daar nog jeugkampe in die toekoms sal wees, voordat Jesus Christus weer sal kom. Baie dankie."*

# Op die Boekrak






Marius Stander, 'n Pretorianer van geboorte, het 'n werksloopbaan van 40 jaar in die bankwese voltooi. As pensioenaris bestee hy baie tyd om in die Woord van God te delf en waag sy hand op papier om wat hy leer met ander te deel. Hy is getroud met Marlene en hulle het vier kinders.

In sy publikasie "Oordenkings" deel hy met die lesers 31 dagstukkie-oordenkings uit 1 Sam. 1-14.

Die Woord van God is die primêre Bron waardeur God Homself aan die mens openbaar. Enige hulpmiddel moet slegs addisioneel tot die lees en bestudering van die Bybel gebruik word. Lesers word aangemoedig om die hoofstuk in die Bybel, waaruit die teksvers van oordenking geneem is, te lees om 'n beter begrip van die konteks te hê. Ek skaar my by die woorde van Elisabeth Elliot: "If you have only five minutes, don't read my book, read God's Word." – aldus Marius se woorde in die Voorwoord.

Vir u eie kopie van hierdie boek, kontak direk vir Marius via e-pos of selfoon: E-pos: 17mstander@gmail.com; 082-320-6342

Die redaksie plaas graag hiermee dag 12 se oordenking, so doeltreffend en bypassend by hierdie 80ste herdenkingsjaar van die EG Kerk SA.

## Ebenhaéser

**1 Sam 7:12 ... *Tot hiertoe het die HERE ons gehelp*.**

Samuel het ná die oorwinning oor die Filistyne 'n klip as gedenksteen opgerig en dit Ebenhaéser genoem. Hy het hierdeur erkenning gegee aan God wat hulle tot op hierdie punt gehelp het.

Voordat Israel die beloofde land ingetrek het, het Moses die volk herinner om gedurig te dink aan wat die HERE aan Farao en die hele Egipte gedoen het. Hulle moes ook dink aan die hele pad waarlangs God hulle 40 jaar lank in die woestyn gelei het. Verder moes hulle daaroor nadink dat dit die HERE is wat hulle krag gee om rykdom te verwerf. (Deut. 7:18; 8:2 en 8:18)

Dit is 'n goeie gewoonte om van tyd tot tyd te dink aan al die kere waar jy in nood na God geroep en Hy geantwoord het, of geleenthede waar jy sukses behaal het wat net aan Sy toedoen toegeskryf kan word.

***"God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef."*** (**Ps. 46:2**)

Herinner jouself gedurig aan wat God in die verlede gedoen het. Dit sal jou moed gee vir die onbekende toekoms.

# Waar is Emeriti?



**Noemnaam en van:** Ds. Thys en Cornelia Loubser
**Dorp waar u tans woon:** Pretoria
**Kontakbesonderhede:** Selfoon 082 562 3883 (Thys) 082 216 7505 (Cornelia)
**Gemeentes wat u bedien het:** Durban (ook hier prakties gedoen), Rietfontein, Sendingorganiseerder, Wonderboom
**Datum van ordening:** 29 Januarie 1984
**Datum van emeritaat:** 30 September 2024
**Kort boodskap aan die kerk:** My afskeidsboodskap se tema was: Sterk skoene vir rowwe paaie. Dit is ook my boodskap aan die kerk. Die geestelike lewe en bediening vat jou op rowwe paaie. Paaie van hartseer, teleurstellings, verlies, verraad, verbrokkelde verhoudings, misverstande, mislukkings, stryd, teenstand, kritiek, jaloesie en soveel meer. Die enigste oorlewing is om sterk te staan in die geloof en met stewige skoene wat die Here verskaf oor die klippe en deur die modder na waters waar rus is tree vir tree te stap. Skoene vir die bereidheid van die evangelie na die hele wêreld met lieflike voetstappe, wat dit ook al mag kos. My lewensleuse deur die jare het geword: Diep dink en baie bid!

# Silwerjeugkonferensie 2024

Dit is alweer September en die jaar is 2024. In die EG Kerk beteken dit dat die tyd vir die jaarlikse SJA-konferensie te Edenkonferensieterrein aangebreek het. Die konferensie word mos nou al, vir baie jare, elke eerste week van Septembermaand gehou.
Die aankomstyd is, soos gewoonlik, Maandag en die vertrektyd Donderdag, na die oggenddiens, met 'n fris self geboude hamburger as padkos…

Registrasie was Maandag, 2 September 2024, om 16:00, daarna 'n lekker ete, wat hierdie jaar verskaf was deur die SJA van Krielgemeente. Baie dankie hiervoor, julle mooi mense van Kriel. Dit was 'n fees en word waardeer. Die bywoning van die konferensie was hierdie jaar iets om op trots te wees. Die gemiddelde bywoning in die verlede was gewoonlik so rondom 70 mense, maar hierdie jaar was daar meer as 130 mense teenwoordig. Hoe lyk dit, gaan ons dit volgende jaar 300 mense maak? As elkeen wat hierdie jaar teenwoordig was net een ekstra persoon saambring gaan dit maklik wees.
Die konferensie was weer eens 'n belewenis – om saam met so baie geesgenote, of moet ek sê, wedergebore broers en susters in Jesus, saam te kuier en na Sy Woord te kan luister, is net 'n voorreg!

Almal het tog na die SJA-konferensie gekom met net een doel voor oë en dit was om na God se Woord te kom luister na 'n paar dae weer geestelik verryk en gevoed, huiswaarts te keer. Soos gewoonlik, is niemand hierin teleurgestel nie.

**Ons God is so goed en groot**

Die oorspronklike program van die SJA-konferensie moes hierdie jaar weens onvoorsiene omstandighede aangepas word. Dr. Callie Fourie het kom uithelp in ds. Danie van Rensburg se plek. (Volgende jaar DV gaan ds. Danie met 2 nuwe knieë, sy plek weer volstaan.) Die heerlike voorsang voor elke byeenkoms, of moet ek liewer sê lofprysing, was natuurlik ook 'n hoogtepunt. Hoe heerlik is dit nie, om uit jou hart uit God te kan loof en prys, nie. Jan "Kitaar" en al die verskillende voorsangers, het dit so goed hanteer en sou die konferensie beslis nie daarsonder dieselfde gewees het nie.
Natuurlik moet ons nie vir Hennie en Erika Bronkhorst vergeet nie. Sonder hierdie twee voorslagmense sou daar groot chaos gewees het. Hulle is en was die heel tyd op hul pos en kon jy maar net op hul knoppie druk en hulle was daar.
Dan was daar die SJA-hoofbestuur, wat alles moes help reël en organiseer. Ek dink hulle is dankbaar dat daar nou 'n blaaskans is. Ons kan maar net aan almal betrokke by die reëlings sê: "Welgedaan en baie dankie!"
Maandag, 2 September 2024, het ons president, ds. Gert Coetzer, vir ons 'n inspirerende openingsboodskap gebring. Die skriflesing was uit Matt. 14: 14 tot 21 en die teksvers Matt. 14:18 En Hy sê: Bring dit hier vir My. Die Here vra ons om al ons sorge na Hom te bring en dit by Hom te laat en nie more-oggend alles weer terug te wil neem nie.
Na 'n goeie nagrus (nie dat die eerste nag op 'n vreemde bed altyd goed is nie) en 'n heerlike ontbyt, was ons gereed om te hoor wat die vuurwarm broodjie is, wat die Here vir ds. Rudi Beukes op die hart gelê het, om vir ons te bring.



<u>Ds. Rudi het 'n reeks van vier boodskappe gebring:</u>
Boodskap 1, met skriflesing uit Rig. 2:6-23 en Rig. 3:1 en 2 met die tema ***Leer my om oorlog te voer***.
Boodskap 2, met skriflesing uit 1 Pet. 5:1-9 en teksvers 1 Pet. 5:8 met die tema ***Wie is ons vyand?***
Boodskap 3 met skriflesing uit 1 Kor. 10:1-6 en die tema ***Die Wapens wat God vir ons gegee het.***
Boodskap 4 was uit die skrifgedeelte van Ef. 6:10-20, met die tema ***Gebruik die woord van God met presisie***. Na hierdie besielende boodskap was ons almal gereed om oorlog te voer teen die vyand Satan.
Woensdagoggend, na 'n heerlike ontbyt, het ds. Gert Coetzer die leiding geneem met Bybelstudie uit Markus 9 en 'n biduurgeleentheid daarna.
Om 11:00 vm. met 'n opvolg boodskap om 19:00, het Dr. Callie Fourie, emeritus predikant van ons kerk, vir ons 'n boodskap gebring uit Efesiërs 1:15 tot 23, wat gehandel het oor die ***Grootheid van God en die Wedergeboorte.***
Dr. Callie se boodskappe het geëindig op 'n tweede hoogtepunt vir die week en het ons almal besef hoe groot GOD werklik is.
Donderdagoggend het ds. Gert Coetzer die konferensie afgesluit met 'n boodskap uit Rom. 8:18-30 en teksvers uit Rom. 8: 28. Die tema was ***Alles werk ten goede mee.***

Dit was 'n belewenis om tydens die hele konferensie en veral tydens die eredienste en lofsange, die Heilige Gees se teenwoordigheid aan te voel. Om te weet Hy is hier, saam met ons, teenwoordig.

Na Donderdagoggend se erediens, het ds. Gert die bedankings gedoen en is daar op die gebruiklike manier gegroet en het die konferensiegangers huiswaarts gekeer.
Ongelukkig moes ons tydens die algemene vergadering wat gehou was op Woensdag, verneem dat ons geliefde en beste sjef in ons Silwerjeug se bestaan, Annetjie Lehman, wat nou al vir soveel jare die konferensiegangers se magies vol hou, wil begin afskaal. Sy is wel bereid om opvolgers op te lei. Na 'n lang bespreking, het drie gemeentes aangebied om die SJA-konferensie van 2025 se spysenering aan te durf, onder leiding van Annetjie Lehman. Baie dankie aan die gemeentes van Nigel, Kriel en Wonderboom.

**Die hoofbestuur van die SJA is soos volg:**
**President** – Ds. Gert Coetzer – Termyn tot 2025
**Hoofleier en Leier vir Oos Rand** – Andre Smuts – Termyn tot 2025
**Onderleier** – Ds. Danie van Rensburg – Termyn tot 2026
**Randmeester** – Annetjie Lehman – Termyn tot 2025
**Sekretaresse** – Annette Venter – Termyn tot 2025
**Leier Gauteng Noordelike Ring** – Martie Blignaut – Termyn tot 2026
**Leier Westelike Ring** – Henry Jacquire – Termyn tot 2026
**Leier Oostelike Ring** – Danie Oberholzer – Termyn tot 2025
**Leier Vrystaat** – Vakant
**Erelede** – Ds. Coenie Smit van Meyerton en Willie Cooper van Springs.

Almal van ons, wat by die konferensie teenwoordig was, het soveel ryker in gees, huis toe gegaan. Wat 'n voorreg en seën, ontvang uit ons VADER se HAND.

**Hannes Potgieter**
**Rietfontein**

# Ons naam sê dit: Evangeliseer

Soos in sy naam weerspieël word, het die Evangelies-Gereformeerde Kerk 'n sterk evangeliese karakter. Oor die jare het hierdie Kerk 'n kragtige invloed vir die Koninkryk van God in Suid-Afrika uitgeoefen deur sy aggressiewe evangeliese aanslag.
Hierdie evangelieverkondiging is nie net deur predikante van die EG Kerk van kansels af verrig nie. Alhoewel evangelie-prediking 'n baie prominente plek in die Kerk inneem soos bv. Sondagaande en tydens reekse spesiale dienste, is die boodskap ook deur verspreiding in klank en beeld, radio-uitsendings en literatuur ens. uitgedra.
Ons kan egter nooit die reuse-evangelisasie-taak wat oor die jare die lidmate van die Kerk op 'n persoonlike vlak gedoen is uit die oog verloor nie.

**Lidmate toegerus**
Talle lidmate van hierdie Kerk het, gedryf deur hulle liefde vir Christus Jesus, asook hulle visie en passie vir 'n verloregaande mensdom, op 'n persoonlike vlak geëvangeliseer en op 'n een-tot-een-basis getuig en so talle siele vir Jesus gewen.
In die sestigerjare het daar in die V.S.A. 'n evangeliese- en toerustingsprogram ontstaan wat wêreldwyd neerslag sou vind en tans in 151 lande van die wêreld aangebied word. Dit is dr. James Kennedy se "Evangelism Explosion"-kursus wat lidmate toerus vir hulle getuienistaak. Hierdie kursus, wat beter bekendstaan as EE3, is ook goed ontvang in die EG Kerk en honderde lidmate van die Kerk is hierdeur toegerus om beter getuies vir Jesus te wees en so op grondvlak talle siele vir die Here te wen.
In 1979 is die eerste EE3-leierskapkliniek in SA gehou en is dit deur 'n klein groepie van ons Kerk se predikante bygewoon. Die reaksie hierop was so positief dat meer en meer van ons leraars die klinieke deurloop het en die EE3-kursus in hul gemeentes begin implementeer het.
Tydens 'n sinodesitting in die vroeë tagtigerjare is besluit dat sover moontlik al die leraars van die Kerk 'n EE3-kliniek moet deurloop. Vanaf 1987 word daar elke twee jaar 'n EE-kliniek by die Kweekskool aangebied vir die studente sodat hulle beter toegerus die arbeidsveld kan betree, en ook dadelik as geakkrediteerde dosente die kursus in die gemeente kan aanbied.
Vandag is die EG Kerk, persentasiegewys, meer betrokke by EE3 as enige ander kerkgenootskap is Suid-Afrika.

**Kursusse**
Nagenoeg 50 % van die Kerk se gemeentes bied op gereelde basis die 16 weke EE-kursus aan en talle lidmate word toegerus om elke week uit te reik in dorpe en stede om van huis tot huis, asook op straat die vrymakende Evangelie van Jesus met mense te deel. Net die ewigheid sal openbaar hoeveel mense op die manier vir die hemel gewen is.
Verskeie gemeentes van die EG Kerk wat pragtige EE-programme het, dien tans as basisse vir leierskapsklinieke. Op die manier ondergaan talle predikante en geestelike leiers van ander kerke hul opleiding as EE-dosente binne-in die EG Kerk en hulle het net die grootste lof en waardering vir die gees, gesindheid, liefde en evangeliese karakter van ons Kerk. Daar is ook van ons Kerk se leraars wat die Kliniek-dosentesertifikaat verwerf het en as dosente tydens leierskapklinieke optree.
Mag God die EG Kerk in die toekoms 'n nóg kragtiger instrument in die hande van ons Meester maak om verlorenes met die Evangelie te bereik.
"Die dwang is my opgelê en weë my as die evangelie nie verkondig nie."

**Ds. Hennie Prinsloo**
**EG Kerk Feesuitgawe – April 1994**

# Om kinders te wen vir Jesus

Dit is met groot dankbaarheid teenoor die Here waarmee ons kan skryf oor die Kinderbedieningsopleiding wat plaasgevind het op 24 Augustus 2024 by die kweekskool.


Kinderbedieningspersoneel het gekom van heinde en verre om kers op te steek by Mev. Santa Lourens, ’n gesoute Kinderbedieningswerker vir meer as 40 jaar. Kursusgangers het behoorlik aan haar lippe gehang. Mag die liefde en ywer en harde werk van so ’n fasiliteerder oorspoel na ’n nuwe generasie wat die waarde en nood aan kwaliteit kinderwerk besef en verstaan.

Oorspronklik is dit gereël vir die Noordelike Ring se Kinderbedieningspan, maar die woord het vinnig versprei en personeel van wyer gemeentes het bygekom.

Die Saterdag is afgeskop met ’n gesellige ontbyt, melktert met teetyd en lip-lekker Lasagne en slaaie vir middagete. Hier kon 45 kursusgangers hul drome en ideale van hul verskeie takke met mekaar deel en gesellig saam planne beraam.

Dit was ’n besonder geseënde naweek waar harte weer warm gemaak is met liefde wat oorloop, nie net vir kindersiele nie, maar ook om te sien dat kinders geestelik groei.

**Mev. Carina van Niekerk**
**Pretoria-Oos**







**Bo: Notas was verskaf**

**Links: Voorgestelde materiaal wat gebruik kan word**

**Onder: Almal luister aandagtig na mev. Santa Lourens**








**Bo: Voorstelling van toerusting vir kinderdienste**

**Regs: Besonderse voorstelling van die Bybel se samestelling, met vervolg verhale voor op tafel**

**Onder: 'n Groot groep word voorberei vir kinderbedieningswerk**



# Belfast vier hul 80ste herdenking

**Agtergrond**
Belfastgemeente is op 30 Oktober 1944 gestig. Die gemeente het hierdie besondere mylpaal gevier deur 'n dankfees teenoor die Here te hou wat begin het met 'n dankdiens op 30 Oktober wat deur 'n voormalige leraar, Ds. Brian Greeff, gelei was.

Die feesviering is op Saterdag 2 November voortgesit waar vorige leraars van die gemeente en oud lidmate saam met die huidige lidmate dit bygewoon het. Tydens die geleentheid het ds. Wim Smith 'n huldeblyk gebring vanaf die ontstaan van die gemeente tot vandag.



**Di. Wim Smith & Brian Greeff**



**Die Kerkraad**

**Ontstaan van die gemeente**
Die gebeure rondom die tweede wêreldoorlog wat geheers het van 1939 tot 1945 was maar mismoedig. Omdat SA nog 'n Unie was wat onder beheer van die Britte was, was SA ook betrokke by die oorlog. Die nagevolge van die oorlog was vernietigend. Baie gesinne is uit mekaar, families geskeur, ekonomie stort in duie, min werksgeleenthede, morele standaarde verflou, geestelike waardes stort in duie en die Woordverkondiging word afgewater.
Sterk evangeliese groepe soos die Afrika Evangelisasie Bond, Betshanbeweging en die Oxfordgroep het opgestaan en heelwat konferensies gehou om mense met die evangelie te bedien omdat die kerk dit nie meer gedoen het nie.

Hier in Belfast en omgewing was gereeld evangeliedienste gehou. Dr. AS van Niekerk skryf in sy doktorale verhandeling "*Die geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika 1983*" dat die plaaslike NG kerk groot kapsie gemaak het teen die dienste en baie van die lidmate wat die dienste bygewoon het, was onder sensuur geplaas. Dr. Van Niekerk haal verskeie voorvalle aan vanuit die kerkraadnotules van daardie tyd, van mense wat deur die kerk verbied was om die dienste by te woon en streng sensuur wat toegepas was. Dit was so erg dat die kerkraad die persone, wat volgens hulle die kerk se uitspraak geminag het, aan hulle werkgewers kennis gegee was van die persone se handelinge.

In 'n ander bron word gesê dat weergebore kinders van God belet was om in die kerk die sakramente te gebruik, maar die mense wat in sonde geleef het, self kerkraadslede, die voorreg kon geniet. Soos die kerk dan meer vervreemd geraak het van die waarheid van die Woord, was die ware kinders van God vervreemd van die kerk.

Met die ontstaan van die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika op 21 April 1944 het daar binne een en half jaar sowat 26 gemeentes ontstaan. Die nood aan 'n Geesvervulde Skrifgefundeerde kerk was duidelik sigbaar. Belfast was die vyfde gemeente wat gestig is na die Durban gemeente.

**Gemeentes van die Nuwe Protestantse Kerk wat in die eerste jaar gestig was:**
1. Durban 21 April 1944
2. Potchefstroom 20 Augustus 1944
3. Koppies (Datum onbekend)
4. Johannesburg 12 September 1944
5. Springs 18 Oktober 1944
6. Belfast 30 Oktober 1944
7. Standerton 26 November 1944
8. Bloemfontein 7 Desember 1944
9. Frankfort 17 Februarie 1945

**Ander gemeentes wat in 1945 gestig was, is:** Carolina, Ladysmith, Rosendal, Brakpan, Petrus Steyn, Nigel, Oranjeville, Potgietersrus, Amersfoort, Pretoria, Port Elizabeth, Kaapstad, Marquard, Roodepoort, Germiston, Krugersdorp en Uitenhage.

Daar was nie sosiale media wat die nuus kon versprei het nie. Besef ons dat dit net die werk van die Heilige Gees was wat deur mense gewerk het sodat die kerk weer terug kan kom na die suiwer Woordverkondiging.

## Ons kerkgebou

Ons is in Belfast bevoorreg om na 80 jaar steeds deel te kan wees van hierdie kerk. Na die stigting van Belfastgemeente was die dienste gehou in die gebou waar "Much Better Furniture" nou is. Soos ek verstaan was dit 'n huis met lang stoepe wat omskep was in 'n plek van aanbidding. Oom Kobus vertel hoe hulle as jong seuns op die stoepe gespeel het. Volgens die notule van die kerkraads-vergadering van 19 Junie 1955 het die gemeente hierdie gebou van die Vrymesselaars gekoop vir die bedrag van £1 500. Daar was op dieselfde vergadering besluit om die ander saal te verkoop, waaruit ons kan aflei dat dié gebou ook aan die kerk behoort het.

Daar was baie veranderings en reparasiewerk aan die gebou gedoen voor dit op 5 Februarie 1956 in gebruik geneem is. Daar was nie 'n hoeksteen opgerig nie en het ons dit goed gedink om tydens ons 80-jarige-feesviering 'n hoeksteen op te rig.




**Emeriti di. Danie & Bettie van Rensburg, Gerhard & Petre Wessels en Brian & Nicolien Greeff**

## Drie en vier generasies in die gemeente

Hier is ook families wat nou al die vierde geslag in die gemeente is naamlik die Combrink-familie wat stigterslede van die gemeente is, die Geel-familie wat in 1970 by die gemeente aangesluit het en die Van der Merwe-familie wat in 1980 by die gemeente aangesluit het. Families met drie generasies sluit in die Bezuidenhout-familie, Louis en Corrie, en ook die Joubert-familie, Francois en Mariëtha.

## Leraars wat in die gemeente gedien het

Verskeie leraars het die gemeente bedien deur die 80 jaar. Di. SP van der Mescht, Sandy Saunders, Chris Serfontein, Corrie Naude, Ben Smit, Sandy Saunders (tweede termyn), Boet van Rensburg, Hannes Holtzhausen, Willie du Plessis, Johnny Grundling, Bert van Zyl, Jan Douglas, Dries van Zyl, Rudi Beukes, Frikkie Lombard, Danie van Rensburg, Brian Greeff, Wim Smith, Charl Linde (Lydenburg), Johnnie Gates en nou weer Wim Smith (tweede termyn).




## Die Jeugsaal

In 2018 kom ons te hore dat die Vrymesselaars hulle bedrywighede in Belfast gaan staak. Ons het onmiddellik met die sekretaris in kontak gekom en het dadelik begin onderhandel om die gebou wat reg langs die kerk is te koop. Toe die besluit geneem was om die losie toe te maak het ons kerkraad dadelik 'n aanbod gemaak. Hulle het die aanbod aanvaar van R650 000. Nog voor die transaksie afgehandel was, het die Here die geld voorsien. Alles was afgehandel teen die einde van 2022. Met my terugkeer uit die Kaap het ons as kerkraad besluit om op 15 Junie 2023 die gebou toe te wy aan die Here deur 'n toewydingsdiens. Ons het besluit dat die gebou as ons jeug- en kinderbedieningsaal sal dien. Deur die jare het die Here onderneem om in al die behoeftes van die gemeente te voorsien; ons kan nie genoeg die Here dankie sê nie.

**Ds. Wim Smith**
**Belfast**

# Die vrede wat alle verstand te bowe gaan!

*Vroueblad...*

Hierdie is 'n persoonlike getuienis van een van ons dames in Boksburggemeente – wel nie 'n vrou uit die Bybel nie, maar 'n vrou wat die Here Jesus lief het.

September 2020 voel ek 'n kaal kol net bokant my linkeroor. In die volgende week gaan ek dokter toe. Sy vermoed dat ek 'n bakteriële-infeksie op my kopvel het, maar laat doen volledige bloedtoetse. Sy skryf antibiotika vir 'n maand voor en 'n spesiale sjampoe. Ek moet haar weer 'n maand daarna gaan sien. Die bloedtoetse het niks abnormaal opgelewer nie.
Sy verwys my na 'n dermatoloog by wie ek in Januarie 2021 'n afspraak kon kry. Hy bevestig my diagnose as Alopecia, wat 'n outo-immuunsiekte is. Hulle weet nie wat dit veroorsaak nie en daar is geen medikasie wat ek kan gebruik nie. My immuunstelsel sal dalk later swakker word. Ek mag ook geen vitamiene drink nie, want dit maak my immuunstelsel net erger. Wat gebeur is, wanneer ek gespanne raak of my immuunstelsel veg teen 'n kiem, virus of bakterie, dan sien my immuunstelsel my haarwortels as iets vreemds in my liggaam. Dan val my immuunstelsel my haarwortels aan en my hare val uit.
Die dermatoloog spuit toe kortisoon op my kopvel in, op die kol bokant my linkeroor en agter in my nek. Ek het toe weer 'n opvolgafspraak na ses weke. Daar het 'n bietjie hare teruggegroei en hy spuit toe weer kortisoon op die plekke waar die hare nog nie teruggegroei het nie. Hy sê ook dat ek nie weer hoef terug te kom nie, want die hare sal nou groei.

Intussen val my hare oral uit en word baie dun. Ek besluit toe om na 'n homopaat te gaan. Hy bevestig dat ek 'n baie sterk immuunstelsel het. Hy skryf medikasiepille voor wat ek vir 'n maand moet gebruik. Na 'n maand gaan ek terug en hy kan nie glo dat my hare nog steeds uitval nie. Hy skryf nou sterker pille voor. Ek het dit vir omtrent 'n week gebruik en lees toe op die internet van al die newe-effekte, wat onder andere my lewer en niere se funksie kan verswak. Ek besluit toe om nie die pille verder te gebruik nie.

So gebeur dit dat ek het een aand uit moedeloosheid begin huil en vir my man gesê het dat ek nou alles probeer! In my stiltetyd daardie aand het ek gehuil en die Here gevra wat ek nog kan doen en die Here sê vir my: "Jy het My nog nie gevra om te help nie!" Hoe skaam het ek nie gekry nie! Ek het die groot Geneesheer en ek sukkel met dokters wat nie kan help nie! Ek het die Here gevra om vir my vrede te gee, as dit is hoe ek van nou af gaan lyk- geen hare en geen wimpers of wenkbroue nie. Onmiddellik het die vrede van God oor my gespoel, soos wat ek nog nooit gehad het nie – 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan en kon ek toe die vrede waarvan die Bybel in Filippense 4: 7 praat volkome ervaar.

Ek dra nou tulbande, of "beanies'' as dit koud is. Ek het baie later eers besef dat ek nie gevra het dat my hare moet groei nie. Ek het net vrede gevra en dit gekry en hoef nie eers daarvoor te betaal nie, want Hy het klaar daarvoor aan die kruis betaal. As dit die Here se wil is en my hare groei weer, dan is dit Sy wil, maar niks kan die vrede wat die Here my gegee het, wegvat nie.

Alle lof, eer en aanbidding kom Hom toe, wat my elke dag krag gee om op te staan en aan te gaan, want ek het vrede.

**Belinda Koekemoer**
**Boksburg**




# Die CVV – Kerkvroue in aksie

Vroue het sedert die stigting van die Kerk in 1944 'n belangrike aandeel gehad in geestelike aktiwiteite in en rondom die gemeente. Predikantsvroue en vrouelidmate van die Kerk het deur al die jare prominente rolle vertolk en selfs in die kleinste gemeentes was daar bedrywighede op verskillende terreine. Reeds in die vroeë stadium was spontaan uitgereik in soverre dit evangelisasie en sendingwerk betref. Ook hospitaalbesoek en barmhartigheidsdiens was huishoudelike aktiwiteite van die verskillende sustersverenigings wat intensief beoefen was. In die beginjare het veral ook die finansiële steun van vroue 'n baie belangrike bydrae gemaak.

**Vaste basis**

Hoewel al hierdie waardevolle dienste gelewer was, is sterk behoefte gevoel daaraan, asook gebid daarvoor, dat alle werksaamhede van vroue op vaste organisatoriese basis geplaas moet word. Ook was daar die leemte aan 'n oorkoepelende struktuur, 'n sentrale liggaam, wat as voog van die onderskeie verenigings sou optree, aan 'n eie Konstitusie en 'n eenvormige, gesonde finansiële stelsel.

Deur die inisiatiewe van 'n paar predikantsvroue is gemeentes in 'n amptelike kennisgewing van 'n sinodale vergadering, gedateer 1 Februarie 1971, versoek om een lid uit hul plaaslike vrouevereniging af te vaardig met die doel om 'n "Sentrale Verenigde Sustersvereniging" tot stand te bring.

Die lank gevoelde behoefte is in antwoord op gebed verwesenlik toe die vergadering op 27 April 1971 te Betshan gekonstitueer en "Die Christelike Vrouevereniging" gestig is. Die eerste Sentrale Kommissie is verkies en 'n Konstitusie gepromulgeer.

**Die Sentrale Kommissie**

Die presidente wat tydens hierdie vergadering verkies is, wyle mev. Nannie Grobler, was die langste dienende lid van die Sentrale Kommissie (1971-1990). Sy is opgevolg deur wyle mev. E. Burger, die visepresident. Die sekretaris, mev. Maryna Coetzee, is in 1982 as voorsitter gekies by afsterwe van laasgenoemde.

Met uitsondering van 1993 is daar jaarliks kongres gehou, waar vroue van oor die lengte en breedte van die land takverenigings verteenwoordig het. By sulke geleenthede kon jaar-vir-jaar 'n positiewe groei en toenemende koninkryksbelangstelling by CVV-lede bespeur word. Hierdie byeenkomste was tye van inspirasie en geestelike verryking, waar toegewyde bedienaars van oral oor die Woord gepreek en kundiges oor 'n wye spektrum onderwerpe bespreek het.

Die Sentrale Kommissie het doelgerig leiding geneem en deur die Kongres 'n leeue-aandeel gehad in die finansiële steun van haas elke kerklike instansie, ook 'n aantal ander organisasies het finansieel voordeel geniet van die Christelike Vrouevereniging.

Met dankbare erkentenis teenoor God kan, by 'n terugblik oor die verstreke jare, met reg gesê word dat die CVV grootliks geslaag het in haar doelwit, naamlik "om alles moontlik te doen om die redding van siele en die geestelike belange van die susters te behartig".

"U sluit my in van agter en van voor."

**Mev. Maryna Coetzee**
**Voorsitter, Sentrale CVV Bestuur**
**April 2004**

# Pastorievrou, ons bring hulde!

Die vrou van 'n EG-predikant se betrokkenheid by haar man se bediening is deur al die jare as besonder belangrik, trouens onontbeerlik beskou. 'n Kenmerk is die sterk betrokkenheid by die werk van die Here saam met haar man.

Dit word van hoërowerheid in die Kerk ook so gesien, want wanneer haar man deur die Kuratorium vir toelating tot die Kweekskool gekeur word, word ook sy gekeur en moet sy inwillig om opleiding te ondergaan. Vele siele is deur die bearbeiding van ons predikantsvroue vir God gewen. Vele is ook gehelp met probleme en geestelik versorg deur simpatie en meelewing tydens besoeke saam met haar man.

Boodskappe tydens sustersbidure het al vir talle susters groot seën ingebou. Haar rol saam met die kerkraad in barmhartigheidsdiens, by kerklike funksies saam met 'n altyd getroue groep susters is enorm groot.

Predikante getuig ronduit: *"Sonder 'n vrou aan hul sy, is die bediening byna onmoontlik. Haar kameraadskap, bemoediging en rol as mede-lasdraer kan moeilik na waarde bepaal word. Kortom, ons pastoriemoeders is onskatbaar vir die Kerk en God se werk in die Kerk."*

Die vraag kan gevra word: *"Word die dominee se vrou na waarde geag? Is sy nie 'n stukkie vanselfsprekendheid by baie nie?"*

**Skrywer onbekend**

*Aangename Kennis:*

# Ds. Wynand van Niekerk

**In watter dorp is u gebore?**
Port Elizabeth.

**Vertel ons van u kinderjare**
Ons is 'n gewone Afrikaner gesin met twee kinders (het 'n sussie) wat Sondae kerk toe gegaan het. Ek is later voorgestel as lidmaat van een van die susterskerke, maar sonder 'n besef van verlorendheid en nood aan 'n Verlosser.

**Waar het u skoolgegaan?**
Kemptonpark, al 12 jare, Laerskool van Riebeeckpark en Hoërskool Jeugland.

**Wanneer het u tot bekering gekom en wanneer het u lidmaat geword?**
Ek het as kind Bybel gelees en gebid, maar het na skool in 2003 na ek DVD's teen die evolusieleer gekyk het, 'n oorgawe gemaak deur die besef dat God 'n werklikheid is.
Ek het nie veel geestelik gegroei in die kerk waarin ek grootgeword het nie, maar het gereeld probeer beter lewe.
In 2006 het ek die aanddienste van die EG kerk in Kempton Park om die draai van my ouerhuis begin bywoon nadat ek Carina in 2005 ontmoet het en sy in 2006 in Namibië gaan werk het om haar studieskuld af te betaal.
Toe sy terugkom in 2007 het sy in Secunda werk gekry, en het ek ook daar werk gesoek. Ds. Wimpie Raath was die predikant op daardie stadium in Secunda en het ons betrek, sodat ons eerder die EGK besoek het. Ons is later in 2007 getroud maar ek het eers lidmaat van die EGK in 2008 in Ds. Herbie Lyon se tyd geword.
Ek het weer in 2008 'n oorgawe gemaak oor ek gesukkel het met sekerheid van saligheid en is ook van toe af 'n geheelonthouer en het my Bybel elke dag begin lees. Ek het eers van toe af waarlik sekerheid dat ek kind van God is.

**Watter jare was u op kweekskool?**
2015-2018

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja, Di. Johnnie Gates (selfde jaargroep), Riaan Gates en Johan Alberts (jaargroep voor), en Francois du Toit en Loedolff van der Merwe (jaargroep na).

**Wie was u dosente?**
Dr. André Bester (prinsipaal), dr. Juan Minnie, ds. Gerhard de Wet, ds. Wimpie Snyders, ds. Jurg Prinsloo (prinsipaal) en ds. Daniël Brink.

**Vertel vir ons 'n staaltjie of twee uit u Kweekskooldae.**
Ons het dikwels met ons groentjiekonsertoefeninge saam met ds. Johnnie en Elsie Gates meer gelê soos ons lag as wat ons geoefen het. Die oefeninge was net soveel pret as die konsert self.

Ek onthou ook ds. Marco Labuschagne (as 'n rou eerstejaar wat nie lank terug tot bekering gekom het nie) se groot oë in Margate se strate met een uitreik toe die groot hek agter hom toeslaan nadat 'n (seker maar 'n sekte) oom wat "baie" van die Bybel weet en graag wil "gesels" hom ingenooi het. Ons ander het ons maar vinnig uit die voete gemaak en die arme man aan sy eie lot oorgelaat, heeltemal teen die goeie reël om twee-twee saam evangelisasiewerk te doen. Ons was baie dankbaar toe hy in lewende lywe weer sy opwagting maak.

**Hoe lank is u getroud?**
Op die Kerk se verjaarsdag 21 April 2024 was dit 17 jaar.

**Vertel ons hoe het u, u gade ontmoet**
Carina was besig met haar finale jaar in B.Optom. en ek met nagraadse studies in Ingenieurswese. Ons het beide in 'n koshuisgedeelte gebly vir nagraadse studente. Die bestuur van hierdie koshuis het soms bring-en-braai ken mekaar geleenthede gehou. Ongelukkig vir haar en gelukkig vir my was die binneplein waar ge-



braai is reg voor haar deur gewees, so sy moes noodgedwonge ŉ breuk vat van haar leerwerk tydens hierdie geleenthede.
Ek het haar raakgesien en wou bitter graag hierdie mooi meisie beter leer ken. Sy het vir ŉ paar van ons koffie gemaak daardie eerste dag en ek het daarna elke geleentheid probeer benut om haar weer te siene te kry, en selfs met ŉ ompad ingenieursfakulteit toe geloop, net ingeval ek haar dalk kan raakloop as sy Optom. fakulteit toe loop.
Ek het later agtergekom haar toegewysde parkeerplek is langs myne op kampus en so probeer geselsies inkry tot ons later koffie saam gaan drink het en saam gaan draf het en ek eindelik die moed bymekaar geskraap het om haar uit te vra.
Vandag is ek baie dankbaar vir die vrou wat die Here my gegee het. **Spreuke 31:10-11** ***Wie sal ŉ deugsame vrou vind? want haar waarde is ver bo korale. Die hart van haar man vertrou op haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie.***

**Wat is u gunsteling dis?**
Pannekoek met kaneelsuiker, en soms room en stroop. Mens mors nie pannekoek met ander vreemde vulsels nie.

**Hoeveel kinders het u?**
Een seun: Frans.

**Waar is u gunsteling vakansieplek?**
Krugerwildtuin.

**Het u ŉ stokperdjie?**
Ek hou van lees, veral geskiedenis en lewensverhale en hou van tuinmaak, veral rose en bonsai.

**Watter geestelike boeke het ŉ groot impak op u geestelike lewe gemaak?**
Onder andere: *Andrew Murray se biografie* deur Leona Choy, *Jesus die Geneesheer van die krankes* deur Andrew Murray, *Lectures to my students* deur Charles Spurgeon, *The Art of manfishing: A Puritan's View of Evangelism* deur Thomas Boston. J. Sidlow Baxter se *Explore the book*. Ek hou ook van Warren Wiersbe se kommentare.

# Genesingsbediening was geseënd

Daar was manne wat die Here oor die Kerk se pad gestuur het wat alles opgeoffer het om voltyds vir die Here te werk. Sommige het die moontlikheid van groot rykdom en selfs wêreldse roem prysgegee vir voltydse diensbaarheid aan die Here.
Oom Pieter Swart was een. Hy het nooit ŉ georderde predikant geword nie, maar was in ŉ bedieningstydperk, strekkende van 1945 tot 1970 (toe hy op Warmbad oorlede is), ŉ kragtige instrument in die hand van God. Hy was ŉ welgestelde boer van Devon-omgewing in die voormalige Oos-Transvaal. Na sy kragdadige bekering wou hy na Stellenbosch universiteit se Kweekskool toe gaan, maar die Here het hom na Betshan, te Shannon (Bloemfontein), gelei nadat hy sy plaas romp en stomp verkoop het. Daarheen het hy, tant Miemie (in die 80 en woonagtig in Pretoria), en hul vier seuns met ŉ motor en sleepwa vertrek, waar hulle die eerste sowat vier jaar in twee kamers en ŉ tent as eetkamer gebly het.

**ŉ Oorgawe**
Hier is hy gevorm en onderrig deur ds. C.F. Scheepers, wat ŉ besondere genesingsbediening op Shannon gehad het. Alle siekes is bearbei vir redding, hulle is na die Here gelei en dan is vir hul genesing gebid. Tydens sy sewe jaar lange verblyf hier, het hy byna al die geld - derduisende ponde - wat hy gekry het vir sy plaas, beeste en ander roerende bates, onselfsugtig uitgedeel vir die werk van die Here. Oom Pieter was ŉ heilige, onselfsugtige en toegewyde man wat kragtig deur God gebruik is vir talle siekes se redding en ook hul genesing.
Tant Miemie vertel dat hy siekes vir dae lank bearbei het vir redding en eers vir hul siekte gebid het, nadat hulle ŉ oorgawe aan die Here gemaak het. Saam met ds. Scheepers het hulle talle mense van regoor die land wat na Shannon gekom het, bedien – onder meer mnre. Pieter Voges van Porterville en Frikkie Carsten van King Williams Town, wat onderskeidelik van ernstige tongkanker en ŉ maagseer genees is. Dis maar twee tussen honderde gevalle wat deur God genees is.

**Onvermoeid**
Later is hy en sy gesin na Bellville (1952 – 1962) en daarna, tot met sy dood na Warmbad. Hier het hy sy bediening onvermoeid voortgesit. Hulle huis was gereeld die afsaalplek van siekes wat van oral gekom en wat dan liefdevol deur hulle versorg is.
In die sestigerjare het die Here ŉ vroeëre belofte dat hy oom Pieter ŉ huis sou gee, letterlik waargemaak toe iemand die boukoste van ŉ praghuis op Warmbad vir hom betaal het en hy en tant Miemie letterlik ervaar het hoe brood wat baie jare tevore op die water gewerp is, na hulle teruggekeer het.

Dit is uit hierdie tradisie wat die boodskap van Goddelike genesing deel van die Kerk geword het en vandag steeds as Bybelse waarheid in die EG Kerk gepreek word.

**J.S.**


**2025 Paasfeeskonferensies**



**GAUTENG**
**Edenterrein**
**17-21 April**

**WES-KAAP**
**Simonsberg**
**18-21 April**

**BESPREKINGS**

**Erika Bronkhorst**
**064 793 1462**

**Ds. Rassie van Staden**
**082 950 4702**

**Bespreek nou om teleurstelling te voorkom**

**Sodra meer inligting beskikbaar word, sal dit op die EG Kerk SA se sosialemediaplatforms geplaas word.**

# DIE 25^STE^ DESEMBER

Kersfees is 'n tyd met aangename herinneringe, want deur die eeue vier Christen families rondom die 25ste Desember die geboorte van Christus.

Sommige sal egter sê ons mag nie praat van Kersfees nie, maar van Christusfees. Maar Kersfees is net 'n ou Nederlandse uitdrukking vir Christusfees. Om byvoorbeeld ge**kerst**en te wees, beteken jy het jou uit die heidendom bekeer.

So **Kersfees**, vanuit **Kerst**, 'n Middelnederlandse naam vir **Christus**, is dus letterlik Christusfees.

Sommige mense beweer ook dat 25 Desember oorspronklik 'n heidense feesdag was wat die Roomse kerk oorgeneem het. Dis egter nie so nie.

**Daardie dae**

***Lukas 2:1 En in daardie dae het daar 'n bevel uitgegaan van keiser...***
Wat is "daardie dae"? Westerse Christendom glo dis die dae rondom Jesus se geboorte, rondom 25 Desember.

Lank voor Keiser Konstantyn die Christendom in die 4e eeu tot die Romeinse staatsgodsdiens verhef het en dit uiteindelik tot die Roomse kerk ontwikkel het teen die 5e eeu, was 25 Desember alreeds die gevestigde datum onder Christene om Christus se geboorte te vier.

**Kerkgeskiedenis**

Die vroeë Kerkvader **Chrysostomus** (347-407 n.C.) het sterk gepleit vir 'n 25 Desember geboortedatum vanweë die verloop van Sagaria, Johannes die doper se pa se priesterlike diens. **Biskop Cyril van Jerusalem** (348-386 n.C.) het pous Julius gevra om die datum van Christus se geboorte vas te stel *"uit die sensus dokumente wat Titus na Rome gebring het"* na die vernietiging van Jerusalem in 70 nC. Julius het toe die datum van Christus se geboorte as 25 Desember bepaal. **Justinus die Martelaar** (100-165 n.C.), het in 'n gedetailleerde verklaring van die Christelike geloof aan keiser Marcus Aurelius verklaar dat Jesus in Bethlehem gebore is, en dan gebruik hy hierdie woorde: *"soos u ook uit die registers van die belasting kan vasstel".*

Net so het **Tertullianus** (160-250 n.C.) geskryf van *"die sensus van Augustus"* en dan noem hy dit – *"daardie mees getroue getuie van die Here se geboorte, bewaar in die argiewe van Rome"*. Ons moet aanvaar dat hierdie Kerkvaders wat nader aan die tyd was, toegang gehad het tot inligting wat ons ongelukkig nie meer besit nie, en dat hulle geweet het waarvan hulle praat. Die aanname dat Kersfees 'n skepping van die Rooms Katolieke kerk was is dus ook vals, want die tradisie van Kersfees het bestaan voor die vestiging van Rooms-Katolisisme.

**Pogings om die dag te skaak:** Dit is wel waar dat **keiser Aurelius** in 274 n.C. probeer het om Kersfees te skaak vir die heidendom. Hy het die 25ste Desember ingestel as die dag van die *"geboorte van die onoorwinlike son"* om nuwe lewe te probeer blaas in die ou geloof in die afgode wat oral oor die ryk aan die kwyn was. Hierdie heidense fees was egter ingestel na die Christene alreeds vir baie dekades die geboorte van Christus op 25 Desember gevier het. So dis nie 'n geval van Christene wat heidene se dag oorgeneem het nie, maar eerder andersom.

**Die kalender:**

Alreeds voor die Rooms Katolieke kerk, het die Kerk nie net die datum van Christus se geboorte laat bepaal nie, maar ook die datums van sy dood en opstanding. Omdat die Skrif Christus se dood identifiseer met die datum van die Joodse Pasga, kon die tyd van die jaar redelik bepaal word.

Omdat daar egter verskille in die Joodse, Griekse en Latynse kalenders, asook tussen die maan en son kalenders is, was daar hewige debatte destyds in die vroeëre Kerk oor of Paasfees op 'n vasgestelde dag gevier moes word en of dit altyd op 'n Sondag moes val. Daar is besluit op die Sondag, en daarom vier ons Paassondag elke jaar op 'n ander datum. God het vir die Jode Paasfees op die 14de dag van hulle maand Nisan ingestel, en Nisan is 'n 30 dae maand op ons kalender tussen Maart en April, so 14 Nisan val ongeveer op **25 Maart.** Die engel het Maria, Jesus se moeder rondom hierdie tyd besoek, as ons ses maande bytel nadat Elisabet met Johannes swanger bevind was in die sewende maand Thisrei wat op ons kalender **September** is, die tyd wat Sagaria (Johannes die doper se pa) in die tempel diens sou doen. A.g.v. die rekords wat aan die vroeë kerk beskikbaar was, het die kerkvaders 25 Maart dus as 'n datum vir 'n fees gestel om die dag te herdenk wanneer die engel aan Maria verskyn het, as die datum wat Christus verwek is. Hulle het die afleiding gemaak dat Christus omtrent 9 maande later gebore is - 25 Desember. Daar is geen absolute sekerheid oor hierdie teorie nie, maar gegrond op die Skriftuurlike verslag van Sagaria se diens in die Tempel, saam met inligting uit die kalenders en wat die vroeë kerkvaders gehad het, is dit baie moontlik dat Christus rondom 25 Desember in ons kalender gebore is. Dit is in die noordelike halfrond dan ook die donkerste tyd van die jaar, met die langste nagte van die jaar. Dit is insiggewend dat Jesaja dan ook sê: ***Jes. 9:1 Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn. Jes. 9:5a Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee;***
Is die datum belangrik? Ja en nee. In stede daarvan om te vier dat Christus gekom het om te soek en te red wat verlore was, wil mense argumenteer oor korrektheid van die dag of dit ignoreer. Kersfees is juis 'n wonderlike tyd om die goeie tyding van Christus se koms met familie te deel. **Gal 4:4-5** ***... toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.***

# Die Here lei 'n nuwe leraarspaar na Tzaneen

Tzaneengemeente was vir 'n tydperk van ses maande sonder 'n voltydse leraar nadat Ds. Hendrik Janse van Rensburg geëmeriteer het. Ds. van Rensburg was ons voltydse leraar vir 'n tydperk van 24 jaar en hy en Ina het diep spore getrap, nie net in die gemeente nie, maar ook in die gemeenskap. Die gemeente is baie dankbaar dat ons vir soveel jare so 'n uiters bekwame pastoriepaar gehad het.

Na sy uittrede het ds. Hendrik, sowel as nog 'n emeritusleraar, ds. Herbie Lyon, die gemeente bedien deur gereeld die eredienste waar te neem. Dit was vir ons 'n besondere voorreg om deur hulle met die Woord bedien te kon word.

Die tydperk sonder 'n voltydse leraar het ook sy uitdagings vir die kerkraad gehad. Gedurende daardie tyd het ons deeglik bewus geraak van alles wat deur ds. Hendrik en Ina gedoen was. Die kerkraad het egter met entoesiasme hul kant gebring. Tydens aanddienste is bv. oorhoofse aanbiedinge gedoen. Tydens Woensdagaande se biduurgeleenthede het kerkraadslede beurte geneem om die broodjie te breek. Die ses maande tydperk was dan ook 'n geleentheid van geestelike groei vir die kerkraad. Die kerkraad het ook by meer as een geleentheid voor die Here verootmoedig en gevra dat Hy vir ons die regte leraarspaar moet stuur.

Groot was die vreugde toe ds. Nicko Prinsloo, sy vrou Monya en kinders Zelderine en Lenicke as gesin die beroep, vanaf Bethal na Tzaneen aanvaar het en hierheen verhuis het. Op 13 Julie 2024 is hulle in die gemeente ontvang en bevestig deur sy vader ds. Jurg Prinsloo en op Sondag, 14 Julie, het hy sy intreepreek gelewer. Die gemeente sien uit na sy bediening en wens hom en sy gesin God's rykste seën toe vir hulle verblyf in die gemeente.

Ds. Nicko het met sy intreepreek getuig oor die beroep na Tzaneen. Hy het eers met so bietjie humor vertel hoe hy eendag, terwyl hy op 'n boer se plaas, by wie hy gereeld besoek het in Bethal, in die veld geloop het, 'n stukkie papier opgetel en met groot verbasing die volgende gelees het: *"Avo's from Paradise Tzaneen"*. Hy neem toe daarvan 'n foto en stuur dit aan Monya met die woorde "as dit nou nie 'n teken is nie?". Haar antwoord aan hom was eenvoudig: "Die Woord moet bevestig".

Ds. Nicko getuig toe verder dat hy geseënde jare in Bethalgemeente beleef het. Terwyl hy 'n paar keer na ander gemeentes beroep was, het hy egter nooit die leiding ervaar om die beroepe te aanvaar nie, totdat hy na Tzaneen beroep is. Die Here het hom gelei vanuit **Gen. 33:12-13** met die gedagte ***"laat ons opbreek en verder trek, en ek sal langs jou trek. Maar hy antwoord hom: My heer weet dat die kinders swak is, en dat ek lammerooie en melkkoeie by my het; as 'n mens hulle net een dag ooreis, dan sterf al die kleinvee. My heer moet maar voor sy dienaar uittrek, en ék sal op my gemak trek na die gang van die vee wat voor my uitgaan, en na die gang van die kinders, tot ek by my heer in Seïr aankom."***




Ds. Nicko getuig verder dat die Here daardie woorde gebruik het tot leiding en bevestiging om die beroep te aanvaar en dat hulle uitsien om die werk van die Here te doen in die gemeente en gemeenskap soos die Here die instaatstelling bewerkstellig.

Ons dank die Here vir Sy groot genade en leiding uit Sy Woord en dat Hy steeds so kosbaar met ons bemoeienis maak.

Met groot dank aan Hom.

**Kerkraad Tzaneen**



# ~ Erérol ~

## Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika

Gedurende die 80 jaar het die Here besondere manne en vroue in die bediening van ons Kerk geplaas, maar dit is die mens bestem om een maal te sterwe (Pred. 3:2 en Hebr. 9:27).
Ter nagedagtenis, wil ons graag d.m.v. hierdie Ererol hulde bring aan predikante en emeriti wat ons deur die jare ontval het terwyl hulle in diens en aan die Kerk verbonde was.

Ds. Manie Alberts
Dr. Werner Backeberg
Ds. Fanie Becker
Ds. Corrie Bester
Ds. Tobie Bothma
Ds. Nick Burger
Ds. Floris Coetzee
Ds. Chris Cronjé
Eerw. Charlie de Villiers
Ds. Renier de Beer
Ds. Corrie Devenier
Ds. Jan Douglas
Ds. Hansie du Toit
Ds. Danie Ferreira
Ds. Sarel Fourie
Ds. Adam Grobler
Ds. Willie Grobler
Ds. WP Grobler
Ds. Johnnie Grundlingh
Ds. Frikkie Hattingh
Ds. Fred Haupt
Ds. Ben Hayes
Ds. Japie Herbst
Ds. Hannes Holtzhausen
Ds. Fanie Hugo
Ds. Boet Janse van Rensburg
Ds. Otto Kruger
Ds. Magiel Kukkuk
Ds. Willie Lües
Ds. Enrique Matthee
Ds. Charlie Miles
Dr. Eugene Moolman
Ds. Attie Naude
Ds. Corrie Naude
Ds. Attie Olwagen
Ds. Tjaart Pretorius
Ds. Sandy Saunders
Ds. Chris Serfontein
Ds. Piet Smit
Ds. Tertius Smit
Ds. Vic Smit
Ds. Hennie Storm
Ds. Hendrik Swanepoel
Ds. Pieter Swanepoel
Ds. Johan Tolken
Eerw. Chris van Niekerk
Ds. Piet van Vuuren
Ds. Wilkie Wilkinson
Ds. Albert Woest

80